

Digbundel:

DIE TAAL VAN DIE KANNIBAAL.

en

"Kranksinning of klanksinning".  
Uitbeeldings van psigiatriese versteurings in die  
Afrikaanse poësie: 'n Intertekstuele ondersoek.

Mini-verhandeling: Voorgelê ter vervulling van die graad Magister Artium

(Kreatiewe skryfkuns) AFNA7910 / AFNA7920

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Geesteswetenskappe Fakulteit

Universiteit van die Vrystaat

STUDENT: Peter Francois (Franco) Colin

STUDENTENOMMER: 2016035129

STUDIELEIER: Prof. H.J. Pieterse

Oktober 2016

**Verklaring van oorspronklikheid:**

Die navorser verklaar en bevestig dat hierdie kreatiewe skryfwerk en miniverhandeling in alle opsigte deur die navorser self geskryf is. Waar daar verwys is na, of aangehaal word uit die werk van ander navorsers, is daar duidelike erkenning gegee aan sodanige navorsers deur middel van outeurserkennings in die teks, voetnotas, die bibliografie, en 'n lys van nageslaande internetwebwerwe.

## Bedankings

- Prof. Henning Pieterse – baie dankie vir toelating tot die ‘burg’ van poësie, leiding oor die valbrûe en gragte, en afronding vir die ‘konstruksie van ’n eie burg’.
- Eunice Basson – jou ‘oog en kundigheid’, aanmoediging en snoeiwerk aan my ‘leiboom’ was onmisbaar.
- Die ander drie “woordenaars” – Martjie Bosman, Riel Franzen, en Louise Prinsen. Julle insette is onvervangbaar.
- Martjie Bosman- vir die vlymskerp taalversorging.

Hendrik Venter -

ek dra graag hierdie werk aan jou op.

Jy laat my woorde vloei.

# DIE TAAL VAN DIE KANNIBAAL

**Franco Colin**

## Spyskaart

Amuse-bouche .....	10
Swartkeelgeelvink .....	11
Digter eet ontbyt.....	12
Voorgereg:.....	13
Taal van die kannibaal .....	13
Maal van die kannibaal .....	14
Outopsie: kannibaal .....	15
Gewas.....	17
Geo-obstetrie .....	18
Horing.....	19
Artemis in Wapadrand.....	21
Nagasaki-sirkel .....	22
<i>Maj. Charles W. Sweeney</i> – .....	22
<i>Shinoe Shōda: Digter</i> – .....	22
<i>Pleegpa: Norman Cousins</i> – .....	23
<i>Amerikaanse Boy Scout besoek die Nagasaki Atoombom-Museum:</i> .....	23
Oorplantingsdialoog.....	24
<i>Skenker</i> .....	24
<i>Ontvanger</i> .....	25
Hoofgereg: Spraakkamer.....	26
Psigia(dig)ter .....	27
Psigoteks .....	28
Psigoplunderaar .....	29
Δ NOMADE.....	30
Beste prof. Cloete, .....	31
Patolinguistiek.....	34
Anorexia nervosa .....	35
Medusa bid vir Botox.....	36
Man wat seniel word .....	37
Pa aan outistiese seun .....	38
Parafilie .....	39
Voyeur.....	40

Transvestiet.....	41
Transseksualiste.....	42
S & M.....	43
Nekrofiel.....	44
Ekshibisionis.....	45
Skiso-foucault-nie.....	46
vierluik.....	49
Dissosiasie.....	51
Disgenoot.....	52
Rugbyoefening.....	53
Repetisie: st.7.....	54
kontaminasie.....	55
Blinde leser.....	56
Interieur.....	57
Intensiewe sorg.....	58
Penvrugproefleser.....	60
Hoe beskryf ek jou na vyf-en-twintig jaar?.....	61
Meesterverhaal.....	62
my ma het doodgegaan.....	65
LANG WYSER.....	67
Ek-frases.....	68
The Physical Impossibility of Death in the Mind of Someone Living: Damien Hirst, 1991. ....	69
Bed.....	70
Flambojante immigrant.....	71
Alchemie in triplo.....	72
The Butcher Boys.....	73
Tempel van Bel.....	75
Fontana della Barcaccia.....	77
Stedelike eksistensialisme.....	78
Argitektuur van afwesigheid.....	80
Tafelplan.....	81
Dogtertjie.....	82
Seuntjie.....	83
Oscar.....	84
LADY GAGA.....	85

Steven Cohen: Candelabra.....	86
Robin McLaurin Williams .....	88
Joan Rivers .....	89
Diva .....	90
John Forbes Nash, Jr. ....	91
Stephen Hawking .....	92
Magic Mike.....	93
Fabulisha besoek Pretoria.....	94
<i>Homo naledi</i> .....	95
Digestif.....	96
Die een se dood is die ander se woord.....	97



*“Ultimately, then, it is the shared humanness of cannibals and their victims that draws our attention to the problems raised by the notion of absolute difference.”*

Kirsten Guest..

*Eating Their Words: Cannibalism and the Boundaries of Cultural Identity.*

# Amuse-bouche

## Swartkeelgeelvink

*Ploceus velatus*

Ek weef die stolp van halms,  
gedagtedruppel bo die damspieël  
om 'n dun penseel gevleg.  
Ek wil jou hier binne hê.  
Jy moet donsveer aan my weefsel heg,  
koekoekig dalk 'n eier lê.

## Digter eet ontbyt

Ek sit terug in *Vovo Telo*,

lees menukeuses:

eiers,

spekskiet,

brood en wyn.

Om my gesinnegaap

opdrifsels uit die onbewuste:

man en vrou en kind

towenaar en *trickster* met *TAG Heuer*-brille

messias en maagd kou,

sluk die brourels af met Canderel.

Spyskaart het vlees geword,

bestel telegramme van die tyd.

Kan vlees woord word?

Hoe verteer ek 'n stryd

tussen tyd en voortyd,

opgedis in 'n vers?

# Voorgereg: Taal van die kannibaal

*A man who writes knows too much,  
such spells and fetiches!  
As if erections and congresses and products  
weren't enough; as if machines and galleons  
and wars were never enough.  
With used furniture he makes a tree.  
A writer is essentially a crook.  
Dear love, you are that man.*

Anne Sexton. The black art.

## Maal van die kannibaal

Geen hoenderbeen deur my neus nie.

Ek kook nie sendelinge of dominees nie,  
praat die taal van die kannibaal.

Kies karmenaadjie vir sappigheid en smaak:  
oë, hande en peester, 'n peertjie of twee beslis,  
geur bredies met gekruide dialek,  
maal nou en dan 'n skeut ironie by.

Maar harsings is my voorkeur

– afval se kroon –

gebol in maagsak, gebind met derms,

eet die murgsagte setel

van herinnering en vergeet,

leed en weet,

jagsheid en nyd,

met slurpende genot

op.

## Outopsie: kannibaal

*"Sex is not a fatality: it's a possibility for creative life."* – Michel Foucault<sup>1</sup>

ek onthou die lyf oopgekloof  
 postmortemsaal  
 eerste maal  
 vir honger studente  
 benoud gebuk  
 onder prof. Simson se skerpskutoog  
 oor emaljeskottels organe  
 siekte met kos omskryf

*brood-en-botter-hart*

*neutmuskaatlewer*

*verkasingsnekrose*

*café-au-lait-vlekke*

hier kloof die liefderike lem  
 van Anatomiese Les  
 se ontleedmes  
 die vlees  
 maar mis die lus

sal nooit die nagsweet klief nie:  
 my lyf slegs verteerbaar  
 deur jou kykers  
 mensvreter  
 ons maaltyd vir fallus en vurk  
 voordoods onderhands  
 knus verpak:

---

<sup>1</sup> Foucault, M. 1982. Sex, Power, and the Politics of Identity, in *Michel Foucault. Ethics, Subjectivity and Truth. Essential Works of Foucault 1954–1984*, redakteur Paul Rabinow, vertaal deur Robert Hurley et.al. New York: The New Press: 163.

gul resep vir

prof. Bacon se doek

prof. De Lange se vers



Gewas

'n Neuron

breek deur die Hayflick-grens:

Klone op sigself

klomp bolvormig,

groei en eet

geil breindomeine in –

dodelik outofagies.

Die onkometafoor

weet konkreet

dat elke sel

van lyf en leef

die leksikon

van selfdood stoor.

## Geo-obstetrie

*niks so onunieke soos die geboorte van 'n mens*

Wilma Stockenström: Paleontologie.

Soos vroue tydens keisersneë,  
verduur sy hul grouende indringing:  
geo-obstetriste spit en sif,  
verlos die versteende voormense  
diep vanuit klipvrugvliese,  
draai verwonderd die litopedions om,  
laai dié toegespyker en gekis op,  
vaar dieselspuwend deur haar longe,  
minagtend oor die onunieke geboorte  
van 'n moedermoorddadige spesie.

## Horing

Na "Vuurbees": D.J. Opperman

die renoster ken geen porno –  
 skommel met dubbelloopneus  
 elviskuif vooruit  
 bedink geen libido  
 weet geen snars van ereksie  
 of impotensie  
 soek net die koei te dek –  
 renosters ken nie porno nie

dis Jan of Yang wat  
 – jaggeweer en okapi altyd byderhand hou  
 – jags die horing maal en snuif  
 – splete poesbefok benader,  
 – gode en gebede kopulerend vermy  
 (net die kleindood tel)  
 – bloufilms skiet in donker agterstrate

Jan of Yang  
 met eenhoringkompas  
 buffelagtig vooruit –  
 grawe by Mapungubwe  
 die koning op  
 grafgehurk met goue septer, koppie en renoster:  
 fallus, moer en afrodisiak konkreet belig –  
 volg die drif veel meer as droom

blind met bejaagde staar  
 sien Jan en Yang niks

van uitwis

spesies en verval

skiet net skoot na skoot

die hele santekraam in sy moer –

buffels weet fokkol van

die wysheid van renosters

## Artemis in Wapadrand

Pyl en boog word jaggeweer.

Heilige herte nie meer perdekrag nie.

Jaghond oorbodig. Strydwa nou Jeep.

Tele-oog priem koedoekontoere,

lanseer die projektiel op teikens van die hart.

Volg die bloedspoor na die trotse karkas,

verkas met vel en horings, taksidermies berei

om skeppingsorde te herstel.

Nou staan hy:

grieks, wydsbeen voor lewe geplunder,

glasogig, trofeë bok-bok in die

oerruim van sy mangrot,

horing vertoon.

## Nagasaki-sirkel

*Maj. Charles W. Sweeney –*

:Truman bal sy vuus, rig sy wysvinger oos,  
bestem my roete.

Die vaartbelynde voël lê haar eier bo die stad.

Op presies 469 meter bo die grond raak fisika

vieslik. Niks neutraal aan die neutrongolf

wat verdelg uit die dooier. Ek kyk om,

sien 'n stad in ligte laaie.

Ek vlieg weg

met bestraalde, steriele gewete.

*Shinoe Shōda: Digter –*

Ek moet deur my katarakte kyk,

my keloïed-tankas opskryf:

*'n Ma en kind?*

*Hande kleef saam.*

*Twee stil liggame*

*in die waterbak.*

Woede beklem my keel;

ek ets reëls op jou oë:

ingesengde kimono's.

*Pleegpa: Norman Cousins –*

Manhattan-projek te lande  
 snoei die Nagasaki-stambome:  
 Kinders dool deur strate  
 soos verkoolde vrugte.  
 Swart reën saai leukemie  
 in ruïnes.  
 Roet bly kleef  
 aan *hibakusha*-velle,  
 en my gewete:  
 My genogram sal hierdie vodde  
 huis toe bring.

*Amerikaanse Boy Scout besoek die Nagasaki Atoombom-Museum:*

*Grandma, Hiroshima Maiden,*  
 is deur my land  
 geskend, gered.  
 Die kaalgeskroeide  
 Genbaku-sampioengewelf  
 stoel oor my:  
 'n afgesnuite engram.  
 Ek dra reeds die nekdoek  
 gevleg uit skuld en dank.  
 Besoek aan hierdie koepel  
 besorg 'n kenteken vertoon  
 langs *Field Craft* en *First Aid*,  
 maak my die *true man*:

## Oorplantingsdialoog

*At the limit, the gift as gift ought not appear as gift, either to the donee or the donor. It cannot be gift as gift except but not being present as gift.*

Jacques Derrida: *Given Time*.

*Skenker*

Maak oop my lyf,

skenk my weefsel:

geen ekonomie van dank.

My bemaking sal gereinig wees,

my sonde-eters die balsemgode.

Hapi: longe, wat die sweet van wellus ingeasem het;

Doeamoetef: maag, wat verterend kon bemin;

Qebehsenoef: derms, wat gespoel het van oordaad;

Imsety: lewer, gepekel in ambrosyn.

Geen kanopiese fles nie,

geen reïnkarnasie.

Die fideikommis is lewe.

Maar my hart, my brein behou ek:

dit sal die pas aangee,

die roete karteer

vir draers na Aaru.



*Ontvanger*

Ingewande vergaan: Duat wink.

Anubis, weeg my hart,

bevind my meer

as Ma'at se veer.

Die priester sal opruim,

met sny-en-plak weer aanvul.

Vlees word nuwe vlees,

verstel die uurwerk:

Die klok tik sonder dank.

Ek is fiduciarius: lewe nou my plig.

My nuwe hart sal bloed ejakuleer,

my brein opnuut bevrug.

# Hoofgereg: Spraakkamer

*Grace evoke the way we are all psychiatrists,  
All fumbling ...*

*Through the exploding or collapsing spaces  
Between stars, saying what we can.*

Robert Pinsky. *Essay on Psychiatrists.*

## Psigia(dig)ter

*Hy is 'n baie wyse man met 'n sterk "bullshit detector" wat veral die eendagvlogies en tsetsevliegies van ons bedryf netjies kan uit-Doom.*

Joan Hambidge oor Johann de Lange: *Woorde wat Weeg*

Metaforici ly my spraakkamer

vol geykte beeldspraak.

Ek metamorfoseer:

priester gevange in 'n biegekis,

stom in swye van belydenis;

geneser wat hande oplê,

oë ontblind met spoeg en klei;

gewonde heler, bloederig en kens,

speur en tas na misère;

eendagsdigter dalk,

verdoomde tsetsevlieg,

kannibaal wat foneme vreet,

later knuppeldik en vergif

vomeer in verse.

<http://joanhambidge.blogspot.com/2014/01/erica-jong-en-anne-sexton.html>, besoek 16  
Maart 2015.

## Psigoteks

Oupa Freud het probeer  
om oraal die bewoespyn  
op sy biegbank te analiseer:  
gefaalde lus!

Spitzer as ooit tevore  
het Oom Sam se kopdoktore  
die vonk-en-brom  
van breinmurg opgesom:  
doepa-min!

## Psigoplunderaar

Tog so maklik vir die digter  
om die siel te plunder:  
Manie dui aan die opwel  
van 'n baldadige spel;  
skisofrenie vir alles  
wat siek en gesplete is;  
angs en vrees te berde gebring  
waar drempels die lewe uitwring,  
en seniliteit bygehaal  
as geheue klaaglik faal.  
Net psigopate word by name  
aan die woord gestel,  
mislukte metafore  
in 'n reeksmoordhel.

## Δ NOMADE

*The poet is a nomad, a subject-in-process, constantly searching for new states of awareness through language.*

John Picchione. Poetry, Science, and the Epistemological Debate.

### Δ feniks

ek smôrens uit 'n oondwarm bed  
jy sien my Δ ghantang sterf by die voordeur

ek herbore Δ terapeut drumpel oor spraakkamer  
stories verkrummel mure holografies  
tragedies uit slaapkamers slagvelde slagplase  
voor my stoel

'n vrou met pimpelpers oë huiwer:  
"ek is verraaiër as ek hom hier verkla"

jy het die verraaide bliksemer reeds geklik Me  
jy't my herbenoem ek nou bliksem se Δ vyand

ek vergaan tussen lêers ek sluit  
tree oor my drumpel  
heteromorf Δ weerwolf  
sluip in die maanlig  
op jag na bloed

Beste prof. Cloete,

Ek wonder waar ek my heilige nuuskierigheid verloor het?

Ek vermoed die gebrek  
stam uit oorspoeling  
deur geval na geval  
van depressie,  
paniekaanvalle,  
skisofrenie,  
delirium  
en demensie.

Psigiaters is belas met  
ondersoek: speurend na patroonmatigheid van lyding,  
simptoom en teken, sindroom, versteuring, siekte;  
diagnoseer: my bybels DSM / ICD  
verkondig die evangelie volgens PSIGIATRIE,  
taal van lyding, woordeboek van die woordeloses;  
skandeur: MRI wys swart op wit die jellie in die skedel;  
behandel: pil of praat, sluk-sluk, woord-woord keer sin terug.

En u wonder nog waardeur ek my heilige nuuskierigheid verloor het?

Om die brein te ken  
is om die harsings te verloor:  
wetenskaplike gewetenloosheid.

G'n wonder nie dat ek  
my heilige nuuskierigheid verloor het.

Die oplei(y)ding in  
 inwyding tot  
 blootstelling aan  
*Gray's Anatomy* tot *Kaplan and Saddock*  
 is die geboorte van die klinikus:  
 Vakleerling deurvors bladsy na boek.  
 Keer dan na mens  
 en sien waansin  
 weersin  
 vertwyfeling.

Nou verwonder ek my hoe ek  
 my heilige nuuskierigheid verloor het.

U sal my egter tereg wys:  
 al dié inwyding  
 is tog vereiste  
 vir die nering.

Dis net dat die nering  
 neerkom op essensiële  
 benoeming van die misteries  
 van brein en pyn  
 objektivering  
 van serotonien tot dopamien  
 hippokampus tot talamus.

So: u wys die heiligheid uit  
 goddelikheid in die hiaat tussen:  
 zoem en flits van neurone  
 serotonien



en dopamien  
in hippocampus  
en talamus  
&  
wete en gewete  
angelier en ondier  
by en blom  
atoombom

So my nuuskierigheid  
(nie altyd so heilig nie!)  
is terug te vind in die taal  
neuraal verhaal  
uit Wernicke en Broca  
en verdig in gedig na gedig

terug gevind in TT  
se ABC

## Patolinguistiek

Lyding skep verbysterende taal.

Neem nou *vaginisme*:

spasme,

verbod van toetrede,

afsluiting van kontak.

Verbeel jou

vele biddend,

gekniel voor die poort,

smekend om toegang.

-isme sê tog eerder:

praktyk van die vagina,

vulvale ideologie,

*vagina dentata* as kunsbeweging of geloof.

Vagifeminisme versus fallostrisme?

Vryspraakmonoloë met die stembandlose gorrelpyp,

opneem van 'n wulpse windkousbanier.

Nee werklik!

Dis net siektebesotte misogyniste

wat eie uitsluiting benoem met bevrydingslinguistiek.

Dalk wou sy hom net eenvoudig nie binnelaat nie.

## Anorexia nervosa

Spieëlbeeld lieg:

diep Botero-oordaad vertoon

vlak voer Giacometti botoon

vrees garneer elke dis

moedersmelk vergif

sy bly weier tot on-

versadigbare leuens verdwyn

skedelgryns finaal verskyn

laaste maal eie lyf

## Medusa bid vir Botox

Afrodite slurp my nektar droog:  
Geen hommelmag my kelk nie.  
Dié lipstifteef oortref my oral,  
verrimpel poelspieëls.  
Ek bid u, Heer Clostridium,  
pik my met u giftand,  
plet my wange,  
verlam my grinnik,  
vries my blik,  
boetseer my taksidermies  
trionfantlik terug  
tot adderembriogesisig.

Man wat seniel word

Vaag die dae toe alles reuk en beeld was,  
lepel, bord kwylend met mond en tong verken.

Dynserig verworwe woorde: ma, pa,  
lief, leef, later opstand, verval.

Elke jot en tit het naam gekry,  
kon ek met ligte vingerpunte  
van 'n adam benoem.

Later oratoria gespin uit die sy van die sin,  
teorieë en bewyse, chroomgietsels en  
chromosome bedink. En altyd die argief,  
gereed om te vang,

geheue:

gegewe, veronderstelde vastigheid.

Nou liefde Alois, als weer rek en bild

kwellend onverkanbaar

glip als trig na vormlos

noemlos

al oor te sê:

d o o i e r

Pa aan outistiese seun  
Vir Riel en Karin

toe

het ek jou die lewe ingestort

uit my lendewoordeboek

stil volmaakte seun

my woorde

vir beleef en bemin

in jou probeer grif

nou

spelfoutspelfoutspelfout

jy eggolalies brabbelend

vasgevang in oseane

jou gebare woeste seebamboes

in stryd met onsigbare storms

oesteronbereikbaar

my pêrel, God,

myne

enduit

teen taal en begrip

in

## Parafilie

Drang is vroeg versteur:

'n hou of twee

of pa wat inbeur.

Sal ek beloer, ontbloot,

pyn neem, gee?

Begeerte dryf my

na die ander,

gefragmenteer:

skoer, veer,

borste, tril,

dood.

Nooit heel.

Altyd verdeel.

## Voyeur

Toeka klein-klein kreune ingesien,

primordiale toneel

in geestesoog gevries.

Nou verspied ek venster-venster die tafereel

van Eden-paar: Oedipus verkykerend

agter glas.



## Transvestiet

*Victoria's Secret*

is hier éérs geheim:

dun vel van satyn

gestroop van vrou

span nou om spiere.

Brassière is bra hol

oor borshare en pektorale

oogklappig gehak.

In homself gekeer,

met lint en kant verweer,

fantomvrou

ingehou.

## Transseksualiste

Vir man- en vrouestem

Ons het onpaar, onklaar setfoute,  
 in die atlas van die lyf –  
 Hermafroditus en Salmakis  
 hoop op paring en voltooiing –  
 teks geredigeer met goddelike mes:

Gebore in dié hok van hare,  
 spyker fallus my in lyfkis toe.

Ek smag na Venusheuwel:  
 uitsig oor plesiervallei.

Ek bid die maan bloei bo twee koppies –  
 bakens vir die growwe hand:

Tweelingheuwels poort my bo

en tunnel bloeiend onder:

voorspel uitstulp van die toring –

ligtoring soek Adamsappel

verlig gestorte saad

gesaai in vleie van bemindes:

## S &amp; M

Pyn is vroeër ingeëts met suur –  
dwingend nou die binnevuur:

nek en hand verkeer met greep,  
sorg voltrek met hings se sweep;

mond gemuilband, vuis geboei,  
saadpeul vol in rudere bloei;

seisoen is loops vir bokkejag,  
bokram word hier afgeslag –

looi die vel, naai die naat,  
uit leerjas swel 'n ridderswaard:

Nekrofiel

Lewe te veel

vir lyf teen warm lyf

binnenshuis.

Net lykshuis oor:

immortelles gewillig,

snerpend stil,

geen teenspraak of verwyt,

oordeel genadig uit,

walging kwyt.

## Ekshibisionis

Afstandelik beskoulik, dié lus vir die oog,  
televisie vir die park.

Wellus is vir skok

as Meneer opstoel agter 'n jasgordyn:

kiertsregoptoneelspeler

toeskoulik, verwyderd, vervreemd:

Narcissus langs 'n toegeslikte poel.

## Skiso-foucault-nie

*The object, that is, is to write not a history of knowledge, but the rudimentary movements of an experience. A history, not of psychiatry, but of madness itself, before it has been captured by knowledge.*

Michel Foucault: *Histoire de la folie*, Preface of the original edition (Plon, 1961)

**TONHEEL:** enige aand elfuur – lyfstof lê dik in Saal B, Weskoppies. Die seun anderkant die tafelwoestyn is nie stil nie.

**FOUCAULT:** Luister na die stilte eerder  
as priemend verstaan.

**Franco:** luister hoor *la folie*

**Seun:** *my gatagtes verslete vuil soos my voertsoorte*

*vraatsiele voelbaar onmiskienbaar*

*sjarrap*

*ekit doperkaal bye geëet hooning uit koorwe*

*sjarrapp*

*mamoer se keel breedmes gesaag verduur*

*sjarrap*

*seer te fiksiering*

*sjarrapfokofsjarrapfokol*

*spraakerinniebryngodpraatgodskreegodvloek*

**Franco:** hoor geroggel van kranksin

kakofonie van naels-op-swartbord

ek moet tot rede bring.

**FOUCAULT:** om te priem is om stilte te verskree,  
om stiltal te doof:

**benodig is  
argeologie van stilte voor taal.**

**Franco:** hoor die kannibalisme van chemie  
 hoor die pyn  
 sien die muurplat-emosie  
 hoor jou SOS ek die kennis hoor  
 vertaal logos van psyche se patos  
 lok jou uit die fiksie van psigose  
 met verskuns op voorskrifte  
 butirofenone fenotiasiene  
 poësie van molekules  
 my epos is chemies@brein.ver.taal

**Seun:** *dok*  
*die stemme is stom*  
*vloek nie*  
*skryf nie meer voor nie*  
*ek vangvis· rymotorfiets·*  
*ek's bankklerk my balansstaat klop*  
*mamoer lewe nog· vergewe nog·*

verdig die een bedryf vir jou Mr. Foucault:  
 geennesing in voelisoveer  
 foukaul in net luister  
 deur tralies //// van stilte  
 my wetenskap weet en skep dia-gnosis  
 nooi *la folie* uit die stilte  
 na die eufonie van leef-in-taal  
 ek sal die waanwoord weet

en stilte verban met prosodiese  
poësie van medesyne

– Franco



vierluik

fok dok corrie skree ons wakker kla medieks

ek is pligdienstige by eenmil, blakend vars uit die boeke:

corrie vertel my van

dok, ek was opsmediek rekkies patrolliegeloop

dok ons moes als ingroeitonnaelsuithaal jippoguts resuss

toe skiet hulle sarge gatinniebors bloedGODbloed

ek moet red druk my vuis in voellie bloedpompbloedpomp

sarge order ga' sê vir my vrou 'kis lief vir haar

toe fokkenvrek hy op my

patrolliepatrolliedrome:

gatbloedpomp'kislief

gatbloedpomp'kislief

oorinoorinoorinoor

trig in oshakati klop aan die deur sy maak oop

ek sien die boep hy't 'n fokken bybie gemaak

toe

droomindroomindroom

gatpompbloed'kisliefboepbybie

gatpompbloed'kisliefboepbybie

oorinoorinoorinoor

dok nou's amal van ons gefok

sarge moertoe

vrou wedifokkenwee

ek ennie bybie sônerpa

DROOMPOMPSKREEDROOMPOMPSKREE

## Dissosiasie

*DISSOSIASIE: die verdeling en gespletenheid van gewoonweg aanverwante verstandelike prosesse, wat lei daartoe dat een deel onafhanklik funksioneer van die res, wat in ekstreme gevalle aanleiding kan gee tot versteurings soos veelvuldige persoonlikhede.*

beswaarlik bereikbaar

skryfbewussyn:

in alledaagse roesemoes

denke wik en weeg

differensiasie en inisiasie

staan / eet / sit / sing

bereken beraam

verwyder van

my paddabrein wroegend

skeppend wag en waag

assosiasie en appropriasie

dink / vers-in / besing

waardeer weeg

dissosiatiewe weegskaal

dus tussen

wil en sin

loop en hoop,

is ek glo in gevaar

om amebies te verdeel,

gesplete persoonlikheid–

prekêre balans

vir man en digter

Janus ineen

[https://www.google.co.za/?gws\\_rd=ssl#q=define+dissociation](https://www.google.co.za/?gws_rd=ssl#q=define+dissociation)

# Disgenoot

*Want liefde eis groot waagmoed  
& nie soseer vaardigheid:  
moet as 't ware toe-  
oog begaan word, of goedsmoeds.*

Johann de Lange. *Waagmoed.*

## Rugbyoefening

Marie beslis nie Antoinette nie

bo die paviljoen

vraend voor die breier:

Meneer, ek wil rugby speel.

Die wit broek span knoploos

oor dye. Borste platgetrek

in 'n Blou Bul-rugbytrui.

Ek kyk toe, eens met die verbasing:

begeerte vir balle binne

eerder as die voetbal buite.

“Jy sal eers toestemming by jou ouers

moet kry voordat jy kan speel.”

Só veel meer weggewys

as net 'n spel.

Jare later eers verstaan ek

dat ons insgelyks

totaal onvanpas was

by die middag se

inoefening:

sy vir aanklank by die viriele ritueel,

ek misplaas daarin.

Repetisie: st.7

Ons repeteer *As ons twee eers getroud is*

ter inwyding van die kerksaal:

In die kollig

die kamma-ouers

in 'n Afrikaner-katastrofe:

Die huweliksertifikaat is soek!

Hulle plant ongehuud voort,

moet weer trou.

Ek en Deon sit

in die vleuels,

wagtend vir ons *cues*

tussen rigtinglose rekwisiete.

Sjoe! sê Deon,

die trouery maak mens jags,

en vryf 'n gloeiende hand

oor my ongesertifiseerde lus.

kontaminasie

ekit jou uit vergeetelheid begier  
onvoelwisse belaste driwwend voort  
na aardste kontrak teensin hand en hy'd  
mondig om veellus gestrik  
andigtig heethefdig gefallistreer

adoelissante lusde gedye  
in breindere sielsbrandend  
geskiedel

samesin gedui tot hy'shouding  
samewoesting

ons eed mikaar steeks digliks op  
verskuur vlees kannie ballisties  
virteer maakkaar  
felwisse woordend  
XY in XY woord alfabet

Blinde leser

alfabet van lewe

C-H-O-N

spel aminosuurwoorde

uit die WAT van DNS

skryf reëls van proteien

word verse van spier en sening

gebundel in beenbalk en bekken.

ek strek my vingers styf,

lees die braille van jou lyf,

harige hoofstuk:

my hand geklem

om die witstok wat my lei.

blind lees ek jou voor

beminde leksikon

met die alfabet van liefhê



## Interieur

Waar die hart van vol is loop die huis van oor

ons

verlig met kristal en kandelaar

verf die mure oker en saffraan

kies beeldhou en keramiek versigtig

hang die binnelandse meesters op

gooi kelims op marmervloere oop

ruimte om ons neem

ons lywe aan

ons

bed bedek met Egiptiese katoen

huislyfliefleef eenindieselfde.

## Intensiewe sorg

Bedags is hy internis,  
lawe lywe,  
smee komplotte met menige  
kliniese kamerade:  
Stetoskopies hoor hy lyfmusiek;  
kardiogramme teken  
die hart se saagtandlandskap;  
X-straalsketse ontbloot  
strak gebeentes –  
winterpopuliere in 'n mistige akwarel;  
MRI beeld lywe soos snye brood,  
abstrakte ekspressionisme in swart en wit;  
Bloedgasanalises meet sure  
vir kwetsende lyfetse;  
Ventilators pomp ritmies  
suurstof in vitale blaasorkes;  
Dun are van plastiek  
drup-druppel vog, kos  
en kiemkure in –  
gastronomie vir die sterwende fynproewer.

Maar saans uit *ICU*

met al die klanke, kaarte,  
gramme, analises,  
noukeurig bemeester,  
verraai hy sy kliniese kuns,  
kom hy huis toe

na "*I see you*",

maak hom tuis

by my en laaf my lyf

met artistieke hand

en tand

en tong

van klein nood

tot klein dood.

## Penvrugproefleser

dig leef met 'n poëtaster

selde maklik:

my penjakulaat obskuur

ek verklaar soms

mitologie of etimologie

my egter

lees jy oopboek:

spelfoute,

swak sinskonstruksies en al,

tug my soos 'n speltoetser,

rym my ryme

herskryf my lyf

my vryverse

my altereggio

my proefleser

my lief

Hoe beskryf ek jou na vyf-en-twintig jaar?

Vir Hendrik

*Lover* beklemtoon

liefde en seks:

slap luns en lus

kastreer egter gereeld.

*Partner* sê vennote,

maar in dié klein besigheid

klop balansstaat

en begroting dikwels nie.

Metgesel bedui

ons saamreis,

maar ek struikel dikwels

en verpas die trein.

Man is jy beslis –

beslis ook my man

maar geen slaweband

bind jou nie.

Eg-genoot

streef die huwelik na:

geen lisensie of witroffoto

bewys dit nie.

Be-min-de? Niks wat ek

vir jou voel is min nie –

ek min veel meer:

eerder dus “be-véél-de”.

## Meesterverhaal

julle het my gedoop  
en die egliede  
plegtig laat beloof  
om my in die Woord te laat word:  
water en woorde verdamp  
geagte dominees

julle het my gekaktiseer  
en ingelyf in die aasvoëlkennis  
van kategismus wat draadtrek  
verbied: al die seuns speel-  
skuld- en selfbevlak –  
met 'n haredos  
in die palms,  
geagte dominees

julle het my aangeneem –  
gecollar-en-getie – sodat ek  
die OBS en opgevlokte  
presliced witbrood kan  
transsubstansieer:  
ek bant nou  
geagte dominees

julle het my gekies  
as kollektetollenaar  
met maagdwit das gestrop:  
ek is nou oopkraag  
en bêre kleingeld

vir karwagte  
dominees

julle het die haat  
in KERK EN SAMELEWING  
goedgepraat:  
kerk-saam-leef  
was oksimoronies,  
dominees

julle sinodale prostaatprosessie  
het oor die mofvraag getob  
en getob en getob  
en bepaal dat ek kan belus,  
maar nie betas nie:  
69's en two-somes  
is nou my matesis  
dominees

julle sê ek kan nou maar  
met my man  
voor die witstink  
houtaltaar ~~trou~~  
~~nie trou, trou~~, nie trou:  
ons ry reeds lankal  
sonder bestuurslisensies  
broeders en susters

ek sien julle barokgoud  
preekstoelvadoeke  
preek wragtig steeds

“GOD IS LIEFDE”.

julle het nie die franchise

op liefde nie:

ek het liefde in die katedraal

van sy arms gekry,

broers.



my ma het doodgegaan  
en ek moet seker 'n vers daaroor skryf  
soos alle lykdigters doen  
maar nie dat ek rou nie  
net gepla want my ma is dood

sy het helfte  
van my gene geskenk  
oorhaakse voortande  
oorloopse groottone  
oorhoopse depressie  
maar nie dat ek vervorm is nie  
net verformfaai want my ma is dood

veelvuldige sklerose het toeka my ma  
se roosbos gesnoei  
laat haar enkelvoudig lam seniel,  
nat-en-vuil  
maar ek is nie stukkend nie  
net verflenter want my ma is dood

my ma is lankal reeds heen  
*breinscan* soos 'n sneeustorm  
voorspel die winter  
sy gevries neuron-vir-neuron  
maar nie dat ek groet nie  
net verlate want my ma is dood

my ma is dood  
en ons moes sit  
en asem-aseem

die hartslae afmeet  
maar nie dat ek gaan nie  
my ma het gegaan

my ma is dood  
ek het in elk geval  
haar drome reeds uitgetrek  
soos 'n knap onderbroek  
vry bengelend eie weg gevind  
maar ek is nie vraatsig nie  
net bevry want my ma is  
bevry

## LANG WYSER

totter

kabouter

fielie

voël

paal

piel

tril

sweep

slinger

lunsriem

weekdeel

murg

spyker

# Ek-frases

*Every artist is a cannibal, every poet is a thief;  
All kill their inspiration and sing about the grief.*

U2 - *The Fly*

The Physical Impossibility of Death in the Mind of Someone Living: Damien Hirst, 1991.

*Maybe art is like true love; maybe it never dies. That's my hope, anyway. But it will die with the world.* Damien Hirst.

Die viskrikkers is vistantelik

onvystaanbaar:

akwariumkyker gril,

sirkel die poel, lugtig

voor die glasmembraan,

vispied eie beeld

teen die moordvis,

met kake gesper


om te vislind:

in visterkwater

mariene mummie

nog vis, nog vlees:

dood tydelik viswelg.



<http://www.damienhirst.com/the-physical-impossibility-of>

## Bed

Na 'n kunswerk van Robert Rauschenberg

Goddank, hy kon nie letters lees nie:

disleksie dwing doe-doe tot Dada.

Bed 'n besmeerde palimpses:

naaister stik 'n laplandskap vas,

omvou geliefde

na 'n veldslag in kwilt,

bloed en trane

– besproeiing vir die dood –

by die blertse gevoeg.

Is dié 'n deur?

Poort, tog wel,

want hier weet jy nie

of jy kom of gaan nie:

semen wat spat,

of vrugwater druppelend,

dalk terminale ontlasting.

Ook inkspatsels,

want alles is eindig,

woordeloos

in fabelagtige faling van taal,

opgeteken oor 'n bed.




[https://www.moma.org/learn/moma\\_learning/robert-rauschenberg-bed-1955](https://www.moma.org/learn/moma_learning/robert-rauschenberg-bed-1955)

## Flambojante immigrant

*Chinese Girl*: Vladimir Trechikoff (1951)

Bokant ouma Stien se voorkamersettee  
 het sy, *royalty in residence*, uitgetroon,  
 ons speserydrome om haar  
 swewend, sandel en *chénxiāng*.  
 Soos die enigmatiese Florentyn,  
 verklap die keiserin geen geheime nie:  
 lippe robyne op turkoois sy,  
 gloeiende gelaat  
 omring met basaltkroon,  
 geset in goudglim van 'n mandarynkraag.



Maar die kritici takseer haar  
 as kitsch konkubine:  
 bid jou aan, hande weggevou  
 in onvoltooide moue.

Afkeur ten spyt  
 voeg 'n hedendaagse graaf  
 veel later dié edelsteen by sy skat, bewys  
 wat ek en Ouma Stien reeds jare weet:  
 kritici is keiserkaal.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Chinese\\_Girl](https://en.wikipedia.org/wiki/Chinese_Girl)

## Alchemie in triplo

By 'n triptiek van Lien Botha: *Amendment 3: the case of going dutch in the desert*

Stilte is oeroud en potblou

in drie perifrases gekiek:

Klip en sand tussen pale

beloof klei;

porseleinfragment

glim beenwit uit die vuur;

blaarstele rankend

sopnat gelei;

vlugvoos pluimpie

smag na lug.



*Amendment 3: the case of going dutch in the desert*



## The Butcher Boys

Na 'n beeldhouwerk van Jane Alexander in die Nasionale Galery, Tuine, Kaapstad

Vir Eunice Basson

Boosheid gevries tot naakte lyf:

walgkaal die drieling gebank,  
grys vel oor been en stank,  
yl kamoeflage.

Hart uitgeruk.

Geweld swart geëts  
op borsbeen en rugstring:  
stigmata van 'n gyseling?  
letsels na 'n sluipmoord?

Glasoë staar verby  
my naarheid en my angs.

Geen ore hoor die prooi.

Vir die Minotourusse  
geen monde ingesny –  
varksnoet snuif  
die feromoon van vrees,  
bok en mens in een  
onder horingkroon.


Geen saters nie,

geen geslag:

die erotiek van mag

sit hier in slaan en slag:

doofstom vuiste van die vorste,



knuppels wat verpulp.

Mure van museums vervaag:

Walms van oond en *necklace*

skroei my neus.

Volksmoord weet nie, hoor nie, sê nie.

Kyk

die vierling nou:

Staan ek

as prooi,

of horings spruitend,

starend in die spieël?

[https://en.wikipedia.org/wiki/The\\_Butcher\\_Boys](https://en.wikipedia.org/wiki/The_Butcher_Boys)

## Tempel van Bel

*... Khaled al-Asaad, a scholar who for 40 years had supervised and cared for Palmyra, ... was making a statement that deserves long to be commemorated: that the fragile and romantic remains of the ancient city embody an ideal worth dying for.<sup>2</sup>*

Die argitek het jou uit stof gevorm  
 om soos 'n hermietkreefskulp  
 dinastieë te huisves:  
 Eens gewy aan die kameleongod Bel,  
 tot Bisantyne dit annekseer vir Christus  
 en gebede pleister bo-oor offerroet en wierook.

Moskee, die volgende gedaante:  
 Klip huisves muedzin  
 wat roep vir *ṣalāt* uit die minaret  
 bo-oor sewe oerplanete en die diereriem.

Dan Hellenistiese tempel van Palmyra,  
 vereniger van 'n stam, 'n volk, 'n mensdom.  
 Steeds weerstaan die versteende palimpses  
 verswelging deur gode en gebede,  
 staan breedvoetig wyl verwondering  
 deur die tydlose, onvervormbare  
 granietgietvorm spoel.

Dalk het dié hutspot  
 die fundamentaliste gedryf om daad  
 by Khaled-al-Asaad se woord  
 te voeg, sy kop af te kap,

---

<sup>2</sup> Tom Holland, <http://www.theguardian.com/commentisfree/2015/sep/01/temple-bel-palmyra-isis-yria>, besoek 2 September 2015.

die tempel met parogiale plofstof  
grinterig moer toe te blaas.

## Fontana della Barcaccia

Desember 1598 het 'n boot  
 gestrand op die Spaanse Plein,  
 dié *annus horribilis* toe die Tiber  
 deur die beskaafde stad spoel,  
 huis, paleis, pondok wegsleur.  
 Pous Urbanus die agtste  
 kón 'n skip deur stormwaters stuur,  
 laat Bernini *padre e figlio*  
 'n halfgesonke vlot  
 – water brekend deur die boeë –  
 uit klip kap as on-  
 sinkbare, on-  
 vernietigbare  
*memento mori*.

Februarie 1821: Keats  
 – sterwend in dieselfde bootjie –  
 het die strelende stroom gehoor,  
 homself met dié water  
 in sy grafskrif opgeskryf.

Februarie 2015: balboewe  
 betree die golwe,  
 kelder die sloep met bierbottels  
 en moer afval in die ruim,  
 nou versteende *Ship of Fools*.  
 Hulle klub Feyenoord se leuse:  
 "Hand in hand".

## Stedelike eksistensialisme

New York, Maart 2015.

Ek betrap die stad

ongeleë, kaal, ongeskeer,

*high rise*-oksels ruik na sweet,

straatlieste, middelbos na pie.

Onwelkome gas,

identiteit gestroop tot 'n tas.

In 'n taxi

na die *Book of Mormon show*

vra Rheza Nabir van Kashmir

wat ek doen *to make a living*.

Die *Yellow Cab* word spreekkamer

op die hoek van 31ste en Madison:

*How do you handle ungrateful family,*

*and how do you find happiness?*

In die Eugene O'Neill-teater

met beknopte stoele

is my buurvrou genadiglik

'n Japannese voëltjie uit Australië.

*Are you Mormon or religious?*

maar die vet vrou

langs haar tjiip in

dat sý 'n Mormoon van Utah is.

Voëltjie vra hoe sy die parodie

van haar geloof verwerk:

*Tough, but I make myself believe*

*it's all just a show, it's all just a show.*

Gordyne gelig,  
beraad die *Elders on Mission*  
in Uganda mekaar:  
as seksuele oriëntasie  
of bloedskande jou teister:  
*Turn it off, turn it off ...*  
In die laaste koor  
van die *show* kweel  
die Ugandese vigslyerskoor:  
*It's all metaphors,*  
*it's all metaphors.*

## Argitektuur van afwesigheid.

*Lasciate ogne speranza, voi ch'intrate*  
 (Abandon all hope, ye who enter here)  
 Dante: *Inferno*, Canto III

'n Stad se voortande is uitgewetter.

Arad het twee alveoli gemyn,

leë kubusse waarin water

na benede verdwyn.

Jy daal

trapsgewys

af in die graf

na verwronge staal:

fossiele met gebreekte ribbe.

In 'n donker nis

gestort uit die voorportaal

van 'n beleggingsbank

lê 'n koplose torso,

residu van *Les Trois Ombres*,

bestem vir die kroonlys van Rodin

se Poort van die Hel:

alleen nou,

vlerklose,

gevalle

engel.



New York 9/11-Gedenkmuseum, besoek Maart 2015.



# Tafelplan

*Die digter is ook 'n dief, hy steel  
van elke liggaam en elke gesig  
en siel iets, van wie hulle nie heel  
en bymekaar hou nie roof hy iets vir 'n gedig.*

T.T. Cloete. *Hamster*.

## Dogtertjie

*Oh how I wish that I had a daughter that had skin as white as snow, lips as red as blood, and hair as black as ebony.*

naak staan jy in die badwater

klein anima

die koningin het jou die lewe in gewens

jou vel gloei

bloed vereers gevang in lip en wang

waar landskappe van sneeu

later wit snerpte bring

in *Vogue* en *Elle* sal jy die spieëlbeeld soek

van fraaiste in die land

hare *EBONY* gekleur met *WELLA*®

jagters op Harley's

sal jag maak op dié hart en longe

stigmas en stiefma's sal komplotte smee

maar jy sal gifappels en hekse knap vermy

met *Ativan*® sluimerslaap

witter as sneeu ja witter as sneeu

gebleik en gekis vir die nagrus

tot

maanstand jou laat ontwaak

*prince charming* die glaskas kraak

## Seuntjie

Voor rekenaarskerms versmelt jy

dwarsdeur amandelkern

– slagveld van verfonkfaai en vrekskiet –

met die krygeravatar

tussen koeël en kordiet.

Asof en is vervloei

van mikroskyf tot brein,

geslagskryt gebivakkeer

met virtuele regalia

vir die voorbestemde rol:

voorspel tot

testosteroongepekelde

slaapkamerrealia.

Oscar

Is 'n klimaks ingeëts op gene,  
of is dit Russiese roulette  
se dobbelkoeëlbedryf  
wat so 'n peripetie omskryf?

Hemimelia vang  
die tweebeenkind  
in bokgekwesde gang.  
Bi-prosteties wip die halfman uit geweld  
van 'n swaartegreep, gewonde held  
trionfantlik ambulans.

Versoolde tred  
verberg spookpyn: homunculus  
is steeds gestrem. Narcissus  
sal gesnoeide spookbeeld  
wrokkig red:  
prostese-drie verweer  
met limbiese geskut,  
hárte die keer  
geamputeer.

LADY GAGA

*Applause* – Lady Gaga

Kan 'n pseudoniem

hierdie paradoks omvat:

adellikeid gepaard

met walging?

Een oomblik

engelagtig met vlerkskelet

gewindmeul,

dan van satansbruid

tot Venus, lappie skaambos,

boesem skulpbedek. Leda

versmelt met die swaan.

Wriemelend op 'n matras, spring orent

en lyndans hormoonomring

met fantoomgreep om borste,

aangebied

in 'n popelende aria

smagtend na applous.

Fragmentaries in paparazziweerlig:

*fast-forward*

madonna

na

straatvrou

deur gekonkel van jou Marilyn-lyf.

## Steven Cohen: Candelabra

*I never actually plan to co-sign my work with the authorities, it's actually the inverse; they seek me out to dance with me. The duets we have done are a consequence of their desirings.<sup>3</sup>*

Ek het jou opgeneem by die ou 1-Mil psigiatriese saal,  
depressief en selfdooddadig.

Die kommandant het beveel:

*"G-five hom,  
terapie ten spyt,  
hy oorleef nie  
tussen PW-en-seuns nie."*

Toe ek jou weer op die lyf loop  
was dit jy, die wit, Joodse fopdosser,  
op 'n Griekse pilaar,  
in dominatrix-stiletto's,  
dildo strategies gepenetreer.  
Liggaam as verhoogstuk  
*– I was fucked up my art –*  
daag keisers oral uit  
*as full-blown cock fucker  
rather than skanky arsehole.*

Toe *Candelabra*:

jy word Liberace se blaker,  
kristaltentakels aan 'n borsrok gehang,  
nerffyn sykouse om gespierde bene,  
'n vuurvlieg op hoë hakke  
ploeter deur 'n plakkerskamp,  
krotbewoners onbewus deel van die verligting



<sup>3</sup> Steven Cohen, *Art Africa*, 2015, 13(4): 62–65.  
<https://vimeo.com/13098642>

terwyl Rooimiere die kamp afbreek:  
Kampengel, Moeder Theresa in *drag*,  
hofnar wat heersers vervloek.  
Jou lyfspraak skel antieke taal,  
gesigsverf geen masker,  
eerder wordende selfbeeld.  
Keer op keer gearresteer:  
potentate en diktators  
uitgedaag om saam te dans,  
ingesleep deur die begeerte  
om te onderdruk.  
Altyd die afvallige randfiguur  
dansend met die masjien.

Steven, was ek dus ook in 1-Mil  
jou gigolo in 'n reidans?

Robin McLaurin Williams

21 Julie 1951–11 Augustus 2014

O Kaptein! My Kaptein!

Oral rou narre.

Skaam kind

bevry deur die verhoog

ry kwinkslag en pyn

wiplank:

Buite skilpad jou haas die res,

binne jou: haas en skilpad –

wie kon die wenner ken?

Te min dopamien

vries jou lyf, verrot jou brein.

Skaterende Pierrot,

min hoor die melankolie –

alkohol en kokaïen:

flou antidote

teen gravitasie

se ironie.



## Joan Rivers

Joan Alexandra Rosenberg (née Molinsky):  
8 Junie 1933–4 September 2014.

*Ek hoor jou, Uilspieël,  
kwinkeleer in Shamayim.*

Oy Vey

driftong die *mentsh*:

Petra Pan van die lyf

Jou *chutzpah* draai *bupkes*

na selfspot

Jy klop die dood met:

mes

stem

komedie

In 'n finale kwinkslag

bring die dood toe

al drie byeen

## Diva

Aanbidding was absoluut:  
bergganse, nagtelike koninginne  
en bebloede heldinne  
is aand na aand opnuut verwek.

Arias met palpitasies bejeën,  
nagtegaal gesigsloos  
deur voetlig angevuur.

Die gordyn het gesak:  
snags sit die Sängerin  
voorkamerlik onttron  
in oudiënsie.

Terugroep na terugroep  
speel sy bandopnames voor.

John Forbes Nash, Jr.

13 Junie 1928–23 May 2015

*Die Nash-ewewig is waar elke speler die beste besluit neem met inagneming van die beste besluit wat die ander spelers kan neem.*<sup>4</sup>

Ron Howard verfilm jou pragtige verstand:

vreemd, kompetierend, arrogant;

ware opponent nog slinks

versink in gene.

Landskappe vou oop,

formules en simbole,

ewewig verbreed horisonne,

spel, kompetisie,

roem.

Onverwags sluwe teenstand

uit eie limbiese brein:

strategie duister

geen ewewig

spel verskuif

maligne dobbelstryd

tussen dopamien, serotonien

gruwels wat geen

formule meer verklaar nie

Skokke verduur en pille gesluk:

Jy kies om sin self terug te wen:

Nash-ewewig bereik,

tot jy nou die dag finaal

die laaste pot verloor.

---

<sup>4</sup> Gerrit van Rooyen, Rapport, 31 Mei 2015

Stephen Hawking

*I'm putting myself to the fullest possible use, which is all I think any conscious entity can ever hope to do.*

HAL 9000–2001: *A Space Odyssey*

Selfs jou bewussyn het begin

by 'n beliggaamde punt:

Ovum-sperm

dy uit tot spier en been

met bo die serebrale vuurvreter,

singulêre stamsel,

oerknal tot neksus van neurone.

Vanuit die vlegsel

speur jy uitspansels na.

Dan na kosmiese stofsuikers,

heelal deur swart keelgate gesluk

na 'n punt waarop engele kan riel.

Kosmos spieël jou

kort lyfreis:

spiere ingesuijg,

terug na die enkelvoudige:

geatrofeerde,

geventileerde,

Hal-9000-blikkerig gevokaliseerde,

gewielde sigoot met

panoramiese logika.

## Magic Mike

Vir Johann de Lange

Penorent loops op papier.

Tipografie van kringspier

& hormoon lok woord vir woord

banknoot onder *G-string* ingestoot.

Fabulisha besoek Pretoria  
Vir Loftus Marais

Regte vrouefederasie, die ene!  
 Noord op die voorkop  
 die graniet-Herbert Baker-tiara,  
 goue Hermes soos 'n Swarovski crystal voorop:  
 boodskapper van haar affairs.  
 Ogedolla met Men-, Brook- en ander -lynne  
 afgekyk by fashion capitals,  
 en gebind om die middle age spread,  
 while burocracy is courting.  
 Terrible tuinier sy: Haar favorite sederbome  
 val een-een soos haar logge selullietdye,  
 relentlessly middelmatig, in kloof na kloof.  
 Suid, 'n voortrekker-beauty spot op die boud,  
 terterig, unfashionable en un-PC.  
 Ma' come spring  
 steek haar G-string uit in Danville  
 en spoel purple rinse deur die yl bolla,  
 pin sy die Telkom-hoedespeld  
 in haar hare en lag skalks  
 verby die akademies-pretentious  
 concrete gebit by die Fonteine,  
 belustiglik camping up butch Jo'burg  
 annekant die Jukskei.

*Homo naledi*

Jy is deur 'n spelonkskoorsteen  
 na 'n pliosene katafalk gedra,  
 waar 'n stofkleed jou koester,  
 terug na universele residu van been.

Verlos van jou kettings,  
 herbore deur die klipskede,  
 maak jy nou ou bene:  
 uitgestal soos 'n Gibson-vers  
 in 'n *Shatterprufe*<sup>®</sup>-kis,  
 vir *Homo sapiens* om – altyd geobsedeer  
 met oorspronge – te speur na herkoms  
 in jou fossae en foraminae,  
 en met muggiesiftery jou ellipse  
 met nuwe kalk te agglutineer:  
 paleontologiese bergers bewimpel roem  
 met konterfeitsels van jou roubeklaers;  
 politici verdoem jou voorsaatlikheid  
 met simiaanse sotlikheid;  
 'n presidensiële Judaskus  
 word geplant op versteende gebit  
 :  
 almal terug in die platoniese grot,  
 verruk in 'n skadupoppeteater:  
 'n tweede fossilering.

# Digestif

*... with the absolute heart of the poem of life butchered out of their own bodies good to eat a thousand years.*

Alan Ginsberg, *Howl*.



## Die een se dood is die ander se woord

*You never really own a Patek Philippe. You only look after it for the next generation.*  
 Advertensielogo

Ek koop tweedehandse digbundels

by die hospies

blaaï honger

om by Stockenström, Pieterse, Cloete, De Lange

uit te kom.

Uitgawes uit druk,

gespaar van vismot.

Binne vind ek name geskryf,

pagters van poësie,

verbeel my hulle vingers

strelend oor die reëls,

verse in Sistyense taferele

gewek tot lewe.

Maar dood ken geen rympies nie.

Ek loop met my stapel:

*Ex Libris* FC.

Bundel na bundel tel ek my dae af:

bied dié slegs veilige hawe

vir die nasaat,

kan nie daarmee graf toe nie.

Die bundels vloei

dood na dood

onverstoord

voort.

"Kranksinning of klanksinling".  
Uitbeeldings van psigiatriese  
versteurings  
in die Afrikaanse poësie:  
'n Intertekstuele ondersoek.

## Opsomming

Sleutelwoorde: Psigiatrie, psigiatriese versteurings, psigiatriese korpus, poësie, intertekstualiteit.

Die Afrikaanse poësie bevat verskeie voorbeelde van gedigte wat oor psigiatriese versteurings handel of dit metafories betrek. Hierdie verskynsel is in die Afrikaanse literêre korpus nog nooit sistematies ondersoek nie. Hierdie studie poog om 'n aanvanklike verkenning van hierdie onderwerp te doen. Die logiese literêr-teoretiese sleutel vir hierdie navorsing is intertekstualiteit. 'n Literaturoorsig word gegee van die veld van intertekstualiteit. Die ontstaan van intertekstualiteit uit die poststrukturalisme en strukturalisme word aangetoon. Vervolgens word daar veral gefokus op die werk van die strukturaliste Genette en Riffaterre.

In die werk van Genette is die begrip "transtekstualiteit" van belang; veral hipertekstualiteit as onderafdeling daarvan. Hipertekstualiteit word aangetoon as van belang in die jukstaposisie van die hipoteks, nl. die psigiatriese korpus, en die hiperteks, nl. Afrikaanse gedigte wat psigiatriese versteurings uitbeeld.

Riffaterre se werk bou voort op hierdie konsepte. Sy "strukturele hermeneutiek" toon aan dat dit die ongrammatikaliteite van die poëtiese teks is wat die betekenis van die mimetiese na die semiotiese vlak laat beweeg. Hierdie beweging bring gevolglik die matriks van betekenis tot stand, waarin die sosiolek na die idiolek getransformeer word.

Vervolgens word gekyk na die jukstaposisie van tekste soos uiteengesit deur Bloome & Hong. Intertekstualiteit beweeg van die teks na die sosiale ruimte wat die teks huisves, en verder na die breër samelewing, waar veelvuldige kulturele verskynsels in hierdie model as tekste gesien word. Dit plaas intertekstualiteit gevolglik in 'n dialogiese en sosiale konteks. Hierdie aspekte is van die uiterste belang vir die huidige studie waarin die psigiatriese korpus as 'n sosiale en kulturele skepping opgevat word.

Vervolgens word die psigiatriese korpus as interteks ondersoek. Daar word aangetoon dat die ontstaan van die psigiatriese korpus in wese ook 'n intertekstuele verskynsel

was. Die ontstaan daarvan word in historiese verband uitgewys vanaf die vroeë werk van Kraepelin en andere, gevolg deur die teenstand teen psigoanalise tot met die skepping van die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders van die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (DSM). Die DSM vergestalt die distillaat van die psigiatriese korpus in die hede. Bloome & Hong se intertekstuele model word vervolgens op die DSM toegepas. Laastens word daar ook gekyk na die literêre teoretiese kritiek op die psigiatriese korpus. Die werk van Thiher toon aan dat die psigiatriese korpus 'n Lyotardiaanse meestersvertelling in die moderne samelewing vorm. Hy wys verder uit dat die psigiatriese korpus as meestersvertelling 'n taalspel verteenwoordig. Hierdie taalspel is van uiterste belang in die Afrikaanse poësie, aangesien menige liriese subjek in gedigte oor psigiatriese versteuring in poëtiese mikrovertellings teen die meestersvertelling van die psigiatriese korpus inskryf.

Vervolgens word daar 'n oorsig gegee oor die uitbeelding van waansin in die letterkunde in die algemeen en in die poësie in die besonder. Thiher beskou die literatuur en waansin sowel as die wetenskap as voortspruitend uit die fiksionele verbeelding van die mens. Thiher toon verder aan dat die konsepte van waansin, letterkunde en wetenskap almal taalspele konstateer. Vervolgens word die literêre definisies van waansin in die werk van Feder, Felman, Bernaerts, Herman en Vervaeck ondersoek. Die gebreke van hierdie definisies word vanuit die psigiatriese perspektief aangetoon. Die temas betreffende die uitbeeld van waansin in die algemene letterkunde word bespreek. Hierna word veral gefokus op die temas van waansin in die poësie in die algemeen soos aangedui deur Oyebode. Die verhouding van waansin met die alledaagse sosiolek word ondersoek. Daar word aangetoon dat die normale mens kan identifiseer met waansin, aangesien waansin altyd 'n aanknopingspunt het in die normale, alledaagse sosiolek en lewe, maar dan op bepaalde wyses daarvan afwyk. Hierdie afwykings kan dien as verhelderings van die normale vertrekpunte daarvan. Dit lei tot 'n verdieping van die psigiese lewe in die bewussyn van die normale mens. Die paradoks van taal en teks in die uitbeelding van waansin word aangetoon: Waansin is 'n fundamentele versteuring van taal. Die teks wat dit uitbeeld kan die aard van die versteuring op 'n literêre wyse uitbeeld, dus die teks van waansin. Die teks kan ook self

die waansin bevat, dus die waansin van die teks. Hierdie konsepte sal later van groot waarde wees vir die analise van gedigte oor psigiatriese versteurings. Die intertekstuele aspekte van die uitbeelding van waansin in die literatuur word aangetoon. Die teks van waansin staan intertekstueel in verhouding tot die moontlike waansin van die skrywer, die waansin van die literêre karakter, en die psigiese lewe van die leser. Die idealisering van waansin in die literêre teorie word aangetoon: Waansin word letterkundig dikwels as 'n transformerende krag uitgebeeld, terwyl die psigiatriese korpus duidelik aantoon dat ware psigose en ander psigiatriese versteurings 'n vernietigende krag is ten opsigte van menslike kreatiwiteit. Laastens word daar verwys na die werk van Picchione wat die kontraste in die wetenskaplike epistemologie en dié van die poësie aantoon. Hy toon verder aan dat die poësie verskeie aspekte kan toevoeg tot die verbreding van die eng rasonale empirisme van die psigiatriese korpus.

Vier temas uit die Afrikaanse poësie se uitbeelding van psigiatriese versteurings word geïdentifiseer vir verdere analise:

Eerstens die uitbeelding van die proses van psigose soos meesterlik vervat in "Man wat mal word" van Peter Blum. Die intertekstuele diskoers van die gedigte met die psigiatriese korpus aangaande skisofrenie word geanaliseer. Die duidelik verskil tussen die waansin van die gedigte en die werklike psigotiese tekste van skisofrenielyers word ook bespreek.

Tweedens word gekyk na die uitbeelding van die fenomenologie van bipoëlêre versteuring in die gedigte van Ronelda Kamfer. Die gedigte "Bipolar Honey", "OD1" en "OD2" word geanaliseer in terme van die intertekstuele diskoers met die psigiatriese korpus aangaande lyding, selfdoodpogings, en die interaksie met die psigiatriese sisteem en personeel.

Derdens word die metaforiese benutting van psigiatriese versteurings in die werk van Wilma Stockenström ondersoek aan die hand van die gedigte "Gesertifiseer" en "By die dood van 'n swaksinnige". Die metaforiek wat uit die psigiatriese korpus ontleen is, word geanaliseer.

Vierdens word die interaksie van die pasiënt met die psigiatriese sisteem geanaliseer in die werk van Aniel Botha. Die gedigte “Stikland” en “Inrigting” dui intertekstueel op die reaksie van ’n pasiënt op hospitalisasie, asook op die intertekstuele gesprek tussen die uitbeeldings van eetversteurings in die gedigte en die psigiatriese korpus daaroor.

In die slotbeskouing word daar gefokus op die wyses waarop die psigiatriese korpus die semiotiese en deiktiese ruimtes van poësie intertekstueel verbreed. Dit word eweneens aangetoon dat poësie die eng wetenskaplike epistemologie van die psigiatriese korpus kan aanvul en verbreed veral ten opsigte van die terugbring van die mikrovertelling van die digterlike stem teenoor die meestersvertelling van die psigiatriese korpus.

## Summary

Key words: Psychiatry, psychiatric disorders, psychiatric corpus, poetry, intertextuality.

Afrikaans poetry contains several examples of poems about psychiatric disorders, or poems that utilize psychiatric disorders as metaphors. This phenomenon in the Afrikaans literary corpus has never been systematically examined. This study attempts an initial exploration of the subject. Intertextuality is the logical literary key to this study. A literature review of the field of intertextuality is given. The origin of intertextuality in structuralism and poststructuralism is indicated and discussed. The focus is subsequently placed on the work of the structuralists Genette and Riffaterre.

The concept “transtextuality” in the work of Genette, is of specific relevance, especially the concept “hypertextuality” as subsection thereof. Hypertextuality is shown to be of importance in the juxtaposition of the hypotext, namely the psychiatric corpus, and the hypertext, namely the Afrikaans poems portraying psychiatric disorders.

Riffaterre’s work extends these concepts. His “structuralist hermeneutics” indicate that it is the ungrammaticalities of the poetic text that shift meaning from the mimetic to the semiotic level. This movement creates the matrix of meaning, where the sociolect is transformed into the idiolect.

The juxtaposition of texts as indicated in the work of Bloome and Hong is examined next. Intertextuality moves from the text to the social spaces containing the text, and from there to the broader society, where various cultural products are seen as texts. Thus intertextuality is positioned in a dialogical and social context. These aspects are of importance to the present study as the psychiatric corpus is perceived to be a social and cultural construct.

The psychiatric corpus as intertext is the next object of study. It is shown that the origin of the psychiatric corpus can also be seen as an intertextual phenomenon. The historical development of the psychiatric corpus is examined in the work of Kraepelin and others, followed by the resistance to psychoanalysis, up to the creation of the Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders of the American Psychiatric Association (DSM). The DSM currently represents the distillation of the psychiatric

corpus. Bloome's and Hong's intertextual model is applied to DSM. Lastly, literary criticism of the psychiatric corpus is examined. The work of Thiher shows that the psychiatric corpus has become a Lyotardian master narrative in modern society. He also indicates that the psychiatric corpus as master narrative constitutes a language game. This language game is of critical importance to the Afrikaans poetry as many a voice in poetry about psychiatric disorder becomes a micronarrative speaking against the master narrative of the psychiatric corpus.

The study then proceeds with an overview of the portrayal of madness in literature in general and in poetry specifically. Thiher demonstrates that literature, madness and science stem from the fictional imagination of humans. Furthermore, he argues that these three fields constitute language games. The literary definitions of madness in the works of Feder, Felman, Bernaerts, Herman en Vervaeck are examined next. The deficits of these definitions from a psychiatric perspective are indicated. This is followed by a discussion of the themes in the portrayal of madness in literature. The focus then shifts to the themes of madness as portrayed in poetry in general, as discussed in the work of Oyebode. The relationship between madness and the everyday sociolect is examined. It is demonstrated that ordinary man can identify with madness as it always has a point of departure in the sociolect and everyday life of the common man, but then deviates from it in particular ways. These deviations can serve as points of illumination, and deepening of consciousness of these common points of departure. The paradox of language and text in the portrayal of madness is indicated: Madness is a fundamental disruption of language. A text illustrating this can portray madness in a literary way, i.e. the text of madness. The text can however also contain the madness: thus the madness of the text. These concepts will later prove to be of great benefit in the analysis of poems about psychiatric disorders. Intertextual aspects of the portrayal of madness in literature are then indicated. The text of madness stands in intertextual relations to the possible madness of the writer, the madness of the literary character, and the psychological life of the reader. The idealization of madness in literary theory is discussed: madness is often portrayed in literature as transforming power, while the psychiatric corpus clearly describes madness and other



psychiatric disorders as a destructive force to human creativity. Lastly the work of Picchione is discussed: He deoutlined the epistemological debate around the stability of scientific knowledge and of poetry's ability to portray reality and described poetry's ability to add dimensionality to the strict rational empiricism of science, and the psychiatric corpus.

Four themes from the portrayal of psychiatric disorders in Afrikaans poetry are identified for further intertextual analysis.

The first theme is the portrayal of the process of psychosis as captured in the remarkable poem "Man wat mal word" by Peter Blum. The intertextual discourse with the psychiatric corpus regarding schizophrenia is analysed. The difference between the madness of the poetic text and psychotic text of schizophrenia sufferers are discussed.

The second theme discussed is the phenomenological portrayal of bipolar disorder in poems by Ronelda Kamfer. The poems "Bipolar Honey", "OD1" and "OD2" are analysed in relation to the intertextual discourse with the psychiatric corpus regarding suffering, suicide, and interaction with the psychiatric system and personnel.

The third theme is the intertextual appropriation of psychiatric disorders as metaphorical substrates in the work of Wilma Stockenström. The poems "Gesertifiseer" and "By die dood van 'n swaksinnige" are used as examples and the metaphors appropriated from the psychiatric corpus are analysed.

Fourthly, the interaction of the patient with the psychiatric system is analysed in the work of Aniel Botha. The poems "Stikland" and "Inrigting" intertextually indicate the reaction of a patient to hospitalization, as well as the intertextual discourse between the portrayal of eating disorders and the psychiatric corpus regarding eating disorders.

In the final discussion the focus is placed on the ways in which the psychiatric corpus extends the deictic and semiotic spaces of the analysed poems. At the same time it is shown that poetry can extend and enhance the narrow scientific epistemology of the psychiatric corpus. This is done especially by returning the micronarrative of the poetic voice to the master narrative of the psychiatric corpus.

## INHOUDSOPGAWE

Opsomming .....	99
Summary .....	103
HOOFSTUK 1: Inleiding en probleemstelling: .....	108
1.1 Navorsingsvrae:.....	109
1.2 .....	Afbakening van navorsingsfokus: .....
1.3 Afbakening van die navorsingsfokus in die Afrikaanse poësie: .....	112
HOOFSTUK 2: Literatuuroorsig oor intertekstualiteit as literêre teorie.....	114
2.1 Inleiding.....	114
2.2 Strukturele hermeneutiek: .....	121
2.3 Die totstandkoming van intertekstualiteit, of die ‘jukstaposisie van tekste’: .....	128
2.3.1 Wat geld as ’n jukstaposisie? .....	129
2.3.2 Hoe geld jukstaposisie van tekste? .....	131
2.4 Samevatting: .....	133
HOOFSTUK 3: Die psigiatriese korpus as interteks.....	134
3.1 Inleiding: die narratiewe van die mediese model.....	134
3.2 Die ontstaan van die psigiatriese korpus en meer spesifiek DSM-5.....	135
3.3 Die opkoms van psigoanalise en die latere Midatlantiese teenrevolusie. ....	137
3.4 Die psigiatriese korpus as interteks volgens die model van Bloome & Hong (2013) .....	140
3.5 Literêr-teoretiese kritiek op die psigiatriese korpus as mediese wetenskap. ....	143
3.6 Samevatting van die intertekstuele beskouing oor die psigiatriese korpus. ....	144
HOOFSTUK 4: Literatuuroorsig van die uitbeelding van psigiatriese verstourings in die letterkunde in die algemeen, en die poësie in besonder.....	145
4.1 Inleidende opmerkings oor die uitbeelding van psigiatriese verstourings in die literatuur. ....	145
4.2 Die ontstaan van die literêre uitbeelding van waansin: .....	146
4.3 Die “skepping” van die wêreld deur taal, en die herkenning van waansin deur taal:.....	147
4.4 Die definisies van waansin in die letterkunde: .....	150
4.5 Waansin as tema in die letterkunde: .....	152
4.6 Waansin as tema in die poësie .....	158
4.7 Die verhouding van literêre waansin met die normale mens en sy/haar sosiolek.....	165
4.8 Die literêre uitbeelding van “waansin”, en die paradoks van taal en teks. ....	167
4.9 Die intertekstuele aspekte van die uitbeelding van waansin in die literatuur. ....	173
4.10 Die idealisering van waansin in letterkundige uitbeeldings: .....	175
4.11 Poësie, wetenskap, en die epistemologiese debat.....	176

4.12 Samevatting .....	182
HOOFSTUK 5: 'n Intertekstuele beskouing van die uitbeelding van psigiatriese versteurings in enkele Afrikaanse gedigte .....	185
5.1 Die gedig as proses: Peter Blum.....	185
5.1.1 Psigose, en die proses van “psigoties-word” of psigiese disintegrasi.....	192
5.1.2 Die simptome en tekens van psigose, veral gedagteprosesversteurings.....	194
5.1.3 Die literêr-teoretiese dimensie van waansin ten opsigte van “Man wat mal word” .....	199
5.1.4 Die verskil tussen die waansin van die teks in “Man wat mal word”, en die werklike waansin van tekste van pasiënte met skisofrenie. ....	207
5.2 Gedigte wat die fenomenologie van 'n versteuring uitbeeld, naamlik bipolêre versteuring: Ronelda Kamfer. ....	213
5.3 Gedigte wat psigiatriese versteurings as metafore benut: Wilma Stockenström .....	229
5.4 Gedigte wat die pasiënt se reaksie op hospitalisasie en behandeling uitbeeld: Aniel Botha .....	239
HOOFSTUK 6: Slotbeskouing .....	255
6.1 Finale verantwoording: bespreking van die navorsingsvrae .....	255
6.1.1 Kan 'n intertekstuele benadering tot die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie die interpretasie van poësie verryk, met ander woorde kan diepte-insig in die psigiatriese komponente van die digterlike uitbeelding bydra tot beter begrip vir die deiktiese ruimte van poësie? Indien wel, hoe vind dit plaas? .....	255
6.1.1.3 Temas in die gekose gedigte in ooreenstemming met dié in die literatuurorsig. ....	258
6.1.1.4 Die eienskappe van poësie “sit die hart terug in die brein”. ....	259
6.1.2 Kan 'n intertekstuele benadering tot die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie die psigiatrie verryk, met ander woorde die mikrovertelling van die pasiënt terugbring in die hoofstroom- meesvertelling van psigiatrie? Indien wel, hoe vind dit plaas? .....	261
6.1.3 Wat is die tekortkominge in die digterlike uitbeelding van psigiatriese versteurings? Hoe kan die psigiatriese korpus as hipoteks hierdie gapings aanvul in die poësie-hiperteks? .....	266
6.1.4 Kan die psigiatriese korpus 'n meer kontemporêre benadering skep as teenvoeter vir die heersende tendens van “idealiserings” van waansin as “transformerende krag”? .....	267
Bibliografie .....	269
Artikels op Internetwebwerwe nageslaan: .....	276
Aanhangsel: Lys van gedigte wat verwys na psigiatriese versteurings .....	278

## HOOFSTUK 1: Inleiding en probleemstelling:

*Science constantly clears the world of mythologies and expands its frontiers but, at the same time, it is incapable of creating subjectivity, mental and emotive cartographies. This is the realm which, arguably, more than any other human activity, belongs to poetry.*

*Picchione, J. (1999: 23)*

Lina Spies (1979: 8) vertel in *Ontmoetings*, haar versameling outobiografiese essays, van ’n opmerking wat D.J. Opperman teenoor haar gemaak het toe sy aan hom noem dat sy belangstel om in die sielkunde te studeer: “Professor Opperman het in elk geval nie gewag op ’n antwoord nie: ‘Kyk, ek ken die versoeking aan die lyf. Toe ek klaar was met B.A. wou ek verder studeer in die abnormale sielkunde, maar sielkunde en filosofie is die terrein van die abstrakte denke – dodelik vir die poësie.’”

Is dit werklik só dat dinge van die psige, naamlik sielkunde, filosofie en psigiatrie, dodelik is vir die poësie? Dit is vir etlike jare reeds opvallend, in kontras met hierdie opinie van D.J. Opperman, dat digters, en hier spesifiek Afrikaanse digters, psigiatrisse versteurings in gedigte betrek. Daar is in die Engelse literatuur uitgebreide ondersoeke na hierdie verskynsel gedoen: Volledige tesisse is hieraan gewy (vgl. Sheik, A. 2002), en etlike akademiese tekste en joernaalartikels is hieroor geskryf (kyk literatuuroorsig). Hierdie tendens is na my beste wete nog nie formeel in die Afrikaanse letterkunde ondersoek en beskryf nie. Daar is wel op informele wyse na die verskynsel gekyk in twee bloginskrywings deur Gissela Ulyatt op *Versindaba*<sup>5</sup>. Dit is dan die doel van hierdie navorsingsprojek: om die uitbeeldings van psigiatrisse versteurings in die Afrikaanse poësie te ondersoek.

---

<sup>5</sup> <http://versindaba.co.za/2014/10/28/gisela-ullyatt-wintermuil-die-gedig-as-gestig/>  
<http://versindaba.co.za/2014/11/24/gisela-ullyatt-endlessly-obedient-citizen-die-gedig-as-gestig-deel-2/>  
 beide besoek 25 Augustus 2016.

Die teoretiese vertrekpunt is voor die hand liggend: Ddaar is duidelik sprake van 'n intertekstuele spel tussen die gedig en die psigiatriese kenniskorpus. Teorieë oor intertekstualiteit sal as sleutels gebruik word om die komplekse intertekstualiteit tussen psigiatrie en poësie te ontsluit.

#### 1.1 Navorsingsvrae:

Die potensiële bydra van hierdie studie is dat die komplekse interaksie tussen psigiatrie as mediese wetenskap en die Afrikaanse poësie aangetoon word. Hierdie interaksie sal ondersoek word aan die hand van die volgende basiese vrae:

- Kan 'n intertekstuele benadering tot die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie die interpretasie van poësie verryk, met ander woorde kan diepte-insig in die psigiatriese komponente van die digterlike uitbeelding bydra tot beter begrip vir die deiktiese ruimte van poësie? Indien wel, hoe vind dit plaas?
- Kan 'n intertekstuele benadering tot die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie die psigiatrie verryk, met ander woorde die mikrovertelling van die pasiënt terugbring in die hoofstroom- meestervertelling van psigiatrie? Indien wel, hoe vind dit plaas?
- Wat is die gapings in die digterlike uitbeelding van psigiatriese versteurings? Hoe kan die psigiatriese korpus as hipoteks hierdie gapings aanvul in die poëtiese hiperteks?
- Kan die psigiatriese korpus 'n meer kontemporêre benadering skep as teenvoeter tot die heersende tendens van "idealisering" van waansin as "transformerende krag"?

#### 1.2 Afbakening van navorsingsfokus:

Die akademiese diskoers oor die uitbeelding van waansin in die literatuur is wyd uiteenlopend. Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n besliste afbakening nodig.

- Intertekstualiteit word as literêre sleutel tot hierdie navorsing gebruik. 'n Volledige bespreking van interstekstualiteit en die kritiek en kontroversie daaroor val buite die bestek van hierdie navorsing. Die navorser gee wel 'n

beperkte oorsig oor die konsep en verwys slegs na aspekte relevant vir die hierdie navorsing.

- Die terme “mad”, “madness” en “madman” word deurlopend in die Engelse akademiese literatuur oor psigiatriese versteurings in die letterkunde gebruik. Die navorser het gekies om hierdie terme te vertaal met *waansin*, *waansinnig* en *malman*. Wanneer die navorser by die meer psigiatry-wetenskaplike gedeeltes kom, sal die term *psigiatriese versteuring* by voorkeur gebruik word.
- ’n Uitgebreide bespreking van die volle psigiatriese korpus, dit is die totale klassifikasiesstelsel van psigiatriese versteurings, val buite die grense van hierdie navorsing. Die huidige bespreking sal wel kortliks verwys na die historiese ontstaan van die psigiatriese korpus, veral die DSM-5<sup>6</sup>, aangesien dit die intertekstuele aard van die psigiatriese korpus en DSM-5 aanraak.
- Die navorser sal ook vermy om die omvattende diagnostiese kriteria van ’n bepaalde psigiatriese versteuring te gee wat as interteks vir ’n bepaalde gedig dien. Slegs daardie aspekte van die diagnostiese kriteria word aangetoon wat in ’n bepaalde intertekstuele verhouding met die semiotiese betekenis van die gedig staan.
- Daar is ekstensiewe kritiek op die psigiatriese korpus as geheel, waarvan die mees merkbare die “anti-psigiatrie” beweging is, soos verteenwoordig deur Michel Foucault, R.D.Laing and Thomas Szasz.<sup>7</sup> Hierdie navorsing kan nie hierdie kontroversies in detail ondersoek nie. Die navorsing sal die “psigiatriese korpus” definieer as die psigiatrie wat tans in Suid-Afrika en in die meeste mediese kontekste internasionaal gedoseer en gepraktiseer word.
- Daar is ook uitgebreide kritiek op die psigiatriese korpus as epistemologie, dit is ’n veld wat kennis tot stand bring aangaande psigiatriese versteurings. Ali (2002: 233) stel dit dat

---

<sup>6</sup> Die mees gebruikte klassifikasiesstelsel van psigiatriese versteurings, naamlik *The Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* – vyfde uitgawe, gepubliseer deur die American Psychiatric Association – sien verwysings.

<sup>7</sup> <http://encyclopedia.thefreedictionary.com/antipsychiatry>, besoek 24 Julie 2016. Hierdie beweging, hoewel nie geformaliseer nie, is aangevuur deur die werk van Thomas Szasz, R.D. Laing, and Michel Foucault. Hierdie outeurs was in die sestiger en sewentiger jare daarop ingestel om die vergrype en gevare van psigiatriese behandeling aan te toon en te kritiseer.

... [b]y virtue of its concern with the human condition, the discipline of psychiatry is inextricably linked to modes of discourse that explore the capacity for knowledge-building and self-reflection [...] Such discourse is evident in current trends in epistemology which have been characterized by an increasing emphasis on the discursive processes underlying the construction of knowledge.

Hierdie navorsing verleen nie die ruimte om oor die aard en onstabiliteit van kennis, veral die psigiatriese epistemologie, te reflekteer nie. Dit sal, soos bo aangedui, slegs die psigiatriese korpus soos dit in Suid-Afrikaanse benut word, as hipoteks vir enkele gedigte uit die Afrikaanse poësie benut. Daar sal beslis verwys word na die unieke subjektiewe posisie van die digterlike stem in die gekose Afrikaanse gedigte wat baie duidelik reageer op, in gesprek tree met, en opstaan teen, die psigiatriese korpus. Dit is uiteindelik presies waarom hierdie navorsing handel. Die navorser sal wel verwys na die uiteindelijke intertekstuele “poiesis” wat uiteengesit word in die werk van Picchione (1999)(*vide infra*).

- Feder (1980: 11–12) beskryf dat
  - .. [i]n much of twentieth-century imaginative literature, overt psychological and psychoanalytic allusions are commonplace, often referring to particular Freudian, Jungian, or Laingian theories, which actually become part of the symbolic structure of novels, plays, and poems.

Psigoanalitiese aspekte word nie in hierdie navorsing bespreek nie, aangesien hier gefokus word op die kontemporêre Suid-Afrikaanse psigiatriese korpus en hoe dit as interteks optree in die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie. Daar word wel, waar relevant, verwys na psigoanalise as ’n negatiewe hipoteks tot die ontstaan van die psigiatriese hiperteks, of psigiatriese korpus. Enkele begrippe soos “verdeling” en “oordrag” wat uit die psigoanalise ontleen is, sal wel aan die bod kom tydens die bespreking van gedigte wat handel oor die eetversteuring anoreksia nervosa.

- Daar is uitgebreid gepubliseer oor digters en die psigiatriese versteurings waaraan hulle gelei het, asook die moontlike invloed van sodanige psigiatriese

- versteurings op hulle poësie.<sup>8</sup> Hierdie navorsing is nie met hierdie aspek gemoeid nie.
- Daar is 'n groeiende belangstelling in die biologiese basis van kreatiwiteit asook die moontlike rol van psigiatriese versteurings daarin. Hierdie tema val buite die bestek van die huidige navorsing.
- Daar bestaan 'n ryk en groeiende tradisie van “poësieterapie”.<sup>9</sup> Die lees van poësie bring vir vele mense verligting van diverse emosionele probleme of konflikte. 'n Bespreking hiervan val buite die grense van die huidige navorsing.

### 1.3 Afbakening van die navorsingsfokus in die Afrikaanse poësie:

Daar is talle gedigte, en na my wete twee volle bundels, in die Afrikaanse poësie wat oor psigiatriese versteurings handel, of dit betrek, of dit op metaforiese wyse benut. Die navorser plaas die titels van sodanige gedigte wat identifiseer kon word in 'n aanhangsel tot hierdie minitesis. Die soektog was uiteraard beperk tot eie speur- en leeswerk en kan beslis aangevul word. Die lys veronderstel geensins volledigheid in hierdie verband nie.

Die navorser kan nie binne die bestek van hierdie navorsing die volle omvang daarvan dek nie. Daar sal gevolglik fokus word op vier temas:

- Die gedig as proses: uitbeelding van die proses van psigose in “Man wat mal word” van Peter Blum;

<sup>8</sup> Hier volg 'n paar voorbeelde: Sheik, A. 2002. Wopko Jensma: a monograph: the interface between poetry and schizophrenia. Ongepubliseerde D. Lit. tesis, University of Durban-Westville.;

Wedding D. 2000. Cognitive distortions in the poetry of Anne Sexton. *Suicide & Life-threatening Behavior* 30(2): 140–4.;

Wojahn, D. 1995. The State You Are Entering: Depression and Contemporary Poetry. *New England Review* 17(1): 110–123.;

Gray, S. 2014. Losing His Head: The Poetry of Wopko Jensma and His Reputation. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa* 26(1): 29–40.;

Lashewicz B., Ajmal S.I. 2013. Poetry as a Framework for Understanding Embodied Experiences of Bipolar Disorder. *Journal of Psychology & Psychotherapy* 3(2): s.p.

Hankir, A. 2011. Review: bipolar disorder and poetic genius, *Psychiatria Danubina*, 23(Suppl. 1): 62–68.

<sup>9</sup> Hier volg 'n paar voorbeelde van publikasies oor poësieterapie: Kleyn, L. Pieterse, H.J. 2009.

Poësieterapie - 'n terreinverkenning en toepassingsmoontlikhede daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks. *The Social Work Practitioner-Researcher* 21(2): 1–22.;

Shafi, N. 2010. Poetry therapy and schizophrenia: Clinical and neurological perspectives. *Journal of Poetry Therapy* 23(2): 87–99.;

McArdle, S., Byrt, R. 2001. Fiction, poetry and mental health: expressive and therapeutic uses of literature.

*Journal of Psychiatric and Mental Health Nursing* 8(6): 517–524



- Die uitbeelding van 'n bepaalde versteuring met fokus op die fenomenologie en belewenis daarvan. Die navorser bespreek Ronelda Kamfer se gedigte *Bipolarhoney*, “OD1”, en “OD2”;
- Die psigiatriese versteuring as metafoor in 'n gedig: die navorser bespreek Wilma Stockenström se gedigte “By die dood van 'n swaksinnige” en “Gesertifiseer”;
- Die belewenis van die psigiatriese pasiënt tydens opname in 'n psigiatriese hospitaal. Die navorser bespreek twee van Aniel Botha se gedigte uit haar debuutbundel *pirouette*, naamlik “Stikland” en “Inrigting.”

## HOOFSTUK 2: Literatuuroorsig oor intertekstualiteit as literêre teorie.

### 2.1 Inleiding

Julia Kristeva het die term “intertextualité” die eerste keer gebruik in 1968 (Bloome & Hong 2013: 1). Bloome & Hong stel dit dat:

The concept of *intertextualité* ... is not the simple juxtaposition of texts per se, but the deconstruction and reconstruction of dominant theories of semiotics, linguistics, hermeneutics, language, reasoning, and related topics including reading, composition, literary theory, and how a text is defined.

Dit is ’n uiters wye siening hierdie. ’n Beknopter oorsig oor die veld vir die doeleindes van die huidige navorsing word in hierdie tesis aangebied, aangesien hier sprake is van twee duidelik omskrewe velde wat in ’n intertekstuele verhouding staan.

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing oor die uitbeelding van psigiatriese verstourings in die Afrikaanse poësie gaan die navorser baie sterk steun op die opsomming van die veld van intertekstualiteit deur Graham Allen in sy oorsigswerk *Intertextuality* (Allen 2000) en die basiese aannames, beginsels en vertrekpunte van intertekstualiteit opsom. Hierdie konsep is van fundamentele belang vir die huidige navorsing aangesien hier sprake is van die wedersydse inspeling op mekaar van twee ‘tekste’, naamlik die psigiatriese korpus van kennis soos vervat veral in die DSM 5, die psigiatriese, wetenskaplike navorsing (gesamentlik vir die doeleindes van hierdie studie as die ‘psigiatriese korpus’ betitel) aan die een kant, en die Afrikaanse poësie aan die ander kant. Dit is nie ’n gemaklike inspeling nie, aangesien die psigiatriese korpus geskoei is op die sogenaamde wetenskaplike, mediese model met ’n rasonale empiriese metodiek. Die merkwaardige sleutels wat intertekstualiteit bied kan paradoksaal benut word om die jukstaposisie van poësie en die psigiatriese korpus te ontsluit. Hieroor later meer in die bespreking van die werk van Piccione (1999).

Vervolgens word die inleiding van Allen seminale teks bespreek waarin hy die veld van intertekstualiteit opsom (2000: 1).

Enige leser soek na die betekenis van 'n teks terwyl die teks gelees word – hierdie ekstraksie van betekenis word “lees of interpretasie” genoem. Die kontemporêre letterkundige teoretiese veld het byna al die basiese konsepte (soos lees, leserstipes, lesersrolle en resepsieteorie) fundamenteel uitgedaag. Hierdie veld toon aan dat literatêre werke saamgestel is uit sisteme, kodes en tradisies daargestel deur vorige werke. Die sisteme, kodes en tradisies van ander kunsvorme (asook die wetenskap) en van kultuur in die algemeen is van kritiese belang vir die betekenis van 'n bepaalde literêre werk. Tekste binne hierdie konsep het nooit 'n onafhanklike betekenis nie. Tekste is gevolglik hiervolgens intertekstueel.

Die aksie van lees, beweert kritici, tuimel die leser in 'n netwerk van tekstuele interverhoudinge in. Die interpretasie van 'n bepaalde teks is gevolglik eintlik die naspeuring van daardie interverhoudinge. Die werk van lees (of *produksie* soos Kristeva dit noem<sup>10</sup>) word 'n proses van beweeg tussen tekste. Betekenis in hierdie veld word iets wat bestaan tussen die teks, en alle ander tekste waarna dit verwys, en waarmee dit in verhouding staan. Die beweging is van 'n onafhanklike teks na 'n netwerk van tekstuele verhoudings. Die teks word gevolglik die interteks.

Intertekstualiteit is een van die mees algemeen gebruikte en misbruikte terms. Dit is beslis nie binne die literêre teoretiese veld 'n unitêre term nie. Allen (2000: 3) poog nie in sy oorsigwerk om hierdie vloeibare situasie vas te pen nie, maar gee steeds 'n uitstekende historiese oorsig oor die ontwikkeling van die term, en waarom dit tans steeds betekenis en toepassings het. Hy gee 'n “theoretical intervention and an introduction to a crucial area of theoretical debate.”

Allen (2000: 3) voer die oorsprong van intertekstualiteit terug na in die oorsprong van linguistiek tydens die twintigste eeu en veral na die seminale werk van Ferdinand de Saussure. Saussure se klem op die sistematiese kenmerke van taal lê die grondslag van

---

<sup>10</sup> <http://www.simandan.com/kristeva%e2%80%99s-concepts-of-intertextuality/> – besoek 20 Augustus 2016 : “Kristeva established a new mode of semiotics, which she calls “semianalysis.” She emphasizes in this approach the idea that texts are always in a state of production, rather than being products to be quickly consumed. In her view, ideas are not presented as finished, consumable products, but are presented in such a way as to encourage readers to come up with their own interpretation of its meaning.” (Simandan, VM. 2010. s.p.)

opvattings oor die interverhoudingsaard van betekenis en uiteindelik ook tekste. Saussure se werk is verder ontwikkel deur M.M. Bachtin en Russiese kollegas, deur taal te plaas binne bepaalde sosiale situasies. Bachtin neem die taal uit die mond en plaas dit binne die sosiale veld, met ander woorde dit word as “dialogies” beskou. Julia Kristeva het op haar beurt tydens die laat 1950’s en vroeë 1960’s gepoog om Saussure en Bachtin se teorieë van taal te kombineer, en daarna haar werk deur te trek na veral Lacaniaanse psigoanalise. Hierdie tydperk in die ontwikkeling van literêre teorie word beskryf as die oorgang van strukturalisme na poststrukturalisme.

Irwin (2004: 227, 228) voer aan dat Kristeva Saussure se teorie van die teken, met die twee komponente “signifiant” en “signifié” geleen het. Kristeva leen van Bachtin die idee dat alle taal “dialogies” is: Dit druk altyd ’n veelvoud van betekenis uit omdat dit “heteroglossia” vertoon, ’n pluraliteit van stemme agter elke woord. Kristeva se sintese van strukturalisme en dialogisme stel dit dat

... any text is constructed as a mosaic of quotations; any text is the absorption and transformation of another. The notion of intertextuality replaces that of intersubjectivity, and poetic language is read as at least double (Irwin: 2004, 228).

Allen (2000: 3) toon aan dat die oorgang van strukturalisme na poststrukturalisme gekenmerk word deur die vervanging van wetenskaplike sekerheid, objektiwiteit en metodologiese stabiliteit deur ’n klem op onsekerheid, onbepaalbaarheid, subjektiwiteit, begeerte, genot en spel. Hierdie vervanging is die gegewe van die strukturalisme in konflik met poststrukturalisme.

Dit is alreeds in hierdie oorgang duidelik dat die intertekstualiteit van poësie en psigiatrie probleme gaan oplewer. Psigiatrie blyk in hierdie oorgang ’n strukturalistiese vakgebied te wees, met rasonale empiriese wetenskaplike aannames van sogenaamde vaspenbare gevolgtrekkings en beginsels; poësie setel sigself veel gemakliker as poststrukturalisties in die mandjie van Kristeva se “poetic language”. Ten spyte van hierdie botsing lyk dit onweerlegbaar dat die psigiatrisse korpus altyd ’n bronteks kan wees vir enige poëtiese uitbeelding van geestesversteurings. Dit is hopelik die verdere uiteensetting van intertekstualiteit wat hierdie paradoks sal ophef.

Dit is verder van belang om kennis te neem van die werk van die Franse teoretikus Roland Barthes. Volgens Allen (2000: 61–94) span Barthes intertekstuele teorie in om die langdurige aannames van die rol van die outeur in die produksie van betekenis in die teks uit te daag, en gevolglik die wesensaard van literêre betekenis self. Vir Barthes kan literêre betekenis nooit vasgepen word nie, aangesien die literêre werk se intertekstuele aard die lesers altyd sal lei na nuwe teksverhoudings en betekenis. Outeurs kan nie verantwoordelik gehou word vir die meervoudige betekenis wat lesers in tekste kan ontdek nie. Die outoriteit van die outeur is gevolglik vernietig (die outeur is dus *dood*, aldus Barthes se beroemde uitspraak) en lesers word bevry om self verwysings en betekenis uit te snuffel in enige geleesde teks.

Strukturalistiese teksteorie staan in lynregte opposisie tot die opvattinge van Kristeva en Barthes. Die teorie van intertekstualiteit word gebruik deur sowel Gérard Genette as Michael Riffaterre as voorstanders van “critical certainty, or at least for the possibility of saying definite, stable and incontrovertible things about literary texts” (Allen 2000: 4). Waar poststrukturalisme die term intertekstualiteit inspan om die konsep van betekenis te versteur, span strukturalise juis die term in om literêre betekenis te lokaliseer en selfs te vestig.

Allen toon vervolgens aan dat die eksplorasië van die term “intertekstualiteit” geensins beperk bly tot die literêre veld, of selfs geskrewe kommunikasie nie – die term is oorgeneem deur menige dissipline en “adapted by critics of non-literary art forms such as painting, music and architecture” (2000: 5). Dit is ’n logiese uitbreiding om ’n mediese korpus soos die Psigiatrie hierby in te sluit, veral vir die doeleindes van hierdie studie. Allen (2000: 5) stel dit verder dat “accounts of intertextuality reflect visions of society and human relations. A concept such as this can be employed to make comments on, or even capture the characteristics of, a section of society”. Daarby voer hy aan: “Intertextuality seems such a useful term because it foregrounds notions of relationality, interconnectedness and interdependence in modern cultural life.” In hierdie konteks moet die psigiatriese korpus gesien word as ’n kulturele produk met ’n onvermydelike intertekstuele werking.

Irwin (2004: 229) toon aan dat alle kulturele produksies teks is, en vir die doeleindes van hierdie navorsing kan veral die psigiatriese korpus dus ook as teks beskou. Hy verwys na Kristeva, Pfister en Allen:

Rather, as Manfred Pfister says, for Kristeva, “everything – or, at least, every cultural formation – counts as a text within this general semiotics of culture.” [...] Everything is a text [...] This is not all that Kristeva has in mind, however. There is no separation of the social text and the literary text, but rather the two must be woven together to produce the tapestry. As Graham Allen captures Kristeva’s point, “we must give up the notion that texts present a unified meaning and begin to view them as the combination and compilation of sections of the social text. As such, texts have no unity or unified meaning on their own, they are thoroughly connected to on-going cultural and social processes”.

Dit is gevolglik duidelik dat enige wetenskaplike model wat ontwikkel het oor jare kan geld as ’n “cultural formation”. As sodanig word dit ’n implisiete deel van die intertekstuele weefwerk of mosaïek, beskikbaar vir enige spreker/skrywer/digter as hipoteks.

In die postmoderne epog, redeneer Allen (2000: 5), kan ’n mens nie meer praat van die oorspronklikheid van die kunsvoorwerp (lees teks en poësie) nie, aangesien elke kunsvoorwerp saamgestel is uit brokke en stukke van reeds bestaande kunsvoorwerpe. Allen (2000: 6) haal in hierdie konteks Roland Barthes se opvatting van die teks aan:

As Barthes reminds us, the very word “text” is, if we remember its original meanings, “a tissue, a woven fabric” [...] The idea of the text, and thus of intertextuality, depends, as Barthes argues, on the figure of the web, the weave, the garment (text) woven from the threads of the already written’ and the “already read”. Every text has its meaning, therefore, in relation to other texts.

Allen (2000: 6) se oorsig dui aan dat hierdie in-verhouding-tree (“relationality”) van een teks tot ’n ander teks op verskeie wyses gesien kan word (my kursivering):

- dit kan die radikale meerduidigheid van die teken betrek;
- *dit kan dui op die verhouding van tekens en tekste, en die kulturele en sosiale veld waar dit ingebed is;*
- dit kan dui op die verhouding tussen ’n teks en die literêre sisteem;
- of laastens dui op die *transformatiewe verhouding tussen een teks en ’n ander teks.*

Veral laasgenoemde is van belang in die intertekstuele spel tussen poësie en psigiatrie. Hoe ook al ingespan, intertekstualiteit as literêre vertrekpunt bevorder 'n nuwe uitsig op betekenis, en begrip vir "outeurskap/leser". Fundamenteel aan hierdie uitsig en benadering is 'n weerstand, of opstand teen vorige bakens van oorspronklikheid, uniekheid, enkelvoudigheid, en outonomie.

Allen (2000: 96) bespreek vervolgens die strukturalistiese benadering tot intertekstualiteit. Hy verwys na die twee groot eksponente van hierdie benadering naamlik Gérard Genette (1997) en Michael Riffaterre.

Allen (2000: 96) verduidelik Genette se vertrekpunt soos volg:

Literary works, for a theorist like Genette, are not original, unique, unitary wholes, but particular articulations (selections and combinations) of an enclosed system. The literary work might not display its relation to the system, but the function of criticism is to do precisely that by rearranging the work back into its relation to the closed literary system. [...] The author takes elements of the enclosed literary system or structure and arranges them into the work, obscuring the work's relation to the system. The critic takes the work and returns it to the system, illuminating the relation between work and system obscured by the author.

Genette (1997) ontwikkel sy eie weergawe van intertekstualiteit, wat hy transtekstualiteit noem (Allen 2000: 100). Jacobs (2013: 236) beskryf die konsep as "die tekstuele transending van die teks" en haal Genette (1997:1) aan: "all that sets the text in a relationship, whether obvious or concealed, with other texts".) Genette onderskei tussen vyf soorte transtekstualiteit, elkeen verteenwoordigend van 'n ander dimensie van die verhouding tussen tekste (Jacobs 2013: 236). Vir die doeleindes van die huidige navorsing is dit slegs die volgende twee wat van belang is:

- intertekstualiteit: die teenwoordigheid van een teks binne 'n ander teks byvoorbeeld deur.
- hipertekstualiteit: Allen (2000: 107–8) beskryf dit as "any relationship uniting a text B ( ... hypertext) to an earlier text A ( ... hypotext), upon which it is grafted in a manner that is not that of commentary. What Genette terms the hypotext is termed by most other critics the inter-text, that is a text which can be definitely located as a major source of signification for a text. [...] The meaning of hypertextual works, Genette argues, depends upon the reader's knowledge of

the hypotext which the hypertext either satirically transforms or imitates for the purpose of pastiche" (Allen 2000: 108–9). "[H]ypertextual transpositions are made of specific hypotexts. Texts can be transformed by processes of self-expurgation, excision, reduction, amplification and so on," (Allen 2000: 109). "Genette seeks merely to explore the ways in which texts are read in relation to other texts. He contrasts such an open approach to what we might style a closed structuralism, which is 'concerned with the closure of the text and with deciphering its inner structures'" (Allen 2000: 111).

Genette (1997) plaas sy fokus baie sterk op hipertekstualiteit. Die hiperteks 'benut' die hipoteks op maniere wat die inherente betekenis van die hipoteks nie noodwendig impliseer nie. Die hiperteks lê nuwe semiotiese verbande deur middel van die oorspronklike hipoteks se betekenis, met ander woorde Kristeva se "new signifying relations". Daar is gevolglik sprake van 'n produksie in die hiperteks wat uitbrei en in gesprek tree met die hipoteks, wat per implikasie selfs die hipoteks in 'n nuwe lig kan stel. Hierdie idee het belangrike implikasies vir die huidige studie:

- Poësie oor psigiatriese versteurings staan onvermydelik in 'n intertekstuele verhouding met die psigiatriese korpus wat hierdie versteurings wetenskaplik beskryf.
- Poësie oor psigiatriese versteurings kan lei tot 'n unieke en hoogs persoonlike perspektief op die individu se ervaring van die vele dimensies van die versteuring en die behandeling daarvan, soos uitgebeeld en verwoord in die psigiatriese korpus.
- Poësie kan psigiatriese versteurings benut as metafore van die menslike kondisie.
- Poësie is selfs in staat om die prosesmatigheid van 'n psigiatriese versteuring uit te beeld. Hier tree die psigiatriese korpus op as beskrywing van hierdie siekteproses, en die gedig se teks kan met hierdie proses in gesprek tree.



Hierdie beskrywings bring 'n onhoudbare paradoks te weeg: is die betekenis van die teks in die teks self, of lê die betekenis in die intertekstuele dimensie? Hierdie paradoks word deur Jenny<sup>11</sup> getakel. Allen (2000: 114–5) haal Jenny (1982: 45) aan:

On the other hand, Jenny's insistence that intertextuality's essence lies in the "perturbatio" of formal and thematic structures, might strengthen the argument against Genette that what is required is not a poetics which can separate textual from intertextual dimensions but a theory of interpretation which can *explore the interpretive processes by which the clash of these two dimensions is registered and reconciled*. (My kursivering.)

Die waarde van die intertekstuele kom onder andere tot stand eers in die spanning, en dan later in die vereenselwiging van die hiperteks en hipoteks. Hierdie kontrasterende, en terselfdertyd verbredende konteks speel presies in die hand van die volgende teoretikus van intertekstualiteit, naamlik Michael Riffaterre.

## 2.2 Strukturele hermeneutiek:

Riffaterre se werk staan wydsbeen oor strukturalisme, poststrukturalisme, semiotiek, psigoanalitiese literêre teorieë en verskeie ander teoretiese benaderings tot leserskap. Sy werk is gegrond op 'n vaste oortuiging van 'n stabiele en akkurate weergawe van teksbetekenis en intertekstuele verhoudings. Sy semiotiese benadering setel in die oortuiging dat literêre tekste nie net bloot verwys na "dinge" is nie (die mimetiese aspek), maar dat dit inteendeel betekenis verkry uit die semiotiese strukture wat individuele woorde, frases, sinne, sleutelbeelde, temas en retoriese middele verbind. Riffaterre se briljante *Semiotics of Poetry* (1978) verwys in die openingsgedeeltes na die nodigheid vir die leser om "the mimesis hurdle" te oorkom (Riffaterre: 1978: 6). Hy redeneer dat die grammatikale aspek as aanvanklike benadering tot die poësie suiwer dien om die ongrammatikale aspekte op die tweede vlak van lesing leesbaar te maak, naamlik die intertekstuele vlak. Hierdie sentrale plasing van intertekstualiteit in Riffaterre se werk setel juis in die anti-verwysingsbenadering, aangesien intertekstuele teorie juis aandui dat tekste en tekens nie verwys na die wêreld van dinge nie, of selfs nie eers na primêre konsepte nie, maar veel eerder na ander tekste en konsepte, en gevolglik as 'n inter-teks beskou moet word. Hierdie oorkoming van die mimetiese

---

<sup>11</sup> Jenny, L. 1982. *The strategy of forms in French literary theory today: a reader*. Cambridge: Cambridge University Press.

struikelblok beteken ook vir Riffaterre dat hy hulde bring aan “the self-sufficient text” (Allen 2000: 115). Ware analise van die literêre teks moet die uniekheid daarvan aantoon. Poëtika veralgemeen ’n teks se uniekheid in poëtiese taal: Riffaterre se teksanalise poog om hierdie uniekheid te verklaar. Hy staan daarvoor dat die teks se betekenis in sigself lê, en beslis nie net in ’n versameling van ander tekste buite die teks ter sprake nie. Die teks self, juis as gevolg van die uniekheid daarvan, kan die eie dekodering beheer (Allen 2000: 116). Op die oog af lyk hierdie selfgenoegsaamheid van ’n teks en die gelyktydige beklemtoning van intertekstualiteit paradoksaal. Die oplossing van hierdie paradoks lê in die fyn detail van Riffaterre se teorie van lees en intertekstualiteit. Allen dui aan dat hierdie oplossing mens ook bewus maak van die omskrewe gebied van navorsing wat Riffaterre vir sy hermeneutiese projek toelaat, sowel as die oortuiging dat hierdie projek tot ’n korrekte en ware lees van die teks kan lei.

Riffaterre se leesstrategie verwys terug na die bostaande opmerking oor die botsing van die grammatikale en ongrammatikale aspekte in die teks. Die leser se “first seeking for a textual mimesis is forced, by the indeterminacies of the text, into a deeper examination of the text’s non-referential structures.” (Allen 2000: 117). Lees vind dan plaas op twee opeenvolgende vlakke. Eerstens vind ’n lesing plaas van die mimetiese aspekte wat poog om tekstekens se eksterne verwysings te vind. Hierdie proses verloop op ’n liniêre wyse. Tweedens vind ’n retro-aktiewe lesing op ’n nonliniêre wyse plaas, om die onderliggende semiotiese eenhede en strukture op te diep wat aan die teks nonverwysingsbetekenis gee. Hierdie sprong van die mimetiese na die semiotiese interpretasie van die teks word veroorsaak deur wat Riffaterre noem “ungrammaticalities”: aspekte van die teks wat teenstrydig is met ’n lesing wat soek na verwysings (mimetika) en opgelos word wanneer ’n mens die teks herlees in terme van die onderliggende tekenstrukture.

Ander literêr-kritiese teorieë van poststrukturealisme en dekonstruksie stel die term dubbelsinnigheid of “ambiguity” voor vir hierdie botsing van die mimetiese en semiotiese vlakke. Riffaterre staan hierdie konsep teen, en hy verkies eerder die konsep

van “syllepsis”: ’n woord wat ’n bepaalde betekenis aandui in een konteks, en ’n totaal botsende of teenoorgestelde betekenis in ’n ander konteks.


In Riffaterre se teorie van lees word die mimetiese struikelblok oorkom deur te beweeg na die meer struktureel koherente vlak van semiotiese betekenis. Daar moet afgesien word van die idee dat die teks konkrete dinge te sê het oor die wêreld, en beweeg na die herkenning daarvan dat die betekenis, of wat Riffaterre noem ‘significance’ (respektiewelik ook vertaal as veelseggendheid, beduidenis, sinrykheid), gebaseer is op die omverwerping van assosiasies wat ’n bepaalde kultuur voorskryf. Sodra hierdie omkering van konteks en die diskoerse rondom daardie konteks begryp word, kan ’n mens die semiotiese beginsels of sisteem verstaan waarop die hele teks berus, en waaruit die teks nie alleen sy “significance but ... idiosyncratic unity” verkry (Allen 2000: 118).

Volgens Allen (2000: 119) skep tekste vir Riffaterre meerduidigheid uit die transformasie van die sosiaal-normatiewe diskoerse, wat hy “sociolect” noem. ’n Mens kan sê dat die teks se veelseggendheid berus op die inversie, omskakeling, uitbreiding en jukstaposisie van die sosiolek na ’n idiolek. Die ontdekking van hierdie omskakeling van sosiolek na idiolek laat die leser die teks se semiotiese eenheid ontbloot, en lei tot die ontdekking van wat Riffaterre noem die gedig se “matriks”. Hierdie matriks is ’n woord, frase of sinseenheid wat nie noodwendig in die teks self voorkom nie, maar wat die kern verteenwoordig van waarop die teks se semiotiese sisteem gebaseer is. Allen (2000: 119) haal Riffaterre aan: “The matrix is hypothetical, being only the grammatical and lexical actualization of a structure”. Die teks se strukturele eenheid word geskep deur die transformasie van hierdie matriks. Dit is eers wanneer ’n mens die matriks herken het, en beweeg het na die semiotiese betekenis van die teks, dat die teks se omgrammatikale aspekte begin sin maak as verwysings na die “invariant” (lees onveranderbare, standhoudende) struktuur van die teks. Hierdie standhoudende struktuur verteenwoordig die wyse waarop al die elemente van die teks saamwerk om die matriks te vorm en te transformeer, en word in Riffaterre se teorie die “model” genoem. Hierdie standhoudende struktuur of model is al die elemente wat, alhoewel dit nie individueel die matriks verteenwoordig nie, dien as aanwysings na die matriks, of

dit op een of ander manier beliggaam. Tekste is volgens Riffaterre se model 'n beskrywingsstelsel wat ook kan verwys na presies die teenoorgestelde situasies en kontekste as wat die teks uitbeeld. Tekste is volgens hierdie sienswyse uitbreidings en ontwikkelings van kleiner betekeniseenhede. Allen (2000: 120) haal Riffaterre aan:

The poem results from the transformation of the matrix, a minimal and literal sentence, into a longer, complex, and non-literal periphrasis. The matrix is hypothetical, being only the grammatical and lexical actualization of a structure. The matrix may be epitomized in one word, in which case the word will not appear in the text. It is always actualized in successive variants; the form of these variants is governed by the first or primary actualization, the model. Matrix, model, and text are variants of the same structure.

Gevolgtik kan mens die volgende grafiese voorstelling maak van hierdie komplekse, opeenvolgende leesproses van 'n gedig:



Riffaterre se konsepte van model en matriks is volgens Allen (2000: 120) geneig om dikwels ineen te vloei, te versmelt. 'n Mens ontdek dat dit vir Riffaterre gaan om die leesproses en die gevolglike totstandkoming van teksbegrip in die leser. Hierdie fokus op die fenomenologie van lees kan volgens Allen (2000: 120) onderskei word "in the rather blurred relationship drawn in his work between the notion of the 'inter-text' and of the 'hypogram'."

Riffaterre onderskei tussen inter-teks en intertekstualiteit. Intertekstualiteit is “the web of functions that constitutes and regulates the relationship between text and intertext” (Allen 2000: 120). Volgens Riffaterre is die inter-teks op sy beurt

”a corpus of texts, textual fragments, or text-like segments of the sociolect that shares a lexicon and, to a lesser extent, a syntax with the text we are reading (directly or indirectly) in the form of synonyms, or even conversely, in the form of antonyms. In addition, each member of this corpus is a structural homologue of the text.” (Allen (2000: 121)

Die inter-teks moet nie gesien word as ’n “bron” nie, en gevolglik ook nie as die doelgerigte invloed van een teks op ’n ander teks nie, of die nabootsing van ’n ander teks/tekste nie.

Dit is belangrik in Riffaterre se teorie dat die veelseggendheid van ’n teks lê in die ontdekking van ’n teks of groep tekste wat veronderstel word om daaragter te skuil. Spesifieke voorafgaande tekste word net veronderstel indien daar werklik tekste bestaan wat die sosiolek betekenisvol aanspreek, en wat in die geleesde teks verwoord word. Selfs as daar ’n direkte teks-tot-teks verwantskap ontwikkel in die ontstaan van ’n teks se veelduidigheid, is die klem in hierdie vorm van intertekstualiteit nie op die direkte verhouding nie, maar eerder op die strukturele homologie (dit wat dieselfde verhouding, proporsie, relatiewe posisie, en korrespondensie het) wat daardie verwantskap na vore bring. Verder is dit duidelik dat die inter-teks voortspruit uit die sosiolek eerder as net uit ’n ware teks/tekste. Riffaterre maak gevolglik die afleiding dat die semiotiese interpretasie slegs die inter-teks kan veronderstel: ’n Mens hoef nie die ware inter-teks agter die geleesde teks te herken nie; dit kan net aangeneem word dat dit bestaan, omdat die lees van ’n teks dit duidelik maak dat ’n betekenisvolle inter-teks of gedeelte sosiolek deur die geleesde teks getransformeer word. Die inter-teks kan deur die leser slegs veronderstel word. Volgens Riffaterre:

Intertextual reading is the perception of similar comparabilities from text to text; or it is the assumption that such comparing must be done if there is no inter-text at hand wherein to find comparabilities. In the latter case, the text holds clues (such as formal and semantic gaps) to a complementary intertext lying in wait somewhere (Allen 2000: 121-122).

Hierdie veronderstelde interteks bring 'n mens vervolgens na die konsep van die hipoteks. Volgens Allen (2000: 122) sien Riffaterre die hipoteks as “the text imagined by him [the reader] in its pretransformational state [...] This hypogram (a single sentence or string of sentences) may be made out of clichés, or it may be a quotation from another text, or a descriptive system” (Allen 2000: 122). Dit klink asof die terme inter-teks en hipogram versmelt. Allen (2000: 122) stel dit egter dat

the hypogram represents specifically literary or ‘poeticized’ signs. A hypogram depends on the notion that certain words or word groups already possess a ‘poetic’ function in the sociolect [...] A text’s hypograms will be those of its signs which relate to already existent semiotically signifying words or word-groups within the sociolect. ‘Hypogrammatic derivation,’ Riffaterre writes, exists whenever ‘the verbal sequence patterns itself upon word groups which pre-exist in the language and have usually been long tried and tested in literature’.

Allen (2000: 124) haal Culler (1981: 83)<sup>12</sup> aan:

[T]he hypogram is not located in the text itself but is the product of past semiotic and literary practice, and it is in perceiving a sign’s reference to this pre-existing phrase or complex that the reader identifies the sign as ‘poetic’. The apparently mimetic sign is seen as a transformation of past poetic discourse. But ‘for the poeticity to be activated in the text, the sign referring to a hypogram must also be a variant of that text’s matrix’. In other words, poetic signs in a text are powerfully overdetermined: they both refer to a pre-existing hypogram and are variants or transformations of a matrix (Allen 2000: 124).

Riffaterre se interpretasiepraktyk is gebaseer op die wyses waarop die teks semiotiese eenheid tot stand bring deur die verwerking of transformasie van gemeenskaplike sosiale kodes, clichés, teenstrydighede en beskrywings. Riffaterre bly teksgesentreerd en stel dit duidelik dat hierdie begroning in die sosiolek die teks buite enige iets anders neem as “its own self-generating system, its idiolectic and thus unique significance” (Allen 2000: 124). Die poststrukuraliste Barthes, Kristeva en ander semiotiese kritici lees uitwaarts na die algemene of sosiale teks, en sodoende versteur hulle die tradisionele begrip van tekseenheid – Riffaterre lees terugwaarts van teks na standhoudende teks, van die ongrammatikale mimetiese aspekte tot die semioties-teksgesetelde eenheid. Sy motto is duidelik: “A poem is read poetically backwards.” In die sin van die motto berus die veelduidigheid van die gedig op die leser wat sy/haar kennis van die sosiolek oproep

---

<sup>12</sup> Culler, J. 1981. *The pursuit of signs: Semiotics, literature, deconstruction*. Londen: Routledge. 83

en die aanvanklike verborge betekenis van die gedig ontsluit. Tekste veronderstel gevolglik inter-tekste wat die leser moet oproep en onthou om 'n semiotiese lesing te verwesentlik.

Hierdie benadering veronderstel uiteraard twee essensiële vertrekpunte: eerstens dat die teks 'n mens baie duidelike sleutels sal gee tot die semiotiese ontsluiting, naamlik dat die teks deeglik ontsluit kan word op eie terme; tweedens dat lesers uiteraard die vermoë het, of kennis van die sosiolek en van literêre tradisies, wat hulle sal bemagtig tot hierdie suksesvolle ontsluiting. Die tweede vertrekpunt, naamlik die vermoë, kennis en vaardigheid, lui die konsep in van "literary competence" (hier vertaal as literêre bevoegdheid).

Die konsep van literêre bevoegdheid vervat in Riffaterre se teorieë word sterk gekritiseer. Riffaterre argumenteer dat selfs indien die kulturele inter-teks verlore gaan, die "afwesigheid" oorkom kan word deur linguistieke of literêre bevoegdheid. Die leser kan doodgewoon die inter-teks veronderstel. Hierdie sirkulêre redenasie van Riffaterre is myns insiens sy Achilleshiel: Die veronderstelling van die afwesige inter-teks veronderstel 'n ideale leser. Allen (2000: 126) wys uit dat "[c]ertainly, presupposition itself cannot exist unless the reader is familiar with the structures organizing a representation of reality: but these are the very stuff of our linguistic competence." Die afwesigheid kan slegs ingevul word deur die ideale leser! Dit konfronteer 'n mens sekerlik met die onvermydelike insig dat die diepsinnige lees van poësie dikwels die voorreg is van 'n uitgesoekte, gekultiveerde groep lesers. Riffaterre verwys hier eerder na "an adequate possession of the sociolect" (Allen 2000: 126).

Die konsep van die "psigiatryse korpus" as interteks is in hierdie navorsing ter sprake. 'n Mens kan aantoon dat die psigiatryse korpus wel 'n hoogs tegniese hipogram is, en redelik ontoeganklik vir die gemiddelde leser van poësie. Dit is ook so dat elemente van die psigiatryse korpus wel opgeneem word in die sosiolek en dat hierdie "frases" hipogrammaties word tot gedigte wat psigiatryse versteurings uitbeeld. Dit is so dat die gemiddelde leser wel duidelike aannames maak, of vooropgestelde idees het oor die psigiatryse korpus, en hierdie aannames het 'n besliste historiese ontstaan. Die

“opneem” van die wetenskaplike kennisveld in die alledaagse mens se “teksweld” is iets wat daaglik hoorbaar is. Dit gebeur deesdae gereeld dat ’n pasiënt sy “lydingsteks” aanbied as “Ek het ’n chemiese wanbalans ...”! Dit is die doel van die huidige navorsing om die psigiatriese korpus as hipogram of hipoteks te ondersoek soos dit intertekstueel opgeneem word deur die Afrikaanse poësie.

2.3 Die totstandkoming van intertekstualiteit, of die ‘jukstaposisie van tekste’:

Bloome & Hong (2013: 1) beklemtoon in hulle model van intertekstualiteit die “naas-mekaar-plaas” van tekste. Hulle stel dit dat daar verskillende definisies van intertekstualiteit gebaseer op jukstaposisie is, dat daar verskillende wyses is hoe jukstaposisies bereik word, en toon aan hoe jukstaposisie van tekste funksioneer in die skepping van betekenis(se) en sosiale gevolg(e).

Jukstaposisies kan bereik word deur:

- die inherente aard van die teks;
- die leser wat die teks sien as deel van ’n bepaalde tipe of klas;
- sosiale interaksie.

Kennerse het jukstaposisies verder ondersoek in terme van:

- hoe betekenis tot stand kom deur die jukstaposisie van die tekste self;
- hoe jukstaponeerde tekste in verband staan met diskoerse en kulturele ideologieë;
- hoe die jukstaposisie van tekste aangeneem word en gebruik word deur mense op betekenisvolle wyses, insluitend die (her)strukturering van sosiale verhoudings, sosiale instellings en sosiale en kulturele ideologieë.

Intertekstualiteit as konsep het in die laaste dekades buite die streng beperkings van die literatuurwetenskap beweeg en oorgespoel na ander kulturele en artistieke skeppings; selfs na die tekste van die alledaagse lewe, insluitend verskillende modaliteite en media. Die konsep sluit nou besprekings in van deiksis, geheue, tyd en ruimte, magsverhoudings, en sosiale interaksies tussen gespreksgenote. Hierdie belangstelling in intertekstualiteit het ook uitgebrei na ’n verskeidenheid van dissiplines en velde soos



kognitiewe wetenskap, semiotiek, antropologie, geskiedenis, en opvoedkunde (en by implikasie, psigiatrie).

Boyardin (1990: 12) bevestig die basiese vertrekpunte van intertekstualiteit, naamlik die samestelling van die teks uit 'n mosaïek van bewuste en onbewuste aanhalings van 'n vroeëre diskoers, en die dialogiese aard van tekste. Hy plaas in die uitbreiding van die jukstaposisionele oogpunt die klem ferm op die kulturele kodes wat bewustelik of onbewustelik die produksie (nie skepping nie) van nuwe tekste in die ideologie van die kultuur toelaat of beperk. Hierdie kodes mag gebed wees in die ideologie van die kultuur, bestaande uit die aannames wat mense in 'n kultuur outomaties maak van wat waar of vals en moontlik of onmoontlik is, en wat natuurlik is in die natuur en geskiedenis.

Verskillende diskoersgemeenskappe en hulle sosiale, kulturele, historiese, politieke en ekonomiese verhoudings bepaal hoe en wat as 'n jukstaposisie beskou word.

### 2.3.1 Wat geld as 'n jukstaposisie?

Volgens Bloome & Hong (2013: 2) is een van die foci van intertekstualiteit op die aspekte van 'n teks wat eksplisiet verwys na 'n ander teks, byvoorbeeld aanhalings, verwysings en bibliografieë, aangehaalde vertellings, en eksplisiete vermelding van ander tekste. Meer subtiele jukstaposisies word aangedui deur 'n kenmerkende skryfstyl.

Verby die vlak van woorde, sinne en skryfstyl soos bo genoem, fokus kenners op die implisiete en eksplisiete verhouding van een teks met 'n ander (bv. Shakespeare-dramas se invloed op ander tekste en films), of 'n meer algemene invloed van een teks op ander tekste (met betrekking tot tema), en die plek van 'n teks in 'n reeks van tekste ('n mediese verslag wat lei tot 'n voorskrif vir medisyne). Die jukstaposisie van tekste mag ook 'n funksie wees van die leser en watter tekste die leser oproep in die leesproses van 'n bepaalde teks, asook hoe die leser hierdie tekste oproep: 'n Leser mag 'n teikenteks lees en duidelik in die geheue 'n ander relevante teks oproep (hetsy vertellings, geskifte of visuele beelde); die leser mag ook persoonlike ervarings en kennis na 'n teikenteks bring wat nuttig is in die interpretasie daarvan. Laasgenoemde gaan natuurlik van die veronderstelling uit dat persoonlike ervarings en kennis ook tekste is. Hierdie aspek is

reeds deur kognitiewe wetenskaplikes aangetoon, en dui daarop dat alle interaksies tussen leser en teks as inherent intertekstueel gesien word.

Die interpersoonlike konteks van die lees van 'n teks het ook implikasies vir die intertekstuele dimensies van die bepaalde teks: Die gewone aanname is dat een persoon een teks lees, maar dit kan ook wees dat verskeie mense die teks lees en dan interaksies het aangaande die interpretasie van die bepaalde teks. Hierdie interaksies gaan beslis die interpretasies en intertekstuele dimensie beïnvloed.

'n Teks word altyd gejukstaponeer met al die vorige tekste uit dieselfde genre, individueel of as geheel.

Die gemene deler tussen verskillende definisies van intertekstualiteit is dat dit 'n primêre kenmerk is van die teks en die lees daarvan, die essensiële aard van tekste en lees in sigself. Bloome & Hong (2013: 2) haal Hanks (2000: 267) aan: "The important point is to realize that intertextuality displaces the object of study from individual texts to transtextual relations." In hierdie konteks is die term "teks" 'n integrale, outonome verskynsel, en kan alle tekste 'intertekste' genoem word. Die betekenis en potensiaal van elke teks lê nie in die teks alleen nie, maar in die verhouding van daardie teks met 'n sisteem van tekste waarmee dit gejukstaponeer kan word in 'n veld en in 'n diskoersgemeenskap.

Die vraag is uiteraard ook tot watter mate die verhouding tussen tekste gesien kan word as histories. Bloome & Hong (2013: 3) verwys na die werk van Volosinov (1929/1973) wat aandui dat elke woord wat gebruik word, 'n historiese herkoms het, en 'n toekomstige gebruik, gevolglik 'n dialogiese, historiese posisie. Wanneer 'n persoon 'n teks lees, is die teks nie nuut nie: Dit kom met 'n geskiedenis wat die ontstaan en betekenis daarvan kontekstualiseer. Elke geuiteerde woord is in hierdie konteks dialogies en altyd gejukstaponeer met dit wat verby is en dit wat nog kom. Hier is die kontras tussen dialogisme en monologisme nie net intertekstueel nie, maar wentel ook om die oogpunt waaruit die teks benader word: óf histories, dialogies en heteroglossies óf stabiel (ahistories), monologies en outonoom.

Bloome & Hong (2013: 4) verwys na die perspektief van Bloome en Egan-Robertson (1993) se gewysigde benadering tot die inherente intertekstualiteit van 'n teks. Hulle begrend hulle benadering in interaksionele sosiolinguïstiek: Die jukstaposisie van 'n teks lê nie net in die aard daarvan per se nie, maar in die sosiale interaksie van die sprekers of gebruikers van die teks. Intertekstualiteit is ook 'n sosiale konstruksie. Vanuit hierdie perspektief bestaan intertekstualiteit uit reekse van sosiale praktyke waarin tekste aanvaar, aangepas en bevraagteken word tydens die interaksie van mense met mekaar in die alledaagse lewe. Volgens hierdie siening is die psigiatriese korpus ook 'n sosiale praktyk wat menslike verhoudings rondom psigiatriese versteurings struktureer. Die digter wat die psigiatriese korpus in 'n gedig onbewustelik (dit kan natuurlik ook bewustelik wees) intertekstueel betrek, tree toe tot die vlegwerk van sosiale verhoudings tussen die pasiënt wat ly aan 'n psigiatriese versteuring, die digter wat daaroor dig en die psigiatriese korpus as sosiale struktuur.

Intertekstualiteit kan setel in die teks self, in die klas of genre waartoe dit behoort, in die leser, in die taak, in die historiese herkoms daarvan of in die sosiale interaksie. Desnieteenstaande is dit krities belangrik om in die "proses" genaamd intertekstualiteit kennis te neem van die eksplisiete en implisiete intertekstuele verwysings en tekens, verhoudings tussen tekste op veelvuldige vlakke, die beperkende en fasiliterende rol van diskoersgemeenskappe en die voortdurend ontwikkelende ideologiese sisteme van tekste. Die ware betekenis van intertekstualiteit lê nie in die meganisme van jukstaposisie per se nie, maar in die ontologiese houding wat die jukstaposisie vergesel.

### 2.3.2 Hoe geld jukstaposisie van tekste?

Dit blyk uit die bostaande verduideliking dat die jukstaposisie van tekste en die betekenis wat daaruit vloei, gebed is in en beperk word deur die diskoersgemeenskap waarin die teks gebruik word en deur daardie gemeenskap se intertekstuele praktyke. So sal die intertekstuele praktyke van geskiedkundiges, fisici, en psigiaters en hulle pasiënte fundamenteel verskil. Hierdie verskille versprei uiteraard verder na die sosiale groeperings in mense se lewens, soos die kerk, werksplek, hospitaal, en dies meer. Hierdie gemeenskappe se intertekstuele gebruike is nie vasstaande nie, maar onderworpe aan konstante aanpassing en transformasie. Bloome & Hong (2013: 4) haal

Jonathan Culler in hierdie konteks aan: “There are no moments of authority and points of origin except those which are retrospectively designated origins and which, therefore, can be shown to derive from the series for which they are constituted as origin. The prehistory of the text is not a given but is relative to an interpretive grid.”

Die heteroglossiese aard van “verstaan” of “begrip” en “interpretasie” kenmerk nie net die onderwerp van interpretasie nie, maar ook die “proses” van teksproduksie en teksverbruik. Dit gaan nie net meer oor ’n outeur of spreker wat betekenis en bedoeling in ’n teks enkodeer nie, maar eerder oor ’n meer diffuse, diverse, betwiste, en historiese stel prosesse waarin die tradisionele konsepte van outeur, leser, en interpreterende proses bevraagteken en ondersoek word. Betekenis setel nie meer net in die teks self nie: Veel eerder is die produksie en verbruik van tekste heteroglossiese, dialogiese, en beredeneerde konstruksies wat plaas vind in diskoersruimtes wat gedefinieer word deur hierdie intertekstuele prosesse en waar die intertekstuele prosesse bydra tot die definisie van die diskoersruimtes.

Culler (1976: 1382–1383) som die aard van jukstaposisie en intertekstualiteit goed op:

- Intertekstualiteit is veel meer as die verhouding van een teks tot ’n ander. Dit is eerder die deelname aan ’n ruimte van diskoers, ’n ruimte wat bepaal word deur sosiale en kulturele kodes.
- Om intertekstueel te lees is dus die plaas van ’n bepaalde werk in daardie diskoersruimte waarin ander werke en kodes reeds teenwoordig is.
- Intertekstuele skryf is gevolglik ook die opneem van ’n posisie in daardie diskoersruimte.
- Gemeenskaplike aan lees en skryf is dus die intertekstuele diskoersruimte.
- Die bestudering van intertekstualiteit is nie net die van naspeuring van bronne en invloede nie, maar ook van die “anonymous discursive practices, codes whose origins are lost, which are the conditions of possibility of later texts.”

Samevattend stel Culler (1976: 1383) dit soos volg: “It leads one to think of a text as a dialogue with other texts, an act of absorption, parody, and criticism, rather

than as autonomous artifact which harmoniously reconciles the possible attitudes towards a given problem.”

#### 2.4 Samevatting:

Die historiese ontstaan van die konsep intertekstualiteit is in hierdie hoofstuk aangetoon. Die konflik tussen die strukturalistiese en poststrukturalistiese benaderings tot intertekstualiteit is bespreek. Vervolgens is klem gelê op die strukturalistiese benaderings van Genette en Riffaterre.

Genette se begrip transtekstualiteit is beklemtoon, veral die variant genaamd hipertekstualiteit. Hiervolgens word ’n voorafgaande hipoteks deur die voorhande teks voor hande, die hiperteks, getransponeer. Daardeur kom nuwe betekenis en teksverryking tot stand.

Riffaterre se benadering verteenwoordig ’n leesstrategie: Die mimetiese aspek van enige teks word versteur die ongrammatikaliteite daarin en aktiveer die semiotiese betekenis. Hierdie semiotiese vlak aktiveer vorige intertekste en trek daardie vorige tekste semioties in na die betekenis van die voorhande teks. Hierdeur kom die matriks van die teks tot stand: ’n minimale of letterlike sin wat kan uitbrei na ’n langer, meer komplekse perifrasede, wat sodoende die semiotiese betekenis aandui.

Hierna is die term jukstaposisie as vorm van intertekstualiteit beskou. Uit hierdie oogpunt staan jukstaponeerde tekste in verband met diskoerse en kulturele ideologieë. Hierdeur sal mense die jukstaposisies benut in die (her-)strukturering van sosiale verhoudings, sosiale instellings en sosiale en kulturele ideologieë. Die begrip teks brei dus uit na die sosiale en interpersoonlike sfeer: Dit impliseer dat intertekstualiteit kan setel in die teks self, in die klas of genre waartoe dit behoort, in die leser, in die taak, in die historiese herkoms daarvan of in die sosiale interaksie.

## HOOFSTUK 3: Die Psigiatriese korpus as interteks.

### 3.1 Inleiding: die narratiewe van die mediese model.

Praktisering as kliniese psigiater skep telkens 'n interessante digotomie: Pasiënte bring hulle lydingsvertellings (in mediese taal: "kliniese geskiedenis" of "simptome") die spreekkamer binne as 'n weergawe van 'n persoonlike probleem. Die navorser moet deurentyd twee lyne van hierdie lydingsvertelling baie duidelik van mekaar onderskei: eerstens, die "storie" of verhaal van die persoon en die probleem, en tweedens, en vir menige klinikus amper van meer belang, die "sindroomlyn". Daar kan geargumenteer word dat hierdie twee narratiewe lyne respektiewelik ook die idiolek van die pasiënt se lyding en die sosiolek van die psigiatriese korpus verteenwoordig. Laasgenoemde vorm die kliniese basis van geneeskunde, naamlik tekens en simptome wat saamgevoeg word tot kliniese sindrome. Indien die patogenese van 'n sindroom bekend is, dit is die patologiese meganisme waardeur die sindroom tot stand kom, word dit 'n versteuring genoem. Eers as die etiologie of wesenlike oorsaak van die versteuring bekend is, kan die versteuring 'n siekte genoem word. Hierdie begrip van siekte vorm die toegang tot en ontsluiting van die korpus van mediese navorsing waaruit die klinikus behandeling (kliniese intervensie soos byvoorbeeld psigoterapie, medikasie of chirurgie) sal beplan en uitvoer. Hierdie baie sistematiese en dikwels "rigiede" benadering vorm die kern van "Die Mediese Model" (MM). Die MM het sistematies as wetenskap ontwikkel en 'n wetenskaplike konvensie geskep waarvan die psigiatrie nou 'n erkende deel is. 'n Mens kan gevolglik deurlopend opmerk dat hierdie MM inderdaad self 'n wesenlike intertekstuele verskynsel is.

Hierdie bostaande narratiewe digotomie word daagliks deur die psigiatrie en psigiaters "in die loopgrawe" van behandeling van psigiatriese versteurings aangespreek. Die paradoks lê steeds in die spreekkamer, in die inleidende, "psigiater-outonarratiewe" opmerking, naamlik dat die verhaal van die pasiënt steeds aanwesig is. Nie alleen word dit verwelkom nie, maar hierdie verhaal vorm dikwels die aanknopingspunt vir die psigoterapeutiese behandelingskomponent van psigiatrie (hoewel die siektebeeld

eweneens in moderne psigoterapeutiese tegnieke betrek word). Die kontras ontstaan tussen die "biologiese, rationeel-empiriese, reduksionisties-wetenskaplike benadering" of sosiolek, en die narratiewe, interpersoonlike en subjektiewe belewenis van die mens as "pasiënt" of idiolek.

Dit word dikwels gevind dat die idiolek van pasiënte, die verhaal van lyding, die bron is van poësie. In hierdie navorsing word gepoog om die sosiolek van psigiatrie, naamlik die psigiatrisiese korpus, met die idiolek van die liriese stem van enkele Afrikaanse gedigte te jukstaponeer. Intertekstueel vind hier gevolglik 'n dialoog plaas tussen die gedig en die psigiatrisiese korpus, alles gehuisves in wat Culler (1976: 1382) noem 'n "discursive space" of diskoersruimte.

### 3.2 Die ontstaan van die psigiatrisiese korpus en meer spesifiek DSM-5.

In die moderne psigiatrie soos tans in Suid-Afrika gepraaktiseer word die *Diagnostic and statistical Manual of Mental Disorders* (afgekort as DSM) gesien as die mees gesaghebbende klassifikasiesstelsel van psigiatrisiese versteurings. Die DSM vorm gevolglik tesame met die wyer korpus van navorsing en gepubliseerde literatuur die psigiatrisiese korpus wat in hierdie navorsing as hipoteks vangedigte gebruik sal word.

Die nuutste uitgawe van die DSM staan bekend as DSM-5, en het tot stand gekom deur 'n historiese opeenvolging van klassifikasies van psigiatrisiese versteurings deur die Amerikaanse Psigiatrisiese Vereniging. Die klassifikasies van psigiatrisiese versteurings in DSM, DSM-II, DSM-III, en DSM-IV is uiteraard gerig deur die tipiese intertekstuele proses, en by uitnemendheid deur die historiese vloei van een teks na die volgende. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is dit nuttig om die geskiedenis van die ontstaan van die huidige psigiatrisiese korpus oorsigtelik te beskou.

Andreasen (2007: 109) voer aan dat die ontstaan van moderne psigiatrie as vak 'n klassieke voorbeeld is van die wyse waarop internasionale konsensus bereik is gedurende die agtiende eeu. Psigiatrie is van die oudste mediese spesialiteitssterreine. Die oorsprong daarvan kan teruggevoer word na die belangstelling van mediese spesialiste in die behandeling van ernstige "geestesversteurings". Die belangstelling het gou 'n wydverspreide beweging geword deur die Verenigde Koninkryk, Verenigde State

en Europa onder die leierskap van denkers soos Chiarugi, Pinel, Rush en Tukes. Die beweging het ontstaan “from the crucible of the dawn of modern science and the philosophy of the Enlightenment. The dawn of modern science provided early psychiatrists with a framework for generating and testing ideas about the nature and mechanisms of mental illness” (2007: 109).

Vanuit hierdie nuwe perspektief het die modernistiese of wetenskaplike benadering ontwikkel as “new ways to know (science = to know) about the world through observation, testing, and empirical proof” (Andreasen 2007: 109).

Die filosofie van die Verligting was die volgende grensverskuiwende invloed op die ontwikkeling van moderne psigiatrie. Vroeë psigiaters onder die invloed van hierdie filosofieë het gepoog om behandelings te ontwikkel wat geestesversteurings op die mees menslike en effektiewe maniere sou kon verlig. In die afwesigheid van effektiewe medikasie het hierdie benadering gelei tot psigoterapeutiese behandelings wat nie-indringend en empaties was, aanspraak gemaak het op logika, en wat die pasiënt ’n gedeelde verantwoordelikheid gegee het vir die verbetering van simptome en gedrag. Geskifte uit hierdie era het steeds die “psige”, “verstand” en “brein” geïntegreer as ondeelbare geheel.

Emil Kraepelin (1856–1926) was die vader van huidige psigiatrisse klassifikasiesistelsels, en het die positivistiese mediese denke oor kranksinigheid geherorganiseer tot wat vandag bekend staan as die mediese wetenskap van psigiatrie. Sy klassifikasiesistelsels word vandag steeds gereflekteer in die Amerikaanse DSM.

In opsomming stel Andreasen (2007: 109) dit dat:

Thus, the gifts of modern science and the philosophy of the Enlightenment to the creation of our specialty of psychiatry included stressing the importance of careful observation in order to understand disease mechanisms and progression, an emphasis on the dignity of the individual, the value of “moral treatment,” and the integration of “mind,” “spirit,” and “brain” rather than a dualistic understanding. This has given psychiatry a firm conceptual and moral grounding that it should strive to maintain.



### 3.3 Die opkoms van psigoanalise en die latere Mid-Atlantiese teenrevolusie.

Die werk van Sigmund Freud, ontwikkel in die begin tot middel van die twintigste eeu, het aan baie psigiaters 'n interessante alternatiewe gebied tot die bogenoemde wetenskaplike metode, dit wil sê tot die mediese wetenskap van psigiatrie. Freud was instrumenteel in die terugkeer van meer “literary ways of theorizing about madness in terms of symbols and allegories. [...] Freud’s psychoanalysis continues the work of the poets, especially the romantics, against the positivist doctors” (Thiher 1999: 224). Alhoewel Freud se vertrekpunt die neurologie was, en hy gehoop het om wetenskaplik te bly, het die uiteindelijke resultaat van psigoanalise niks met neurologie te make nie.

Psigoanalise as teorie is gekontrasteer met die “wetenskaplike” metode van Kraepelin. Dié twee skole het in die twintigste eeu die dominante diskoerse oor waansinnigheid geword. Thiher (1999: 255) stel dit soos volg:

I feel justified in that Freud’s psychoanalysis and Kraepelin’s type of psychiatry have been the dominant discourses in the twentieth century. They have provided the basic paradigms with which we speak of madness, and most other psychological disciplines can only be understood insofar as they have accepted either psychiatry or psychoanalysis – or, like antipsychiatry, have developed as a reaction against them.

Thiher sien psigoanalise as 'n literêre taalspel, of 'n allegoriese diskoers wat poog om die menslike self te verteenwoordig. Freud gebruik letterkundige temas en tegnieke om 'n epistemologie te skep en sodoende deel te word van die opstand teen die mediese model van psigiatrie.

Die aanhang van psigoanalise was veral opvallend in die Verenigde State van Amerika (VSA). Psigoanalise het die dominante konseptuele raamwerk van psigiatrie geword ná die Tweede Wêreldoorlog. Psigoanalitiese teorie en beginsels van behandeling was vir 30 tot 40 jaar ná die oorlog toonaangewend vir die meeste van die leierskorps van Amerikaanse psigiaters, asook die basis vir opleiding in psigiatrie. Hierdie psigoanalitiese dominansie het verskeie effekte gehad:

- Eerstens is weggeskram van diagnose in psigiatryse nosologie: Oor die algemeen het psigoanalitiese denke die stel van 'n diagnose gesien as vrugteloos. Veel eerder was die fokus daarvan die bepaling van die aard en oorsprong van intrapsigiese konflikte. In

hierdie tyd het psigiaters uit die Switserse en Duitse skole van psigiatrie, Kraepelin, Bleuler en ander die “International Classification of Diseases” ontwikkel. Psigiaters in die VSA weer het die “Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM) of the American Psychiatric Association” ontwikkel. Albei hierdie stelsels was gerig op die diagnoseer en klassifisering van psigiatrisse versteurings. Beide is ontwikkel as denkrigtings parallel met, maar ook in teenstelling tot psigoanalise.

- Tweedens het die psigoanalise die gedetailleerde waarneming van “tekens en simptome” onderbeklemtoon. Amerikaanse psigoanalise het in der waarheid psigoanalitici aangemoedig om die pasiënt se eie weergawe van ervarings (fenomenologie) nie as “die waarheid” te sien nie: Die terapeut moet juis onder die oppervlak krap om die “ware waarheid” te ontbloot.

Hierteenoor het die meeste van die Anglo-Europese skole van psigiatrie steeds fenomenologie onderrig. Enkele Amerikaanse psigiatrieskole, naamlik Washington University in St Louis, Johns Hopkins University in Baltimore, Iowa Psychiatric Hospital in Iowa City, en die New York Psigiatrisse Instituut in New York City het steeds die fenomenologiese metode aangehang. Daar is kollektief na hulle verwys as die “Mid-Atlantic”. Hierdie skole was daarvoor verantwoordelik dat die eerste stel diagnostiese kriteria ontwikkel is, naamlik die “Research Diagnostic Criteria and Schedule for Affective Disorders and Schizophrenia”, asook ander psigiatrisse skale.

Die “Mid-Atlantic” het tot ’n groeiende mate die psigoanalitiese dominansie gekritiseer, veral die oordiagnose van “skisofrenie”. Die kritiek het vervolgens gelei tot die publikasie van die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, Third Edition (DSM III)* onder leiding van dr. Bob Spitzer en sy aangewese taakspan. Die werk is in die middel-sewentigerjare begin en het gekulmineer in die publikasie van DSM-III in 1980. Die konsensus van hierdie taakspan was dat DSM-II totaal hersien moes word. Die oorheersende psigoanalitiese konsepte van byvoorbeeld “neurose” moes versuiwer word deur gebruik te maak van diagnostiese kriteria in stede van algemene beskrywings, en sodoende streef na maksimale betroubaarheid. Op hierdie wyse is die geldigheidsbeginsel in diagnoses ingebring: Die diagnose van ’n psigiatrisse versteuring is as

geldig beskou wanneer familiële oorerwing, 'n kenmerkende longitudinale verloop, 'n kenmerkende reaksie op behandeling en bevestiging deur laboratoriumondersoeke aangetoon kan word (steeds vandag selde moontlik!). Die verhewe doelstellings van die DSM-III-taakspan was om kommunikasie tussen klinici te verbeter, om betroubare navorsingskriteria vir diagnoses op te stel, om opleiding te fasiliteer, om opleiding van psigiatriestudente in kliniese ondersoekmetodes en stel van differensiële diagnoses te verbeter, en om psigiatrie in die VSA in ooreenstemming met die res van die wêreld te bring. Die outeurs het egter die gevaar van verabsoluttering van hierdie “nuwe teksboek van psigiatrie” ingesien en het in die inleiding van DSM-III gewaarsku oor die volgende aspekte:

- “This final version of DSM-III is only one still frame in the ongoing process of attempting to better understand mental disorders.” (American Psychiatric Association 1980: 12);
- die gebrek aan voldoende validasie van die diagnostiese kriteria: “DSM-III provides specific diagnostic criteria as guides for making each diagnosis since such criteria enhance interjudge reliability. It should be understood, however, that for most of the categories the diagnostic criteria are based on clinical judgment, and have not yet been fully validated by data [...] Undoubtedly, with further study the criteria for many of the categories will be revised,” (*vide supra*);
- die belang daarvan om verby nét die diagnostiese kriteria te gaan in die verkryging van 'n psigiatriese geskiedenis: “Making a DSM-III diagnosis represents an initial step in a comprehensive evaluation leading to the formulation of a treatment plan. Additional information about the individual being evaluated beyond that required to make a DSM-III diagnosis will invariably be necessary” (*vide supra*).

Andreasen vra dan met reg: “What ent Wrong? The Unintended Consequences”. Sy stel dit dat:

Although the authors of DSM-III knew that they were creating a small revolution in American psychiatry, they had no idea that it would become a large one and that it would ultimately change the nature and practice of the field. The American Psychiatric Association, which historically had published DSM-III and its successors, [DSM 111-

hersiene weergawe] ... and [DSM-IV en nou selfs DSM 5] ... became universally and uncritically accepted as the ultimate authority on psychopathology and diagnosis. DSM forms the basis for psychiatric teaching to both residents and undergraduates throughout most of the United States" (2007: 111).

Die DSM-III kriteria het die sosiolek en meestervertelling van moderne psigiatrie geword. Andreasen betreur die verlies van die rykheid en omvang van die fenomenologie van psigiatriese verstourings, en spreek dié versugting uit:

Someday, in the 21st century, after the human genome and the human brain have been mapped, someone may need to organize a reverse Marshall plan so that the Europeans can save American science by helping us figure out who really has schizophrenia or what schizophrenia really is [...] Applying technology without the companionship of wise clinicians with specific expertise in psychopathology will be a lonely, sterile, and perhaps fruitless enterprise" (2007: 112).

### 3.4 Die psigiatriese korpus as interteks volgens die model van Bloome & Hong (2013)

Die navorser gaan vervolgens die model wat deur Bloome & Hong (2013) in hulle hoofstuk oor intertekstuele jukstaposisie bespreek word, vir die doeleindes van hierdie navorsing wysig deur hulle teksvoorbeeld te vervang met die *Diagnostic and Statistical Manual of Psychiatric Disorders, Fifth Edition* (afgekort as DSM-5). Die DSM-5 verteenwoordig binne die konteks van die bespreking van intertekstualiteit 'n nuttige voorbeeld, aangesien dit as die kontensieuse kulminasie gesien word van die hedendaagse psigiatriese diagnostiese klassifikasie, naamlik DSM-5. As 'n mens bostaande geskiedenis van DSM-5 as die model verplaas na die intertekstuele model van Bloome & Hong (2013), sien dit soos volg daar uit:

Die oorspronklike skepping en produksie van 'n psigiatriese klassifikasiestelsel is in sigself reeds die byentrek van die kliniese ervarings van geslagte psigiaters wat elkeen telkens 'n bepaalde kliniese konsep probeer verwoord. Die persoon met die verstouring konsulteer die psigiater, wat met sy/haar kennis (lees psigiatriese korpus of idiolek) intertekstueel sin maak uit die aangebode kliniese simptome en tekens (lees sosiolek). Hierdie kliniese tekens en simptome word vervolgens in 'n bepaalde kliniese teks vervat, naamlik 'n diagnose. Die diagnostiese teks is uiteraard intertekstueel in jukstaposisie met ander tekste, soos die kollaterale geskiedenis van familieleden wat die persoon waargeneem het of mee saamgeleef het (lees historiese en sosiale interteks). Die

diagnostiese interteks vorm die basis van die terapeutiese verhouding tussen psigiater en pasiënt. Hierdie veelvuldige diagnostiese intertekste word deur jare versamel en geboekstaaf in 'n klassifikasie-interteks. Soos wat die psigiatriese korpus ontwikkel, word opeenvolgende klassifikasiestelsels as interteks telkens hersien, en onderwerp aan daaropvolgende intertekste, byvoorbeeld die steeds groeiende versameling van gepubliseerde navorsing en kritiese beskouings. In die geval van DSM was die psigoanalitiese skole, en veral die Freudiaanse, en daaropvolgende ego-sielkundige skole van Kohut en Kernberg soos dit in die VSA posgevat het, belangrike intertekste waarteen die DSM moes ontwikkel. Die DSM-interteks word gelokaliseer in bepaalde velde en ruimtes, soos spreekkamers, psigiatriese hospitale, howe en ander klassifikasiestelsels binne die breë mediese korpus soos die “allesomvattende” klassifikasiestelsel van siektes genaamd die “International Statistical Classification of Diseases and Related Health Problems” (verkort verwys na as die ICD<sup>13</sup>). Die DSM-interteks word verder gebruik as die teenfokus waarmee in opstand gekom word teen die proses van psigiatriese diagnoseering veral in die “Psychiatric Survivor Movement”.<sup>14</sup> Die skryf (“authoring”) en produksie van die DSM verteenwoordig nie net 'n klas of veld van tekste nie, maar dra op sigself by tot die uitbeelding van en begrip vir psigiatriese verstourings. Hierdie weergawe en uitbeelding van psigiese lyding word verder getekstualiseer in sosiale praktyke. Voorbeelde sou wees die ontstaan van Bipolêre Versteuring-ondersteuningsgroepe of Skisofrenie-ondersteuningsgroepe. Hier word die tekste van psigiatriese pasiënte sosiaal byeengebring, met mekaar gejuksaponeer en deurlopend met die DSM-tekste gejuksaponeer. Binne hierdie konteks van verbruik is die betekenis van 'n teks soos die DSM

... more than an individualistic, mental situation-model associated with the story rendered (itself derivative of multiple texts juxtaposed with the target text). It also

<sup>13</sup> WORLD HEALTH ORGANIZATION. 1983. *International classification of diseases*. Geneva, WHO.

<sup>14</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/Psychiatric\\_survivors\\_movement](https://en.wikipedia.org/wiki/Psychiatric_survivors_movement) – besoek 25 September 2016: “The psychiatric survivors movement (more broadly peer/consumer/survivor/ex-patient movement) is a diverse association of individuals who either currently access mental health services (known as consumers or service users), or who are survivors of interventions by psychiatry, or who are ex-patients of mental health services. The psychiatric survivors movement arose out of the civil rights movement of the late 1960s and early 1970s and the personal histories of psychiatric abuse experienced by some ex-patients.”

involves a set of social relationships ... social spaces (home), cultural practices ... social institutions ... and a cultural ideology associated with an economic class ... all of which becomes textualized as these experiences are talked about, remembered, reflected upon, used as a basis for similar future activities, separated in time and space from other activities, and otherwise made meaningful (Bloome & Hong 2013: 5).

“As the set of texts (prior texts ...) and intertextual practices within a discourse community evolve and change, as the boundaries of a text are recognized as diffuse rather than fixed, the stability of meaning and what counts as knowledge and as knowing is placed at risk. The concept of intertextuality calls for “dialogue,” an interplay of texts, voices, practices, cultural systems, and ideologies, which may be responsive to each other but are not necessarily predictable or mimetic, but instead creative, transformative, and potentially carnivalesque” (Bloome & Hong 2013: 6).

Enige uitbeelding van ’n psigiatriese versteuring, die proses van die versteuring, die aard van die versteuring, die belewenis van die versteuring deur die “ander” (lees ook “digter”) en die belewenis van die behandeling van die versteuring moet uiteraard gejuksaponeer word met die teks van die psigiatriese korpus asook die hedendaagse diskoerse aangaande psigiatrie en psigiatriese versteurings.

Die psigiatriese korpus kan gevolglik gesien word as ’n hiperteks wat ontstaan het uit die jarelange “sosiaal-wetenskaplike praktyk” van psigiatrie. Psigiatrie is as sodanig ingebed in die groter diskoersruimte van die mediese wetenskap as geheel. Die psigiatriese korpus verteenwoordig die distillaat van verskeie hipotekste wat histories getransformeer is tot wat vandag bekend staan as DSM-5, asook die totale korpus van gepubliseerde navorsing en handleidings met betrekking tot psigiatriese versteurings. Die diskoersruimte van psigiatrie omsluit ’n gebied waartoe die individu toegang verkry deur die ontstaan van ’n psigiatriese versteuring. Hierdie sosiale en intertekstuele diskoersruimte rig die ontmoeting van die individu met die psigiater, die diagnostiese proses, die proses van diepergaande spesiale ondersoeke (soos bloedtoetse en breinskanderings), behandeling, opname in psigiatriese hospitale, en selfs wetlike intervensies soos onwillekeurige opnames (histories genoem “sertifisering”). Al hierdie aspekte is tans deel van die alledaagse sosiolek.

Die gedig wat ’n psigiatriese versteuring intertekstueel betrek, maak van die psigiatriese korpus ’n hipoteks van die gedig se hipoteks. As sodanig sal dit die woorde, terme, begrippe, konsepte en teorieë van die psigiatriese korpus aktiveer as mimetiese aspek. Dit sal ook die sosiale diskoersruimte aktiveer in onder andere die belewenis van

opname in 'n psigiatriese hospitaal, of die “sosiale” interaksie met die “personeel van psigiatrie”. Hierdie intertekstuele diskoers verryk die semiotiese dimensie deur die aktivering van die kompleksiteit van die psigiatriese korpus, wat ingetrek word in die gedig. Dit is hierdie verryking wat die huidige navorsing poog om te ondersoek en aan te toon.

3.5 Literêr-teoretiese kritiek op die psigiatriese korpus as mediese wetenskap.

Thiher (1999: 316) is krities oor die aanspraak op wetenskaplikheid wat psigiatrie maak. Hy is van mening dat psigiatrie steeds nie die volle *wetenskaplike status* van byvoorbeeld neurologie verwerf het nie. Sy kritiek is ongegrond en word weerspreek deur die volgende aspekte van moderne psigiatrie:

- dit is veel moeiliker om “toegang” tot die “psigiese brein” te verkry as byvoorbeeld tot die “motoriese of sensoriese brein”;
- die twintigste eeu het verbluffende vooruitgang getoon in die verkenning van die “chemies-psigiese brein”;
- die ontploffing van neurobeeldingstegnieke (*neuro-imaging*) het bygedra tot die verdere verkenning van die werking van die psigiese brein. Dit is veral die sogenaamde *functional neuro-imaging* wat in staat is om die werking van psigiese prosesse te visualiseer.
- Psigiatrie het ver gevorder in die lokalisering van bepaalde psigiatriese versteurings in die brein, volgens die model van neurologiese lokalisering van siektes.

Thiher (1999: 233) beklemtoon die element van taalspel in die diskoers oor kranksinnigheid. Hierdie taalspel voed op sowel die taalspel self as op die “beleefde” wêreld van 'n geestesversteuring.

What I want to stress is that discourse on madness, when reduced to a taxonomy, becomes a language game or a form of discourse that feeds as much on its internal dynamics, often generated by history, as on an entry into the world of experience. What we mean by madness escapes easy definition, since it is linked to determinations of language, and, in its historical evolution, language is beyond our control.

Thiher (1999: 234) stem saam met Lyotard dat die wetenskap dikwels 'n selflegitimerende epistemologie is, wat berus op ingewikkelde taalspel. Hy voer aan dat dit verklaar

*... why it is so difficult to cast new theories for understanding madness, since psychiatric concepts are derivative from language games that are more primary than the theory and determine them in ways hard to understand. Psychiatric concepts must derive from language games defining, for example what we mean by self, consciousness, reason, and the irrational, and had notions often function as givens that derive from historical development. In addition, we seem to be powerless to change discourse that allows us to think about changing discourse in the first place: this is the bind of historicity. All our concepts seem to implicate each other in a conceptual web we cannot take apart. Any single concept implies all the others.”* (My kursivering.)

### 3.6 Samevatting van die intertekstuele beskouing oor die psigiatriese korpus.

In die bostaande bespreking van die historiese ontstaan van die psigiatriese korpus is aangetoon dat laasgenoemde 'n intertekstuele oorsprong gehad het. DSM-5 as prototipe van die psigiatriese korpus het as negatiewe interteks teen die psigoanalise as dominante dissipline in die VSA ontstaan. Dit is vervolgens ook 'n intertekstuele amalgaam wat oorsprong vind in die lydingsnarratiewe van pasiënte. Hierdie vertellings word volgens die twee kontrasterende lyne vevat in die vertellings, verdeel in die “verhaal van lyding” of idiolek, en die simptome en tekens soos beskryf in die mediese model, dus die sosiolek van die psigiatriese korpus. Dit is veral die laaste vertellingslyn wat uiteindelik neerslag vind in die diagnostiese klassifikasietekste van die psigiatriese korpus, waarvan die bekendste die DSM is. Die psigiatriese korpus is dus 'n hiperteks wat ontstaan het uit die jarelange “sosiaal-wetenskaplike praktyk” van psigiatrie. Dit is gevolglik met hierdie korpus as hipoteks dat enige gedig wat oor 'n psigiatriese versteuring handel, intertekstueel in diskoers tree. Die literêr-teoretiese kritiek hierop is 'n bevraagtekening van die wetenskaplike status van psigiatrie, en uitwys van die psigiatriese korpus as slegs een taalspel tussen menige ander.

Dit is hierdie psigiatriese korpus wat die navorser vervolgens as interteks sal benut in die intertekstuele analise van Afrikaanse poësie wat psigiatriese versteurings betrek.



## HOOFTUK 4: Literatuuroorsig van die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die letterkunde in die algemeen, en die poësie in besonder.

### 4.1 Inleidende opmerkings oor die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die literatuur.

Vir 'n psigiater wat literatuurteorie probeer bestudeer, is dit opvallend dat die uitbeelding van psigiatriese versteurings in die literatuur en literêre teorie bepaalde tekortkominge vertoon, gesien vanuit die hoek van psigiatrie as mediese wetenskap. Uiteraard is dit onsinnig om te verwag dat skrywers, digters en literatuurteoretici die nosologie en “tekste” van psigiatriese versteurings “onder die pen moet hê”! Hierdie navorsing spreek die intertekstuele spel tussen psigiatriese versteurings en die Afrikaanse poësie aan, en daarom is dit wel sinvol om enkele opmerkings oor hierdie tekortkominge te maak, aangesien dit die verdere literatuuroorsig ten nouste raak.

Dit is opvallend dat die literatuurteoretici (Thiher, 1999; Felman, 2003; Feder, 1980) sterk fokus op die bespreking van waansin of *madness*. Hierdie term verwys uiteraard vir die psigiater na enige psigiatriese versteuring waarin kontak met die werklikheid versteur word deur psigose, byvoorbeeld skisofrenie, bipoelêre versteuring in die psigotiese maniese fase, of selfs delirium. Die navorser sal in die onderstaande literatuuroorsig aantoon dat hierdie klem duidelik gemotiveer word deur die literatuurteoretiese siening van die fundamentele verband tussen waansin en kreatiewe skepping. Hierdie verband is vreemd vanuit die psigiatriese oogpunt, aangesien die meeste psigotiese toestande kreatiwiteit in wese versteur en onderdruk (met die moontlike uitsondering van manie en hipomanie, waar kreatiwiteit dikwels oordadig is, maar selfs in hierdie oordadigheid is kreatiwiteit dikwels nie behoorlik “getem” om aanvaarbare en universele letterkunde te skep nie). 'n Verdere rede vir hierdie fokus op waansin is dat die proses van waansin kreatiewe metaforiese materiaal aan die skrywer of digter kan verskaf. Die metaforiese benutting van waansin is uiteraard nie begrend in psigiatriese wetenskap nie. Dit bly onteenseglik so dat enige metaforiese benutting van waansin of psigiatriese versteurings in die breë, intertekstueel terugverwys na die psigiatriese korpus as teks. Dit is gevolglik die aanknopingspunt van die huidige navorsing.

Daar is met hierdie opvallende fokus op waansin 'n gaping vanuit die psigiatriese oogpunt: Die psigiatriese nosologie sluit veelvuldige ander versteurings in wat nie in uitgebreide literatuurteoretiese studies aangeraak word nie. Hierdie toestand sluit in angsvrsteurings, persoonlikheidsvrsteurings, of neurokognitiewe vrsteurings soos “demensie”. In hierdie opsig het die literatuur wel verskeie aanvullende joernaalartikels gepubliseer met die fokus op byvoorbeeld major depressiewe vrsteuring en bipolarêre vrsteuring. Die navorser het verskeie van hierdie artikels in voetnoot 6 ( *vide supra*, p. 110) aangetoon.

#### 4.2 Die ontstaan van die literêre uitbeelding van waansin:

Thiher (1999: 1) wys 'n merkwaardige antropologiese verband uit tussen die “literary dimension” in kultuur, en die eerste menslike tekens van 'n ingreep om geestesvrsteurings te verbeter: Hy verwys na die oergebruik van trepanering, waardeur 'n gat geboor is in die menslike skedel om 'n geestesvrsteurde persoon se sogenaamde demone, slegte “vapours”, of selfs stene te verwyder om sodoende die geestesvrsteuring te verwyder of te genees. Hy verbind hierdie “onsigbare” geestesvrsteurende elemente met die menslike verbeelding, die basiese voorveronderstelling vir letterkunde:

[T]his power must also presuppose the operation of some literary dimension in culture, for some power of the fictional imagination was at work in creating a worldview that imagined perforating heads to be a way to remove ... whatever was supposed to be contained within” (Thiher 2004: 1).

Thiher (1999: 2) poog in sy eksplorاسie van die geskiedenis van geestesvrsteurings om aan te toon dat “[l]iterature can bridge the gap between the medical mind and the insane mind because literary imagination has historically shared certain features with the insane imagination, as well as traits with the medical imagination that has tried to explain madness”. Hy postuleer gevolglik 'n ooreenkoms tussen die skrywer of digter se poging om die waansin te verbeel en dan te verwoord, en die dokter of psigiater se poging om waansin te verstaan en te verklaar, en gevolglik te behandel. Beide spruit uit die verbeelding van die mens, behels die skepping van “teks” en is ten nouste met die literêre dimensie verweef.

Thiher (2004: 2) teoretiseer verder dat die menslike vermoë om letterkunde te skep ontstaan uit die verstand se potensiaal of kapasiteit om geestesvrsteurd te word, in die

mate dat sowel waansin as letterkunde ons in staat stel om beïnvloed te word deur en te glo in die onwerklike, soos verhale, verbeeldingsvlugte, hallusinasies en innerlike stemme. “Madness, literature, and theory or knowledge about madness and literature all overlap, which more than justifies a study of the intertwining discourses that purport to represent madness in some sense.”

Thiher (1999: 2) poog gevolglik om deur die interspel (lees intertekstuele jukstaposisie) tussen waansin, mediese kennis, letterkunde, letterkundige teorie, en filosofie, die geskiedenis van waansin, en die stemme van waansin na te speur. Hierdeur poog hy om aan te toon hoe menslike kultuur met waansin gehandel het, en sodoende aan te toon dat letterkunde nog altyd ’n dominante rol gespeel het in ons menslike pogings om sin te maak van waansin. Hy toon aan dat sekere aksiomatiese aannames vloei uit hierdie interaksie:

- letterkunde is ’n psigiese aktiwiteit wat oorvleuel met waansin (intertekste);
- letterkunde stem ooreen met wetenskap in die mate dat die letterkundige teks ook ’n model van belewenis aanbied;
- hierdie modelle het epistemologiese gevolge vir die wetenskap.

Hierdie drie aannames is fundamenteel gebou op die vertrekpunte van intertekstualiteit.

4.3 Die “skepping” van die wêreld deur taal en die herkenning van waansin deur taal:

Thiher (1999: 3) stel dit dat beide literatuur en mediese wetenskap gesien kan word as diskoerse (lees telkens tekste), en veral verwys Thiher na Wittgenstein se “language games”. Taal word gebruik om ’n greep te kry op die “werklikheid”, en hierdie werklikheid beïnvloed op sy beurt hoe ons taalspele formuleer en gebruik. Taal bepaal nie die werklikheid nie, maar sodra ons ’n sfeer van die werklikheid beset en deur taal verwoord, kodifiseer taal die reëls waarbinne ons toegang verkry tot die werklikheid. Binne hierdie konteks word taalspele gesien as diskursiewe praktyke met implisiete en eksplisiete reëls wat bepaal hoe die diskoers gevoer word.

Hierdie opinies van Thiher (1993: 3) moet natuurlik gekontrasteer word met die Sapir-Whorf-hipotese<sup>15</sup> wat beweer dat die struktuur van 'n taal die sprekers daarvan se kognisie en wêreldbeeld beïnvloed.

Taalspele in die vorm van letterkunde of van medies-wetenskaplike dissiplines orden kennis en skep modelle en sisteme. Daardeer artikuleer dit ons wêreldsiening. Letterkunde, filosofie, mediese sielkunde en psigiatrie is in die bostaande sin almal taalspele wat op verskillende wyses en tye praat oor die disfunksionele menslike psige wat as waansinnig beskryf kan word. Dit is deur taalspele dat waansinnigheid aan die lig kom. 'n Mens kan die simptome en tekens van waansinnigheid uitwys, maar dit is eers as hierdie aspekte in taal uitgespreek word dat die wese van die "malman"/waansinnige/geestesversteurde in taal gevind en geïdentifiseer kan word. Waansinnigheid kom grootliks deur taal aan die lig (natuurlik ook in gedrag, maar intertekstueel word selfs gedrag as "teks" gesien). Waansinnigheid kan so te sê net bestaan as ons daarvan praat. Dit lokaliseer waansinnigheid midde-in 'n taalspel of diskoers. Hierdie taalspele het baie name: psige, thymos, anima/animus/persona, siel, gees, self, die onbewuste, die subjek, die brein, die persoon. Die taalspel waarin hierdie konsepte gesetel is (lees Freudiaanse of Jungiaanse psigoanalise, teologie, sielkunde, psigiatrie, e.d.m.), gee ons toegang tot die wese wat aangetas is deur waansinnigheid. Die konsepte organiseer gevolglik ons belewenis van die wêreld van waansinnigheid, maar terselfdertyd omskryf die wêreld die kriteria vir die korrekte gebruik van hierdie konsepte, met ander woorde die reëls van die taalspel. Só geformuleer kan ons aantoon dat wetenskaplikes die mikrobe kan sien wat die brein infekteer, maar die volle bewoording van waansinnigheid gebeur eers wanneer ons 'n taalspel speel wat die aangetaste persoon self belig, en nie net die aangetaste serebrale korteks nie.

---

<sup>15</sup> "Linguistic relativity, also known as the Sapir-Whorf hypothesis or Whorfianism, is a concept-paradigm in linguistics and cognitive science that holds that the structure of a language affects its speakers' cognition or world view. It used to have a strong version that claims that language determines thought and that linguistic categories limit and determine cognitive categories. The more accepted weak version claims that linguistic categories and usage only influence thoughts and decisions."  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Linguistic\\_relativity](https://en.wikipedia.org/wiki/Linguistic_relativity), besoek 5 November 2016.

Thiher (1999: 4) waarsku dat hy nie impliseer dat die psige sigself in 'n metafisiese ruimte bevind en nie wetenskaplik verstaan kan word nie. "On the contrary the psyche – or self or person – is accesible through multiple language games in which the empirical self manifests itself, and this can be studied scientifically from a number of viewpoints. [...] But access to a human self and to its world is largely a matter of language. This is true of access to any human world ... including the possibility of going mad."

Thiher (1999: 4) sien die geskiedenis van die "emergence of the self" as by implikasie die geskiedenis van die ontwikkeling van taalspele of diskoerse, en tekste wat ons in staat gestel het om die self te lokaliseer. Voorbeelde hiervan in die geskiedenis is Homerus se *thymos*; die Cartesiaanse denkende subjek; die Freudiaanse ego; Lacan se subjek; die neurologiese denkende psige; en dergelike meer. Hy stel hierdie historiese tipografie nie as 'n wetenskaplike oogpunt voor nie, maar eerder as 'n raamwerk waardeur die getuienis histories georden kan word. Thiher (1999: 4,5):

[O]nce we agree with the neurologist Derald Edelman that there is no human self without language, then we have affirmed a premise from which we may deduce that language provides the common basis for understanding the human subject, scientifically and historically, as an imaginative being capable of dream, literature, and madness.

Thiher (1999: 5) gebruik gevolglik die geskiedenis van drie aanverwante taalspele om hierdie begrip vir die menslike subjek uit te bou:

- die mediese wetenskappe as 'n basis vir die onderskeiding van teorieë en die etiologie van waansin;
- die filosofie vir die pogings om die grense tussen die rasonele en irrasionele te bepaal;
- die letterkundige taalspele vir "what are the contours of the self and its relation to the world".

Deur hierdie kennis kom die behoefte om te weet wat die "ander kant" van hierdie kontoere behels, naamlik "madness, deviance, and insanity". Die verskil tussen wetenskaplike en literêre tekste lê vir Thiher (1999: 5) daarin dat die wetenskaplike teks "has to define the rational and the real" wat daarom waarde kan verloor en vervolgens kan verval, net om deur verdere, nuwere, rasonele tekste opgevolg en vervang te word.

Literêre tekste toon nie hierdie verganklikheid nie: Literêre taalspele bly ewigdurend 'n artikulasie van menslike moontlikhede. Hierdie verskille is in baie opsigte kunsmatig, en baie outeurs sou kon aantoon dat byvoorbeeld Freud se psigoanalitiese teorieë veel nader aan poëtiese taal as rasonele bewysbare wetenskaplike taalspele is.

Die analise van Thiher setel die verkenning van die psige in taalspele, en setel eweneens die verkenning van waansin daarin. Dit dek die tafel vir poësie om juis in hierdie unieke verkenning te kan inpas, en so die essensie van hierdie mini-verhandeling moontlik maak.

#### 4.4 Die definisies van waansin in die letterkunde:

Feder (1980: 5) definieer waansin in haar studie *Madness in literature* as “a state in which unconscious processes predominate over conscious ones to the extent that they control them and determine perceptions of and responses to experience that, judged by prevailing standards of logical thought and relevant emotion, are confused and inappropriate.” Hierdie definisie steun swaar op die Freudiaanse psigoanalitiese kontras tussen bewuste en onbewuste psigiese prosesse. Dit bring ook die normatiewe aard van die sosiale konteks ter sprake waarbinne die persoon gemeet word as waansinnig. Feder wys verder op die wyd uiteenlopende en diverse gebruike van die woord “mal” in die hedendaagse diskoerse (1980: vii–viii). Dit het in die volksmond 'n term geword wat 'n wye stel van kontrasterende houdings en gedrag beskryf, asook amper enige optrede wat as ekstreem beskryf kan word. Sy identifiseer drie variasies op die tema:

- polities word mal gebruik om 'n gevoel van onreg te beskryf wat dien as motivering vir konfrontasie en as aanklag vir opponente wat dan in 'n psigiatriese hospitaal opgesluit kan word;
- die sosiale interpretasie verteenwoordig die uiterste en geregverdigde onttrekking van 'n siek verstand weg van die onderdrukkende reëls van die samelewing;
- esteties/literêr word mal uitgebeeld as 'n “besetenheid” en daarom die toppunt van self-verweseningliking maar ook uiteindelik selfvernietiging.

Die gemene deler tussen hierdie drie aspekte is 'n preokkupasie met ‘verstand of psige’, hoe primitief of ongesofistikeerd ook al, wat afwyk van normale denke en gevoel, en

wat uiteindelik moet lei tot 'n nuwe insig. Laasgenoemde beskrywing bevat reeds die eerste aanduidings van die literêre idealisering van waansin, asof dit tot 'n bepaalde nuwe insig sou lei by die waansinnige persoon.

Felman (2003: 37) stel die literêre waansinnige gelyk aan 'n filosoof: "one realizes that the literary madman is most often a distinguished philosopher: in literature, the role of madness, then, is eminently philosophical." Hierdie metaforiese inspan van die begrip waansin is 'n tema wat deurlopend in die letterkunde van waansin aangetref word.

Bernaerts, Herman & Vervaeck (2009: 284) lig twee elemente uit in die moderne uitbeelding van waansin in die letterkunde. Eerstens is waansin die uitleef van gematigde menslike kenmerke op 'n radikale en ekstreme manier. Waansin word in die eksperimentele omgewing van die tekstuele wêreld aangegryp as 'n geleentheid om die ekstreme gevolge van sekere interaksies, situasies en geestestoestande uit te beeld: die gewone word uitgebeeld as en in die ekstreme. Tweedens is waansin in die letterkunde meer as net 'n uitgebeelde geestestoestand: dit word voorgestel deur die wyer domeine van taal en aksie. Sodoende word waansin 'n voorstelling of 'n retoriese figuur, 'n proses, eerder as die unieke eienskap van 'n karakter se verstand.

Dit blyk duidelik uit die bostaande definisies dat waansin mettertyd deel geword het van die sosiolek van die alledaagse. Felman (2003: 13) wys die gemeenplasingheid van die woord uit, en dui aan dat die vorige uitsluiting van waansin vervang is deur waansin as hoofstroomkultuur:

As enticing and mystifying as this inflation in the discourse [on madness] may be, does it not in fact suggest that in the very solitude of madmen there is something at stake for all of us?

The fact that madness has currently become a common discursive place is not the least of its paradoxes. Madness usually occupies a position of exclusion; it is the outside of a culture. But madness that is a common place occupies a position of inclusion and becomes the inside of culture.

Volgens Felman (2003: 12) betreur eietydse skrywers dit dat waansin gesensasionaliseer is tot op die punt van banaliteit. Sy haal Thuilleux aan:<sup>16</sup>

---

<sup>16</sup> Thuilleux, M. 1973. *Connaissance de la folie*. Paris: Presses Universitaires Francaises.

Psychiatric revolution. Psychoanalytic revolution. Anti-psychiatry. Madness or Unreason? The press has gotten into the fray, treating it in endless debates. Writers of every stripe are meddling with it. One voice wants to “schizophrenize” society. Another calls for psychiatrists to be “punished and reconverted.” Who “knows” and who doesn’t “know”? [...] All this may be nothing more than the ironic and impatient reaction to a deluge of trite and worn-out commonplaces.

Hierdie verwarrende en oppervlakkige debatte verberg ’n dieperliggende probleem, een wat uitgewys is in die inleidende opmerkings, naamlik die oormatige fokus op waansin en die uitsluiting van ander psigiatriese versteurings.

As ’n psigiater-leser van Felman se teks word ’n mens deurlopend gesteur deur die gebrek aan presiesheid in haar definisie van wat sy sien as waansin. Sy probeer in die “Afterthoughts” tot haar seminale teks (2003: 252) hierdie kwessie problematiseer: “What is the rhetorical status of the term ‘madness’ in my own critical and theoretical discourse? Is madness used here in its literal sense or is it simply a metaphor?” Maar dan vermy sy die antwoord op tipiese Felman-wyse met ’n verdere uitwysing van ’n paradoks: Die literêre tekste oor waansin laat nie eenvoudige, ondubbelsinnige antwoorde toe nie. Of hierdie tekste nou psigose of neurose bespreek, of dalk net die stereotipiese stilistiese term ‘madness’ gebruik, verbyster die tekste ons vooropgestelde idees oor die retoriese status van die waansin wat hulle sowel uitdruk as bevraagteken. “In the end, madness in this book can be defined as nothing other than an irreducible resistance to interpretation” (2003: 254). Haar definisie beweeg gevolglik na die paradoksale aard van waansin wat sy op tipiese Felman- en Derridiaanse wyse dekonstrueer. Die navorser sal hierdie paradoks later in die analise van Peter Blum se gedig “Man wat mal word” bespreek (*vide infra*).

#### 4.5 Waansin as tema in die letterkunde:

Letterkunde benader waansin deurlopend vanuit die oogpunt van ’n menslike karakter, en nie vanuit die psigiatry-wetenskaplike mediese model nie. Bernaerts, Herman & Vervaeck (2009: 285) beweer dat, in kontras met die mediese model wat waansin etiketteer as “psigose, skisofrenie of paranoia”, waansin in die letterkunde fundamentele konsepte betrek soos kreatiewe verbeelding, briljantheid en die binêre opposisie van blindheid en insig. Hierdeur is waansin as sodanig altyd verbind met die



aard van kunssinnige en literêre skepping. Waansin as tema in die letterkunde gee insigte in:

- die werke van 'n bepaalde skrywer of digter;
- die sielkunde van bepaalde letterkundige karakters;
- die standarde van normaliteit in 'n bepaalde tydvak en kultuur;
- en die kreatiewe proses.

In teenstelling met die mediese model stel hierdie sosiokulturele uitbeelding van waansin in die letterkunde abnormaliteit en vervreemding voorop, wat lei na die sielkunde van die outeur en karakters en die sosiokulturele patroon van waansin versus geestesgesondheid.

Thiher (1999: 322) se studie *Revels in madness. Insanity in Medicine and Literature*, en Feder se studie *Madness in Literature* (1989: 10), bespreek die verwantskap tussen kranksinnigheid en literatuur, en sien dit as 'n belangrike komponent van die historiese begrip van die psigiese lewe van die mens. Hulle onderskeie oogpunte oorvleuel grootliks. Hulle toon die volgende aspekte aan:

- Literatuur gee toegang tot kranksinnigheid.
- Kranksinnigheid kan 'n leidende tema wees in die literatuur.
- Kranksinnigheid of die versteuring van die psige is 'n patologie wat deels spruit uit die mens se vermoë tot die kreatiewe, narratiewe skepping van die wêreld, en uiteraard die vermoë tot die skryf van literatuur/poësie. Sowel kranksinnigheid as literatuur word histories verstaan as “ways of producing a world – the trinity of madmen, poets, and lovers in *A Midsummer Night's Dream* are all fiction makers” (Thiher 2004 322).
- Kranksinnigheid kan 'n skepper van literatuur wees aangesien sowel die gesonde sowel as geestesversteurde skrywer/digter kranksinnigheid kan benut om literatuur te produseer;
- Waansintemas skep mitologiese konstruksies van die geïnternaliseerde samelewingseise en -druk, soos die prototipes van waansin in die antieke Griekse

literatuur, met Dionisiese en maniese waansin en insig, skuld en paniese vrees vir goddelike bestraffing, en selfmoorddadige vervreemding;

- Kranksinnigheid en literatuur kan ook gesien word as aanpassingstrategieë van die self met 'n historiese ontwikkelingsverloop soos wat 'n bestaan in die wêreld geskep word. Deur hierdie aanpassingstrategieë was die "historiese self" in staat om "veelvuldige selwe" en "veelvuldige wêrelde" te ontdek. Feder verwys na Shakespeare- dramas, veral na *King Lear*: In hierdie tekste word die self deurlopend geskep, aangeval, en geherdefinieer in verhouding tot die gemeenskap en geskiedenis. Individuele regressie en disintegrasie word uitgebeeld as strewes na die realisering van 'n "self" teenoor die beperkings van die samelewing. Dissosiasie en afsondering word uitgebeeld as wyses om in opstand te kom teen die meganistiese behandeling van verstandelike afwykings.
- Ná die laat- en post-Romantiese literatuur volg 'n ironiese omkering van hierdie uitbeeldings van waansin in die Westerse literatuur, naamlik dat psigiese disintegrasie nou uitgebeeld word as die soeke na persoonlike en artistieke vervulling.
- Die "moderne tydvak" se literatuur van waansin word volgens Feder (1980: 280) ingelui deur Nietzsche: "but, beginning with Nietzsche, the growing belief that, since God is dead, the individual consciousness supersedes all authority." Hierdie nuutgevonde bewussyn, wat vir millennia opgesluit was agter rasonale maskers en leuens, kan alleen bevry word deur 'n terugkeer na die ewige begroning in die primordiale prosesse van waansin. Hierdie terugkeer word gekenmerk deur die herkenning van die goddelike in die mens, nie die god buite nie. Verder is die implikasie van hierdie geïnternaliseerde goddelikheid natuurlik die mislukking van enige individuele aksie wat deur die samelewing aangebied word, hetsy godsdienstig, polities of kultureel.

Feder (1980; 281) kritiseer hierdie laaste tema in die literatuur. Sy toon aan hoe hierdie tema ook neerslag gevind het in psigiatrisie epistemologieë wat die psigiatrisie mediese model kritiseer. Die mees opvallende voorbeeld hiervan is sienings van die hoëpriester van die antipsigiatrisie-beweging, R.D. Laing. Hy sien skisofrenie as 'n

gespletenheid tussen die ware maar verborge self, en die valse, uiterlike self. Laasgenoemde word deur die samelewing en familie van die waansinnige gedwing tot aanvaarding van die eise, norme en waardes van hierdie groeperings. Feder (1980: 281) wys daarop dat “Laing conceives of madness as a struggle for liberation from false attitudes and values, an encounter with primary feelings and impulses which constitutes a possibility for a rebirth of the “true” self.” Sy is uiters krities oor hierdie verdeling in die rasionele, maar valse, uiterlike self, en die ware, egte, innerlike self gevul met die dionisiese, met waansin (Feder 1980: 282):

Laing’s rigid division of mental and social experience into two sharply separated levels – “true” irrationality and “false” rationality – is a mythical construct, which discloses his own vision of a reality inhabited by “demons, spirits,” and other supernatural presences. This visionary retreat can be achieved by yielding to irrational terrors, conflicts, rages, and hallucinations, all of which communicate a rejection of the demands of a sterile and corrupt society.

Volgens Feder (1980: 282) misken Laing enige moontlikheid van ware vreugde of produktiwiteit wat verkry kan word deur die bewuste verstand. Die debat wat Feder met Laing aanknoop, toon ’n kritiese punt aan, naamlik dat literêre (en filosofiese) temas van waansin wel ook neerslag vind in die breër en kontrasterende psigiatriese epistemologieë.

Oyebode (2009) praktiseer as ’n psigiater in die Verenigde Koninkryk, en lê in sy beskouings van literatuurtemas en psigiatrie meer klem op laasgenoemde aspek. Oyebode (2009: 37) lees in die literatuur bykomstig tot die bostaande tema ook die tema van “diagnose” raak, en sien in hierdie literêre uitbeeldinge dat die stel van ’n psigiatriese diagnose drastiese implikasies inhou vir die pasiënt. Hy stel dit dat literatuur oor waansin kan aantoon hoe die individu deur die psigiatriese sisteem “geprosesseer” word, en hoe die sisteem met sy uitgebreide rituele die individu kan beroof van ’n persoonlike identiteit en agentskap. Die diagnostiese etikette, desnieteenstaande die geldigheid daarvan, oefen mag uit wat verby kliniese waarde strek. Die aksies van benoeming van die psigiatriese versteuring dra in sigself ’n prognose, soos ’n toordokter se uitspraak, wat sowel magies as sosiaal is. Dit het besliste negatiewe implikasies vir die pasiënt se lewe.

In die hoofstuk “Fictional narrative and psychiatry” ondersoek Oyebode (2009: 42–43) die rol van narratiewe fiksie in ons begrip en gevoel oor waansin. Hy identifiseer vyf tegnieke van uitbeelding:

Die eerste tegniek is wat hy noem *the amplification of deviance* deur middel van die parodiëring van fisiese eienskappe, of die oordrywing van manierismes, gedrag, spraak, en ervarings. Die beeld van waansin impliseer reeds as gegewe die implisiete andersheid van ander mense. Deur hierdie verskil te versterk, word die resultaat moontlik ’n groteske parodie van wat waansin werklik behels. Oyebode (2009: 44) sien ’n gevaar in hierdie oordrywing omdat “in portraying madness in this vein a more permanent disfigurement of the image of madness is achieved.”

Oyebode (2009: 44) beskryf die tweede tegniek as die uitbeelding van *psychological difference*. Hier is dit bisarre en ongewone denkprosesse wat deurslaggewend is. Deur te verwys na verskeie letterkundige werke (nie relevant vir die huidige studie nie), toon hy aan dat

[a]uthorial coherence makes [the character’s] account believable. It is true that [the character’s] world is never entirely explicable but none the less it has the compelling force of reality. It is a study of the architecture of psychotic experience. The struts and girders on which illusions, hallucinations and delusions are built are exposed [...] also a study of the mundane everyday life of an individual with chronic psychosis living in the community.

Hierdie beskrywing toon die paradoks aan van die uitbeelding van psigotiese disintegrasie in ’n geïntegreerde en verstaanbare literêre vertelling. Hy verwys verder na verskeie psigopatologiese verskynsels wat uitgebeeld word, onder andere nihilistiese delusies, die geleidelike “verval” in psigose en geleidelike psigiese disintegrasie, neologismes en die aard van primêre versus sekondêre delusies. (Hierdie verskynsels sal in diepte verder bespreek word in die analise van Blum se “Man wat mal word”.)

Die derde skrywerlike tegniek vir die uitbeelding van geestesversteuring in die fiktiewe vertelling is deur die *uitbeelding van geweld*. Geweld “is linked to madness in the minds of the laity. Partly, this link is reinforced by literature. Often the theme of jealousy is the device that makes the violence comprehensible” (Oyebode 2009: 46). Die mees algemene assosiasie tussen geweld en geestesversteuring is die geweld gerig teen die

self, maar dit is veral die dramatiese aard van geweld teenoor ander, met al die tragiese gevolge daarvan, wat die meesleurendste is, en al te dikwels in die letterkunde uitgebeeld word. Oyebode (2009: 48) beklemtoon weereens dat “the origin of violence must make sense, that is, must be understandable within the context of the narrative, even though the rationale need not be explicit.”

Die vierde tegniek vir die fiktiewe vertelling om geestesversteuring uit te beeld, is wat Oyebode (2009: 48) noem *out of sight*. Hier word die geestesversteurde persoon buite die publieke oog gehou, of selfs opgesluit. Die verberging van die geestesversteurde persoon is ’n implisiete aanduiding van die skaamte en stigma gekoppel aan geestesversteurings. Die mees algemene verberging of opsluiting is natuurlik die opname in psigiatriese hospitale of *asylums*. In hierdie konteks word dikwels letterkundige uitbeeldings geskryf wat die “hel” van opname in sodanige inrigtings beskryf. Dit is verder noemenswaardig dat daar in die konteks van opsluiting en verberging ook verdere uitbeeldings is van die subjektiewe ervarings van pasiënte van die behandelings wat gegee word tydens hierdie hospitalisasies, veral medikasie en elektrokonvulsiewe behandeling (EKB). Oyebode (2009: 50) toon aan dat pasiënte EKB met vrees kan bejeën, en selfs sien as moontlike bestraffing. Hy toon aan dat psigiaters moontlik deur hulle bekendheid met die behandeling hulle aanvoeling vir hierdie vrees van pasiënte kan verswak. Hierdie tema is veral van belang in die werk van Ronelda Kamfer en Aniel Botha (*vide infra*).

Die fiktiewe uitbeeldings van opnames in psigiatriese hospitale brei ook dikwels uit na die tema van die verhoudings tussen professionele staf en pasiënte. Temas wat hier aangeraak word is:

- die reusagtige mag en outoriteit wat psigiaters en dokters het oor die pasiënte in die hospitaalsituasie;
- die min tyd wat psigiaters of dokters aan pasiënte bestee, of die professionele afstand, en implisiete koudheid daarvan;
- uitbeelding van verpleegpersoneel as “sadistic custodians” van die pasiënte. (onthou die ikoniese Nurse Fletcher in *One flew over the cuckoo’s nest*);

- die verlies aan outonomie deur die regulering van aktiwiteite in die hospitaal;
- die feit dat pasiënte soms nie geken word in die keuse van behandelings nie, en die implisite “onsigbaarheid” van die pasiënt;
- die eensaamheid van die pasiënte in die hospitaalkonteks en die verarmde sosiale lewe.

Die vyfde tegniek vir die fiktiewe vertelling om geestesversteuring uit te beeld, is wat Oyebode (2009: 48) noem *the gift of speech*. Hy stel dit dat “madness is inextricably linked to a lack of logical and comprehensible motivation”, en verder natuurlik ook ’n gebrek aan begrip vir die geestesversteurde persoon by ander mense en familie (lees nie-geestesversteurde persone). In die ekstreme vorms van onbegrip deur die samelewing word selfs ’n verlies van taal en kommunikasie uitgebeeld.

Die tema van waansin soos uitgebeeld in die literatuur kan breedweg opgesom word in drie aspekte:

- waansin as kreatiewe tema;
- waansin as versteuring wat lei tot interaksie met die psigiatriese sisteem;
- waansin as versteuring van kontak, gedrag en kommunikasie.

#### 4.6 Waansin as tema in die poësie

Oyebode (2009: 58) poog om die eienskappe van poësie te beskryf wat dit by uitnemendheid juis geskik maak om psigiatriese versteurings te verwoord:

Poetry is able to create an atmosphere, that is, to build a word picture that includes not simply the description of a place but creates the texture, colour, smell and pace of a situation. How exactly poetry achieves these effects is unclear but it certainly involves the use of the musical aspects of language: rhyme, assonance, rhythm, pace and the physicality of the word. This is the way the word both sounds to the ear and feels sensually to say, to mouth. In addition to these properties of language, words are able to carry baggage across generations and across peculiarities of use. These resonances add to how language can come to create a particular sense, a texture of emotion that does not appear to be obvious in a superficial reading of a line.

Oyebode (2009: 56) identifiseer die volgende temas in die poësie wat geestesversteurings uitbeeld:

Eerstens: wagkamers en psigiatriese hospitaalsale: Hy verwys na die eienskap van 'n gedig om die oomblik vas te vang in woord en beeld. Hierdie eienskap is veral van waarde om die belewenis van psigiatriese pasiënte wat wag vir konsultasies of opgeneem is in psigiatriese hospitale aan te dui. Hy identifiseer die eienskap van die gedig waarin dit die oomblik "kiek":

There is a sense in which poems are to novels as photographs are to motion films; this is the facility of the poem to focus on the incidental or small and to magnify it or to slow it down in order to render what has become commonplace and banal, fresh and once more memorable. Very much as a still photograph does.

Hierdie ruimtes is by uitstek liminale sones waar daar gewag word op transformasie van lyding. Dit is ook sones waar die vrye beskikking van die persoon tydelik weggeneem word, met al die gevolglike ervaring van verlies aan beheer wat opwel. Oyebode (2009: 57) noem verder dat die gedig dikwels die intakte teks van die pasiënt vasvang, amper as 'n baken van deurlopende bewussyn wat alles registreer, en as bewys dien van die menslikheid wat na behandeling steeds voortduur:

[P]oems ... are remarkable not least because they are written following ... recovery but also because they demonstrate, if nothing else can, that the comprehending and observing intelligence remains alert during periods of serious illness. The intelligence continues to register and organise experiences.

Tweedens identifiseer Oyebode (2009: 58) die tema van *administering madness*. Hier probeer Oyebode die totale waansinbedryf vasvang met die klem op die interaksie met die werkers in die bedryf. Hy toon aan dat poësie in hierdie konteks dikwels die menslikheid van pasiënte uitwys, 'n menslikheid wat meermale geïgnoreer word, veral ten opsigte van die omgewing van die hospitaal of wagkamer:

[O]bservations of the people and environment recall ... description of the sitting-room and wards. And refracted in these observations are the patients' responses to their environment, something that is rarely inquired into in clinical psychiatry. The physical environment is usually taken for granted and the relationship between patients on a fast-paced ward is not even glossed over: it is just ignored.

Oyebode (2009: 60) waarsku dat die risiko bestaan dat "madness and the asylum can come to be romanticised. It is true that the asylum, set as it was in the country, with a grand exterior and perfectly cut lawns, can seem to the eye an idyll, a place that refreshes and restores". Hierdie oppervlakkige pastorale rustigheid verberg dikwels die

“geleefde ruimte” van pasiënte waarin hulle belewenis van uitlewering aan die waansinbedryf hulle stigmatiseer. Hierdie stigma kan selfs die fisiese belewenis van hulle liggame betrek:

[C]omparing, the visitors to the patients, [the poet] is already clarifying the boundaries, delineating difference and suggesting that the asylum is a foreign and alien country ... to say that the townsfolk were distinguishable from the patients, that madness has a mark, that it stigmatises and that the stigma influences movement and dance, rendering graceless those afflicted

*Melancholia and despair* is Oyebode (2009: 61) se derde geïdentifiseerde tema. Hierdie aspek is amper ’n cliché in die digkuns aangesien die medium deur die eeue hierdie tema in diverse kontekste aangespreek het. Om ’n pynlike belewenis te verwoord is al reeds ’n vorm van verwerking van die pyn:

Poetry is particularly well suited to the expression of intense emotions such as sadness and love. This is why poetry is both written and read in response to grief or new-found love. It speaks directly and somehow articulates the depth of feeling. It can give words to inchoate feeling, helping to structure feeling so that it can be better handled by language.

Die gedig is ook verder ’n medium wat ’n melankoliese persoon kan laat insien dat ander mense dieselfde emosies beleef het: “[I]t can allow recognition that the feelings are not unique but understood and experienced by others. This can reduce the sense of isolation that passion or despair can create” (Oyebode 2009: 61).

Oyebode (2009: 61) waarsku egter dat poësie steeds ’n literêre kunsvorm bly en dat die digter nie net die gedig as ’n katarsis mag inspan nie. Die gedig moet steeds universeel beleefbaar wees as kuns, en gelees kan word as die belewenis van ’n “alleman”: “The risk for the poet is that the emotion may overwhelm and distort the structure rather than be constrained and put at the service of the poem. All art is aimed at structuring and communicating emotion and dictating the terms of the expression.”

Vierdens identifiseer Oyebode (2009: 64) die tema van *Playfulness or prayer*. Hy spreek hier die parodiëring van psigiatriese versteurings aan met die term “playfulness”, waar digters amper op ’n speelse manier hulle eie ontsteltenis verwoord, of met hulleself die spot dryf. Hy verwys met die term “prayer” na die digter se gesprek met ’n hoër spirituele wese oor die lyding, en dikwels dreigende selfmoord.



Scheurich (2001: 173) betreur dit dat, anders as met prosa, Amerikaanse poësie meestal gekenmerk word deur die belydenisgedigte van digters wat self aan psigiatriese versteurings gely het, byvoorbeeld John Berryman, Sylvia Plath, en Anne Sexton (asook Randell Jarrell). Wojahn (1995: 114) het self aan 'n erge graad van major depressiewe versteuring gely, en skryf uiters ingelig oor die uitbeelding van depressie in poësie. Hy verwys na die bostaande digters en kritiseer hulle uitbeeldings van hulle versteurings:

It's hard to say whether these efforts are simply bad poems by good poets or whether they are mostly the mental disorders talking. Fortunately, the really pathological writing from the Middle Generation's breakdowns, tantalizingly reported in biographical studies – the hundred-odd poems the manic Jarrell wrote during one of his final hospitalizations, the psych ward jottings of Lowell during the phase when he seems to have harbored the notion that he was Adolf Hitler – will, let us hope, never see the light of day. It has often been observed that the problem with confessional verse is that its function is almost exclusively therapeutic ...

Wojahn (1995: 115) is gevolglik van mening dat poësieterapie, dit wil sê die skryf van poësie as deel van 'n persoonlike psigoterapie vir 'n eie psigiatriese versteuring, nie noodwendig poësie skep wat universele betekenis het vir 'n wye gehoor nie. Hy identifiseer twee redes hiervoor:

[U]nhappiness writes white, and even when it does write, [it] does so with no particular readership in mind. Perhaps the most commonly reported symptom of clinical depression is not mere lethargy or a blue mood, but a mind-numbing lack of engagement with the world. How do you write poetry at a time when even tying your shoes seems a Herculean labor? And how do you talk to someone about such a frightening predicament? One's whole physical being is affected by a paradoxical condition of relentless and obsessive thinking on the one hand and physical lethargy on the other. One is turned inward, but in a bedeviling rather than nurturing fashion.

Dit is gevolglik duidelik dat die waansin of psigiatriese versteuring in sigself kreatiewe skryfwerk tot die uiterste beperk, of by latere herlees, onsinnig laat lyk. Hy beskryf verder dat die genoemde digters se gedigte aangaande hulle hospitalisasies meer te doen het met die “plek” as die “aard van versteuring of ervaring daarvan”:

To write from within this “storm of murk” is of course possible, but unlikely. Even a cursory reading of the Middle Generation's poems about psychiatric hospitalizations reveals an interesting pattern: the poems tend not so much to be about the nature of their writers' diseases as about the poems' settings (1995: 115).

Wojahn (2015: 115–116) wys die paradoks by uitnemendheid uit deur te verduidelik dat die ware en uiters depressiewe digter se hartsbegeerte herintegrasie van die sinne is, nie die metaforiese boksprong van goeie poësie nie:

To write directly of depression is to forego many of the structural and thematic symmetries which literature thrives upon. And yet anyone who has suffered a major depression knows that the desire to re-establish some sense of focus and order is a depressive's almost desperate goal. The depressive wants coherence, not a Rimbaudian disordering of the senses; the endless circularities of obsessive thinking utterly disregard the niceties of rising action, falling action, cause and effect. And we should bear in mind that this gap between thought and expression, between the phenomenological chaos of perception and the orderliness of art is not seen by depressives as a mere philosophical or aesthetic problem, but as a conundrum that afflicts one's very soul. To write convincingly about such a problem may be beyond the resources of even a poet as formidable as Lowell.

Psigiatrie en psigiatriese versteurings is rare onderwerpe vir digters wat nie eerstehands met die verskynsels te doen gekry het nie. Robert Pinsky se verhelderende, maar ook uiters kritiese gedig oor psigiatrie en psigiaters, "Essay on Psychiatrists," is 'n uitsondering in die Amerikaanse digkuns, en verteenwoordig 'n "buitestaander" se opinie van die vakgebied en praktisyns. Scheurich (2001: 173) verduidelik dat

[t]his poem stimulates discussion of psychiatric issues that are of particular interest to medical students and residents. What does it mean to be a psychiatrist, and what are the public perceptions of psychiatry? *What is the nature of mental illness, and what is the relationship of psychiatry to other domains of knowledge and wisdom about what it means to be human?*" (My kursivering.)

Dit is juis die aard van psigiatriese versteurings en die verhouding met die Afrikaanse poësie wat die navorser in hierdie werk wil aanraak.

Thiher (1999: 251) is van mening dat Freud

... has often come to the rescue of the writer in search of a self that is not the product of a psychiatric tragedy, since Freud seems to explain to writers that their deviance is quite normal, especially in response to a culture that is crazy in itself. However, Freud's view that poetry is a surrogate gratification can also be taken as an indictment: the writer must also ponder the dilemma of being reduced to an infantile dreamer incapable of facing the demands of reality. Medical explanations of madness present a minefield of unpleasant possibilities that writers tread at the risk of losing their self.

Die digter kan gered word deur Freud (en psigoanalise), maar ook verdoem word tot "infantile dreamer incapable of facing the demands of reality", waar poësie 'n komplekse gratifikasie of verdedigingsmeganisme vorm. Psigiatrie aan ander kant is

eweneens volgens Thiher (1999: 251) gereed om die psigotiese digter te verdoem (lees te diagnoseer en te behandel):

[T]he truly psychotic poet must also face society's institutionalized juridical power; and the psychiatrists of the world – Kraepelin and not Freud – legally define what madness is and what power society should use against it. Hence the rage of many a writer is directed against the psychiatrist, for mad writers find that they cannot articulate their own experience without finding the doctor there, ready to control the logos that a writer must live by. The doctor is ready, in short, to reduce writing to the categories of a taxonomy that determines what society will do with the body of the insane writer, with the asylum awaiting those who cannot control themselves.

Enige digter wat oor psigiatriese aspekte skryf, skryf intertekstueel in teen die hipotekste van die psigiatriese korpus. Dit kan, soos bostaande uitgebeeld, 'n "rage" wees waarin daar in opstand gekom word teen die meestersvertelling van psigiatrie. Dit kan, soos vervolgens aangedui sal word, 'n positiewe uitdrukking wees van die belewenis van die psigiatriese korpus.

In 'n meer positiewe luim beweer die Engelse psigiater Oyeboode (2009: 56):

Poetry is often able to speak directly and cogently, to get to the heart of a subject in a few choice words, to draw us into the spirit of the moment, to engage our attention and empathy, and ultimately render visible the humanity in particular experiences. Here I mean by humanity, the vulnerability of the subjects of experience and our solidarity with them as fellow human beings.

Eisner (1995: 3) stel dit eweneens duidelik dat die letterkundige kunswerk (o.a. poësie) 'n kleurlose abstraksie (soos die psigiatriese korpus) kan omskep in iets "beleefbaar":

The works [literêre werke en kunswerke] ... help us to understand because their creators have understood and had the skills and imagination to transform their understanding into forms that help us notice what we have learned not to see. They provide an image fresh to behold, and in so doing provide a complement to the colorless abstraction of theory with renderings that are palpable. The consciousness and insight they provide make understanding possible.

Oiler (1983: 81) bespreek haar navorsing oor die ervarings van verpleegkundiges deur middel van poësie geskryf deur lede van hierdie beroep. Weereens is dit die unieke struktuur van poësie wat toegang tot die kompleksiteit van hierdie ervarings gee, maar ook die einste unieke struktuur wat baie van die geykte beskrywings vermy. Sy stel dit soos volg:

Art forms allow us to reflect on experience with at least some of the habitual meanings held in abeyance. The art form itself gives the expression a structure, calling on experience on its own terms. Images and symbols in poetry speak to us about experience. *Since it is vision that gives us the best understanding of experience, the words used in poetry to express reality give us a clearer image than the precise language of science.* (My kursivering.)

Poësie is in staat om die sosiolek van die psigiatriese korpus om te skakel na die idiolek van semiotiese betekenis en verdieping van insig. Anders gestel: Dit sit die hart terug in die brein.

'n Verdere eienskap van poësie is dat dit 'n empatiese verwantskap impliseer tussen digter en leser. Hierdie verwantskap word uitgebou deur die poëtika, onder andere die metafoor, simbole, beelding, ensovoorts, wat die leser toelaat om 'n eie verwantskap met die gedig te ontwikkel en uit te bou. Hierdie uitbouing lei uiteraard na die konsep van die veralgemeenbaarheid van die gedig: Die persoonlike van die digter word die universele van die mensdom, word die persoonlike van die leser. Stein (2004: 178) stel dit so:

... poetry seeks to be what has been termed metaphoric generalizability. Not generalizable in the statistical sense of the word, but generalizable in that it helps stimulate an empathic understanding in the reader; they are able to locate themselves in the poem, and when there is difference, they are able to transcend the poem and create that which is their own.

Mense wend hulleself dikwels tot poësie en psigoterapie in omstandighede van verhoogde emosie – liefde, euforie, verlatenheid, dood en verlies. Holmes (2008: 167) sien ooreenkomste tussen die twee tekste van poësie en psigoterapie. Hy beskryf hierdie ooreenkoms as “mentalisation”, en die proses as 'n vorm van metakommunikasie of “the capacity to ‘think about feelings’ or to be ‘mind-minded’”. Dit is die taak van sowel die digter as die terapeut en pasiënt om die juiste woorde in die juiste volgorde te vind. Die presiese beeld of metafoor kan gevoelens weerspieël op 'n wyse wat empatiese invoeling tussen spreker/digter en luisteraar/leser kan bewerk. Dit is dikwels die verwoording van moeilike emosies wat lei tot die verwerking daarvan, of die omskakeling van die mimetiese teks na die semiotiese betekenis wat aan beide tekste krag verleen. Holmes (2008: 167) som op: “poetry and psychotherapy are

similarly concerned with processes of repair of the human experiential and communicative fabric.”

4.7 Die verhouding van literêre waansin met die normale mens en sy/haar sosiolek. Feder (1980: 4) is van mening dat die “malman” of protagonis van die literêre skepping in die alledaagse, bekende wêreld van beskaafde mense leef. Tydens die waansin mag die “malman” uitwyk na die barbaarse omgewing en toestand van die tradisionele (en argetipale) “wilde man”. Daar bly altyd ’n delikate balans tussen die waansinnige aspekte en die normale, behoue aspekte van sy psigiese funksionering. Die waansinnige gedeelte kom waarskynlik net na vore in bepaalde ekstreme en buitengewone situasies. Die protagonis of literêre “malman” is dramaties verskillend van die ware geestesversteurde persoon in die sin dat hy deur die geskrewe teks die bepaalde psigiese prosesse ontbloot en simboliseer wat die vreemde en gewelddadige gedrag motiveer en onderlê, asook die onuitwisbare verbintenis van sulke versteurde prosesse met die mees alledaagse verhoudings van normale mense en hulle gedrag in die daaglikse lewe. Volgens Feder (1980: viii) dra die waansinnige protagoniste van literatuur die ingewikkelde verweefdheid van die sosiale en kulturele omgewing met die psigiese voorvereistes daarvan oor. Hierdie uitbeeldings van waansin dra die psige se soektog na selfverwesening oor, asook die verhoudings met ander mense, sosiale en politieke instellings. Die malman beliggaam en transformeer die waardes en aspirasies van sy familie, sy kulturele groep en die samelewing, selfs al verwerp hy hierdie waardes. Volgens Feder word die basiese aard van psigiese belewenis ontbloot word deur “the bizarre language and action of fictive characters designated as mad and the personae of accounts of madness”.

Feder (1980: 5) toon verder aan dat die literêre uitbeeldings van waansin “both reflect and question medical, cultural, political, religious, and psychological assumptions of their time, that they explore the very processes of symbolic transformation of these influences and disclose their psychic consequences in the minds of individual characters or personae.” Deur hierdie simboliese uitbeeldings word waansin ’n literêre *leitmotiv*,

maar verder toon die uitbeeldings van waansin dikwels ook die ingeboude samelewingswaardes en -beperkings aan wat daarin vervat is.

Die fiksie van waansin ontbloom ook verder die mens se intense belangstelling in sy eie psigiese prosesse, met ander woorde 'n metabewustheid. Die verbreking van die veronderstelde normale psigiese funksionering ontbloom hierdie vanselfsprekende normaliteit van die leser.

Meer nog toon die tekste oor waansin die mens se ambivalensie en vrees vir waansin aan, deur "fascinating and repellent exposure of the structures of dream and fantasy, of irrational fears and bizarre desires ordinarily hidden from the world and the conscious self" (Feder 1980: 5). Die voortdurende amorge bedreiging van waansin en die vrees vir die ekstreme gedrag opgesluit in die medemens word in sowel die literêre teks as die alledaagse lewe ervaar.

Dit blyk moontlik te wees om die afwykings van die normale in denke, spraak en gedrag, soos uitgebeeld in tekste, aan te toon ten spyte van die diversiteit van benaderings tot waansin. Dit word soos volg deur Feder (1980: 6–7) gestel:

Imaginative literature, in turn, provides remarkable clues to the mental processes that produce the symbolizations of the psychotic, for the poet, dramatist, and novelist explore and illuminate psychic conflict and conclusion through the very symbols they employ to depict these states. Intrinsic distortion of experience, as in myth, or personal records replete with clinical details, as in diaries and confessions, or – somewhere in between – *imaginative transformations of observations of madness, as in much poetry, fiction, and drama, are consciously ordered versions of delirium, delusion, mania, paranoia, and the many other symptoms now classed under the general term psychoses.* (My kursivering.)

In sekere opsigte word die outeur of digter amper 'n gids wat met die gebruik van mites, metafore en simbole die "unlabeled metaphors of the schizophrenic, an interpreter of the madman's apparently indecipherable messages" verken (Felman 1980: 7).

Die literêre verwerking van die skisofreen se opvallende en oordrewe denk- en waarnemingsfoute, van sy/haar "binnewêreld", asook van die boodskappe wat hy/sy

van ander ontvang, gee aanleiding tot verbeeldingryke letterkunde met ophelderings van die aard en prosesse van 'n verborge psigiese realiteit verborge in mense.

Feder (1980: 7) neem hierdie verheldering 'n stap verder deur Antonin Artaud se werk aan te haal en te bespreek. Artaud verklaar dat delirium “as legitimate, as logical, as any other succession of human ideas or acts” is, en beskou delirium gevolglik as 'n skreeu van protes teen amptelike definisies van waansin, asook 'n pleidooi vir begrip vir 'n alternatiewe wyse van kommunikasie. As sodanig is delirium ook 'n protes teen “the repression of antisocial reactions”, en is waansinniges “victims of social dictatorship”. Die “internalized systems of symbolization” van die waansinniges moet gevolglik beoordeel word in verhouding met, en opposisie tot sosiale en politieke instellings wat die menslike psige reguleer, instellings wat geïnternaliseer word as heersende kulturele aannames en waardes.

#### 4.8 Die literêre uitbeelding van “waansin”, en die paradoks van taal en teks.

Stone (2004: 18) bespreek die paradoks tussen waansin en die uitbeelding daarvan in taal. Waansin word in wese gesien as die teenoorgestelde van logika en redelikheid, en tot 'n mate as die teenoorgestelde van ander verstaanbare narratiewe. Waansin word uiteraard gekenmerk deur fragmentasie, amorfisme, entropie, chaos, stilte en onverstaanbaarheid. Die waansinnige malman se vertelling is nie dié van die enkelvoudige interne stem van die geestesgesonde verteller wat samehang verleen aan die losstaande elemente van 'n vertelling nie. Die malman se denke is eerder gevul met wrakstukke, verspreiding, obsessiewe herhaling, stase, stilte, afonie, en katatonie. Laasgenoemde bestaanwyse pas nie in by die vertelling se poging om ervaring te organiseer en orden nie. Dit is gevolglik duidelik dat die verteller van waansin die ervaring beskryf óf van binne die waansin, óf vanuit 'n oogpunt buite waansin. Daar is 'n paradoksale verdeling tussen die inhoud van waansin wat vertel moet word en die moontlikhede van die gewone vertelling om dit weer te gee. Stone (2004: 19) verwys na die werk van Derrida en Foucault wat hierdie “onuitspreekbaarheid van waansin” betrek. Hy stel dit dat Derrida waansin sien as “what by essence cannot be said”, terwyl Foucault dit sien as “madness assumes an appearance in the order of reason, it departs

from its essence, thus becoming the contrary of itself; discourse about madness, therefore, 'is merely reason', even though madness 'is itself the negation of reason'".

Hoewel Feder (180: 33) nie saamstem met die "universele boodskap van die malman" nie, stel sy dit dat sy wel patrone van kommunikasie by die waansinniges in sowel die werklike lewe as dié uitgebeeld in die literatuur kan bespeur:

The varieties of communication among the mad include muteness, violence, and suicide, as well as verbal and pictorial symbols, all of which convey inner experience of enormous range and complexity.

Despite this variety, patterns of communication do emerge, in literary as in actual madness. Tracing such patterns in literature, one finds revelations of suffering more often than of achievements of freedom or glory. One discovers, moreover, a symbolic language that discloses the intricate ways in which the mad incorporate the very conflict and suffering of the world from which they have withdrawn (Feder 1980: 33).

Verder stel Feder (1980: 8) dit dat hoewel die waansinnige karakters van die literatuur gemodelleer is op werklike persone, of selfs op die outeur self, dit wel so is dat die letterkundige uitbeelding van ekstreme psigiese belewenisse op betekenisvolle maniere verskil van die werklike manifestasies van waansinnigheid:

The very distortions of the powerful visionaries or isolated victims of the literature of madness are designed to portray the mind constructing and exposing its own symbolic framework out of fragments that all readers recognize as familiar – customs, attitudes, places, institutions, traits of character, desires, and fears they have encountered in their own lives. The mind of the mad protagonist or persona of literature discloses the transformation of these into the ultimate sources of psychic disintegration or survival.

Feder identifiseer die basiese feit dat enige psigiese abnormaliteit juis normaliteit as basis het, en dat die "normale" leser hierdie basiese elemente kan herken. Die waansin van die geestesversteurde persoon het hierdie "customs, attitudes, places, institutions, traits of character, desires, and fears" as vertrekpunt, en dit lei daartoe dat die leser met die waansinnige se lyding kan identifiseer. Intertekstueel gestel: Die teks van waansin dien as hipoteks vir die hiperteks van normaliteit; so ook kan die teks van normaliteit dien as hipoteks vir die hiperteks van waansin.

'n Verdere verskil tussen die werklike voorbeeld van die "malman" en sy letterkundige eweknie is dat laasgenoemde op 'n aanvaarbare wyse gegrond is op mitologiese en



letterkundige distorsie van die werklike beeld van kunssinnige uitdrukking. Feder (1980: 9–10):

A mad literary character must thus be approached on his own terms, through the verbal, dramatic, and narrative symbols that convey the unconscious processes he portrays and reveals. Even when a writer draws on his own experience of insanity as the subject or emotional source of his work, what is of most interest in this study is his *adaptation of delusion, dissociation, or other aberrations to the creation of a unique view of his society, his art, and his own mind.* (My kursivering.)

Stone (2004: 49–57) bespreek die paradoks tussen die belewenis van waansin en die vertelling daarvan. Hy meen dat alhoewel die trauma “kenbaar” is in die liggaam en in posttraumatiese terugflitse, is die belewenis daarvan eweneens nie beskikbaar vir die gewone prosesse van geheue en vertelling nie. Tweedens vra hy met reg die vraag of dit moontlik is om ’n liminale belewenis van waansin in ’n vertelling te vertel as die belewenis insigself “anti-narrational in character” is. Sal hierdie vertelling nie die ervaring van chaos juis in ’n ordelike weergawe oorvertel nie – ’n ordelikheid wat die ervaring fundamenteel juis nie was nie?

Madness is, after all, defined by its difference from reason, and also, to some extent at least, by its variance from the readable forms of narrative; it is, and I am obviously generalizing here, characterized by, variously, fragmentation, amorphousness, entropy, chaos, silence, senselessness (Stone 2004: 50).

Stone (2004: 50) toon verder aan dat die vertelling van waansin deur die aspekte van menslike belewenis soos denke, geheue en emosie moet beweeg, aspekte waarin die waansin dalk juis steeds setel. Hierdie reis is gevolglik ’n gevaarlike een, en bring mee dat die *vorm van die vertelling* (my kursivering) nie net die storie vertel nie maar juis die lyding mag eggo en uitbeeld. Hierdie “vorm” is inherent aan poësie, en dit is ook juis poësie se emotiewe aard wat dit so geskik maak om die lyding van psigiatriese verstourings te eggo.

Die vertelling van waansin bied weerstand teen die skeiding tussen self en geskiedenis, tussen gesondheid en waansin. Dit laat eerder die herbelewing van lyding en onsekerheid toe om die vertelling daarvan te deurspoel. Stone (2004: 52) skryf opsommend dat die narratiewe van waansin op ’n openheid teenoor die onvoorspelbare berus, en die narratiewe van waansin poog gevolglik nie om opwellende en anargistiese

kragte te tem nie. Stone haal Brooks<sup>17</sup> aan wat dit stel dat die narratiewe van waansin die “restagings of a complex and buried past history ... as it covertly reconstitutes itself in the present language” daarstel.

Stone (2004: 52) verwys ook na die werk van Kofman<sup>18</sup> wat na hierdie proses van die vertelling van trauma (en waansin) verwys as *ecrire sans pouvoir* – “writing without power”. Hierdie proses is fundamenteel in die poësie van waansin (en psigiatriese verstourings) en behels die teenstaan van die tradisionele lewensvertelling se beginsels van retrospektiewe opsomming en “slotsom”, reglynigheid, eenheid en samehang. Hierdie koherensie onderdruk veelstemmigheid en andersheid. Kofman soek na ’n vertelling wat in staat is om die onderdrukkende outoriteit en oorheersing van filosofiese tradisies aan te spreek wat voorgee om die “finale antwoord weer te gee”. Hy stel dit soos volg: “To speak: it is necessary – without the power: without allowing language, too powerful, sovereign, to master the aporetic situation, absolute powerlessness and very distress, to enclose it in the clarity and happiness of daylight” (Kofman, 1998: 10).

Die gedig wat handel oor waansin en psigiatriese verstourings moet in staat wees om magteloosheid en lyding te kan omsluit in die helderheid en geluk van daglig! Kofman se diktum is praat, en praat sonder mag, “[an] attempt to give voice to a language beyond the authority of an author”; dit is “a writing without being able to write [...] the impossible writing which is not of the order of intentionality and power” (Stone 2004: 52).

Stone (2004: 53) pas Kofman se werk toe op die vertelling van waansin. Skryf sonder mag staan in skrilte kontras met die biomediese standpunt oor waansin. Laasgenoemde wil gevolgtrekkings maak, opheldering vind, verklarings gee, en veral oplossings aanbied. Biografiste van waansin toon dikwels die teenoorgestelde aan: die misterie en onverklaarbaarheid van waansin. Hy stel dit soos volg:

---

<sup>17</sup> Brooks, P. 1992. *Reading for the Plot: Design and Intention in Narrative*. Cambridge and London, Harvard University Press

<sup>18</sup> Kofman, S. 1998. *Smothered Words* (M. Dobie, transl.), Evanston, Northwestern University Press.  
Kofman, S. 1995. Writing Without Power. *Women’s Philosophy Review* 13: 5–8.

Its extremity, its antinomic relation with reason and linearity, its generation of both insight and utter despair, its inextricable implication in the social, the complex effects of stigma, and, moreover, that all this and more is experienced through the very lens of ‘mad’ perception, means that a narrative model which only explains, connects, and concludes will at best fail to signify its object (Stone 2004: 53).

Dit blyk dat die poësie van waansin by uitnemendheid die misterie en onverklaarbaarheid kan vasvang en emotief kan uitbeeld. Hierdie aspek word ten beste in die metafoor vergestalt. Die wetenskap dring deur tot die “heart of things”, terwyl metafore verwys na die “silence behind the story” en “through it we can propel silence into sound” (Stone 2004: 53). Metafore, veral poëtiese metafore, kan buite sigself verwys na dit wat nie gesê kan word nie, die stilte agter die vertelling van waansin. Stone (2004: 54) haal Felman en Laub<sup>19</sup> aan wat beweer dat “the very principle of poetic insight and the very core of the event of poetry which makes [...] language – through its breathless gasps – speak ahead of its knowledge and awareness and break through the limits of its own conscious understanding” (Felman & Laub 1992: 29-30). Felman en Laub stel dit dat poësie verby die eie vermoë spreek, en gevolglik kan getuig van troumas wat net gedeeltelik “geken” is. Hierdie poëtiese getuienis van waansin en trouma kan selfs ruimte bied om die ontvouende gevolge van waansin en trouma verder te laat “gebeur” en te ontvou tydens die vertelling daarvan. Die “skryf sonder mag” skep ruimte vir andersheid asook vir wat nie verstaan en geassimileer kan word nie:

In my context here, such an alterity stands for that which inheres in the experience of madness but which the biomedical narrative cannot account for; and it also allows for the otherness of the self: narrative selfhood is connoted not as atomistic and contained, but as something labile that cannot be completely known (Stone 2004: 54).

Stone (2004: 54) beklemtoon dat die “skryf sonder mag” altyd moet plaasvind vanuit die “ek”, dit wil sê die eie identiteit. Dit is in die aard van waansin en trouma om die sin van self te fragmenteer. Waansin behels juis ’n “andersheid” deur die fragmentering van die self. Die vertelling oor waansin kan gevolglik die selfagentskap herstel deur die vertelling te setel in die “ek”. Die vertelling oor waansin kan terselfdertyd ook die andersheid weergee, “remaining attentive and open to the unexpected, the mysterious, to

---

<sup>19</sup> Felman, S. and Laub, D. 1992. *Testimony: Crises of Witnessing in Literature, Psychoanalysis, and History*. New York, Routledge.

dislocation and uncertainty – rather than imposing a rigid conceptual framework on the interior realm” (Stone 2004: 55).

Oyebode (2009: 46) beklemtoon dat die benadering tot die psigopatologie van die karakter steeds moet sin maak as letterkunde:

Novels [of poësie – FC] are not written as scientific studies of psychopathology. The novelist’s interest in psychopathology is because of the intrinsic fascination that we all have for how the mind works, in either health or illness. However, for a story to work it has to be coherent and plausible. Therefore, psychopathology has to be comprehensible within the total structure of the narrative. Thus, even in an account of a disintegrating mind, the account still has to cohere.

Hier ontstaan gevolglik ’n verbluffende intertekstuele spel: Normaliteit is hipoteks vir waansin; waansin is hipoteks vir literêre waansin; literêre waansin is hipoteks vir die leser se belewenis van sy eie hiperteks, die werklike lewe.

Hierdie kontras tussen die werklike malman en sy literêre eweknie toon gevolglik ’n merkwaardige paradoks aan, naamlik gesonde skeppende outeur/digter en sy versteurde, waansinnige karakter wat optree in ’n “verstaanbare en gemotiveerde” letterkundige teks, wat ’n onverstaanbare waansin uitbeeld. Hierdie paradoks word by uitnemendheid deur Felman (2003) gedekonstrueer. Die navorser sal hierdie dekonstruksie bespreek in die analise van Peter Blum se gedig “Man wat mal word”, aangesien baie van die essensiële punte van Felman se dekonstruksie ten nouste aansluit by Peter Blum se uitbeelding van psigose.

Die bostaande dekonstruksie van “die teks van waansin” het deurlopend as vertrekpunt dat waansin inderdaad teenwoordig is, en vir die psigiater die betekenis het van “psigose”, naamlik ’n verlies aan kontak met realiteit gekenmerk deur waanidees, hallusinasies, gedagteprosesversteurings, disorganisasie van motoriese gedrag, of negatiewe simptome soos sosiale onttrekking of emosionele afstomping. Die literêre teoretici soos Felman, Feder en Thiher beklemtoon deurlopend die verlies aan kontak met realiteit. Daar is vele psigiatrisse versteurings waarin die kontak met realiteit behoue bly. Angs- en gemoedsversteurings is besliste voorbeelde. In tekste oor hierdie versteurings sou mens nie kon praat van die “waansin van die teks” nie, maar wel van

“tekste oor waansin” wanneer *waansin* vir die doeleindes van hierdie navorsingsprojek die indeksterm word vir psigiatriese versteuring,.

4.9 Die intertekstuele aspekte van die uitbeelding van waansin in die literatuur.

Wanneer ’n mens die akademiese literatuur oor waansin in die letterkunde bestudeer, is dit merkwaardig hoe die konsep van intertekstualiteit daarin resoneer. ’n Mens kan as vertrekpunt redeneer dat die uitbeelding van die “malman” ’n hiperteks is van die hipoteks van die skrywer se lewe en kreatiwiteit. Feder (1980: 28) stel dit dat die skepper natuurlik altyd teenwoordig is in sy/haar skepping. ’n Mens kan, sonder om die skepper en werk te skei, die literêre werk of karakter sien as ’n estetiese konstruk en refleksie van die psigiese, historiese, en sosiale kragte wat gemeenskaplik die ingewikkelde psigiese prosesse van mense bepaal. Sy haal die digter en kritikus Octavio Paz aan wat beweer ’n gedig “is an object fashioned out of the language, rhythms, beliefs, and obsessions of a poet and a society” (Feder 1980: 28). Sy veralgemeen hierdie stelling deur aan te toon dat dieselfde gesê kan word van die skepping van enige literêre werk, en sekerlik ook van die letterkunde van waansin.

Die vraag is of die leser die literêre malman se teks sal kan verstaan by die normatiewe dimensie van verstaanbare literatuur verby. Voortvloeiend uit hierdie paradoks is die vraag verder of die leser sal kan resoneer met die malman se teks en dit verstaan as ’n weergawe van die universele psigiese bestaan van mense. Feder (1980: 27) bevraagteken hierdie aspekte: “how can one probe a mind that, strictly speaking, does not exist?” Feder verklaar dit soos volg:

In regard to literature based on mythical narrative, the answers are apparent: no matter how original the approach of the individual playwright or poet, the collective and social origins of mythical structures can be traced through historical, archeological, and anthropological evidence. The mind of the ancient author responds to and translates revelations of psychic experience that both encompass and exceed his own. To some extent, moreover, this process is involved in the creation of all literary symbolic forms, for all works of art are both social and individual manifestations.

Hierdie beskrywing bring by implikasie die konsep van intertekstualiteit ter sprake. Uit Feder se verklaring blyk dit duidelik dat die skepping van enige letterkundige werk juis dialogies is en steun op die sosiolek. Veral die beskrywing van die literêre malman sal uiteraard alle beskrywings daarvan, voorafgaande en opvolgend, betrek. Dit betrek ook

die “historical, archeological, and anthropological evidence”. Vir die doeleindes van hierdie studie, verwys hierdie aspek veral na psigiatriese wetenskaplike kennis van psigiatriese versteurings. Thiher (1999: 283) verwys na die kubernetiese, linguistiese teorieë van waansin. Intertekstualiteit spreek luidrugtig mee in hierdie siening:

In brief then, our postmodern metaphors compare the mind to a kind of program using a biological terminal plugged into a larger system. It is the larger system that grants mind its capacity to function sanely by its participation in culture, understood also as what is encoded or programmed in language. [...] Psychopathology, understood as a rupture in the program or logos, is defined cybernetically as some kind of disturbance in the system. This systemic view appears to rob madness of much of its poetical and mythical functions.

Hierdie oogpunt plaas die psige (*mind*) stewig in verhouding tot die omgewing, sisteme, kultuur en inligtingsnetwerke, en sien die psige as ’n kubernetiese sisteem van kommunikasie, terugvoerlusse, en voortdurende fluks. Moontlik kan ’n mens waansin in hierdie konteks ook sien as ’n versteuring in die jukstaposisie van die sosiolek aan die een kant en die idiolek of persoonlike teks of vertelling aan die ander kant.

Feder (1980: 27–28) verwys na die werk van Susanne Langer<sup>20</sup> wat die verskynsel bespreek dat ’n kunstenaar vorme van gevoel oordra of projekteer in die visuele, ouditiewe of poëtiese materiaal, en dat die beeld wat sodoende ontstaan twee funksies vervul in die menslike kultuur. Eerstens vervul die kunsbeeld ’n individuele funksie waardeur dit ons persoonlike gevoelslewe uitdruk, sodat ons bewus kan word van “its elements and its intricate and subtle fabric”, en tweedens ’n sosiale funksie waardeur die kunsbeeld “reveals the fact that the basic forms of feeling are common to most people at least within a culture, and often far beyond it, since a great many works do seem expressive and important to almost everyone who judges them by artistic standards”.

Feder (1980: 27) beantwoord gevolglik haar eie vraag, “how can one probe a mind that, strictly speaking, does not exist?” met die besliste implikasie van ’n intertekstuele bewussyn as basiese gegewe van menslike bewussyn: Ons verstaan die denkbeeldige,

---

<sup>20</sup> Langer, S. K. 1967. *Mind; an essay on human feeling*. Baltimore, Johns Hopkins University Press.

literêre verstand wat uitgebeeld word, want ons deel die historiese en argeologiese ontstaan daarvan.

Art is the surest affidavit that feeling, despite its absolute privacy, repeats itself in each individual life. It is not surprising that this is so, for the organic events which culminate in being felt are largely the same in all of us, at least in their biologically known aspects, below the level of sentience (Feder 1980: 28).

Ons kan invoel in die denkbeeldige verstand, want ons resoneer daarmee as hipoteks tot ons eie lewenshiperteks.

4.10 Die idealisering van waansin in letterkundige uitbeeldings:

Dit is merkwaardig tot watter mate die letterkundige uitbeelding van waansin dikwels gesien word as 'n toestand wat uiteindelik sal lei tot 'n bepaalde transformasie van die "malman", of tot 'n bepaalde "epifanie" of universele insig in menslikheid. Hierdie aspek is merkwaardig vir die gemiddelde psigiater wat dikwels met die totale onlogiese aard van waansin of psigose gekonfronteer word. Dit is veral Foucault se *Histoire de la folie* (1961)<sup>21</sup> wat verwys na die "taal voor taal" van die waansinnige, met ander woorde die feit dat daar beslis iets te ontdek is in die gedagteprosesversteuring van byvoorbeeld die persoon wat ly aan skisofrenie. Feder (1980: 33) is besonder krities oor Foucault:

One of the reasons I have dealt at some length with Foucault's work on madness is that ... it represents an approach that has currently become all too fashionable: an idealization of madness that actually confuses compulsion with freedom, anarchy with truth, suffering with ecstasy.

Feder (1980: 33) neem haar kritiek van Foucault verder deur die Foucaultiaanse boodskap van die "universele boodskap van die malman vir dié gesond van verstand" te betwyfel:

Nor does Foucault define the "truth" he insists the mad could communicate to the hostile society of the dungeon through "the dialogue of delirium". Words such as "truth," "freedom," and "glory" too often blur the actual messages of the mad – in art and in life – with superimposed philosophical significance, as does the assumption that the *mad are all alike in their vision of a reality unknown to the sane*. (My kursivering.)

Thiher (1999: 6) verskil ook skerp van Foucault: Hy onderskryf nie die Foucaultiaanse siening dat waansin net as 'n "outgrowth of conspiracy of bourgeois reason against

---

<sup>21</sup> Feder (1980) verwys na hierdie uitgawe van Foucault se seminale werk: Foucault, M. 1961. *Histoire de la folie à l'âge classique; folie et déraison*. Paris, Plon.

utopian forces of liberation” gesien word nie. Hy beskou waansin as veel meer kompleks as net iets met utopiese drange.

Feder (1980: 32) se kritiek van Foucault verwys ook na die karikatuur van die psigiater in Foucault se werk:

The portrait he draws of this medical personage – the psychiatrist practicing both within and outside of institutions from the end of the eighteenth century to the present – is as oversimplified and distorted as his caricature of the patient subject to his treatment.

Oyebode (2009: 36) beklemtoon dat die psigiater nie net deur die samelewing beoordeel (of veroordeel) word nie, maar ook deur die pasiënt onder behandeling: “It is obvious that our patients have views about us, about our personality, our attitudes and our approach to psychiatry. It is too easy to forget that, just as we appraise the patient, we too are being appraised, assessed and judged. The therapeutic encounter is two-way.”

#### 4.11 Poësie, wetenskap, en die epistemologiese debat

Picchione (1999) bevraagteken die epistemologiese funksies wat tradisioneel met die wetenskap geassosieer is. Objektiviteit en waarheid was tradisioneel gesien as goed afgebakende en onweerlegbare aannames van die wetenskap, en is daarom afgebaken van die kunste en ander menslik kulturele skeppings. Hierdie konsepte, objektiviteit en waarheid, is met mening in die postmodernistiese benadering afgewys.

Postmoderniste sien die wetenskap as ’n manipulasie van die werklikheid eerder as ’n kognitiewe aktiwiteit. In hierdie kritiek word die wetenskap (en hier psigiatrie spesifiek) nie meer gesien as begrond in empiriese navorsing wat gerig word deur logiese, onbevooroordeelde, en metafisiese observasie nie, maar is dit die gevolg van historiese paradigmas wat intens vasgevang is in die eietydse epog en kulturele voorskrifte en beperkings. Hiervolgens skep historiese paradigmas gevolglik nuwe teorieë wat dan wetenskaplike feite skep. Dit staan in kontras met die siening dat die feite eerder aanleiding gee tot die teorie. Dit is gevolglik onmoontlik om feite waar te neem onafhanklik van die teorieë wat dit tot stand bring. “Science is an expression of ideology, heavily compromised by social and psychological factors, or by political interests. Science too can be placed, at a superstructural level, not only within the ideological



expressions of class and gender, but within the parameters of the institutions which regulate its research and projects” (Picchione 1999: 20-21).

Picchione (1999: 21) vergelyk wetenskaplike kennis met Lyotard se konsep van “master narratives”.<sup>22</sup> Hy stel dit dat die literatuur en poësie nie hierdie postmodernistiese benaderings ontkom nie:

Basically, deconstructive and post-modern theories, with their claims of a language without referents, subvert all principles of knowledge and try to destroy the humanistic view of a subject guiding the process of signification. In fact, as language-centred theories, they announce the absence of the author in the act of writing and portray all forms of verbal communication as being trapped in a labyrinth of tropes with no access to reality (Picchione 1999: 22).

Picchione (1999: 22) argumenteer verder dat hierdie radikale bevraagtekening lei tot die “devaluation of the connections between literature and reality”. Hierin lê die ooreenkoms in die postmodernistiese kritiek op wetenskap en literatuur: “In a human and natural world dominated by arbitrariness, discontinuity, randomness and chaos, it would seem that there is *no room for any cognitive mapping either in the context of scientific inquiry or in the context of literary projects.*” (1999: 23, my kursivering.) Op hierdie punt in die argument is dit duidelik waarom hierdie gedagtegang van belang is vir die huidige studie: Vanuit die perspektief van postmodernisme het die wetenskap van psigiatrie en gepaardgaande epistemologie (lees psigiatriese korpus) nie die ruimte vir kognitiewe kartering van die menslike kondisie nie, en in hierdie konteks veral nie van waansin nie. Dit geld ook vir die poësie vanuit die postmodernistiese perspektief. Indien die wetenskap geen vaste afleidings van die werklikheid kan maak nie, is dit vervolgens ’n sentrale vraag of dit moontlik kan wees om deur literatuur en poësie ’n kognitiewe kartering te maak wat alternatiewe wêreldbeskouings tot stand kan bring. Picchione (1999: 23) toon aan dat dit beslis moontlik is, en is oortuig van die wetenskap se vermoë om kennis te verbreed en weergawes van die realiteit tot stand te bring. Hy toon eweneens die beperking van die wetenskap in hierdie skepping van realiteitsbeelde aan:

Science draws empiric maps which assist us to understand and master the physical world, making more familiar the space in which we are destined to live. Science

---

<sup>22</sup> O.a. die wetenskaplike kennis van die tyd, en by name die psigiatriese korpus in die werk van Lyotard.

constantly clears the world of mythologies and expands its frontiers but, at the same time, *it is incapable of creating subjectivity, mental and emotive cartographies. This is the realm which, arguably, more than any other human activity, belongs to poetry.* (My kursivering.)

Wetenskap (en psigiatrie) as kognitiewe kartering van menslike aktiwiteit kan nie subjektiwiteit en geestes- en emosionele beelde skep nie: Poësie kán. Picchione (1999: 24) stel dit dat “[p]oetry is the embodiment of the language of myth: the fantasy and the feelings of the primitive mind projected in the form of images capable of capturing human ‘universals’”. Picchione (1999: 24) beskou poësie as ’n werktuig waardeur die wêreld beter verken kan word deur middel van fantasie, verbeelding, en emosies. Poësie, literatuur en kuns word in hierdie sienswyse verstaan as suiwer ’n medium vir die verteenwoordiging van ’n voorafbestaande realiteit, en as sodanig is dit ’n spieël van daardie realiteit. Dit is ’n kunssinnige poging om dit wat voor die skryfaksie beleef is in taal, emosies en idees, ’n eksterne realiteit, vas te vang en te vertaal in spesiale en meer intense taal. Hierdie aksie verteenwoordig die essensie van mimesis. As poësie slegs mimeties bly, word dit ’n toutologiese vorm van kennis wat slegs vasvang wat reeds vooraf bestaan, of ook verstaanbaar gemaak word deur ander mediums van uitdrukking. Die teendeel is egter ook waar: Selfreflektiwiteit is die ander doodsteek van poësie. As ’n vorm van suiwer tekens sonder eksterne verwysings, is poësie ’n “narcissistic mirror of itself, [and] poetry would inevitably cut itself off from any outside reality: empty, fictitious signs in love with themselves and without a world.” (Picchione 1999: 25.)

Tussen die twee uiterstes, naamlik dié van poësie as weergawe van ’n eksterne realiteit teenoor poësie as selfreflektiewe kuns, moet daar ’n tussenargument wees. Picchione (1999: 25) beskryf ’n teenoorstaande aanspraak wat alle artistieke werke, insluitend poësie, sien as epistemologiese metafore. Hy haal Umberto Eco<sup>23</sup> aan wat alle kuns sien as metaforiese ekwivalente van ’n “assimilated cultural persuasion”. Die vraag bly of die poëtiese wêreld reeds voor die kreatiewe proses bestaan, en of poëtiese taal ’n spesifieke rol vervul in die skepping van die self en menslike realiteit en wêreld in die algemeen.

---

<sup>23</sup> Eco, U. 1962, 151. *Opera aperta*. Milan, Bompiani.

Picchione (1999: 26) is van mening dat 'n mens moet wegbeweeg van suiwer teorieë van representasie na tradisies wat deur die *avant garde* en eksperimentele literatuur gevestig is. Hierdie style het wegbeweeg van 'n teorie van suiwer refleksie van die wêreld en staan 'n konsep van poësie voor as aktiwiteit gefokus op die materialiteit van taal en die versteuring van linguistiese norme. In hierdie siening word poësie 'n versteurende krag wat nuwe kognitiewe dimensies skep. Die eindelose moontlikhede van taal en die grondliggende aard van die teken word in poësie verken, en verskuif linguistiese grense tot by 'n punt waar geen ander menslike aktiwiteit dit kan doen nie. Hierdie benadering impliseer dat realiteit nie onmiddellik toeganklik is deur die bewussyn nie, en dat bewussyn die gevolg is van die onvermydelike mediasie van tekens. Poësie word hier die groot tussenganger tussen taal en werklikheid – nie dat poësie bewussyn skep nie, maar eerder dat poësie bewussyn na aspekte van realiteit neem wat nie andersins onmiddellik toeganklik is nie. Poësie tree op as grensoorskrydende krag, breek deur die grense van gewone kommunikasie, en bring sodoende dit alternatiewe kennismodelle van die wêreld en interaksies daarmee tot stand. Poësie is volgens Picchione (1999: 26) 'n heteronome aktiwiteit omdat dit die gevolg is van 'n ontmoeting tussen ekstratekstuele realiteite. Poësie is, ten spyte van hierdie eksterne bepaling, allereers die produk van interne teksdinamika.

Dit is van uiterste belang vir die huidige navorsing dat Picchione (1999) hier beklemtoon dat die poëtiese teks beelde van 'n eksterne realiteit weergee, naamlik die psigiatriese korpus. Die poëtiese teks is ook in staat om deur interne teksdinamika nuwe insigte tot stand te bring wat in intertekstuele gesprek met die eksterne realiteit van die psigiatriese korpus nuwe, alternatiewe insigte daaroor skep. Hierdie aspek sluit ten nouste aan met wat Genette die “semiotiese dimensie” noem: weereens:

Undoubtedly, poetry is an epochal form inasmuch as it interacts with an intricate web of discourses, but it is not an exercise which transforms into its own language pre-constituted and ready-made messages derived from the work conducted in other fields and disciplines. *Poetry engenders processes that build and create realities. It is the technè which, by stretching the verbal signs to their extreme limits, paves the way to expanding consciousness, cognition, and imagination. Indeed, it represents a particular cognitive process* (Picchione 1999: 27, my kursivering).

Dit is uiteindelik die essensie van “poiesis”,<sup>24</sup> die daad van nuutskepping, en basiswoord waaruit die woord *poësie* ontleen is.

Picchione (1999: 27) takel vervolgens die kwelvraag oor presies wat die verhouding tussen die materialiteit van poëtiese taal en die liriese subjek is. Die dekonstruksie sou wou toesien dat betekening subjekloos is, die gevolg van ’n diffuse spel tussen tekens. Picchione (1999: 27) meen egter dat poësie nie ’n monologiese aktiwiteit, uitgedruk deur ’n aparte outonome subjek, ’n voorafbepaalde, sensitiewe en bewuste entiteit, of deur ’n onafhanklike linguistiese kode is nie. Poësie is eerder ’n dialogiese proses, die gevolg van ’n ontmoeting tussen die begeertes van die denkende subjek en die intrinsieke bestemmings wat deur taal aangebied word. Poësie se doelstelling is nie net die koppeling van bewussynstoestande aan geskrewe woorde nie, maar om nuwe verhelderings van bewussyn tot stand te bring deur die skryf van poësie as ’n alternatief tot die “nietekstuele” bewussyn waardeur ons daaglik toegang tot die wêreld verkry. Dit is ’n dinamiese proses waardeur subjektiwiteit konstant vernuwe word deur die proses van poësie skryf. Dit is ook ’n dialektiese spel tussen bewussyn of subjektiwiteit in fluks en die vloeibaarheid van betekenis inherent aan taal. Hierdeur skep die subjek identiteit deur poësie en word nuwe aspekte van identiteit konstant daardeur gevorm. Picchione beskou dit, in eie poëtiese taal, dat “[t]he poet is a nomad, a subject-in-process, constantly searching for new states of awareness through language” (1999: 27).

Voorstanders van poësie in die *avant garde*-tradisie maak die poësie die lokus van die ander, of andersheid. Hierdeur word taal anargisties, en kan dit selfs klink na die taal van psigopatologie of waansin. Poësie skep ’n rewolusie van persepsie deur taal wat wegbreek van norme. Die versteuring van die konvensionele historiese vorme verwerp die huidige realiteit en rig die wêreld op die toekoms. Dit is ’n transfigurasie van die wêreld. Hierdie duiselingwekkende destabilisering van betekenis laat die proses van betekening herleef, en bevoordeel andersheid en die alternatiewe bo homogene subjektiwiteit. Poësie in hierdie tradisie probeer nuwe kognitiewe moontlikhede van sosiale en politieke ruimtes skep. Picchione (1999: 28) skryf opsommend dat “[f]ormal

<sup>24</sup> <https://en.wiktionary.org/wiki/poiesis> besoek 27 Julie 2016. Etymology: from Ancient Greek ποίησις (poíēsis), from ποιέω (poiéō, “to make”); Noun poiesis (plural poieses); 1. An act or process of creation.

experimentation engenders new modes of being-in-the-world” (in die filosofiese tradisie van Heidegger se *Daseinsanalyse*<sup>25</sup>). Hierdie disoriëntasie van poëtiese betekening skep ’n gesonde afstand van die deursigtigheid van geykte taal. Picchione (1999: 28) meen dat “[t]his sets in motion a process of unconscious displacement and condensation of signifiers that discloses the return of the repressed and liberates the subject from social and ideological constructs”. Die berekende waansin van poëtiese taal kom in opstand teen die sosiale verbod op diskoerse:

By suspending the normality of dominant models of communication, this poetry enables the repressed and the marginalized to come to the surface – bodily and instinctual urges, otherness. *Poetry opens up a human space not colonized by the hegemony of given social paradigms. The subject posits itself at an instinctual level, at a level of desire, that is at a level anterior to awareness and reflexive processes.* Poetry allows desire to speak. (Picchione 1999: 28, my kursivering.)

Malouf (1993: 283–284) som hierdie vermoë van poësie op in wat myns insiens amper ’n “gevonde gedig” is:

How [poetry] spoke up, not always in the plainest terms, since it wasn’t always possible, but in precise ones just the same, for what is deeply felt and might otherwise go unrecorded: all of those unique and repeatable events, the little sacraments of daily existence, movements of the heart and invitations of the close but inexpressible grandeur and terror of things, that is our other history, the one that goes on, in a quiet way, under the noise and chatter of events and is the major part of what happens each day in the life of the planet, and has from the very beginning. To find words for that; to make glow with significance what is usually unseen, and unspoken to: that, when it occurs, is what binds us all, since it speaks immediately out of the centre of each one of us; giving shape to what we too have experienced and did not till then have words for, though as soon as they are spoken we know them as our own.

Hierdie vermoë van poësie om verby “hegemony of given social paradigms” (*vide supra*) te beweeg, is presies waar die sirkel terug na die wetenskaplike kennis voltooi word. Poësie is in staat om “level of desire, that is at a level anterior to awareness and reflexive processes” (*vide supra*) vas te vang en nuwe, of selfs onderdrukte en vergete, wêrelde weer te gee. Dit is presies wat die wetenskap benodig, naamlik om dikwels die onsigbare

---

<sup>25</sup> <https://en.wikipedia.org/wiki/Daseinsanalysis> - besoek 2 September 2016: “Daseinsanalysis (German: Daseinsanalyse) is an existentialist approach to psychoanalysis. It was first developed by Ludwig Binswanger in the 1920s under the concept of “phenomenological anthropology”. Binswanger’s approach was heavily influenced by the German philosopher Martin Heidegger and psychoanalysis founder Sigmund Freud.”

sigbaar en verstaanbaar te maak. Gallardo, Furman & Kulkarni (2009: 289) haal Eisner (1995)<sup>26</sup> aan:

The primary tactical aim of research is to advance understanding. The works I have cited [litterêre en kunswerke] help us to understand because their creators have understood and had the skills and imagination to *transform their understanding into forms that help us notice what we have learned not to see. They provide an image fresh to behold, and in so doing provide a complement to the colorless abstraction of theory with renderings that are palpable. The consciousness and insight they provide make understanding possible.* (My kursivering.)

#### 4.12 Samevatting

Daar is 'n amper eksklusiewe fokus op “waansin” wanneer dit kom by die litterêre teoretiese bespreking van psigiatriese versteurings. Hierdie fokus het 'n idealiserende toon ten opsigte van waansin, aangesien dit gesien word as 'n transformerende krag wat tot nuwe insigte kan lei, en veral tot kreatiewe skryfwerk. Hierdie standpunt is onwaar vanuit die psigiatriese perspektief, aangesien waansin en vele ander psigiatriese versteurings kreatiwiteit fundamenteel versteur. Desnieteenstaande poog die huidige navorsing om aan te toon dat waansin en ander psigiatriese versteurings wel kan lei tot metaforiese vondse vir die liriese stem.

Litterêre teoretici sien waansin as ten nouste verweef met die vermoë van die mens tot verbeelding: Albei behels die skepping van “teks” en is ten nouste met die literêre dimensie verweef.

Sowel die literatuur as die mediese wetenskap word gesien as taaldiskoerse. Omdat waansin eers aan die lig kom wanneer dit in taal uitgespreek word, word dit ook as 'n taalspel gesien.

Verskeie litterêre definisies van waansin word aangebied. Hierdie definisies toon aan dat die omlýning van waansin nooit kan ontsnap aan die normatiewe sosiolek van die samelewing nie. Waansin in hierdie opsig is dus die ekstreme van menslike belewenis en optrede en verteenwoordig ook 'n prosesmatigheid.

---

<sup>26</sup> Eisner E.W. 1995. “What Artistically Crafted Research Can Help us Understand about Schools.” *Educational Theory* 45(1): 1–5.

Waansin as tema in die letterkunde word bespreek. Die mees opvallende van hierdie temas is die parodiëring van fisiese eienskappe, die oordrywing van mannerismes, gedrag, spraak, en ervarings, bisarre en ongewone denkprosesse, geweld, verberging van die geestesversteurde persoon, en gebrek aan begrip in die samelewing vir die taal en kommunikasie van waansin.

Temas aangaande waansin in die poësie sluit in die belewenis van wagkamers en hospitaalsale, die interaksie met die werkers in die psigiatriebedryf, die uitbeelding van intense lyding in gedigte, en die digterlike parodiëring van lyding in gedigte.

Aangesien waansin ontstaan binne die normatiewe aard van die sosiolek, is die literêre uitbeelding van waansin in staat om die basiese aard van psigiese prosesse te ontbloot aan die gesonde leser, asook die versteurde binnewêreld van die malman. Dit konfronteer die gewone mens ook met die universele vrees vir waansin as die verlies van normaliteit. Dit ontbloot eweneens die aannames, kulturele en morele waardes van die samelewing. Die kontras tussen die versteurde taal van waansin en die verstaanbare taal van letterkunde word bespreek. Daar is aangetoon dat die inherente waansin van die taal van die malman deur die letterkundige uitbeelding daarvan genormaliseer word. Dit is dus uiters moeilik om die onverstaanbare taal verstaanbaar uit te beeld. Die poësie van waansin is egter by uitnemendheid in staat om hierdie versteuring van taal vas te vang en te vergestalt. Dit is dus in staat om deur die “teks van waansin” die “waansin van die teks” aan te bied.

Die skepping van 'n teks van waansin is uiteraard 'n intertekstuele daad aangesien enige letterkundige werk vanuit die sosiolek van die tyd geskryf word, en aangesien waansin eweneens intertekstueel in kontras staan met sodanige sosiolek. Die leser kan invoel in die denkbeeldige verstand, want hy/sy resoneer daarmee as hipoteks tot sy/haar eie lewenshiperteks.

Die postmodernisme toon aan dat die wetenskap van psigiatry en gepaardgaande epistemologie (lees psigiatryse korpus) nie die ruimte het vir die kognitiewe kartering van die menslike kondisie nie, en in hierdie konteks veral nie van waansin nie. Dit geld ook vir die poësie vanuit postmodernistiese perspektief. Indien die wetenskap geen

vaste afleidings van die werklikheid kan maak nie, is dit vervolgens 'n sentrale vraag of dit moontlik kan wees om deur literatuur en poësie 'n kognitiewe kartering te maak wat alternatiewe wêreldbeskouings tot stand kan bring. Picchione (1999) verskil hiervan en stel dit dat die wetenskap uiteraard nuwe kennis kan skep, maar dit in gebreke bly om die emosionele indiolek van mense uit te beeld. Dit is hierdie tekortkoming wat die poësie kan aanvul. Poësie kan gevolglik 'n weergawe van 'n eksterne realiteit wees, of hierteenoor, 'n selfreflektiewe kuns. Picchione stel egter 'n tussenargument: Poësie kan ook 'n aktiwiteit wees wat gefokus is op die materialiteit van taal en die versteuring van linguistiese norme. In hierdie siening word poësie 'n versteurende krag wat nuwe kognitiewe dimensies skep: Dit neem die bewussyn na aspekte van realiteit wat nie andersins onmiddellik toeganklik is nie. Poësie tree op as grensoorskrydende krag, breek deur die grense van gewone kommunikasie, en bring sodoende alternatiewe kennismodelle van die wêreld en interaksies daarmee tot stand.



## HOOFSTUK 5: 'n Intertekstuele beskouing van die uitbeelding van psigiatriese versteurings in enkele Afrikaanse gedigte

### 5.1 Die gedig as proses: Peter Blum

Die digter Johann de Lange (2012) verwys na 'n gedig van Peter Blum gepubliseer in die Maart 1955-uitgawe van *Tydskrif vir Letterkunde*, getiteld "Die kranksinnige". Volgens De Lange is die gedig

... nooit in sy bundels opgeneem nie, & dit wil lyk of dit dalk 'n voorstudie of voor-loper [*sic*] kan wees vir "'Man wat mal word'" wat hy later in die "Drie Uiterstes"-siklus gepubliseer het, hoewel hy in "Man wat mal word" radikaal 'n ander koers ingeslaan het & as 't ware van binneaf-uit [*sic*] geskryf het, uit die oogpunt van die kranksinnige, in stede van die buiteblik wat die vroeër vers gee.

De Lange (2012) plaas Blum se 'oorspronggedig' op sy blog *Kaapse Paragraawe*:<sup>27</sup>

#### Die kranksinnige

"Interessante geval, dié," sê die psigiater  
 en wys hom aan, "hy dink hy is 'n heilige:  
 dikwels sit hy die ander aan die skater,  
 maar laat hom daardeur nie kwel nie. Hy is veilige  
 geselskap. Sy klomp maats is almal kwater.  
 Doodvreedsaam – jy sal sien." Half-medelydend,  
 half-spottend spreek hy die sielsieke aan:  
 "goeiedag, Rabboni, nog tevrede?"

Swygend

<sup>27</sup> <http://johanndelange.blogspot.co.za/2012/06/peter-blum-die-kranksinnige.html>. besoek 15 Mei 2016.

kyk dié terug asof hy niks verstaan,  
 maar voel dat iets van hom verwag word.

Vleiend

glimlag die dokter.

Asof van sy groot pligte

skielik bewus – met twee uitgestrekte

vingers (verbasend vaardig) – in ’n ligte

gebaar van sy hand – só – skets hy ’n korrekte

kruis oor hulle wetenskaplike gesigte.

Die gedig beeld ’n kliniese konsultasie uit tussen die psigiater en ’n pasiënt. Die titel stel die scenario dat dit hier handel oor “Die kranksinnige”, en ’n situasie waarin iemand in psigiatriese terme psigoties of geestesversteurd is. Aanvanklik spreek die psigiater die leser, toehoorder, of selfs ’n kollega aan deur ’n paar aspekte van die geval te belig. Die leser of aangesprokene verneem dat die pasiënt “dink hy is ’n heilige”. Die pasiënt laat ander pasiënte lag, maar hy word self nie deur die lag gekwel nie, en is “veilig” of skadeloos in vergelyking met sy medepasiënte wat “kwater” is. Die beskrywing “Doodvreedsaam” word aangebied, ’n duidelike ironiese vooruitverwysing na die Messiaanse implikasies van die pasiënt se latere optrede. Die psigiater sluit die kliniese beskrywing af met “jy sal sien”, ’n frase wat die leser met afwagting vervul om verder oor die interessante geval te verneem, en die oorgang van vertelfokus óór die pasiënt na die gesprek mét die pasiënt aandui. Die pasiënt word gereduseer tot “Interessante geval”, en die gedig rig sodoende ’n skrilte aanklag teen die mediese model waarin gevalle vanuit die wetenskaplike oogpunt dikwels op onpersoonlike wyse as “interessant” beskryf word. Die wyse waarop die pasiënt “uitgewys” word aan ’n derde persoon dra ook by tot die objektivering van die pasiënt. Die parodie van die psigiater se optrede gaan skreiend voort en die pasiënt word vervolgens “Half-medelydend, half-

spottend” aangespreek. Die implikasie is duidelik dat die psigiater nie die belewenisteks van die pasiënt ernstig opneem nie en dit reeds “getranskribeer” het na die mediese model waarin die belewenis van die pasiënt as mediese simptome van psigose gesien word. Die parodie word voortgesit deur die aanspreekvorm “Rabboni”. Wikipedia verklaar die titel soos volg : “The exact significance of Rabboni is disputed. In Mark 10: 51 it is translated as meaning ‘beloved teacher’, but John here and in other verses translates it as simply ‘teacher’. [...] others interpret it as the diminutive form of Rabbi, and therefore translate it ‘my dear Rabbi’”. Die aanspreekvorm is verkleinerend, en dien semioties en intertekstueel twee doelstellings: eerstens om aan te toon dat die psigose hier die vorm aanneem van ’n godsdiens- en grootheidswaan waarin die pasiënt homself beleef as Jesus (met Markus 10: 51 as interteks waar Jesus so deur Maria Magdalena aangespreek is); tweedens die spottende wyse waarop die psigiater die waanidee van die pasiënt parodieer en ironiseer deur die titel “leermeester” te gebruik. Die ironie word verder gevoer deurdat die psigiater sarkasties van die pasiënt verneem of dié “nog tevrede?” is. Die implisiete magposisie, en superieure houding van die psigiater teenoor pasiënt word hierdeur nog skreiender aangetoon. Die pasiënt staan verbluf hierteenoor, “asof hy niks verstaan,/maar voel dat iets van hom verwag word.” Die digter skep die implikasie dat die beleefde verwagting die pasiënt “van sy groot pligte/skielik bewus” maak, asof daar ’n taak vir hom bestem is en daartoe lei dat die teken van die kruis “vaardig” en “korrek” oor die “wetenskaplike gesigte” gemaak word. Die teken van die kruis is ’n gebaar in die Christelike tradisie waarin ’n seëning uitgespreek word, of waarmee ’n godslasterlike aksie besweer word. Die ironiese inversie is hierin geleë dat die digter die pasiënt die teken van die kruis laat uitvoer as seëning en beswering van die wetenskaplike mediese model, “die gesig van die wetenskap”. Die implikasie is amper “vergewe hulle/hom, want hulle/hy weet nie wat hulle/hy doen nie”. Ten slotte is die ironiese vraag wie nou eintlik die kranksinnige is, pasiënt of “wetenskaplike gesigte”?

Hier is van verskeie intertekste sprake, veral Bybelse intertekste. Vir die doeleindes van die huidige studie is hier psigiatryes gesproke intertekste van:

- die aard van godsdiens- en grootheidswane en kliniese beelde van psigose;

- die klinies-voorgeskrewe interaksie tussen psigiater en pasiënt;
- die inherente magspel tussen bogenoemdes;
- die mediese model as meestervertelling teenoor die mikrovertelling van die pasiënt.

Odendaal (2015: 371) dui in sy bespreking van die poësie van Peter Blum aan dat daar gereelde teenstellings in die werk te vind is, met ander woorde “twee wêrelde”. Odendaal toon die uiterstes van “heldere insig versus kranksinnigheid” in die nou reeds baie bekende gedig “Man wat mal word” uit die bundel *Enklaves van die lig* (1958) aan. Hy beskou dan ook tereg die gedig as “die mees gewaagde taaleksperiment in Afrikaans, asook ’n hoogtepunt in die ganse Afrikaanse digkuns” (2015: 79). Odendaal (2015: 371) toon verder aan dat “die poësie en die geleentheid wat dit bied om selfs die uiterste moontlikheid van taal te ontgin en te verken, die digter daadwerklik verlok om tot ’n kern van insig of sin te wil deurdring – al loop dit (noodwendig!) uit op die waansin, soos ““Man wat mal word”” op dramatiese en onvergeetlike wyse demonstreer” (2015: 374). De Lange (2012 s.p.) beskryf tereg dat die vertelperspektief van die gedig ’n buiteblik is op die proses van kranksinnigheid. Hierdie eerste gedig van Blum oor kranksinnigheid vorm met reg ’n hipoteks tot die daaropvolgende ikoniese gedig “Man wat mal word”. In hierdie gedig is die fokus nou op die proses van psigose, dit wil sê op die interne belewenis van psigoties word.

#### MAN WAT MAL WORD

Onbepeilbaar die dag, maar die bewoespyn dáár

dat al-lis beslote is en slags ék oop

vir enige skerf nael, skermloos teen die oog

wat drin die werwel noulet, fynynig vaam

tort in die klier. War-om? Alluin 'n kwik haat  
 het heerdie verstrooide pynpuin in kontrole  
 nog somgehou. Waarvuur? Maar tussen gus knook  
 en wrig het die endtwoord in duidelike taal

eindelig hoopgebron: Wie so uitgedeel  
 aan die al is, het die al in hom begryp –  
 en dit is liefde: kan dus in die greep

van één drong woord kraal wat alle enkelheid  
 ophef, mág met kloktong die warreld vry, móét preek  
 wat voldoen om juble te vrymaak: WOKNAKWYF!

Die gedig is deel van 'n siklus van drie gedigte onder die titel “Drie uiterstes” (“Man wat blind word”, “Man wat doof word” en “Man wat mal word”) waarin die verlies van die sintuie, gehoor en visie, uitgebeeld word, en, strategies laaste geplaas, die verlies van die geestesgesondheid.

De Lange (2012 s.p.) is veral beïndruk met “die “sound and fury” van die woorde wat “onderbreek [is] deur oomblikke van helderheid”. Hy dui die “verskillende aanslae” op taal aan en lys “etimologiese, kontaminasie, portmanteau-woorde, toutologieë, anagramme & nuutskeppinge”. Volgens De Lange lewer die teks

... moontlike lesings op, maar 'n totale ontsyfering bly ... [hom] ontwyk. Uiteindelik stuit die begrip teen WOKNAKWYF. Blum is by uitnemendheid die digter van nuutskeppinge [...] Maar Blum was selde in sy gedigte dwars somer net om dwars te wees. Hy het deeglik gewerk & diep nagedink oor die betekenis van woorde. Sy kennis van, & natuurlike aanleg vir tale het hom ideaal hiervoor toegerus.

Grové (1967: 30) verwys na die gedig in sy artikel “Ontwikkeling en perspektief in die Afrikaanse poësie”, en beweer dat die gedig lei tot “ekspansie van die poëtiese woordeskat” waardeur die “onafrikaanse, afwykende woord, die patois tot poësie gedwing” word.

Volgens Riffaterre (1978: 6) is dit die ongrammatikaliteit van die teks wat die mimetiese vlak versteur en die semiotiese vlak inlei. In “Man wat mal word” is daar nog van ’n mimetiese vlak sprake in die verstaanbare titel. Met die eerste oogopslag, reeds in die eerste versreël, word die leser deur die strategiese plasing van “Onbepeilbaar” in kennis gestel dat hier ’n teks gaan volg waarin taal versteur gaan word, en wat beslis onpeilbaar gaan wees, selfs borend op die begrip van die leser. Hierdeur word die semiotiese en intertekstuele vlak onmiddellik ingelei. Verskeie outeurs het die gedig geanaliseer en meestal gefokus op die uitstekende semantiese interspel wat hier in die gedig uitwoed. Cloete (1981) se artikel is ’n meesterlike analise van hierdie semantiese gimnastiek van Blum. Cloete verwys na die poëtika wat tot stand kom deur hierdie semantiese kofferwoorde, nuutskeppings, ensovoorts. Hy toon ook aan dat hier in “argaïese taal” (1981: 132) verskeie paradokse en teenstellings uitspeel, byvoorbeeld geslagtelikheid, vrugbaarheid versus onvrugbaarheid; onbestendigheid versus stabiliteit; verbale skepping versus disintegrasie. ’n Mens kan beweer dat daar ’n hipogrammatiese of “semantiese intertekstualiteit” tot stand kom selfs tussen die betekenis van individuele woorde wat met mekaar versmelt en mekaar verwring.

Grové (1967: 30) ondersteun hierdie siening:

’n Uiterste konsekwensie ... word bereik waar die woord ’n irrasionele grens begin nader, soos byvoorbeeld in die merkwaardige gedig “Man wat mal word” [*sic*], waar Blum die woord opsetlik vermink in ’n poging om die aftakeling van die rede onmiddellik te versigbaar [...] Neem in die eerste reël die sleutelwoorde “onbepeilbaar” en “bewoespyn”. Wat beteken dit? Op die oog af lyk “onbepeilbaar” op ’n soort kontaminasie van “onpeilbaar” en “onbepaalbaar” – “onbepeilbaar die dag”. Die dag is onbepaalbaar, onpeilbaar, onbegryplik vir die kranke brein, en tog boor die lig in in die bewussyn (“bewoespyn”), bring dit in daardie woeste chaos nie lig of begrip nie, maar pyn.

Hierdie “versigbaar” maak van die “aftakeling van die rede” impliseer ’n aktiewe proses wat natuurlik reeds in die titel aangedui word, naamlik “... mal word”: ’n oorgang van

sin na waansin. Cloete (1981: 123) stem hiermee saam: “Blum se man word mal, hy is dit nog nie, en dit is juis hierdie mal word wat aan die gedig sy labiele aard gee, sy beweeg of oorgang “tussen uiterstes”. Odendaal (2015: 379) sien ook die “kranksinnig wordende spreker” in.

Dit is in hierdie proses van beweeg tussen uiterstes waar die psigiatriese hipoteks ter sprake kom, naamlik die proses van “psigoties word”. Cloete (1981) stel hierdie “proses” van disintegrasië voorop en beskou dit as amper belangriker as dat die leser elke woord van die gedig begryp:

... want dit moet ons onthou, dat hierdie gedig saam met twee ander (“Man wat mal word” [*sic*] en “Man wat blind word”) ‘Drie uiterstes’ heet. Binne “Man wat mal word” [*sic*] self, intern, is daar ’n polsende beweeglikheid tussen uiterstes. As ons dit ingesien het, hoef ons nie alle woorde in die vreemde woordeskat van hierdie gedig te verstaan nie, hoef ons nie tot die “uiterste” te interpreteer nie (Cloete 1981: 123).

“Dit gaan juis om hierdie labiliteit, en daar is ... talle sulke soorte uiterstes in die gedig. Die sweef tussen uiterstes is wesenlik van belang in die gedig van die mal wordende man.” (1981: 125).

Die gedig bestaan uit “baie paradokse en paradoksale verhoudings ... wat uiterstes vorm, waartussen die mal wordende man beweeg” (Cloete 1981: 134). Cloete beklemtoon in hierdie opmerkings twee aspekte, naamlik beweging, en uiterstes of paradokse. Hierdie proses is reeds vroeg in die psigiatriese literatuur uitgebeeld, ten beste in die vroeë literatuur voordat die biologiese modelle hoogty begin vier het. In die vroeëre tye was die fenomenologie van psigose, dit is die akkurate waarneming en beskrywing van die psigotiese proses, van uiterste belang. Verskeie aspekte van die psigotiese proses kom gevolglik aan die bod: eerstens psigose en die oorgang van die intakte psige na die psigotiese psige, dit is psigiese disintegrasië; tweedens simptome en tekens van psigose, veral gedagteprosesversteurings; derdens die inherente eienskappe van psigose, byvoorbeeld ambivalensie, psigotiese insig of die “primêre waanidee”, en dereïstiese denke.

Hoewel daar klinies verskeie beelde van psigose bestaan, bly die prototipiese psigose *skisofrenie* ’n grusame psigiatriese versteuring wat die sentrale senuweestelsel progressief aftakel. ’n Omvattende bespreking van skisofrenie val buite die bestek van hierdie navorsing. Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal slegs die essensiële aspekte van skisofrenie wat optree as hipoteks tot “Man wat mal word”, aangedui word.

### 5.1.1 Psigose, en die proses van “psigoties-word” of psigiese disintegrasië

Ivleva & Tamminga (2009: 1594) definieer *psigose* in die breedste sin van die woord as “a loss of ego boundaries or a gross impairment of reality testing”. In die moderne mediese model word meer gebruik gemaak van ’n sindroomdefinisie waarin psigose bestaan uit prominente hallusinasies, met ’n gebrek aan insig in die patologiese aard van die hallusinasies, waanidees, asook die ander simptome van skisofrenie, naamlik gedisorganeerde gedagteprosesse en gedrag, asook katatoniese simptome.

Die pasiënt wat skisofrenie ontwikkel beweeg deur ’n prodromale fase na die fase van akute psigose. Hierdie prodromale fase kan volgens Ivleva & Tamminga (Kaplan 2009: 1602) die volgende verskynsels insluit:

During this stage, a patient may begin to develop new, unusual interests in abstract ideas, philosophy, occult, or religious topics. Gradually, although acute onset may also occur, subthreshold psychotic symptoms, such as unusual speech, strange perceptual experiences and bodily illusions, bizarre ideas, and markedly peculiar behavior, build up and subsequently, frank psychosis manifests in the form of hallucinations, delusions, *typical thought and speech disorders, and grossly disorganized behavior.* (My kursivering.)

Hierdie beweging van prodroom na akute psigose is presies wat Cloete (1981) deurlopend in sy analise beklemtoon. In die gedig word verneem dat die “dag” (lees wêreld of lewe) onbepaalbaar, onpeilbaar, en boeiend is. Dit lei tot ’n bewussyn wat pynlik en woedend is. Oor alles is daar reeds uitsluitel (“beslote”) maar die man is steeds oop vir enige aanslag van skerpe (lees disintegrasië) of “skerpe dinge” wat die mees weerlose aspekte van die bestaan (“oog”, maar lees ook “insig”) onbeskermd laat, en selfs tot in die ruggraat of “harde been” (“werwel”), of tot in die sagte “klier” (lees kwesbare liggaam) indring en alles tot in die fynste detail venynig aan maatstawwe onderwerp (“fynynig vaam”). Die doel van hierdie weerloosheid is duister en verwarrend (“War-om?”). Die hele dreigende disintegrasië na pynlike puin, of verstrooiing, is nog in toom gehou deur ’n vloeibare haat, of intense gevoelens. (“Alluin ’n kwik haat/het heerdie verstrooide pynpuin in kontrole/nog somgehou.”) Die brandende vraag is waarvoor dit alles staan (“Waarvuur?”). Direk hierna volg die kritiese voegwoord “Maar” wat ’n wending in die gedig aankondig. Hierdie aanvanklike sewe versreëls kan op ’n bepaalde wyse as ’n prodromale fase van dreigende disintegrasië gesien word, maar



waar alles nog “somgehou” word. Dié fase is ’n duidelike prodroom van psigose, aangesien die taal of realiteitstoetsing reeds besig is om te verval, en aangesien die vae en duistere beredenering reeds dui op dreigende egogrensdintegrasië.

Egogrense en realiteitstoetsing impliseer die bewustheid van ’n geïntegreerde self en ’n skeiding tussen wêreld en self, en in hierdie gedig is dit besig om te verval. Odendaal (2015: 380) beskryf hierdie proses deur aan te toon “die gedig slinger ... heen en weer tussen ontbinding en hegte (re-) konstruksie.” Hierdie aspek word geïllustreer deur die verse “Wie so uitgedeel/aan die al is, het die al in hom begryp ...”. Die malman se egogrense is vervaag en hy is “uitgedeel aan die al”, die wêreld of selfs heelal. Realiteitstoetsing binne die konteks van die gedig is uiteraard die taal van rede, met logiese woorde, semantiek en sinvolle beredering van ’n saak tot logiese gevolgtrekkings. Die taal van die “MMan wat mal word” is, in die woorde van Grové (1967: 30), “vermink”, en in die woorde van Cloete (1981) “tussen uiterstes”, “vol polsende beweeglikheid”, vol “labiliteit”, gevul met “baie paradokse en paradoksale verhoudings ... wat uiterstes vorm”. Dit is nie alleen die taal wat vermink is nie, maar ook die beredenering, of in kliniese terme, die gedagteprosesse. Die gedig toon ’n duidelike wending wat sentreer op die agste versreël wat na die pyn en wroeging van die voorafgaande sewe verse aankondig dat “die endwoord in duidelike taal” die lyding gaan verlig met ’n nuwe motto, ’n nuutskepping, ’n epifanie. Hierdie woord “WOKNAKWYF” is oppervlakkig onverstaanbaar en sonder “realiteitstoetsing”, dus die logika van taal. Die hoofletters wat die digter gebruik maak dit amper ’n kreet, en die leser kom tot die besef dat hier van geen insig sprake is nie. Die woord is psigoties.

Matorin en Ruiz (2009: 1071) beskryf hierdie tipe psigotiese beredenering as

*“primary process thinking”, the more primitive type, is typically seen in dreams but is also prominent in young children and in psychotic states. This type of thinking disregards logic, permits contradictions to exist simultaneously, disregards the linear notion of time, and is dominated by wish and fantasy. It uses symbol, metaphor, imagery, condensation, displacement, and concretism in its organization, creating the jumbled and incoherent style of thinking characteristic of dreams. Primary process thinking represents what has been loosely and metaphorically called right brain thinking, associated with visual images and creative thought.”* (My kursivering.)

'n Ander term wat in hierdie konteks gebruik word, is *dereïstiese denke*: “Mental activity that follows a totally subjective and idiosyncratic system of logic and fails to take the facts of reality or experience into consideration” (Sadock 2009: 923).

Matorin en Ruiz (2009: 1071) kontrasteer die bostaande primêre prosesdenke met sekondêre prosesdenke:

... thinking [that] is characterized by logic. In contrast to primary process thinking, the secondary process uses linear notions of time, clearly delineated abstract categories, and deductive rules of logic. The abilities to think abstractly and to think in detail about future plans are characteristic of secondary process thinking. Normal secondary process thinking is also characterized by predictability, coherence, and redundancy. Words, vocal inflections, and gestures provide important contextual cues and create a sense of overall coherence to the communication. Ideas follow one another in a sequence that is understandable to the listener.

Die voorafgaande punte maak dit duidelik dat daar in “Man wat mal word” sprake is van primêre prosesdenke kenmerkend van psigose. Blum het by uitnemendheid geslaag om nie alleen die “Man wat mal word” uit te beeld nie, maar ook verder die “proses”, die “... mal word”, asook die interne belewenis van psigose, waar alle kontak met die werklikheid van self, wêreld en taal verlore gaan, weer te gee.

5.1.2 Die simptome en tekens van psigose, veral gedagteprosesversteurings

Die DSM-5 (2013: 99) beskryf die volgende vyf kliniese kenmerke vir die diagnose van skisofrenie in die A-kriterium:

A. *Two (or more) of the following, each present for a significant portion of time during a 1-month period (or less if successfully treated). At least one of these must be (1), (2), or (3):*

*1. Delusions.*

*2. Hallucinations.*

*3. Disorganized speech (e.g., frequent derailment or incoherence).*

*4. Grossly disorganized or catatonic behavior.*

*5. Negative symptoms (i.e., diminished emotional expression or avolition).*

Vir die doeleindes van hierdie bespreking is dit veral delusies of waanidees en gedisorganiseerde spraak wat van belang is.

DSM-5 (2013: 87) definieer *delusies* soos volg:

Delusions are fixed beliefs that are not amenable to change in light of conflicting evidence. Their content may include a variety of themes (e.g., persecutory, referential, somatic, religious, grandiose).

Delusions are deemed bizarre if they are clearly implausible and not understandable to same-culture peers and do not derive from ordinary life experiences.

Die konsep van 'n outohtone waanidee is belangrik in die konteks van die psigiatriese hipoteks tot "Man wat mal word". Matorin & Ruiz (2009: 1080) beskryf 'n *outohtone waanidee* as een wat in 'n oogwink vorm aanneem, sonder identifiseerbare voorafgaande gebeure, asof 'n volle bewuswording skielik gebeur met 'n onverwagte flits van insig soos 'n weerligstraal uit die bloute.

Die prodromale fase termineer in 'n duidelik psigotiese wending waardeur die verwarring en pyn wat deur intense emosie in toom gehou is, uitmond in die "endwoord in duidelike taal" wat uiteindelik uit hoop en lig as bronne gebore is ("eindelig hoopgebron"). Die outohtone waanidee ontstaan in "full awareness [that] suddenly bursts forth in an unexpected flash of insight like a bolt from the blue" dat, as die "man"/mens sodanig versmelt of een word met die "al" (lees egogrensdintegrasië), hy die "al in hom [kan] begryp", en hierdie psigotiese begrip of waanidee is "dit is liefde". Na "liefde" volg 'n koppelteken, aanduidend van 'n opsomming of nuwe insig: "één woord" is in staat om die "man" te bevry uit 'n greep ("drong", saamgedronge, of "kraal", ingeperktheid) van alleenheid ("enkelheid"). Dit kan ook geïnterpreteer word dat die insig beslis nie deur die enkeling vir homself gehou mag word nie maar aan "juble" oorgedra moet word met "mág", en dit sal die verwarde wêreld ("warreld") bevry. In der waarheid is die insig so essensieel dat dit uitgebasuin ("kloktong"), of gepreek sal word ("móét preek") wat voldoende is om die ander mense ("juble") jubelend vry te maak met 'n epifanie: 'n woord wat nie bestaan nie, 'n psigotiese neologisme, nl. "WOKNAKWYF!" 'n Mens merk ook op dat die taal veral disintegreer in die derde, en nog meer in die vierde strofe. Die laaste strofe bevat ook die meeste aksenttekens in die hele gedig: Strofe een bevat drie aksente; strofe twee bevat geen

aksente nie; strofe drie bevat drie aksente; strofe vier bevat vyf aksente én die hoofletters van die laaste woord. Die ekstra beklemtoning in die vierde strofe laat dit voorkom asof die psigotiese insig nou die psigotiese “man” noop om dit aan die wêreld oor te dra. Die beklemtonings verbeeld ook hierdie outohtone delusionele dringendheid.

DSM-5 (2013: 88) definieer *gedisorganiseerde spraak* soos volg:

Disorganized thinking (formal thought disorder) is typically inferred from the individual’s speech. The individual may switch from one topic to another (derailment or loose associations). Answers to questions may be obliquely related or completely unrelated (tangentiality). Rarely, speech may be so severely disorganized that it is nearly incomprehensible and resembles receptive aphasia in its linguistic disorganization (incoherence or “word salad”). Because mildly disorganized speech is common and nonspecific, the symptom must be severe enough to substantially impair effective communication (2013: 88).

Dit is belangrik in die begrip vir die psigiatriese hipoteks dat aspekte van die bostaande definisie van *gedisorganiseerde spraak* verder belig word. Dit is opmerklik dat daar dikwels in dieselfde konteks verwys word na spraak en gedagtes. Dit is uiteraard logies dat, uit die klinies-psigiatriese oogpunt, gedagtes alleen beoordeel kan word uit die spraak (lees: taal) van die pasiënt: Die terme word verwisselbaar gebruik. “Formal thought disorder” of gedagteprosesversteuring word gedefinieer as ’n versteuring in die vorm of struktuur van gedagtes eerder as van die inhoud. Hierdie vormversteuring word gekenmerk deur psigiatriese tekens (telkens beklemtoon in die onderstaande gedeelte) soos:

- tangensiale denke verteenwoordig die onvermoë tot doelgerigte gedagtes. Gedagtes dwaal verder en verder van die bedoelde eindpunt af sonder om ooit daardie bedoelde eindpunt te bereik. Die individuele gedagtes mag nog ’n baie oppervlakkige assosiasie met die voorafgaande gedagte in die string van gedagtes vorm, maar die gedagtestring “verloor sy pad”. Die persoon vergeet dan ook tipies wat die bedoelde eindpunt van die gedagtevloei was. Woorde het dikwels ook nie duidelike grammatikale verbindings nie, wat lei tot gedagtedisintegrasië.

- *losse assosiasies* verteenwoordig 'n erger graad van ontsporing van gedagtes waartydens die vloei van gedagtes nie meer verstaanbaar vir die luisteraar is nie, want die individuele gedagtes het nie meer logiese verbande met mekaar nie. Losse assosiasies is 'n klassieke kliniese teken van die gedagteprosesversteuring van skisofrenie. In ekstreme gevalle is die samehang van frases en woorde onverstaanbaar. Sintaksis en grammatika is versteur en nie volgbaar nie.
- *woordslaai* behels die mees ekstreme, onverstaanbare mengsel van woorde en frases. Hier word woorde aaneengeryg, en dit lei tot terme wat absoluut geen logiese assosiasie het nie.
- *verbigerasie* behels die finale verdwyn van verstaanbare taal en die verskyning van onlogiese klanke soos "da-da-da ...".
- *klankassosiasies* verwys na 'n gedagtereeks wat gestimuleer word deur die klank van 'n voorafgaande woord, byvoorbeeld "ek is siek, ek het geen briek, neem my op in die kliek."
- *eggolalia* behels die herhaling deur die pasiënt van 'n frase wat deur die ondersoeker gebruik is;
- *neologismes* behels die nuutskepping van woorde deur ander herkenbare woordfragmente saam te stel of totale nuutskepping. Dit lei tot onverstaanbare woorde. Soms is daar 'n losse assosiasie tussen die neologisme en die oorspronklike korrekte woord, byvoorbeeld 'n psigotiese pasiënt wat 'n hoed 'n "kopskoen" noem;
- onlogiese konstrakte of konsepte: hier word verwys na wyses van beredenering wat op die oog af nog kan sin maak, maar met nadere ondersoek totaal ontdaan is van sin.

Indien hierdie kliniese tekens in die gedagteproses voorkom, word die pasiënt as psigoties gediagnoseer.

'n Mens kan onmiddellik sien dat daar sprake kan wees van verskeie van die bostaande gedagteprosesversteurings in "Man wat mal word". Sekerlik kan 'n mens tangensiale denke in die gedig uitwys, en in die derde en vierde strofes losse assosiasies. Teen die einde van die vierde strofe is die disintegrasie totaal, aangedui deur onlogiese denke of

konstrukte. Die mees opvallende van al die gedagteprosesversteurings is natuurlik neologismes. Die gedig vertoon aanvanklik redelik voorbedagte woordfragmente of verbuigings wat saamgevoeg word om nuwe en dikwels paradoksale betekenis tot stand te bring:

- onbepeilbaar: onbepaalbaar/onpeilbaar/boor;
- bewoespyn: bewyssyn?/woes/pyn;
- fynynig: fyn/venyn/venynig;
- pynpuin: pyn/puin;
- duidelike: duistere/duidelike;
- hoogebrou: hoop/bron/gebring;
- warreld: verwarring/warrel/wêreld;
- jubel: julle/jubel.

Dit val op dat daar binne een van hierdie neologismes paradoksale uiterstes vervat is, dikwels selfs direk teenoorgestelde betekenis of, oppervlakkig gesien, konsepte met weinig samehang.

In die oorspronklike fenomenologiese beskrywings van skisofrenie is daar dikwels na die vier A's verwys:

- Assosiatiewe aktiwiteit: die versteuring van die assosiasies en samehang van gedagtes, dus gedagteprosesversteuring.
- Affek: die versteuring van die emosionele vloei, veral afgestompte affek.
- Outisme (*autism*): die persoon isoleer hom-/haarself van sosiale interaksie en trek terug in 'n selfafgeslote psigotiese wêreld.
- Ambivalensie: die teenwoordigheid van konflikterende gedagtes, wense, of gevoelens jeens 'n persoon, saak of situasie. Dit kan baie moeilik wees vir die persoon met skisofrenie om keuses te maak, selfs relatief eenvoudige besluite

soos wat om in die oggend aan te trek. Selfs nadat 'n keuse gemaak is, is dit moeilik om daarby te hou.

Dit is opvallend dat die teks van die gedig vele voorbeelde van ambivalente neologismes bevat. Cloete (1981: 123, 125, 134) verwys herhaaldelik in sy artikel na die uiterstes waartussen die “Man wat mal word” beweeg. Ambivalensie is ook uiteraard vervat in die beweeg van “haat” na “liefde”, met ander woorde, soos in die bostaande paragraaf gedefinieer, die teenwoordigheid van konflikterende gedagtes, wense, of gevoelens jeens 'n persoon, saak of situasie. Hierdie teenstellings is vaag en onduidelik beredeneer en gemotiveer in die gedagteprosesversteurings van die malman.

Dit kan uit bostaande uiteensetting van die psigopatologie van skisofrenie vervat in die “gedig-hiperteks” aangetoon word dat die gedig 'n verbluffende uitbeelding is van gedagteprosesversteurings, egogrensdissintegrasie en ambivalensie. Hierdie uitbreiding van begrip vir die kliniese hipoteks van psigopatologie verryk die semiotiek van die gedig-hiperteks. Dit bied 'n addisionele betekenisstratum tot die alreeds ryke poëtika wat aangetoon is deur De Lange (2012), Cloete (1981) en Grové (1967).

5.1.3 Die literêr-teoretiese dimensie van waansin ten opsigte van “Man wat mal word”  
 Vervolgens word terugverwys na die literatuuroorsig in hoofstuk 4 in die verdere ondersoek van die “Man wat mal word”. In hierdie konteks is die werk van Feder (1980) en Felman (2003) insiggewend.

Dit blyk moontlik te wees om die afwykings van die normale in gedagtegang, spraak en gedrag uitgebeeld in tekste aan te toon ten spyte van die diversiteit van benaderings tot en verskillende definisies van waansin. Feder (1980: 6, 7) stel dit só:

Imaginative literature, in turn, provides remarkable clues to the mental processes that produce the symbolizations of the psychotic, for the poet, dramatist, and novelist explore and illuminate psychic conflict and conclusion through the very symbols they employ to depict these states. Intrinsic distortion of experience, as in myth, or personal records replete with clinical details, as in diaries and confessions, or – somewhere in between – *imaginative transformations of observations of madness, as in much poetry, fiction, and drama, are consciously ordered versions of delirium, delusion, mania, paranoia, and the many other symptoms now classed under the general term psychoses.* (My kursivering.)

Dit is duidelik dat die “normale psige” belig word deur die literêre uitbeeldings van die abnormale psige. Feder (1980: 7) tree indirek in gesprek met Blum se gedig as sy uitwys dat die digter met die gebruik van mites, simbole, verwronge taal en die “unlabeled metaphors of the schizophrenic, an interpreter of the madman’s apparently indecipherable messages” word. Wat is hierdie “indecipherable messages” presies? Feder (180: 33) identifiseer patrone van kommunikasie by die waansinniges in die werklike lewe sowel as dié uitgebeeld in die literatuur. Die volgende aspekte van haar opsomming is van belang by “Man wat mal word”:

The varieties of communication among the mad include ... verbal and pictorial symbols, all of which convey inner experience of enormous range and complexity ... one finds revelations of suffering more often than of achievements of freedom or glory. One discovers, moreover, a symbolic language that discloses the intricate ways in which the mad incorporate the very conflict and suffering of the world from which they have withdrawn (Feder 1980: 33).

Daar is reeds in die voorafgaande bespreking van die uitbeelding van psigose in “Man wat mal word” aangetoon dat die gedig gevul is met verbale en visuele beelde en simboliese, ambivalente taal wat die kompleksiteit van die psigotiese proses uitbeeld. Lyding spreek ook duidelik uit die woorde “woes”, “pyn” en “boor”. Die malman probeer sin van sy lyding in die wêreld maak met verwronge, simboliese taal, maar disintegreer eintlik net progressief en kom tot ’n dereïstiese, outohtone delusionele insig geformuleer deur ’n onverstaanbare neologisme.

Feder (1980: 8) toon aan dat lesers van tekste soos “Man wat mal word” die teks gaan benader vanuit hul eie leefwêreld. Hulle lees hoe die malman sin probeer maak uit die aspekte wat elke leser in sy/haar eie lewe teëkom:

The very distortions of the powerful visionaries or isolated victims of the literature of madness are designed to portray the mind constructing and exposing its own symbolic framework out of fragments that all readers recognize as familiar – customs, attitudes, places, institutions, traits of character, desires, and fears they have encountered in their own lives. The mind of the mad protagonist or persona of literature discloses the transformation of these into the ultimate sources of psychic disintegration or survival.

In “Man wat mal word” kan die leser identifiseer met die poging van elke mens om “dinge bymekaar te hou” of “sin te maak”. ’n Mens het invoeling met die ewige stryd tussen haat en liefde, of dan ten minste die uiterstes van emosie wat menslike bestaan



kenmerk. Die navorser het reeds in die literatuuroorsig uitgewys dat daar 'n intertekstuele siklus bestaan tussen gesonde bestaan, waansin en die tekste wat waansin uitbeeld.

Dit bly beslis só dat die teks oor waansin nog altyd 'n literêre teks moet wees, dit wil sê 'n kunswerk wat artistiek wel sin maak. Cloete (1981: 122) dui die paradoks aan tussen werklike waansin en die poëtiese uitbeelding daarvan in "Man wat mal word": "Samehangend met die vorige, sien ons in Blum se gedig dat die mal wordende man konstruktief dink – ook weer 'n algemene soort paradoks, waarop Eliot lankal gewys het, dat die destruktiewe of anargistiese in die literêre werk nooit anders as konstruktief aangebied kan word nie ... " Oyebode (2009: 46) stem saam dat die benadering tot die psigopatologie van die karakter steeds moet sin maak as letterkunde:

Novels [of poësie] are not written as scientific studies of psychopathology ... However, for a story to work it has to be coherent and plausible. Therefore, psychopathology has to be comprehensible within the total structure of the narrative. Thus, even in an account of a disintegrating mind, the account still has to cohere.

Hier skemer 'n paradoks deur: Hoe beeld 'n mens 'n verlies aan sin sinvol uit?

Die literêre waansin moet altyd gebaseer word op mitologiese en letterkundige distorsie van die werklike beeld van waansin sodat daar 'n kunssinnige uitdrukking op aanvaarbare wyse tot stand kom. Feder (1980: 9, 10) stel dit so:

A mad literary character must thus be approached on his own terms, through the verbal, dramatic, and narrative symbols that convey the unconscious processes he portrays and reveals. *Even when a writer draws on his own experience of insanity as the subject or emotional source of his work, what is of most interest in this study is his adaptation of delusion, dissociation, or other aberrations to the creation of a unique view of his society, his art, and his own mind.* (My kursivering.)

Peter Blum verbeeld as digter 'n werklike psigopatologiese toestand, naamlik die prosesmatigheid van psigose, asook die diverse aard van kliniese verskynsels vervat in skisofrenie. Hy skep literêre aanpassings om van hierdie uitbeelding van psigotiese disintegrasië steeds 'n suksesvolle kunswerk te maak.

Hier ontstaan gevolglik 'n verbluffende intertekstuele spel: normaliteit as hipoteks vir waansin; ware waansin as hipoteks vir literêre waansin; literêre waansin as hipoteks vir die leser se belewenis van sy eie hiperteks, naamlik die werklike lewe, samelewing, kuns en die eie verstand. Hierdie kontras tussen die werklike psigotiese mens en sy literêre eweknie dui gevolglik 'n merkwaardige paradoks aan, naamlik die gesonde, skeppende outeur/digter, en sy versteurde, waansinnige karakter wat optree in 'n "verstaanbare en gemotiveerde" letterkundige teks, wat onverstaanbare waansin uitbeeld. Hierdie paradoks word uitnemend deur Felman (2003) gedekonstrueer.

Felman (2003: 39) toon aan dat die Cartesiaanse dualisme waansin uitwerp en "madness is relegated to the status of non-being." Sy beskryf vervolgens hoe Pinel die "mal man" uit sy kettings in die inrigting verlos het en sodoende moderne psigiatrie gestig het. Die moderne psigiatryse korpus sien die waansin as 'n siekte, 'n psigiatryse versteuring. Felman volg dan haar naspeuring van die geskiedenis van die filosofiese beredenering op met verwysings na die werk van die Franse filosoof Foucault: Waansin verkry steeds nie 'n eie stem of taal nie, en is steeds gebonde deur die kettings van wetenskaplike (psigiatryse) objektivering. Foucault se strewe was om 'n argeologie van waansin te skryf. Hierdeur poog hy om aan waansin 'n taal (lees: stem/teks) te gee wat in staat is om sigself weer te gee vanuit die stilte waartoe dit verdoem is deur die Cartesiaanse rasionele, asook die rasioneel-empiriese wetenskaplike benadering van psigiatrie. Felman (2003: 14) voel dat "our historical task would be to give madness a voice, to restore its language: a language of madness and not about it ... [but] ... while intending to 'say madness,' one is necessarily constrained to speak about it." Felman (2003: 44) beweeg verder na die filosofiese konsepte van Derrida (1967: 84–85):<sup>28</sup> Hy kritiseer die poging om waansin te verwoord en dui die paradoks inherent in Foucault se redenasie aan, naamlik dat enige "vertaling" van waansin tot taal inherent reeds 'n wegbreek van waansin is. Dit is 'n beskermingstrategie waardeur waansin juis uitgestel of weggewys word deur die rasionele aard van taal. In verhouding tot waansin self is taal gevolglik altyd elders (lees: rasioneel en apsigoties). Felman (2003: 44) som Derrida se posisie so

---

<sup>28</sup> Derrida, J. 1967. *L'Écriture et la différence*. Parys:Le Seuil.

op: "Far from being a historical accident, the exclusion of madness is the general condition and constitutive foundation of the very enterprise of speech."

Die paradoksale probleem van Foucault se "double bind" is nie die gevolg van taal nie, maar in die inherente gegewe van taal. Derrida, soos aangehaal deur Felman, beskou alle taal as uiteraard normatief. Dit is deurspek met normaliteit en gevolglik met betekenis: Enige filosoof of pratende subjek wat probeer om waansin vas te vang in taal, kan dit alleen doen binne die dimensies van moontlikheid en in die *taal van fiksie of die fiksie van taal* (my kursivering). Die normatiewe aard van taal beskerm die spreker teen die bedreiging van werklike waansin, en hierdie versekering en beskerming is inherent aan alle taal in die algemeen. Dit is onmoontlik om die "stil taal" van waansin in werklike taal te verwoord, want deur die presiese proses van "verwoording" word die essensie van waansin gerasionaliseer. Vir Felman (2003: 48) lê die raakpunt tussen literatuur en waansin in Derrida se aanname van "die taal van fiksie of die fiksie van taal". Sy stel dit dat Foucault en Derrida sal saamstem dat "... literature, fiction, is the only possible meeting place between madness and philosophy, between delirium and its thought ...". Volgens haar word die verbintenis tussen waansin en literatuur in Foucault se studie op twee wyses sigbaar: eerstens op 'n metonimiese wyse deur die konstante verwysing na waansin binne literatuur; tweedens op 'n metaforiese wyse, soos Derrida voorstel, deur die literêre aard van Foucault se boek op sigself, met ander woorde deur die patos daarvan. Literatuur poog dus om in te staan vir waansin, metafories/plaasvervangend, en metonimies/"contiguously" (lees: aangrensend). Waansin (patos) is 'n vorm van die taal van fiksie, en literatuur en filosofie (*logos*) 'n vorm van die fiksie van taal (die tekste van literatuur). Daar is 'n belangrike verskil tussen die twee sienswyses: "the philosopher (logos) ends up getting his bearings, orienting himself in his fiction: he only enters it in order to abandon it. The madman (patos), on the other hand, is engulfed by his own fiction" (Felman 2003: 49). Die subjek van patos (die waansinnige in teenstelling met die subjek van logos) se posisie teenoor die fiksie is nie een van bemeestering en kontrole nie, maar eerder van verlies aan betekenis.

Om op te som: Die waansinnige betree sy psigose deur sy teks waarin hy betekenis verloor; die filosoof/skrywer betree op logiese wyse die logiese teks, om die onlogiese

teks van die waansinnige uit te beeld. Oyebode (2009: 46) verwys na hierdie paradoks tussen die waansinnige karakter en sy geestesgesonde teks:

This means that Jaspers' notion of 'ununderstandability' as a criterion for psychosis is usually breached in literature. There are, of course, researchers ... who argue that psychotic experiences are understandable. On the face of it, fictional accounts seem to agree with him, but I suspect that this is because of the need for fictional narrative to be comprehensible and coherent. [...] [A] good example of such an account written in the first person, [is] in the voice of the madman, in which the disintegrating mind is yet able to give an account that coheres despite the often bizarre beliefs and behaviour of the diarist.

Felman stel dit dat die kommunikasie tussen denke en waansin gevolglik nooit direk kan wees nie, maar noodwendig moet plaasvind deur fiksie (of teks). Sy som dit so op (2003: 50):

All this can be summed up by saying that the role of fiction in philosophy is comparable to that of madness inside literature; and that the status, both of fiction and philosophy and of madness inside literature, is not thematic. Literature and madness by no means reside in theme, in the content of a statement. In the play of forces underlying the relationship between [...] literature and madness, the crucial problem is that of the subject's place, of his position with respect to the delusion. And the position of the subject is not defined by what he says, nor by what he talks about, but by the place – unknown to him – from which he speaks.

Verlies aan realiteitstoetsing veronderstel 'n nuwe psigotiese realiteit waarin die waansinnige homself bevind. Die waansinnige man kan nie sy waansin aantoon of verduidelik nie, want hy bevind hom "daarin" sonder om dit te weet. Hy is onbewus daarvan dat sy realiteit nie meer inpas by die "ware realiteit" nie. Waansin wat uitgebeeld word in die letterkunde of poësie bevat nie 'n tema nie. Dit behels eerder die digter/skrywer se uitbeelding vanuit die "daaglikse realiteit" van 'n posisie waarin die waansinnige homself bevind, 'n gedesentreerde posisie buite die daaglikse realiteit en binne sy eie psigotiese realiteit.

Hierdie proses van skryf binne 'n posisie van realiteit oor 'n karakter in 'n posisie buite realiteit word deur Felman (2003: 52) aangeraak wanneer sy Derrida se siening van Foucault se werk bespreek. Felman verduidelik dat Foucault se term "waansin" nie nét die konsep van geestesversteuring omvat nie, maar ook "nothing other than the excess of its pathos, a "lyrical explosion", a "torn presence" vergestalt (Foucault aangehaal deur Felman). Waansin is vir Foucault patos in sigself, 'n metafoor van patos, "of the

unthought residue of thought”, die onuitgesproke taal voor taal. Derrida toon egter aan dat Foucault slegs na hierdie onnoembare taal kan verwys juis in taal, en dat Foucault se “metaforiese” boek oor ’n metafoor van waansin handel. Felman (2003: 52) beskryf die dubbelsinnigheid soos volg: “And if pathos can refer us only to itself, as its own metaphor, the madness, in Foucault’s book, like literature itself, becomes a metaphor whose referent is a metaphor: the figure of a figure.”

Felman (2003: 251) vra met reg die vraag: “texts about madness or the very madness of the text?” Sy probeer aantoon hoe die retoriek (lees teks) van waansin en die waansin van retoriek wel op mekaar inwerk, en meer is as net in ’n spel met woorde. Die retoriek van waansin is volgens Felman tekste waarin waansin aangespreek word, en wat kan aandui dat waansin die tema, betekenis of uitspraak van die teks word. In sodanige tekste kan die “ek” wat praat aandui dat “ek” self mal is, en daardeur aanspraak maak op uitsonderlikheid. Hierteenoor kan die outeur/verteller waansin uitwys in “hom/haar”/die karakter-in-die-teks, en sodoende dus die uitsonderlike/abnormale lokaliseer in “die ander”. In beide gevalle stel Felman dit dat hierdie retoriek van waansin altyd duister, of verduisterend blyk te wees, want die dialoog oor waansin is juis die ontkenning daarvan: Hoe ’n mens ook al waansin aan jouself of ander bewustelik of onbewustelik uitbeeld, bly dit in essensie ’n ontkenning van die waansin. Die selfbewussyn van waansin is onmoontlik.

Uit ’n psigiatriese perspektief is dit korrek. Insig word fundamenteel versteur deur psigose, en dit is juis in die verlies van insig dat die realiteitsbesef deur psigose versteur word. Sodra die psigotiese persoon bewus word van die “onrealiteit” van die “psigotiese realiteit”, is realiteitsbesef in essensie herstel, en is psigose opgehef. Hierdie proses van die opklaring van psigose word aangeraak deur Oyeboode (2009: 33 wat verwys na Perceval:

In reaching this conclusion, Perceval gradually came to a realisation of the nature of his delusions and hallucinations. [...] The manner of his selfrealisation sheds some light on how insight influences a person’s reaction to psychotic experience: “I suspect that many of the delusions which I laboured under, and which insane persons labour under, consist in their mistaking a figurative or a poetic form of speech for a literal one ...”

Wat is dan Felman se “waansin van retoriek” (lees: die waansin van die teks)? Die diskoers oor waansin is nooit ’n diskoers in waansin nie, maar daar verskyn in sodanige tekste oor waansin wel ’n waansin wat praat, en gevolglik ’n waansin wat uitgespeel word in taal. Die taalspel van waansin kan nooit vir ’n spreker ’n uitvoerbare sprekersrol word nie. Felman (2003: 252) verwoord dit so: “It is this movement of non-totalizable, ungovernable linguistic play, through which meaning misfires and the text’s statement is estranged from its performance, that I call ... ‘the rhetoric of madness’.” Die proses waardeur “meaning misfires”, kom in baie opsigte ooreen met Riffaterre (Allen 2000: 117) se konsep van ongrammatikaliteit van ’n teks waardeur die mimetiese aspek van ’n teks versteur word (“estranged from its performance”), en waardeur die semiotiese aspek tot stand kom. Die paradoks van werklike waansin (versus die literêre uitbeelding van waansin) is dat die semiotiese altyd uitgestel bly en nooit bereik word nie.

In ’n eie linguistiese spel van verbysterende paradoks, en in die tradisie van dekonstruksie, kom Felman tot die gevolgtrekking dat die waansin van retoriek juis dit is wat die retoriek van waansin ondergrawe: Dit is op die presiese punt waar die sprekende subjek sy mistieke “pathos”/retoriek van waansin (lees: lyding of pyn) beskryf, en daardeur die retoriek van waansin ondergrawe, waar die waansin van retoriek in tekste geleë is. As retoriek van waansin juis ontkenning van waansin is, dan word ontkenning in sigself beset deur die waansin wat dit ontken. Felman (2003: 252) beweer: “Madness, in other words, is what a speaking subject can neither simply deny nor simply affirm or assume.” Dit is gevolglik presies in die hiaat tussen die erkenning of ontkenning van waansin dat die tekste oor waansin ageer. Die tekste self is waansinnig, en handel nie net tematies oor waansin nie. Felman (2003: 252) stel dit so:

It is somewhere between their literary rhetoric of madness and the madness of their madness of literary rhetoric that these texts, in speaking about madness, in effect enact their madness, enact the encounter between ‘speaking about madness’ and ‘the madness that speaks’. If the texts about madness are not conscious of (are not present to) their own madness, it is *because they are, paradoxically, the very madness they are speaking about.* (My kursivering.)

Felman (2003: 36) gebruik die metafoer van blindheid om die waansinnige se onvermoë om sy/haar eie waansin in te sien, te beskryf: “What characterizes madness is thus not

simply blindness, but a blindness blind to itself, to the point of necessarily entailing an illusion of reason.”

’n Mens kan Felman se siening dus toepas op “Man wat mal word”. Die digter skryf ’n gedig oor waansin, die teks van waansin. In hierdie teks word ’n karakter uitgebeeld wat sy dereïstiese wêreld aan ons voorhou wat nie vir die leser sin maak nie; dit is die waansin van die teks. Die malman (lees ook digterlike teks) is nie bewus van sy posisie buite die realiteit nie. Hierdeur kom die paradoks tot stand dat die tekste oor waansin juis self die waansin is waaroor dit handel. Felman (2003: 252) stel dit so: “If the texts about madness are not conscious of (are not present to) their own madness, it is because they are, paradoxically, the very madness they are speaking about.”

Felman (2003: 19) beskou hierdie paradoks as ’n intertekstuele spel wat nie net tot die teks self beperk is nie, maar byna as ’n tipe “intertaal” (my eie term) funksioneer:

To speak about madness is to speak about the difference between languages: to import into one language the strangeness of another; to unsettle the decisions language has prescribed to us so that, somewhere between languages, will emerge the freedom to speak.

Dit is waarin die briljantheid van “Man wat mal word” setel. Blum het dit reggekry om deur die “strangeness” vansy taal een van die basiese verdedigingsmeganismes van elke leser van die gedig, naamlik dié teen waansin, te ondermyn. Hy “unsettle[s] the decisions language has prescribed to us” en versteur die veiligheid van taal met die waansin van sy teks. As lesers word ons blootgestel aan een van die mees unieke ervarings wat uit poësie te haal is: die toetrede deur die teks van waansin tot die waansin van man/teks. Waar sou enige leser ooit weer hierdie “voorreg” ontvang om vanuit die veiligheid van taal die onveiligheid en pyn van psigose te kan beleef?

5.1.4 Die verskil tussen die waansin van die teks in “Man wat mal word” en die werklike waansin van tekste van pasiënte met skisofrenie.

Bakare (2009: 218) beskryf die poësie wat pasiënte met skisofrenie skryf as tweeledig.

*Morbid poetry* is poetry written while the individual with schizophrenia is experiencing the worst of the disease. Conversely, *insight poetry* is our term for schizophrenic poetic expression while individuals are lucid and in remission. (My kursivering en beklemtoning.)

Dit is dus wel moontlik vir pasiënte met skisofrenie om verstaanbare gedigte te skryf.

Pies (1985: 13) skryf dat dit dikwels moeilik is om poësie van die twintigste en een-en-twintigste eeu te onderskei van die gedagteprosesversteurings van pasiënte met skisofrenie. Hy verwys byvoorbeeld na die werk van e.e. cummings ter staving van hierdie stelling. Hy verduidelik dat (soos reeds aangetoon) “schizophrenia is fundamentally a thought process disorder, entailing various syntactic and semantic aberrations”. Hy haal verskeie voorbeelde van skisofrenielyers se tekste aan, en in sy gevolgtrekkings oor hierdie tekste verwys hy na:

- bisarre grammatika, sintaksis, en neologismes;
- aanvanklike geloofwaardige gedagtes in die teks wat duidelik met verloop van die gedagtegang vervaag;
- die duidelike idiosinkratiese en dikwels totale private betekenis wat tot stand kom in die gedagtegang.

Pies (1985: 14) beklemtoon die laaste konsep van die “private gedagtegang”:

In poetry, there is usually a tension between private and public meaning. In schizophrenic writing, there is a drastic skewing toward the private. Further, what appears to be metaphor in schizophrenic writing is often private language. To the extent that this is true, schizophrenic writing becomes less a poem and more a code, or logograph.

Pies (1985: 17, 18) verduidelik dat hierdie private betekenis vir die skisofrenielyer nie gebaseer is op die gewone aard van poëtiese metafoor nie, maar op die idiosinkratiese en hoogs persoonlik-psigotiese nuutskepping van betekenis wat nie van buite toeganklik is nie. Hy verwys na die Franse digter Antonin Artaud wat aan skisofrenie gely het, en stel dit dat “I take Artaud’s words as more or less precise descriptions of his *psychic experience; as presentations, rather than representations* (sy kursivering).” ’n Verdere kritiese onderskeid tussen psigotiese teks en poësie is naamlik dat die skisofrenielyer dikwels sy lyding en psigotiese wêreld letterlik weergee (*presentations*) eerder as om dit poëties-metafories uit te beeld, en hierdie weergawes is gevolglik onverstaanbaar:

The schizophrenic, however, does not merely imagine such worlds – he inhabits them. And his language is not an invitation to join him in an imaginative and enriching journey;



on the contrary, it is an excrescence of his psychic experience – a direct presentation of his private world (Pies 1985: 18).

Volgens Pies (1985: 21) is daar 'n fundamentele verskil tussen die poëtiese metafoor en die skisofrenielyer se “metafore”. Hy verwys na vroeë outeurs oor die psigiatrie se beskrywing van “konkretisering” van gedagtes:

Psychiatrists have spoken of the “concretizing” attitude of the schizophrenic – a phenomenon we have already detailed. But ... a concrete utterance may encapsulate an older, metaphorical core. It is as if a crust had formed round the metaphor, so that the patient is no longer aware of its symbolic origins.

Die kritiese verskil is dat die metafoor vir die digter 'n uitbreiding van betekenis impliseer, maar vir die skisofrenielyer is hierdie betekenis verlore en leef hy/sy “konkreet in die abstraksie”, dit is, die *meta* (my kursivering) van die metafoor is gevolglik verlore. Riffaterre se benadering sou aantoon dat die mimetiese vlak sodanig versteur is deur die ongrammatikaliteit van die skisofrenielyer se teks dat die semiotiese, en intertekstuele dimensies nooit tot verwesenliking kom nie.

Pies (1985: 22) haal vervolgens 'n merkwaardige insident aan om hierdie onderskeid finaal te illustreer:

It is said that James Joyce had brought his psychotic daughter to the eminent Dr. Jung for treatment. Joyce, aware of the peculiarities in his own language, asked Jung what difference there was between his art and his daughter's psychotic expressions. Jung replied, “She falls. You leap.”

Sewell (1985: 50) sluit by die begrippe “leap” teenoor “fall” aan deur haar bespreking van die interaksie van die digter Hölderlin se poësie en sy skisofrenie. Sy identifiseer onsamehangendheid as een van die twee basiese elemente van psigose. Sy kontrasteer die onsamehangendheid van die skisofrenielyer met die skynbare onsamehangendheid van poësie:

Let incoherence ... be called leaps of the mind. Of such nature is guesswork, the refusal or bypassing of logical, practical connections in favor of a leap in the dark, or the apparent dark. That may land us in absurdity and dissolve into laughter, may be a near-miss and hence a clue to something else, or may prove to be the inspired uniting of points known but hitherto unrelated which leads on to points unknown – the having of

a "bright idea," the dawning of a fitting metaphor or analogy. Without this ability to leap and the accompanying readiness to break expectation and sequence, all would be mere linearity and plodding, the prose of life but not the poetry. (My kursivering.)

Sy beklemtoon dat die onsamehangendheid van poësie altyd moet lei tot 'n "bright idea," of "a fitting metaphor or analogy". Dit impliseer uiteraard die ontstaan van 'n semiotiese vlak verby die mimetiese vlak. Sewell (1985: 63) ondersoek vervolgens hoe dit gebeur dat 'n leser die skisofrenielyer se teks lees en dan plotseling tot die gevolgtrekking kom dat dit nie die moeite werd is om verder te soek na betekenis nie. Sy beskryf hierdie oomblik soos volg: "I can intuit no underlying meaning here, and I therefore withdraw my commitment." Sy kontrasteer dit met moeilik interpreteerbare poësie: "I feel the presence in this poem or poems of a hidden coherence accessible to heuristic effort, and I mean to go after it." Sewell (1985: 63) toon aan dat hierdie keuse dikwels gebaseer is op die feit dat in die skisofrenielyer se teks "The fiduciary glue is missing". Sy beskryf die aan- of afwesigheid van die "fiduciary glue" soos volg:

Poetry is heuristic – that I firmly believe. What draws the serious (loving? docile?) reader into the joyful wrestle with a difficult poem is that reader's reliance upon his or her faculty to surmise, reasonably reliably, the hidden coherence, the fiduciary glue of my earlier image. This coherence is always tacit in any true poem, which is merely to say that poems cannot be obvious. Further, mere collocation or collection of images and words, no matter how striking, will not provide it. The reader's taxonomic sense of its presence leads to the acceptance of the poem's or poet's authority, and commitment of mind and self to whatever elucidation, learning, knowledge, may be actively and delightedly wrested from it. Without that intuition, the mind will not trouble itself to make the effort.

Die hermetiese gedig (vgl. die poësie van Gilbert Gibson<sup>29</sup>) wat moeilik sy vrugte oplewer, verskil van die skisofrenielyer se teks in die verborge samehang wat uiteindelik aan die lig kom ná die leser se worsteling daarmee. Hierdie worsteling vereis 'n aanvaarding van die digter of gedig se "authority" en die toewyding van "mind and self to whatever elucidation, learning, knowledge, may be actively and delightedly wrested from it."

---

<sup>29</sup> Lourens, A. 2013. Die moontlikhede van Julia Kristeva se revolusionêre poëtiese taal: 'n ondersoek na 'n leesstrategie vir Gilbert Gibson se hermetiese poësie in [vii]. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging* 25(2): 1-28.

Hierdeur word die sentrale vraag gestel, naamlik gegewe bostaande uiteensetting van die skisofrenielyer se teks, is Blum se “Man wat mal word” as sodanig die teks van ’n skisofrenielyer? Indien ’n mens die gedig meet aan die gestelde kriteria vir die skisofrenielyer se teks, kan die volgende aspekte van ooreenkoms wel aangetoon word:

- Die gedig bevat duidelik bisarre grammatika, sintaksis, en neologismes;
- Die teks toon, soos reeds aangetoon, aanvanklik nog enigszins geloofwaardige gedagtes wat duidelik met verloop van die gedagtegang vervaag, om uiteindelik te eindig in ’n onverstaanbare neologisme;
- Daar kom wel ’n duidelike idiosinkratiese en private betekenis na vore in die gedagtegang van die malman.

Tot dusver lyk dit dus of “Man wat mal word” ’n psigotiese teks sonder “fiduciary glue” of samehang is. Dit bly egter opvallend dat wanneer dit kom by die konkretisering van metafore, hier steeds van ’n kunswerk sprake is en nie van die ontoeganklike teks van ’n skisofrenielyer nie. Die mees voorhande rede is die vormgewing en plasing van die gedig as die laaste in ’n reeks van “Drie uiterstes”. In hierdie reeks word die verlies van “sinne” aangetoon in ’n dinamiese proses van “word”, dit wil sê doof, blind en mal. Die “man wat mal word” beeld ’n proses van disintegrasie uit. Die metafoor setel in die proses en as sodanig kan die leser “sin” maak uit die “metaforiese onsin” wat op diepsinnige wyse die enigszins verstaanbare “madness of the text” (Felman 2003: 251) uitbeeld. Verder beleef mens in die “madness of the text” van “Man wat mal word” ’n voorbedagtheid, ’n berekende versteuring van taal deur die digter, sodat die ongrammatikaliteit wel ’n semiotiese vlak daarstel. Om Sewell (1985: 50) en Pies se aanhaling van Jung (1985: 22) se term te gebruik, “the text leaps”. Binne hierdie semiotiese “leap” is die proses van psigose naamlik sigbaar. Die semiotiese vlak is dan altyd die onderskeid tussen waansin en kuns. Sewell (185: 65) som dit só op: “Poetry and madness – connected or not? Contiguous, I feel bound to say, at the least; yet we do seem able, with some degree of confidence, to distinguish them, to pursue the poetry and to leave the madness alone.”

Dit is hierdie spanning tussen die onverstaanbare en verstaanbare wat van “Man wat mal word” een van die mees verbluffende en meesterlike intertekste tussen poësie en

psigiatrie maak. Dit bly my kontensie dat die psigiatriese hipoteks 'n besliste rykheid bring na, en bydra tot, die meesterlikheid van die hiperteks van "Man wat mal word".

5.2 Gedigte wat die fenomenologie van 'n versteuring uitbeeld, naamlik bipolarêre versteuring: Ronelda Kamfer.

Bipolarêre versteuring is een van die mees komplekse psigiatriese versteurings. Dit is ook sekerlik een van die mees “biologiese” psigiatriese versteurings bekend juis omdat dit etiologies meestal voortspruit uit 'n versteuring van breinfunksie as sielkundige faktor. Dit is 'n gemoedsversteuring en word gekenmerk deur variasies in gemoed tussen uiterstes van maniese of hipomaniese fases, en depressiewe fases. Maniese fases word gekenmerk deur 'n “distinct period of abnormally and persistently elevated, expansive, or irritable mood and abnormally and persistently increased goal-directed activity or energy, lasting at least 1 week and present most of the day” (DSM 5, 2013: 124). Hipomaniese fases word deur dieselfde gemoedstoestand gekenmerk, maar “... is not severe enough to cause marked impairment in social or occupational functioning or to necessitate hospitalization (DSM 5: 2013: 133). Die depressiewe fases word gekenmerk deur 'n depressiewe gemoed en merkbare anhedonie, 'n uitgesproke verlies aan plesierbelewenis. Bipolarêre versteuring word vervolgens verdeel in:

- Bipolarêre versteuring tipe I, die nuwe benaming vir die reeds klassieke beskrywing manies-depressiewe siekte. Hierdie subtipe word gekenmerk deur die opeenvolging van maniese en depressiewe episodes;
- Bipolarêre versteuring tipe II, gekenmerk deur opeenvolging van hipomaniese en depressiewe episodes;
- Siklotieme versteuring: Dit is “bipolar light”, en die siklusse is in sowel die depressiewe as hipomaniese fases baie ligter en verteenwoordig 'n beweging van gemoed wat nie die volle impak het wat bipolarêre versteuring tipe I of II het nie.

Die wesensaard van Bipolarêre versteuring is gemoedsiklusse en gemoedsonstabiliteit. Verskeie geassosieerde kliniese aspekte is beskryf:

- die uiterste versteuring van funksionering wat met die fases gepaard gaan, beide in die maniese (hiperaktief) en depressiewe (beperk) fases;

- die baie hoë selfmoordrisiko wat in die toestand gevind word;
- die algemene komorbiditeit van substansafhanklikheid en angsversteurings;
- die verhoogde oorerflikheid van die toestand;
- die behandeling wat essensieel bestaan uit psigofarmakologiese middels;
- die stryd van lyers aan die toestand om tot aanvaarding van die diagnose te kom;
- die belewenis van lyers dat hulle beskadig, defektief, of “mal” is;
- die belewenis van vervreemding van die leefwêreld en geliefdes deur die onstabiele aard van die toestand.

Daar is baie belangrike verskille tussen die uitbeelding van psigose of skisofrenie in “Man wat mal word” van Peter Blum en die uitbeelding van bipolarêre versteuring in poësie. In “Man wat mal word” is daar sprake van die uitbeelding van die “madness of the text” (Felman 2003: 251), dit is die prosesmatigheid van psigose. Wanneer dit kom by die uitbeelding van gemoedsversteurings is dit baie moeilik om die prosesmatigheid uit te beeld. Die klem in die laasgenoemde uitbeelding setel baie sterk op die uitbeelding van ’n bepaalde gemoedstoestand wat natuurlik lei tot ’n bepaalde sienswyse van die self en die wêreld; dit is “the text of madness” (Felman 2003: 251). Die self en die wêreld word altyd deur ’n affektiewe lens bekyk, en dit is natuurlik ’n wesenskenmerk van alle poësie, naamlik dat die oogpunt van menige gedig vanuit ’n bepaalde affek aangebied word, hetsy vreugde, melankolie, en so meer. In die geval van bipolarêre versteuring is daar twee essensiële gemoedsfases wat elk ’n bepaalde affektiewe toonaard aan poësie kan gee, afhangend vanuit welke fase die digter gewerk het. Lashewicz & Ajmal (2013: 1) bespreek die skryf van poësie deur bipolarêre versteuringlyers en bevind die volgende:

Poetry writing has been used by the second author to bring the struggle of a depressive episode out into the open and to fight depressive entities within. He also uses poetry writing to make sense of manic and mixed episode thoughts and feelings that he characterizes as cryptic, random, racing and reckless. The resulting rhythm and rhyme of the poetry is intended to engage readers through use of images of sadness and rage which are, to some degree, part and parcel of everyone’s life. Thus the poetry may serve as bridge between embodied experiences of those with and without bipolar disorder.

Daar is talle potensiële voorbeelde van gedigte wat bipolarêre versteuring in die Afrikaanse poësie uitbeeld, veral in die werk van Wilhelm Knobel en Ingrid Jonker. Dit is

die uitbeeldings in gedigte van Ronelda Kamfer wat in die kontemporêre Afrikaanse poësie van die mees aangrypende weergawes daarstel.

Die poësie van Ronelda Kamfer is geskryf in Kaapse Afrikaans, met as vertrekpunt die alledaagse lewe op die Kaapse Vlakte, gevul met lyding en armoede. Haar debuutbundel *Noudat slapende honde* is geskryf in die parlando-styl, 'n baie persoonlike verteltrant van openbaring, en by tye amper emosionele blootstelling of naaktheid. Kamfer (2008: 46) verwys direk na Bipolêre versteuring in 'n gedig uit hierdie bundel:

bipolarhoney

I'm a creep, I'm a weirdo. What the hell am I doing here? I don't belong here.

– Radiohead, "Creep"

ek wens ek kon opstaan soos gister  
 gaan was, aantrek, gaan werk soos gister  
 maar  
 vandag is 'n ander gister  
 vandag is alles wat mooi is, lelik  
 en alles wat lelik is, ek  
 miskien is more beter  
 as ek net deur die gevaar  
 van vandag  
 kan kom

Die digter se keuse van titel "bipolarhoney" is paradoksaal. Die gebruik van die aanspreekvorm "honey" word soos volg gedefinieer deur die Cambridge Dictionaries

Online: *honey* noun (PERSON) › [as form of address] mainly US[;] a name that you call someone you love or like very much: Hi, honey, I'm home!<sup>30</sup>

Natuurlik lees mens ook die implikasie van die soetheid van heuning hiermee saam. Die aanspreekvorm verwoord 'n familiêre toegeneetheid van die digter jeens die liriese subjek in die gedig. Dit familiariteit word gekwalifiseer met die samevoeging met "bipolar", en sodoende word die leser bewus gemaak dat hierdie geliefde persoon aan 'n ernstige siekte ly. Verder kom daar onmiddellik 'n kontras tot stand tussen siekte en geliefde, wat heenwys na die aard van die siekte as wisselend tussen "aangename" (maniese fases) en uiters onaangename (depressiewe) episodes. Die digter kies 'n motto uit die lirieke van 'n popliedjie van die groep *RADIOHEAD* genaamd "Creep". Hierdie snit kom uit die popgroep se debuutalbum getitel "Pablo Honey", en Kamfer is duidelik deur die titel geïnspireer in die keuse van haar gedigtitel. Die aanhaling plaas die fokus op die liriese subjek se swak selfbeeld met verwysing na die self as "creep" (lees onaangename vent), of "weirdo" (lees getikte, sonderling, eksentriek), en beklemtoon die liriese subjek se vervreemding van die wêreld waarin hy/sy leef. Die psigiatriese hipoteks aangaande aanvaarding van die siekte, asook die vervreemding van die leefwêreld, word hiermee opgeroep.

Die gedig vertoon duidelik met die eerste deurlees 'n depressiewe ondertoon. Die gedig val uiteen in drie onderdele geskei deur die woorde "maar" en "miskien". In die eerste gedeelte spreek die liriese subjek 'n wens uit om haar funksionering in die hede terug te neem na dié van die dae vooraf. Dit is duidelik dat die hede 'n ingeperkte funksionering impliseer van die mees basiese aspekte van menslike bestaan, naamlik " ... opstaan ... /gaan was, aantrek, gaan werk ... ". Die digter verbeeld hiermee die tipiese ekstreme versteuring van die mees basiese funksies deur depressie, maar altyd bly die hoop om iets beter te beleef behoue. Die voegwoord "maar" lei 'n wending in wat kontrasteer met die "wens" van die eerste gedeelte: die duidelike besef dat die hede die werklikheid van depressie impliseer wat alles, insluitend die "ek" "lelik" maak. Die derde gedeelte word ingelei deur die bywoord "miskien". In kontras met die "wens" van die eerste

<sup>30</sup> <http://dictionary.cambridge.org/us/dictionary/english/honey>, besoek 25 Julie 2016.http



gedeelte word hier nou die hoop uitgespreek vir 'n beter toekoms, net om hierdie hoop ook te veryd, weereens met die “gevaar” van die hede. Hierdie “gevaar” is veelvoudig, maar die grootste gevaar in bipolarêre versteuring is uiteraard selfdood. Die liriese subjek verkeer gevolglik in 'n toestand van selfdoodideeasie.

Die gedig het dus 'n verlede, hede en toekoms. Al drie tydsaanduidings sentreer op die pyn van die hede, wat selfs die toekoms kan besoedel. Die psigiatriese hipoteks bevestig en verryk die aanduidings van Bipolarêre versteuring in die gedig:

- die lyer se vervreemding van die leefwêreld, 'n belewenis van isolasie en disjunksie;
- die selfbeeldproblematiek van die lyer as “creep”, “weirdo”, en lelik. Dit is 'n algemene belewenis van “mal” of beskadig wees deur die versteuring;
- die versteuring van tydsbelewenis deur die hier en nou wat die toekoms uitsigloos en sonder hoop maak;
- die gereelde stryd met selfdoodideeasie. Daar is in die gedig selfs sprake van ‘selfdoodobsessies’ waar die lyer amper aan niks anders kan dink nie;
- laastens die stryd in die lyer om aanvaarding van die toestand.

Kamfer publiseer twee verdere gedigte (2008: 22 23; 2008: 36) in haar debuutbundel *Noudat slapende honde* as uitbreiding van die tema van gemoedsversteurings. Hoewel hierdie twee gedigte nie by name oor bipolarêre versteuring handel nie, kan mens deur die intertekstuele spel van “bipolarhoney” en “OD1” en “OD2” wel so 'n ekstrapolasie waag.

### “OD1”

een nag lê ek in 'n beswyming

terwyl blou en rooi sirens my kom haal

my body word op 'n stretcher gesmyt

ek word met naalde gestek

my kop gaan aan die spin  
van al die ligte en stemme  
bo my kop  
vaal skewe lang skadukoppe  
praat in 'n vreemde taal met my

ek voel of ek vries  
van my tone af  
die kots spuit deur my neus en mond

iemand vloek

ek maak my toe oë toe  
die swaar donker wat oor  
my kop hang sak stadig neer

ek voel of ek slaap  
vas rus diep  
die koue naar seer  
voel ver  
soos agter 'n berg of oor die see

is ek dood?

of het die maltrein

gestop

ek wil nie dood wees nie

miskien

wil ek tog?

weet nie meer nie

kan nie onthou waarom nie

iets kriel in my are

dis die koue wat terugkom

ek wil nog 'n rukkie slaap

net 'n rukkie

of miskien vir ewig

my are kriel erger

ek slaap weer

maar dis moeg-slaap

lang-dag-baie-probleme-slaap

dis vergeet-slaap

dis slaap

om weer wakker te word

Die twee titels van die gedigte “OD1” en “OD2” is sleng afgelei van die term “oordosering” of “overdose” wat ’n term is waarmee pasiënte beskryf word wat onsuksesvolle selfvergiftigingspogings aangewend het. Dit is gevolglik ’n term wat die bipolêre versteuringlyer reduceer tot ’n kritiese uitwysing van ’n gefaalde aksie, een wat desnieteenstaande groot pyn verberg. Dit is ook ’n term wat dikwels deur pasiënte oorgeneem word van kliniese personeel (wat by uitnemendheid dikwels van afkortings gebruik maak om bepaalde kliniese situasies te beskryf, bv. OD, DOA, of FUBAR<sup>31</sup>) as beskrywing van hulle eie selfdoodpogings, aanduidend van die internalisering van die “jargon” van die kliniese, koue mediese model. Die titels plaas duidelik die fokus op selfdood as verskynsel binne gemoedsversteurings. Die hiperteks in hierdie gedigte word op ’n tipiese Kamfer-wyse in die parlando- of verteltrant aangebied, dié van die hoogs persoonlike, interne belewenis of selfs belydenis van hierdie verskynsel. Die term ‘oordosering’ kan ook in hierdie konteks verder gelees word as ’n oorspoeling met die onaangename aard van gemoedsversteurings.

Die liriese subjek is besig om ’n ervaring van die verlede weer te gee, aangedui deur die paradoks van ’n “beswyming” waarin die liriese subjek verkeer, maar die liriese subjek is steeds in staat om die detail van die ervaring in die eerste persoon in die hede te beskryf. Strofes twee tot vier word in die lydende vorm aangebied en verbeeld ’n uitlewering aan die noodpersoneel wat “my kom haal”/body ... op ’n stretcher gesmyt/ ... met naalde gesteek”. Die subjektiewe belewenis van ontbloting, indringing en uitlewering van ’n persoon wat deur ’n selfdoodpoging gaan, word hierdeur grafies verbeeld.

Die liriese subjek verskuif nou na die interne liggaamlike belewenis van hierdie krisis. Tydens selfvergiftigingspogings beleef die persoon ekstreme nuwe-effekte van die middel waarmee “oordoseer” is, in hierdie geval:

---

<sup>31</sup> OD = “overdose”  
DOA = “dead on arrival”  
FUBAR = “fucked up beyond repair”

- duiseligheid (“kop spin”);
- visuele versteurings soos dowwe visie en visuele illusies (“ligte en stemme/bo my kop/vaal skewe lang skadukoppe”);
- versteurings van die helderheid van bewussyn soos middelgeïnduseerde delirium waartydens aspekte soos begrip vir taal versteur is (“praat in ’n vreemde taal met my”);
- versteurings van liggaamstemperatuurregulering en -afkoeling, want die persoon is dikwels liggaamlik ontbloot tydens resussitasie (“ek voel of ek vries/van my tone af”);
- braking (“die kots spuit deur my neus en mond”);
- ekstreme vrees vir en belewenis van vyandigheid van die resussitasiepersoneel (“iemand vloek”).

Die liriese subjek verskuif nou van die liggaamlike na die psigiese ervaring. Die “beswyming” of stupor is besig om te verdiep (“ek maak my toe oë toe/die swaar donker wat oor/my kop hang sak stadig neer//ek voel of ek slaap/vas rus diep”. Die liriese subjek is bewus dat die lyding vervaag (“die koue naar seer/voel ver/soos agter ’n berg of oor die see”). Die “ver”-gevoel is dikwels die laaste fase voor volle koma intree, en word gekenmerk deur ’n buiteliggaamlike belewenis (*out-of-body-experience*). Die volgende reeks vrae wat die liriese subjek stel is dikwels fisies onmoontlik om te vra, en verteenwoordig die persoonlike verwerking van die liriese subjek wat terugkeer na die vertelstyl oor ’n historiese gebeurtenis: “is ek dood?/of het die maltrein/gestop”. Hier lees ons die moontlike psigiese motivering vir die hele selfdoodpoging, naamlik om die “maltrein” te stop: die lyer sal dikwels meedeel dat die lyding net te intens geword het en dat die behoefte ontstaan om hierdie “malle vaart met ’n wegholtrein” (“maltrein”) te laat ophou deur selfdood. Forgeard (2008: 81) het ’n linguïstiese analise gedoen van die tekste van skrywers wat aan bipolêre versteuring en unipolêre (“gewone”) depressie ly, en dit vergelyk met die tekste van ’n kontrolegroep normale skrywers. Sy bevind dat “Bipolar writers referred to death more than did unipolar writers”.

Vervolgens volg ’n beredenering deur die liriese subjek bekend as “selfdoodintensie”. In die kliniese analise van selfdood as verskynsel is daar twee faktore wat onafhanklik staan

in die analise, naamlik letaliteit en intensionaliteit. Letaliteit verwys na die dodelikheid van die keuse van tegniek om selfdood te pleeg, byvoorbeeld ophang of spring-van-hoë-hoogtes dra hoë letaliteit, en laedosisselfvergiftigings of “krappe op die polse” dra lae letaliteit. Intensionaliteit word beskryf as die ware bedoeling van die persoon wat die selfdoodpoging aanwend, óf om werklik te sterf, óf om slegs ’n noodroep om hulp te maak deur ’n selfdoodgebaar. Daar bestaan gevolglik ’n spektrum van intensie wat die aksie van ’n selfdoodpoging motiveer. In die geval van die liriese subjek van die gedig kom daar vervolgens duidelike ambivalensie aan die bod: “ek wil nie dood wees nie/miskien//wil ek tog?/weet nie meer nie/kan nie onthou waarom nie ... //ek wil nog ’n rukkie slaap/net ’n rukkie/of miskien vir ewig”. Oyebode (2009: 28-29) verwys na hierdie ambivalensie oor selfdood en stel dit dat “[a]lthough it is true that feelings of hopelessness and desperation abound and that suicidal thoughts can be ever present, there is also ambivalence. The desire to die is not always thoroughgoing and irresistible. It can be matched by an equal desire to stay alive.” Hierdie ambivalensie is dikwels aanduidend van laer intensionaliteit. Die feit dat die liriese subjek van die gedig in staat was om die verhaalgedig te skryf en dus die totale selfdoodpoging oorleef het, kan ook op lae letaliteit dui. Die kliniese beskrywing van die stupor dui dat die liriese subjek wel gekies het om die selfmoordpoging met gevaarlike middels aan te wend, en dit dui op hoër letaliteit.

Die volgende terme kan nou ingespan word om die selfdoodpoging van die liriese subjek te analiseer:

- lae letaliteit en lae intensionaliteit lei tot ’n “selfmoordgebaar” met dikwels die intensie om óf aandag van die omgewing te bekom, of hulp te probeer soek op ’n gevaarlike en onvolwasse wyse;
- lae letaliteit en hoë intensionaliteit lei tot ’n “gefaalde selfdood” waar die bedoeling was om werklik te sterf, maar die keuse van metode was te swak daarvoor. Hierdie groep verteenwoordig ’n populasie van psigiatriese pasiënte wat oor die algemeen aan ernstige grade van psigiatriese versteurings ly, dus ernstig siek is;

- hoë letaliteit en intensionaliteit lei tot voltooide selfdood waar die persoon wou sterf en 'n effektiewe metode gebruik het om dit te bereik;
- hoë letaliteit en lae intensionaliteit lei tot 'n "toevallige selfdood" waar die persoon nie werklik wou sterf nie, maar sonder bedoeling 'n effektiewe metode gekies het.

Gebaseer op die aspekte soos vergestalt in die gedig kan 'n mens beweer dat hier 'n situasie kon wees van 'n gefaalde selfdood.

Uiteindelik herwin die liriese subjek haar bewussyn: "iets kriel in my are/dis die koue wat terugkom//my are kriel erger". Daar is onaangename sensoriese waarnemings wat terugkeer soos die intoksikasie opklaar. Daar is steeds die ambivalensie oor die terugkeer na die volle bewussyn van die lewe. Die selfdoodpoging het slegs tydelik die pyn verlig, en daar is gevolglik die antisipasie van verdere lyding, maar ook altyd die behoefte om te kan "vergeet": "ek slaap weer/maar dis moeg-slaap/lang-dag-baie-probleme-slaap/dis vergeet-slaap/dis slaap/om weer wakker te word".

Die volgende gedig met die gepaarde titel "OD2" is duidelik in dieselfde trant geskryf as "OD1".

### OD2

ek't gehoop ek is 'n DOA

dit sou die night nurse baie moeite gespaar het

ek like nie die hype wat met teenage drug addicts gepaardgaan nie

alles is anyway obvious

10 dae lank het ek vir myself 'n slow release opgebou

die so-called friends het gedink

ek's maar net 'n bietjie blou

maar ek was vir 'n tyd lank al gitswart

10 dae lank het ek gebinge op alles  
 nie omdat ek permanently kak gevoel het nie  
 maar omdat ek wou  
 ek wou nie hulp hê nie  
 ek wou opfok omdat dit is wat fokkops doen  
 al die dokters al die programmes  
 en nie een van hulle kon sien dat ek die heel fokken tyd stoned  
 was nie

met my weekend pass uit die fancy clinic vir fokkops  
 op die 10de dag het ek 'n hardcore comedown experience  
 en vir die eerste keer in jare het ek gehuil  
 maar die pity party was van korte duur  
 by die huis het ek gaan bad  
 my laaste stash drugs gedown  
 warm pajamas aangetrek  
 my polse nice en diep gesaag  
 en 'n hand vol prescription drugs gesluk

Die gedig open in die eerste strofe met die hoop om DOA te wees, dit is 'n mediese afkorting vir "Dead on arrival". Soos met "OD" is DOA weereens 'n mediese afkorting vir 'n persoon wat met aankoms by 'n noodeenheid reeds dood is en gevolglik geen verdere behandeling of sorg benodig nie. Hierdie term roep die mediese objektivering van



ekstreme en onstellende situasies op. Die liriese subjek van hierdie gedig wens om reeds dood te wees met aankoms by 'n hospitaalnoodeenheid, en skep duidelik 'n indruk dat daar geen gevoel of empatie meer met die self is nie. Hierdie afsydige houding is dikwels kenmerkend van ekstreme selfdoodideeë en die geassosieerde “opgee-houding”. In “OD2”, anders as “OD1”, is daar vervolgens veel meer beskrywings van die interaksie met mediese personeel en vriende en familie. Die liriese subjek ironiseer haar afsydige houding jeens haarself: “dit sou die night nurse baie moeite gespaar het” – sy sien haarself as sodanig as van geen belang meer nie en wil nie die verpleegster moeite aandoen met haar siekte nie. Sy beleef ook dat die mediese personeel nie die volle omvang van haar cannabismisbruik insien nie (“stoned” is dikwels 'n term vir cannabisintoksikasie): “al die dokters al die programmes/en nie een van hulle kon sien dat ek die heel fokken tyd stoned/was nie”. Selfs vriende het haar toestand beoordeel as “net 'n bietjie blou”: “die so-called friends het gedink/ek's maar net 'n bietjie blou/maar ek was vir 'n tyd lank al gitswart”. Hierdie keuse van kleure vir gemoed spruit uit die Engelse terme “blue mood” of “black mood”, en die digter kies hierdie kleure amper as “trappe van vergelyking” vir die intensiteit van haar depressie. Die “swart” is ook 'n verwysing na “melankolie”, afgelei van die antieke Griekse term vir swart gal wat een van die vier basiese “liggaamsvogte” was, en waarvan die ophoping in die liggaam, volgens die antieke Griekse siening, gelei het tot depressie. Sy beleef ook die kliniek waar sy opgeneem is as 'n “fancy clinic vir fokkops”, aanduidend van die eksklusiewe aard van die kliniek in kontras met haar eie belewenis van minderwaardigheid.

'n Verdere aspek wat deur hierdie gedig uitgebeeld word, is die rol van middels van misbruik in die verergering van bipolêre versteuring: “het ek gebinge op alles .../omdat ek wou”; “ek die heel fokken tyd stoned/was”; “my laaste stash drugs gedown”. Middelmisbruiksversteuring is baie algemeen ko-morbied met bipolêre versteuring. Hierdie middels van misbruik is gemoedsdestabiliseerders en vererger die gemoedsonstabiliteit van bipolêre versteuring. Sodoende dra hierdie middelmisbruik uiteraard by tot selfdoodpogings, en is insigself 'n vorm van selfvergiftiging.

Die laaste strofe beeld 'n werklike en tragiese kliniese scenario uit wat dikwels na behandeling in psigiatriese hospitale gevind word: die liriese subjek is ontslaan en het waarskynlik die volle omvang van haar depressiewe gemoed vir die personeel verberg. Tuis het sy wel weer 'n mate van gevoel vir haarself teruggekry ("eerste keer in jare het ek gehuil/maar die pity party was van korte duur") net om weereens in die depressiewe fase te verval en weereens 'n selfdoodpoging aan te wend.

Laastens moet dit ook aangetoon word dat daar in hierdie twee gedigte, "OD1" en OD2", 'n besliste ondertoon van woede teenwoordig is. Hierdie toon kenmerk die poësie van Ronelda Kamfer wat vanuit die armoede van die Kaapse Vlakte skryf. Maar dit is beslis ook 'n emosionele aard wat by sommige pasiënte met bipolêre versteuring gevind word omdat:

- daar woede is oor die diagnose wat nog nie verwerk en aanvaar is nie;
- daar woede is teen die mediese personeel se soms koue en gebrekkige hantering van die toestand;
- woede deel uitmaak van bepaalde fases van die versteuring soos tydens geïrriteerde maniese, of geïrriteerde depressiewe fases.

Vervolgens word verskeie aspekte van bipolêre versteuring uitgebeeld:

- die uiterste belewenis van die verlies aan eie waarde;
- die belewenis van vervreemding van die mediese personeel;
- die verberging van die ware diepte van depressie en gepaardgaande selfdoodideeë, dikwels aanduidend van 'n dreigende selfdoodpoging, en hoë intensionaliteit vir selfdood;
- die feit dat geliefdes en vriende geen werklike besef het van die graad van depressie nie, of deur die lyer ook daarvan uitgesluit is.
- Die bydrae van middelmisbruik tot die destabilisering van bipolêre versteuring;
- Die genoemde woede en irritasie.

Die navorser hoop om in die analise van die bostaande drie gedigte aan te toon dat die hiperteks van die gedigte 'n bepaalde uitbeelding van gemoedstoestande en oogpunte op die leefwêreld na die psigiatriese hipoteks bring. Dit stel die mens in die versteuring weer voorop en dwing die (psigiater-)leser om hierdie gemoedstoestand van binne te beleef. Die psigiatriese korpus (hipoteks) bring op sy beurt weer 'n bepaalde detailbegroning oor die aard van die versteurings teweeg. Die psigiatriese templaar verryk die leeservaring van die gedigte en voeg lae tot die semiologie toe wat andersins, sonder die psigiatriese oogpunt, verlore sou gaan.

Hierdie gedigte vergestalt myns insiens ook presies wat Kofman “skryf sonder mag/krag” genoem het. Volgens Stone (2004: 52) (*vide supra*) behels hierdie vorm van skryf die teenstaan van die tradisionele lewensvertelling se beginsels van retrospektiewe opsomming en “slotsom”, reglynigheid, eenheid en samehang. Kofman stel dit soos volg: “To speak: it is necessary – without the power: without allowing language, too powerful, sovereign, to master the aporetic situation, absolute powerlessness and very distress, to enclose it in the clarity and happiness of daylight (Kofman, 1998: 10). Kamfer se gedigte beliggaam iets van hierdie “skryf sonder mag”, veral deur die kenmerkende parlando-styl wat in staat is om magteloosheid en lyding te kan omsluit in die helderheid en geluk van daglig. Dit vergestalt “[an] attempt to give voice to a language beyond the authority of an author”; dit is “a writing without being able to write [...] the impossible writing which is not of the order of intentionality and power” (Stone 2004: 52). Hierdie “skryf sonder mag” opponeer juis die biomediese standpunt oor waansin, wat gevolgtrekkings wil maak, ophelderling vind, verklarings gee, en veral oplossings wil aanbied. Biografiste van waansin toon dikwels die teenoorgestelde aan: die misterie en onverklaarbaarheid van waansin. Hierdie gedigte van Kamfer kan by uitnemendheid die misterie en onverklaarbaarheid vasvang en emotief uitbeeld. Felman & Laub (1992: 29–30) stel dit dat poësie verby die eie vermoë spreek, en gevolglik kan getuig van troumas wat net gedeeltelik “geken” is. Die poëtiese getuienis van waansin en trouma kan selfs ruimte bied om die ontvouende gevolge van waansin en trouma verder te laat “gebeur” en ontvou tydens die vertelling daarvan. Die “skryf sonder mag” skep ruimte vir andersheid, asook dit wat nie verstaan en geassimileer kan word nie. Volgens Stone

(2004: 54) word “narrative selfhood ... connoted not as atomistic and contained, but as something labile that cannot be completely known.” Stone (2004: 54) beklemtoon dat die “skryf sonder mag” altyd moet plaasvind vanuit die “ek”, dit wil sê die eie identiteit: Waansin fragmenteer die “ek” en die vertelling daarvan kan gevolglik die self-agentskap herstel deur die vertelling te setel in die “ek”. Die vertelling oor waansin kan terselfdertyd ook die andersheid weergee, “remaining attentive and open to the unexpected, the mysterious, to dislocation and uncertainty – rather than imposing a rigid conceptual framework on the interior realm” (Stone 2004: 55). Dit is by uitnemendheid wat Kamfer hier vermag.

### 5.3 Gedigte wat psigiatriese versteurings as metafore benut: Wilma Stockenström

Psigiatriese versteurings verleen sigself geredelik tot digterlike materiaal: Dit verteenwoordig uiterstes van menslike belewenis en konfrontasie met van die mees gevreesde menslike krisisse soos “die verlies van jou verstand” of “mal-word”. Psigiatriese versteurings betrek ook verder die uiterstes van die eksistensiële dimensies soos angs, depressie, psigose en uiteindelik die dood en doodsvrese. Psigiatrie is besaai met bruikbare metafore! Dit is voor die hand liggend dat die Afrikaanse poësie by hierdie skatkis van metaforiek sal gaan leen.

Wilma Stockenström publiseer in 1976 die bundel *Van vergetelheid en van glans* en verwerf die Hertzogprys vir poësie daarvoor. Die volgende gedig is daarin opgeneem (Stockenström 1976: 31):

#### **By die dood van 'n swaksinnige**

Vermetel altyd anderpad gekyk of sommer  
dwarsdeur die skeef geskuifel oor klippers  
van ou Piet Goeries en daai Anna-kind,  
die een met die ruk-arms. Daar was meer.

Geleer om te aanvaar: mankes, gehalveerdes,  
dié wat pure borskas tussen twee groot wiele  
op jou afgeduiwel kom en jou skene  
net-net mis. Dit was alles nog mens.

Hulle, daarenteen, die liggaam skoon  
ontwikkel, hulle hou wat hulle het.

Hulle in die land van anderkant  
 weet te veel en lyk so dromend mooi

en soms vertrek hulle gesigte tot grimas  
 en soms brul die monde van 'n helse paradys.

Toe jy grinnik, toe jy grens, het ek nie getolk.  
 Toe jy mens gespeel het, was ek toe,

my kwylende maat, die gebrekkige was ek.

Noudat jy dood is en heeltemal heel  
 kan ek gelate jou lyk laat wegkarwei  
 gehul in plastiek soos 'n vrug wat ryp word,

noudat jy dood is en die oordeel ongeldig.

Hitge (1985) oordeel dat 'n subtema van die dood as transformerende krag in die bundel *Van Vergetelheid en van Glans* aanwesig is. Hy kontrasteer twee naasliggende gedigte in die bundel, naamlik "Vader oor seun" en die bostaande gedig. Hitge verwys na die feit dat die eerste gedig aantoon dat die dood reeds by die oomblik van bevrugting teenwoordig is. Die kontras tussen die twee gedigte lê in die volmaaktheid van die tienerseun se liggaam wat die vader beny, en die onvolmaaktheid van die gestremdes wat in eerste agt versreëls van die tweede gedig, "By die dood van 'n swaksinnige", uitgebeeld word.

Stockenström betrek in hierdie eerste twee strofes op intertekstuele wyse neurologiese en ortopediese toestande:

- “die een met die ruk-arms”: neurologiese siektes met tremore of abnormale bewegings as deel van die kliniese beeld, soos Parkinson se siekte of selfs epilepsie;
- “manke”: byvoorbeeld hemiplegie ná beroerte of verlamings ná polio;
- “gehalveerdes”: byvoorbeeld mense met amputasies;
- “dié wat pure borskas tussen twee groot wiele/op jou afgeduiwel kom”: paraplegie of ander toestande wat vervoer in ’n rystoel sou verg.

Op uiters ironiese wyse skryf die digter: “Dit was alles nog mens.” Ten spyte van die skending van die liggaam is hierdie wesens nog herkenbaar as mense. Met hierdie mense word “Hulle in die land van anderkant/weet te veel en lyk so dromend mooi” gekontrasteer, naamlik die swaksinniges. Die *HAT*<sup>32</sup> definieer “swaksinnig” as:

**swak·sinnig** *b.nw.* [-e] (w.g. verouderend) Swak van verstand; verstandelik gestrem(d):  
 ’n Swaksin’nige kind. ♦ [ook *selfst.*] Skool vir swaksinniges. > **swaksinnigheid**.

Hier is sprake van ’n persoon met ’n intellektuele gebrek. DSM-5 (2013: 33) gee die volgende diagnostiese kriteria:

Intellectual Disability (Intellectual Developmental Disorder)

Diagnostic Criteria: Intellectual disability (intellectual developmental disorder) is a disorder with onset during the developmental period that includes both intellectual and adaptive functioning deficits in conceptual, social, and practical domains. The following three criteria must be met:

- A. Deficits in intellectual functions, such as reasoning, problem solving, planning, abstract thinking, judgment, academic learning, and learning from experience, confirmed by both clinical assessment and individualized, standardized intelligence testing.
- B. Deficits in adaptive functioning that result in failure to meet developmental and sociocultural standards for personal independence and social responsibility. Without ongoing support, the adaptive deficits limit functioning in one or more activities of daily life, such as communication, social participation, and

<sup>32</sup> Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, F.H. (reds.) 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Sesde uitgawe, p. 1302. Kaapstad: Pearson. [www.longman-hat.co.za/tuis.html](http://www.longman-hat.co.za/tuis.html)

independent living, across multiple environments, such as home, school, work, and community.

C. Onset of intellectual and adaptive deficits during the developmental period.

In die gedig word die kliniese kenmerke en komplikasies van intellektuele inperking uitgebeeld. Daar is sprake van 'n "land van anderkant", asof die "swaksinnige" in 'n wêreld van sy/haar eie leef. Dit verteenwoordig die kommunikatiewe onbereikbaarheid van die "swaksinnige". Poëties beeld dit ook 'n belewenisveld uit anders as die normatiewe belewenisveld van gewone mense, 'n sentrale tema in die uitbeelding van waansin wat reeds in die literatuuroorsig aangetoon is. Hierdie andersheid of afwykendheid daag die liriese subjek van die gedig uit en roep haar tot verantwoording, en as sodanig vorm dit die basis van die skuld en uiteindelijke "oordeel". Die liriese subjek stel dit naamlik by implikasie dat dit 'n plig sou kon wees om die wêreld van die "swaksinnige" te betree. Maar dan "vertrek hulle gesigte tot grimas/en soms brul die monde van 'n helse paradys./Toe jy grinnik, toe jy grens": Intellektuele inperking word dikwels gekompliseer deur emosionele uitreagerende gedrag wat geweld, skreeuery en huil kan insluit, letterlik "'n geweene en gekners van tande".<sup>33</sup> Dit is juis hierdie gedragskomplikasies wat intellektueel gestremde mense moeilik maak om mee saam te leef, of selfs gevaarlik kan aandoen.

Die oksimoron "helse paradys" vang iets vas van die ontstellende aard van die gedragskomplikasies en impliseer 'n wisseling van "helse" na "paradys": Die intellektueel gestremde persoon kan dikwels hierdie onvoorspelbare wisseling van emosionele belewenis toon. Die organiese basis daarvan setel in die verlies van beheer van die bewuste en beredeneerde aspekte van breinfunksionering, gesetel hoofsaaklik in die serebrale korteks of "grysstof", oor die meer primitiewe, emosionele limbiese brein, waar aggressie, depressie, angs, en die seksuele funksies uitgedruk word. Hierdie "helse paradys" mag ook psigotiese simptome betrek, aangesien daar 'n verhoogde

---

<sup>33</sup> Lukas 13.28: "Daar sal geweene wees en gekners van die tande, wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete in die koninkryk van God sal sien, maar julle self uitgedryf buitentoe."



insidensie van psigose en skisofrenie gevind is in pasiënte met intellektuele gestremdheid.<sup>34</sup>

Hier is sprake van 'n psigiatriese versteuring waarin die intellektuele kapasiteit van 'n mens aangetas is deur 'n biologiese faktor, en wat lei tot inperkings van “reasoning, problem solving, planning, abstract thinking, judgment, academic learning, and learning from experience” (DSM-5 2013: 33). Hierdie gebreke lei tot 'n versteuring van aanpassende funksionering sodat daar nie aan die eise van ontwikkelings- en sosiokulturele standaarde vir die bereiking van persoonlike onafhanklikheid voldoen word nie. Die gevolg is dan veral die beperking van kommunikasie, wat juis van uiterste belang vir die intertekstuele dimensie van bostaande gedig is.

Die liriese subjek bevind haarself in die posisie dat sy, by terugskouing na die dood van die intellektueel gestremde persoon, aan haarself moet erken dat “Toe jy grinnik, toe jy grens, het ek nie getolk./Toe jy mens gespeel het, was ek toe, //my kwylende maat, die gebrekkige was ek.” Hier is sprake van 'n bepaalde verhouding tussen die swaksinnige persoon en die liriese subjek. Die liriese subjek het oor tyd “Geleer om [die fisiese gestremde persone in die alledaagse lewe] te aanvaar”. Die liriese subjek bely nou dat sy nie oop was vir die pogings van die swaksinnige “Toe jy mens gespeel het” om te kommunikeer nie, want die spreker “was toe”, en is die liriese subjek die een met die gebrek. Tog sien ons uit die psigiatriese hipoteks dat die persoon met intellektuele inperking eintlik die een is wat nie aan die aanvaarde standaard van menslike kommunikasie voldoen nie. Hoekom word hierdie paradoks aangebied, naamlik dat die liriese subjek die gebrek aanvoel terwyl dit duidelik die “swaksinnige” is wat nie kan kommunikeer nie? Hierdie verskynsel is baie algemeen by die geliefdes van persone met psigiatriese versteurings: Die geliefdes beleef die inperking van kommunikasie intens en neem gevolglik intens persoonlik daarvoor verantwoordelikheid. Hierdie verskynsel word in die kognitiewe terapie<sup>35</sup> “verpersoonliking” genoem. Volgens Wright, Thase &

---

<sup>34</sup> Deb, S, Thomas, M. & Bright, C. 2001. Mental disorder in adults with intellectual disability. 1: Prevalence of functional psychiatric illness among a community-based population aged between 16 and 64 years. *Journal of Intellectual Disability Research* 45(6): 500.

<sup>35</sup> “Cognitive therapy is based on the cognitive model, which states that thoughts, feelings and behavior are all connected, and that individuals can move toward overcoming difficulties and meeting their goals

Beck (2014: s.p.) behels dit “Linking external occurrences to oneself (e.g., taking blame, assuming responsibility, criticizing oneself) when there is little or no basis for making these associations.”<sup>36</sup> Kearny (2001: 583) stel dit dat navorsing oor families se reaksie op persone met intellektuele inperking

... describes parental reactions of fear, denial, anger, frustration, guilt, grief and mourning following the initial impact of diagnosis of severe impairment in a child, summarized ... as the ‘trauma of dashed expectations’ ... These are merely the beginning of chronic, relentless stress, accompanied by continued sadness and, consequently, ongoing distress and dysfunction in families is implicit ...

Die basis van die paradoks wat die digter uitbeeld is verpersoonliking en skuld. Laasgenoemde spruit dikwels uit die belewenis van die ouer dat “ek jou in die lewe gebring het en daarom verantwoordelik is vir alles wat met jou verkeerd gaan.” Die liriese subjek in hierdie geval spreek die “swaksinnige aan” as “my kwylende maat” en daar word nie ’n ouerlike verhouding nie, maar eerder vriendskaplike verhouding geïmpliseer. Hier vind in Rifaterre se terme ’n “ongrammatikaliteit” plaas. Dit is hier waar die mimetiese dimensie oorgaan in die metaforiese en semiotiese dimensie: Die “swaksinnige” is slegs ’n “maat”, ’n kennis, wat gekontrasteer word met mense met fisiese gebreke. Die “swaksinnige” word hierdeur ’n metafoor van ’n versteurde, en abnormale lewe wat vir die liriese subjek ontoeganklik was. Dit is uiteindelik die dood van die “swaksinnige” wat toelaat dat die liriese subjek haarself van die aanklag wat die ontoeganklikheid van die swaksinnige se wêreld teen haar rig, kan vrywaar deur “gelate jou lyk [te] laat wegkarwei/gehul in plastiek soos ’n vrug wat ryp word”.

Die finale versreël bring ook die uiteindelige verdieping en skrypende ironie tot stand: “noudat jy dood is en die oordeel ongeldig”. Is dit beoordeling of véroordeling wat in “oordeel” uitgedruk word? In beoordeling is die taksering van die psigies normale liriese subjek van die “swaksinnige” nou ongeldig aangesien die dood die onsigbare psigiese abnormaliteit van die swaksinnige uitgewis het en slegs ’n ongeskonde liggaam nalaat

---

by identifying and changing unhelpful or inaccurate thinking, problematic behavior, and distressing emotional responses.” (s.p.) [https://en.wikipedia.org/wiki/Cognitive\\_therapy](https://en.wikipedia.org/wiki/Cognitive_therapy), besoek 25 Augustus 2016.

<sup>36</sup> Wright, J.H., Thase, M.E., & Beck, A.T. 2014. Cognitive-Behavior Therapy, in *The American Psychiatric Publishing Textbook of Psychiatry*, Sixth Edition. March 2014. s.p. by <http://psychiatryonline.org.uplib.idm.oclc.org/doi/full/10.1176/appi.books.9781585625031.rh32>, besoek 25 Augustus 2016.

“soos ’n vrug wat ryp word”; in veroordeling staan die liriese subjek aangekla van haar onvermoë tot kommunikasie en begrip, maar die dood het die faling uitgewis en oordeel ongedaan gemaak, en die “swaksinnige” staan vrygeskeld van enige oorblywende aanklag van abnormaliteit vanweë die transformerende aard van die dood wat die abnormaliteit uitwis en “ongeldig” maak.

Die psigiatriese versteuring van intellektuele gestremdheid tree hier metafories op vele vlakke op:

- die onverstaanbaarheid en ontoeganklikheid van kommunikasie met enige “ander” of vreemde mens;
- die beroep wat die ontoeganklikheid doen op die “normale” mens om buite die self uit te reik na psigiatriese siek mense;
- die uiteindelijke transformerende aard van die dood wat alles gelyk maak.

Wilma Stockenström (1970: 16) publiseer in *Vir die bysiende leser* ook die gedig “Gesertifiseer”.

#### “GESERTIFISEER”

Ek kan genoeg gloeilampies koop om al  
my vertrekke lewenslank te belig,  
maar ek verkies die skemer en skemermense  
wat voor die droom van dromend lewe swig.

Ek kan ’n absoluut betroubare fisiologiese hartklep  
aanskaf, gemaak van polipropileen,  
maar liefse lewe ek hortend en hinkpink,

afwykend stug, totdat die harde reën

die huise van die laaste eeu smelt,

totdat taal in al sy uitinge verval.

As mens, tot pyn in staat, wil ek leef,

die uiterste mens, gesertifiseer mal.

Anker (2003: 126) is van mening dat “[e]en van die eerste kenmerke van Stockenström se poësie wat die leser opval, is die onrus wat gestig word met die woordspelings en stemmings, die gereelde sinisme en die soms roue realisme. Dit word dadelik duidelik dat hierdie digter sterk oortuigings het wat staan teenoor die aanvaarde, idealistiese metafisika.” Hy (2003: 138) bespreek die gedig soos volg:

Haar ondergraving van sekerheid word duidelik uitgedruk in die gedig “Gesertifiseer” ... Sy “verkies die skemer en die skemermense/wat voor die droom van dromend lewe swig”. Sy doen dus bewustelik afstand van die soeke na ’n begrondende sentrale waarheid, maar verkies die spel in die skemer, in die tussentoestand, tussen begrensdeheid en vryheid in die droom. Sy sal nie toegee aan die verleidings van die rasonele, gestruktureerde lewe met sy valse sekuriteite en vergemaklikings (“gloeilampies”, “hartklep” “van polipropileen”) van die bestaan nie. Sy kies eerder om in eerlikheid teenoor haarself “hortend” te leef “totdat taal in al sy uitinge verval”.

Die digter benut in die laaste twee versreëls die begrippe “gesertifiseer” en “mal”. Die malheid/waansin setel in die afwysing van enige vorm van wetenskaplike of mediese hulpmiddel om haar lewens- en fisiese beperkings aan te vul of te genees. Hierdie afwysing fokus op die liriese subjek se diepliggende wantroue in taal: “totdat die harde reën//die huise van die laaste eeu smelt,/totdat taal in al sy uitinge verval.” Die “huise” is nie net die mensgemaakte habitat nie, maar verteenwoordig ook haar wantroue in “die aanvaarde, idealistiese metafisika”, ons mensgemaakte ideologiese huise. Hierdeur kom die malheid tot stand: Die digter is afwykend, weier die aanvaarde standpunte en oogpunte van die Westerse samelewing. Anker (2003: 138) som op: “Om hierdie rede,

weet sy ook, sal sy as mal geklasifiseer word deur die samelewing. Haar ongeloof in taal en die strukture van die logosentrisme maak haar afwykend, mal.”

Daar is reeds in die literatuuroorsig verwys na die werk van Feder (1980: 279) waarin sy aandui dat waansin histories in die literatuur uitgebeeld is as uitdrukking van die stryd vir psigiese integrasie met die sosiale raamwerk. Individuele regressie en disintegrasie word uitgebeeld as strewes na die realisering van ’n “self” teenoor die beperkings van die samelewing. Feder (1980: 280) se siening ondersteun die oogpunt van Anker (2003) se artikel dat Nietzsche se filosofiese wantroue in taal grondliggend is aan die verwerping van die rasonele en die aanhang van individuasie: “The commitment to non-egoic transcendence of hitherto known reality is based on the belief that only an individual rebirth into undifferentiated mystic apprehension can restore the mind alienated from the products of rational consciousness.”

Hier is sprake van die uitgebreide metafoor van waansin of “malheid” wat op ’n bepaalde wyse as “afwykend van die norm” benut word en “die basis van selfaktualisering” vorm. Die metafoor betrek een van die duidelikste kontraste met die psigiatriese hipoteks: Psigose of waansin is in die meeste gevalle geen bereiking van die persoonlike ideaal nie, maar eerder ’n pynlike, versteurde toestand waarin kontak met die werklikheid intens verlore gaan. Dit is juis waar die basiese konsepte van intertekstualiteit soos uiteengesit deur Rifatterre ter sprake kom. Soos reeds in die literatuuroorsig van intertekstualiteit aangetoon is, dui Allen (2000: 119) aan dat tekste vir Rifatterre veelseggendheid skep uit die transformasie van die sosiaal-normatiewe diskoerse, met ander woorde die sosiolek, en in hierdie geval die psigiatriese hipoteks of sosiolek. Die teks se veelseggendheid berus op die inversie, omskakeling, uitbreiding en jukstaposisie van die sosiolek na ’n idiolek. Die digter voer ’n bewuste inversie van die psigiatriese hipoteks van psigose as pynlike emosionele toestand in die gedig uit om aan te toon dat haar verwerping van die logosentrisme ook ’n pynlike toestand is, “hortend en hinkpink,/afwykend stug”, maar een waarin sy op teenoorgestelde wyse van die essensie van psigose, “uiterste mens” word. Hierin beeld sy ook die literêre idealisering van waansin as transformerende krag uit.

Die titel van die gedig “Gesertifiseer” is in die bostaande konteks van uiterste belang. Die *HAT*<sup>37</sup> definieer sertifiseer soos volg:

**ser-ti-fi-seer** *ww.* [het ge~]

1. (deur middel van ’n sertifikaat) verklaar dat iets waar/eg is ...
2. deur ondertekening bevestig ...
3. ná deeglike mediese ondersoek verklaar dat iemand aan ’n ernstige psigiatriese toestand ly en gevolglik in ’n inrigting versorg moet word.

[Latyn *certus* seker + *facere* maak]

Die digter benut die eerste betekenis in haar gedigtitel deur te impliseer dat hier iets waar en egs uitgebeeld word, naamlik die aktualisering van menslikheid deur die afwysing van logosentrisme. Dit is veral die derde betekenis van “sertifiseer” wat in terme van die psigiatriese hipoteks belangrik is. “Sertifisering” is ’n uitgediende term wat in die sosiolek ingeburger is. Die term is in die huidige uitgawe van die Wet op Geestesgesondheidsorg (MENTAL HEALTH CARE ACT 17 OF 2002) gewysig na “onwillekeurige sorg/*involuntary care*”:

**“involuntary care, treatment and rehabilitation”** means the provision of health interventions to people incapable of making informed decisions due to their mental health status and who refuse health intervention but require such services for their own protection or for the protection of others ...<sup>38</sup>

Hierdie artikel van die Wet bepaal dat ’n psigiatryse versteurde persoon teen die wil van die persoon in ’n psigiatriese hospitaal vir behandeling opgeneem kan word, met die voorwaarde dat daar aan die volgende kliniese vereistes voldoen word:

- die persoon moet aan ’n herkenbare en diagnoseerbare psigiatriese versteuring ly;
- die psigiatriese versteurde persoon weier enige behandeling;

<sup>37</sup> Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, F.H. (reds.) 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT). Sesde uitgawe, p. 1302. Kaapstad: Pearson. [www.longman-hat.co.za/tuis.html](http://www.longman-hat.co.za/tuis.html).

<sup>38</sup> [http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2002-017\\_mentalhealthcare.pdf](http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2002-017_mentalhealthcare.pdf), p. 5

- die psigiatriese versteuring vereis dringende behandeling om skade aan die persoon self te voorkom;
- die psigiatriese versteuring vereis dringende behandeling om skade aan ander mense of materiële goedere te voorkom.

Die liriese subjek eien haarself van hierdie eienskappe intertekstueel toe: Haar verwerping van logosentrisme is duidelik herkenbaar (diagnoseerbaar) in die gedig, en sy weier duidelik enige wetenskaplike of mediese intervensie, en verkies eerder om “tot pyn in staat” te wees. Sy hou geen bedreiging in vir die logosentriese wêreld nie, aangesien sy “hortend” (lees: met rukke, ongelykmatig, stamp-stamp, skoksgewyse) en hinkepink (mankerig, sukkelend beweeg), “afwykend stug” (nie toeskietlik nie, onvriendelik, nie maklik bewerkbaar/beweegbaar nie; onbuigsaam) is. Die proses waardeur sy logosentrisme afstaan is nie ’n gemaklike een nie, en met “pyn” vervul. Hierdeur is sy in voeling met die pynlike proses van waansin.

In opsomming: die liriese subjek in die gedig sertifiseer aan die wêreld dat sy logosentrisme afstaan en alle menslike hulpmiddels weier om sodoende “uiterste mens” te word. Hierdie standpunt is “psigiatriesertifiseerbaar” as afwykend van die norm, dit is waansinnig. Dit is duidelik dat die psigiatriese (en mediese) hipoteks hier op uiters bekwame wyse intertekstueel aangewend word om die gedig-hiperteks se matriks/semiotiese betekenis tot stand te bring en te verryk.

5.4 Gedigte wat die pasiënt se reaksie op hospitalisasie en behandeling uitbeeld:  
Aniel Botha

’n Opname in ’n psigiatriese hospitaal aktiveer van die mees basiese menslike vrese, naamlik die verlies aan en afstaan van beheer aan ’n eksterne agentskap, in hierdie geval ’n psigiatriese hospitaal en die personeel daar werksaam. Met verwysing na die werk van die digter Wilhelm Knobel, wat aan bipolariteit versteuring gelyk het, bespreek Crous (2011: 147) die binêre opposisie van “vryheid:opname in hospitaal”. Hy noem

dat die gedigte geskryf is tydens opname in Stikland of Weskoppies, beide psigiatriese inrigtings in onderskeidelik Kaapstad en Pretoria. Die digter skroom dus nie weg van die

stigma wat moontlik gekoppel kan word aan die identifisering van en die assosiasie met sulke ruimtes nie. Psigiatrisie inrigtings word trouens in die woorde van Foucault ... bestempel as ruimtes waar die individu geobserveer en geklassifiseer kan word en waar, soos hy dit stel, “the real life of the city was suspended.” In die geval hierdie inrigtings word die binêre opposisie openbare ruimte/private ruimte geaktiveer en word die individu van sy vryhede ontnem. In die geval van Knobel *lei hierdie geïsoleerde toestand dus tot skeppende aktiwiteit en ’n intellektuele beswering van sy persoonlike demoon.* (My kursivering.)

Dit kan gebeur dat die verlies aan vryheid juis die geleentheid bied om deur poësie “te ontsnap”, en diepsinnige kuns te skep.

’n Verdere voorbeeld van hierdie dinamiek van “openbare ruimte/private ruimte” (*vide supra*) is te vind in die werk van Aniel Botha. Die digter publiseer haar lewensverhaal in ’n outobiografie.<sup>39</sup> Hierin verweef sy haar stryd met Anoreksia nervosa met haar liefde vir ballet. Sy het as ateljeegas tydens die KYKNET-program *’n Lewe met ...* haar psigiatrisie versteuring Anoreksia Nervosa openlik bespreek.<sup>40</sup> Botha (2012) vang die essensie van haar eetversteuring (afgekort uitgedruk as “anoreksia”) uitstekend vas in haar debuutbundel *pirouette*. Hierin verbeeld sy verskillende kliniese en psigodinamiese aspekte van anoreksia. Die bundeltitel verwys na ’n bepaalde beweging in ballet, naamlik “draaibeweging om eie as; ’n volle draai op die toon of bal van die voet in ballet”.<sup>41</sup>

Anoreksia Nervosa is ’n dodelike eetversteuring wat die lewe van menige jong meisie of vrou vernietig. DSM-5 gee die volgende diagnostiese kriteria:

#### **DSM-5 Criteria for Anorexia Nervosa**

- A. Restriction of energy intake relative to requirements, leading to a significantly low body weight in the context of age, sex, developmental trajectory, and physical health. Significantly low weight is defined as a

<sup>39</sup> Botha, A. 2010. *’n Dans met die dood: joernaal van ’n anoreksielyer*. Kaapstad, Zebra Press/Random House Struik.

<sup>40</sup> <http://kyknet.dstv.com/2012/01/03/n-lewe-met-3-januarie-2011>, besoek 26 Junie 2016.

<sup>41</sup> Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, F.H. (reds.) 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Sesde uitgawe, p. 866. Kaapstad: Pearson. [www.longman-hat.co.za/tuis.html](http://www.longman-hat.co.za/tuis.html).



weight that is less than minimally normal or, for children and adolescents, less than that minimally expected.

- B. Intense fear of gaining weight or of becoming fat, or persistent behavior that interferes with weight gain, even though at a significantly low weight.
- C. Disturbance in the way in which one's body weight or shape is experienced, undue influence of body weight or shape on self-evaluation, or persistent lack of recognition of the seriousness of the current low body weight.

Dit blyk uit die diagnostiese kriteria asook ander kliniese waarnemings dat daar aspekte van anoreksia is wat belangrike hipotekste tot die poësie van Botha (2012) vorm. Opsommend kan oor anoreksia die volgende kliniese punte beklemtoon word:

- anoreksia is 'n eetversteuring van hoofsaaklik vroulike pasiënte. Dit is uiters raar onder mans;
- deel van die versteurde liggaamsbeeld behels dat anoreksialyers hulleself as globaal oorgewig beskou;
- hoewel pasiënte voedsel beperk, ontken hulle of weier om te aanvaar dat die gewigsverlies lewensbedreigend is;
- dit is hierdie weiering wat dan lei tot onwillekeurige sorg om die persoon se lewe te red;
- die terapeutiese verhouding met kliniese personeel word dikwels gekenmerk deur 'n baie sterk magstryd tussen die personeel en pasiënt rondom die kontrole van voedselinname;
- die kognitiewe gedragsterapeutiese benadering tot anoreksia behels soms dat alle persoonlike voorregte van die pasiënt verwyder word en dat die voorregte herstel word soos wat die pasiënt se gewig toeneem;

- Volgens Mitchell en Wonderlich (2014: s.p.) is “[T]he long-term morbidity and mortality ... substantial, and it has been frequently stated that the long-term mortality from anorexia nervosa is the highest of any psychiatric disorder.”<sup>42</sup>

In die hieropvolgende bespreking sal die belewenis van behandeling in ’n hospitaal van ’n anoreksialyer aan die bod kom. Hierdie konteks verwys terug na die temas wat Oyebode (2009) (*vide supra*: 64) geïdentifiseer het. Die bespreking sal die teenwoordigheid van hierdie intertekstuele punte aanraak en bevestig.

Vir die doeleindes van die huidige navorsing is die fokus op twee gedigte waarin Botha haar belewenis van hospitalisasie en behandeling van die eetversteuring uitbeeld. Die eerste gedig verwys na haar opname tydens onwillekeurige sorg, met ander woorde as “gesertifiseerde pasiënt”.

### **Stikland**

Gestroop, gevange, gesertifiseer

sit ek op die smal staatsdiensbed.

Die lakens, geel en gaterig, sê:

Eiendom van die RSA. Diefstal

is ’n kriminele oortreding.

’n Suster roep. Ek maak die bed op,

eet pap, drink Ricoffy, verstik.

Spreek ’n dokter. Staar na my hande:

eiendom van wie?

---

<sup>42</sup> Mitchell, JE. & Wonderlich, SA. 2014. s.p. Feeding and Eating Disorders. In *The American Psychiatric Publishing Textbook of Psychiatry*. New York: American Psychiatric Publishing. s.p. by <http://psychiatryonline.org.uplib.idm.oclc.org/doi/full/10.1176/appi.books.9781585625031.rh17> besoek 28 Junie 2016.

Die titel verwys na een van die histories bekendste hospitale in Suid-Afrika, naamlik Stikland Hospitaal. Die hospitaal is op 1 April 1962 geopen en is geleë in Bellville, Kaapstad. Die leefruimte van die gedig word onmiddellik geplaas in 'n psigiatrisie hospitaalbehandelingsopset wat verskeie psigiatrisie hipotekste byeenbring, hipotekstemas wat in die meeste kliniese teksboeke aangaande die behandeling van anoreksia aangedui word:

- die opname van 'n persoon in 'n psigiatrisie hospitaal en redes waarom opname nodig geag is, veral deur onwillekeurige sorg;
- die interaksie met die personeel wat sodanige hospitaal beman;
- die aard van behandeling wat in so 'n hospitaal toegedien word;
- die subjektiewe belewenis van die pasiënt insake opname, behandeling, en veral die verlies van vryheid.

Die titel “Stikland” is uiteraard ook meerduidig deurdat die anoreksialyer in 'n “land” of emosionele betekenisveld leef waar daar deurentyd aan kos gestik word: “eet pap, drink Ricoffy, verstik.”

Die eerste vier versreëls skep 'n onmiddellike en bepaalde subjektiewe belewenis wat die liriese subjek aan ons voorhou. Sy beskryf haarself: “Gestroop, gevange, gesertifiseer/sit ek op die smal staatsdiensbed./Die lakens, geel en gaterig, sê:/Eiendom van die RSA.” Die liriese subjek verwoord met die intrapslag dit wat tydens 'n onwillekeurige sorgopname vir 'n lewensbedreigende psigiatrisie versteuring soos anoreksia plaasvind. Die gestrooptheid is meerduidig en dui op die gewigsverlies wat met anoreksia gepaard gaan en wat weefsels fisies stroop. Sy is ook moontlik gestroop van alle besittings en geriewe as deel van die kognitiewe gedragsterapie wat die standaard van psigiatrisie behandeling vorm. Sy is ook beslis gestroop van haar selfbeeld en realiteitsbesef oor haar uitgeteerde liggaam. Sy is “gevange” in die greep van anoreksia. Sy is ook “gevange” in die hospitaal tydens onwillekeurige sorg as “gesertifiseer[de]” pasiënt. Sy is uitgelewer aan 'n staats hospitaal waar geriewe nie altyd van die beste is nie: “Die lakens, geel en gaterig”. Lakens is gewoonlik die tasbare middels wat geborgenheid tydens slaap verseker, maar hier is dit oud en verweer en

besig om te disintegreer. Sekerlik kan mens op 'n psigodinamiese vlak aandui dat haar egogrense eweneens gedisintegreer, verval en vol gate is. Die gesegde “om die lakens uit te deel” impliseer “baaspeel”: hier is geen baasskap nie, net totale verlies aan beheer. Sy sien die stempel van staatsbesittings: “Eiendom van die RSA. Diefstal is 'n kriminele oortreding.”: Sy het naamlik deur haar onwillekeurige sorg in die hospitaal 'n “gas van die staat” geword, met die implikasie van totale verlies aan selfbeskikking, en 'n “gesteelde lewe”.

Die volgende gedeelte van die gedig bestaande uit die laaste vier versreëls bring plotseling interaksie met kliniese personeel. Die dokter en suster word voorafgegaan deur die onbepaalde lidwoord “'n”: die personeel is nie “bepaald” nie, maar op 'n afstand en onpersoonlik. Die suster wat roep gee struktuur, volgens die beginsels van kognitiewe gedragsterapie, aan die pasiënt se lewe deur haar die kamer self te laat versorg: “Ek maak die bed op”. Daar kan ook die implikasie bestaan dat die pasiënt deur hierdie terapeutiese struktuur besig is om aan die vervalde lakens 'n beter struktuur te gee deur die “bed op te maak”, wat dien as metafoor van vroeë reïntegrasie van die vervalde, gedisintegreerde selfbeeld. Deel van die terapie is strukturering van eetgedrag: “eet pap, drink Ricoffy, verstik”. Mens kan ook die meerduidigheid van die woord “pap” aantoon naamlik dat die “eet” nou “pap” is, naamlik “gedaan of afgemat”, die essensie van die swak eetgedrag van anoreksia. “Ricoffy” word gedrink, 'n baie goedkoop kitskoffie wat simbolies is van die ongesofistikeerde konteks van die staats hospitaal. Die liriese subjek wat “verstik” is uiteraard aanduidend van die feit dat kos weersinwekkend is vir die anoreksialyer, maar ook van die meerduidigheid van die “versmorende” omgewing en behandelingskonteks. Vervolgens dui die onpersoonlike lidwoord in “Spreek 'n dokter” op die onpersoonlike aard van die verwantskap. Dit is duidelik dat die “ek” van “ek spreek 'n dokter” afwesig is: die liriese subjek neem nog nie persoonlike verantwoordelikheid vir die terapeutiese kontak nie, en die klem is op die dokter en nie op die pasiënt nie. Dit is aanduidend van die verlies aan beheer wat met die swak self- en liggaamsbeeld in anoreksia gepaard gaan. Laastens “staar” die liriese subjek “na my hande”. Daar is 'n tipiese selfobjektiverende “staar” na, of perspektief op die liriese subjek se uitgeteerde liggaam. Hande is tipies die liggaamsdele getaak met die “doen van

dinge, han[d]tering” van die lewe, en bring van kos na die mond. Hier is die vraag aan wie die hande behoort: “eiendom van wie?”. Dit is ’n terugspeling op “Eiendom van die RSA”, aanduidend dat daar sprake is van die verlies aan eienaarskap van die eie liggaam, ’n liggaam wat “gesertifiseer” en “gevang” in onwillekeurige sorg verkeer. Dit is ook ’n liggaam wat nie meer onder die beheer van die goeie, basiese wil inherent aan normale mense is nie, maar onder die beheer van ’n kwade liggaamsbeeld wat weier om die gewigsverlies te erken, en as gevolg daarvan sterwend is.

Die volgende gedig in die bundel *pirouette* is getitel “Inrigting”, en bou voort op die beskrywings van die belewenis van behandeling in die psigiatriese hospitaal.

### **Inrigting**

Die dokter is ’n metronoom.

Agter tralies – ’n leë notebalk

voor die vensters van dié gestig –

sing ek vir hom psalms

hoogliedere

klaagliedere

vals liedere

mý liedere.

Maar hy hoor nie my wisselende melodie nie:

bly bloot *tempo giusto*

sy kop knik,

Parker-pen klik,

Armani-voet tik.

Sy hart klop onversteurd ’n *moderato*

twee-en-sewentig slae per minuut.

Rustig en ritmies komponeer hy 'n voorskrif,

'n simfonie pille om my in sy

netjiese 4/4-tydmaat te laat pas.

Ek skeur dit op.

Ek is ragtime.

Ek is vol jazz.

Ek is die fat lady wat regmaak

om die grand finale te sing.

Botha (2012) se titel “Inrigting” is meerduidelik: Enersyds dui dit uiteraard op die feit dat die pasiënt in 'n psigiatriese hospitaal of “gestig” opgeneem is vir behandeling. Andersyds dui dit op die feit dat die terapeutiese proses die pasiënt “in” die “rigting” van herstel van die eetversteuring wil stuur, of selfs teen haar sin “rig”.

Die gedig se deiktiese ruimte is duidelik rondom musikale metaforiek gebou: metronoom; notebalk; sing; lieder; melodie; tempo giusto; moderato; ritmies komponeer; simfonie; 4/4-tydmaat; ragtime; jazz. Hier is sprake van ritmes wat bots of verby mekaar “knik ... klik ... tik”. Hierdie ritmes is metafore vir die intense verhouding wat tot stand kom tussen psigiater/terapeut en die pasiënt met 'n eetversteuring.

Die gedig val uiteen in drie duidelike dele. Die eerste agt versreëls verteenwoordig die aanvanklike persektief van die pasiënt op die wyse waarop sy haarself aanbied aan die psigiater. Die pasiënt beleef die dokter as 'n metronoom, 'n instrument waarmee maatslag aangegee word in die uitvoering van musiek of ballet. Dit is 'n uiters koue en ongevoelige beeld van die terapeut, wat duidelik deur die tweede gedeelte van die gedig ondersteun word. Die belewenis van die terapeutiese ruimte is dié van 'n tronk: “Agter

tralies”. Die tralies word beleef as ’n struktuur wat musiek sou kon impliseer maar nou slegs “’n leë notebalk voor die vensters van dié gestig” is. Note op ’n notebalk is die struktuur wat die uitvoering van musiek aandui (soos die metronoom), maar die pasiënt beleef ’n afwesige struktuur, paradoksaal in terme van die “liedere” wat verder volg. Die liriese subjek sing naamlik:

- “psalms”, dus godsdienstige liedere of himnes, gewoonlik tot die verering van God of as deel van godsdiensoefening uitgevoer;
- hoogliedere, dus verhewe lofliedere; liedere van vreugde en blydschap; of die boek van die Ou Testament toegeskryf aan Salomo: Hooglied word beskou as ’n beskrywing van die ideale huweliksliefde;
- klaagliedere, dus liedere waarin iemand van sy/haar pyn/hartseer/ensovoorts vertel of elegieë soos die Klaagliedere van Jeremia; ook ’n reeks klagtes;
- vals liedere, dus liedere wat nie waar is nie, liedere wat nie die waarheid verteenwoordig nie; oneerlik; onopreg; gebaseer op inligting of idees wat nie korrek is nie soos vals hoop; in die musiek liedere wat nie mooi of aangenaam klink nie omdat dit effens bo of onder die regte toonhoogte gespeel of gesing word; liedere wat gesing is om presies soos ander liedere te klink (dikwels om mense te bedrieg); nagemak; onopreg; oneg;
- mý liedere, dit is al die bostaande betekenis deur die self toegeien, aanduidend van verwarring en paradoks.

Binne die konteks van anoreksia is hier verskeie kliniese hipotekste:

- die liriese subjek beleef haarself in ’n terapeutiese ruimte as tronk wat haar in ’n bepaalde rigting van herstel wil stuur. Binne hierdie ruimte word die “maat” aangegee wat die liriese subjek moet volg en sy kan nie “net na haar eie wysie dans nie”, dus nie volhou met die selfvernietigende anoreksia nie;
- haar “notebalk” is sonder note en gee geen aanduiding van presies wat van haar verwag word nie;
- die liriese subjek se kommunikasie word verteenwoordig deur “liedere” wat afwisselend aangedui word as “godsvererend”, verhewe lofliedere oor “ideale

liefde”, reekse van klagtes oor haar toestand en die hantering daarvan, onopregte en valse voorstellinge, musiek wat dissonant is met die heersende en aangebode terapeutiese “toonhoogte”.

Hierdie elemente verteenwoordig die juiste aard van wat psigiaters en terapeute dikwels ervaar in die behandeling van anoreksia. Pasiënte beleef die aanvanklike periode van opname as totale gevangenskap waar alle beheer van hulle weggeëem word. Daar is ook duidelik ’n belewenis by die anoreksialyer dat sy nie weet wat om te sê om die terapeutiese span gelukkig te maak nie om sodoende vryheid te verkry nie. In hierdie proses is daar dikwels ’n verdedigingsmeganisme teenwoordig bekend as “splitting” of verdeling<sup>43</sup>:

Splitting (also called black-and-white thinking or all-or-nothing thinking) is the failure in a person’s thinking to bring together the dichotomy of both positive and negative qualities of the self and others into a cohesive, realistic whole ... The individual tends to think in extremes (i.e., an individual’s actions and motivations are all good or all bad with no middle ground).

Ons merk die wyd uiteenlopende kommunikasies wat dui op, aan die een kant, godsverering en ideale liefde, en aan die ander kant, valsheid, valse voorstellings om die terapeut te oortuig dat die pasiënt besig is om saam te werk en afgesien het van die voedselbeperking. Dit verteenwoordig “splitting” wat na vore kom in die verhouding met die terapeut en dui op aspekte van oordrag teenoor die terapeut. Oordrag<sup>44</sup> is oorspronklik deur Freud beskryf:

Transference is a phenomenon characterized by unconscious redirection of feelings from one person to another. One definition of transference is “the inappropriate repetition in the present of a relationship that was important in a person’s childhood”. Another definition is “the redirection of feelings and desires and especially of those unconsciously retained from childhood toward a new object”. Still another definition is “a reproduction of emotions relating to repressed experiences, especially of childhood, and the substitution of another person ... for the original object of the repressed impulses”. Transference (German: *Übertragung*) was first described by psychoanalyst Sigmund Freud, who acknowledged its importance for psychoanalysis for better understanding of the patient’s feelings.

<sup>43</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/Splitting\\_\(psychology\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Splitting_(psychology)), besoek 28 Junie 2016.

<sup>44</sup> <https://en.wikipedia.org/wiki/Transference>, besoek 28 Junie 2016.



Die pasiënt beweeg tussen uiterstes waarin die terapeut geïdealiseer en aangehang word, of alternatiewelik gedevalueer en teen wie gerebelleer word. Hierdie verskynsel verteenwoordig in die psigoanalise<sup>45</sup> projeksies van vroeëre verhoudings met ouers waarin sodanige naderbeweeg-/wegbeweeg-konflikte beleef is. Hierdie onbewustelike projeksie van die gesinstruktuur op die terapeutiese milieu word deur Cooper (1967: 20) ondersteun:

In the mental hospital, society has, with unerring skill, produced a social structure that in many respects reduplicates the maddening peculiarities of the patient's family. In the mental hospital he finds psychiatrists, administrators, nurses, who are his veritable parents, brothers, and sisters, who play an interpersonal game which only too often resembles in the intricacies of its rules the game he failed in at home.

Die anoreksiese “liriese subjek” is deurlopend verward hieroor en nie in staat om ’n sinvolle weergawe van verhoudings in stand te hou nie. Die “notebalk dui geen lied aan nie”.

Die tweede gedeelte van die gedig bou voort op die eerste versreël se beskrywing van die dokter as metronoom, wat gedefinieer word as “any device that produces regular, metrical ticks (beats, clicks) – settable in beats per minute.”<sup>46</sup> Die liriese subjek beleef dit dat haar kommunikasie nie sinvol “gehoor” word nie (“Maar hy hoor nie my wisselende melodie nie”). Die liriese subjek beleef, in die voortsetting van die dissonansie soos in bostaande aangetoon, dat die dokter “bloot *tempo giusto* [bly]”<sup>47</sup>: “The literal meaning of the term is ‘in exact time’.”. Die dokter word “in toon” beskryf met verskeie metafore:

- die onomatopée en alliterasie van “knik ... klik ... tik” wat die metronoombeeld van ideale ritme weergee;
- “Sy hart klop onversteurd ’n moderato/twee-en-sewentig slae per minuut.” – selfs die dokter se biologiese hartritme en -tempo is fisiologies dié van die gemiddelde mens;

---

<sup>45</sup> Hoewel die navorsing nie spesifiek let op psiganalitiese teorieë van o.a. eetversteurings nie, is die konsep van *oordrag* wel in die modern psigiatrie ‘intertekstueel’ oorgeneem van psigoanalise. Dit verteenwoordig die universele verskynsel van die belewenis van die terapeut in terme van vroeëre ervarings.

<sup>46</sup> <https://en.wikipedia.org/wiki/Metronome>, besoek 28 Junie 2016.

<sup>47</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/Tempo\\_giusto](https://en.wikipedia.org/wiki/Tempo_giusto), besoek 28 Junie 2016.

- “Rustig en ritmies komponeer hy ’n voorskrif,/’n simfonie pille om my in sy/netjiese 4/4-tydmaat te laat pas.” Die dokter se aksie van farmakologiese behandeling word beskryf in terme van ideale tydsmate, musikale komposisie, en ’n simfonie wat gedefinieer word as “’n lang musiekstuk vir ’n orkes, of ’n geheel wat mooi ineenpas”<sup>48</sup>. Die eersgenoemde definisie ondersteun die uitbou van die musikale metafoor, en die laasgenoemde definisie sluit aan by die uitbeelding van die dokter as die ideale/geïdealiseerde fokus van normaliteit waarin die pasiënt uiteindelik moet inpas;
- die tema van idealisering van die dokter word verder uitgebou deur die verwysing na die “Parker-pen” en die metonimiese “Armani-voet”. Sowel “Parker” as “Armani” verteenwoordig geïdealiseerde handelsname geassosieer met verhewe sosiale status.

Die dokter/psigiater word deurlopend uitgebeeld as ’n geïdealiseerde, gesofistikeerde figuur wat die normatiewe lokus (“sy/netjiese 4/4-tydmaat”) vorm van ideale menslike gedrag. Die dokter/psigiater is nie, in die belewenis van die pasiënt, ingeskakel op haar dissonante kommunikasie nie, wat die tema van vervreemding beklemtoon. Hierdie tema het psigiatry gesproke twee moontlike hipotekste:

- die dokter is werklik onmenslik, koud, en ongevoelig vir die dieperliggende pyn van die anoreksia-lyer;
- of die oordragpatroon van die kant van die pasiënt af is aanduidend van ’n dieperliggende belewenis van “afstandelike, koue” ouerskap.

Die derde gedeelte van die gedig dui die liriese subjek se rebellie aan in reaksie op hierdie ware of beleefde koudheid en afstand, asook normatiewiteit wat deur die dokter voorgehou word. Die liriese subjek rebelleer weereens in die musikale terme: “Ek skeur dit op./Ek is ragtime./Ek is vol jazz.” Die “gekomponeerde voorskrif” of ideale musiekstuk word opgeskeur en verwerp. In ’n radikale wending beskryf die liriese subjek haarself in terme van ballet en dans as “ragtime” en “jazz”:

---

<sup>48</sup> <https://longman-hat.co.za>, besoek 28 Junie 2016.

- *ragtime* word beskryf as “musical genre that enjoyed its peak popularity between 1895 and 1918. Its cardinal trait is its syncopated, or “ragged”, rhythm.”<sup>49</sup>
- *jazz* verwys na ’n musikale genre met ’n “very wide range of music, making it difficult to define. Jazz makes heavy use of improvisation, polyrhythms, syncopation and the swing note ...”<sup>50</sup> Dit kan ook ’n dansstyl beskryf wat sy oorsprong in die Amerikaanse slawekultuur het. Dit het uiteraard wyer ontwikkel en word beskryf as “dance [that] takes place with an existing song or movement pattern, and dancers ‘feel and fill out’ impromptu variations based on the feelings of the performer and the audience’s response to the music.”<sup>51</sup>

Die liriese subjek kies style van musiek en dans wat in skille kontras staan met die idealistiese “tempo” van die dokter – haar styl en tempo is gesinkopeerd, dus ’n tydelike verskuiwing van die normale metriese aksente, of geïmproviseerd en poliritmies. Die liriese subjek het wegbeweeg van die paradoksale lieder wat gesing is, dit wil sê van die kommunikasie gevul met oordrag, paradoks en onsekerheid na ’n styl van kommunikasie wat op ’n eie, interne ritme staatmaak. Ons sien ’n hoopvolle herstel wat plaasvind. Die liriese subjek beklemtoon die “Ek” vier keer, telkens in die primaposisie van die eerste woord in die versreëls. Sy rebelleer teen die “voorskrif”, naamlik die behandeling en pille, of die voorskriftelikheid van die dokter se *tempo giusto* of *moderato*. Sy is nou as anoreksialyer die “fat lady wat regmaak/om die grand finale te sing.” Die herstel vanaf anoreksia na “fat lady” word hierdeur beklemtoon en verder uitgebou deur “grand finale”, “a very exciting or impressive ending of a performance or show ...”.<sup>52</sup>

Die “fat lady”-verwysing spruit voort uit die gesegde “*It ain’t over till (or until) the fat lady sings*”, wat dui op ’n

... colloquialism and has been classified as a proverb. It means that one should not presume to know the outcome of an event which is still in progress ... [or] nearing its

<sup>49</sup> <https://en.wikipedia.org/wiki/Ragtime>, besoek 28 Junie 2016.

<sup>50</sup> <https://en.wikipedia.org/wiki/Jazz>, besoek 28 Junie 2016.

<sup>51</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/Jazz\\_dance](https://en.wikipedia.org/wiki/Jazz_dance), besoek 28 Junie 2016.

<sup>52</sup> <http://www.merriam-webster.com/dictionary/grand%20finale>, besoek 30 Junie 2016.

conclusion. It cautions against assuming that the current state of an event is irreversible and clearly determines how or when the event will end.

The phrase is generally understood to be referencing the stereotypically overweight sopranos of the opera. [...] The “fat lady” is the valkyrie Brünnhilde, who is traditionally presented as a very large lady with horned helmet, spear and round shield (although Brünnhilde in fact wears a winged helmet). Her aria lasts almost twenty minutes and leads directly to the end of the opera. As *Götterdämmerung* is about the end of the world (or at least the world of the Norse gods), in a very significant way “it is [all] over when the fat lady sings.”<sup>53</sup>

Intertekstueel aktiveer Botha (2012) die beeld van ’n oorgewig vrou wat met ’n uitgebreide aria, of kommunikasie, aankondig dat die situasie soos dit klaarblyklik daar uitsien, nog totaal onvoorspelbaar kan eindig. Sy maak gereed vir die “grand finale”, ’n opwindende en indrukwekkende einde van ’n vertoning. Die Wagneriaanse interteks dui aan dat uit Brünnhilde (die oorgewig sopraan in Wagner se opera) se oogpunt hierdie indrukwekkende einde ook die einde van die goddelike bestel is, en implisiet is een van die uitkomstes ook die dood.

Die psigiatriese hipoteks toon die volgende aspekte aan:

- Die pasiënt het haar eie stem gevind in die beklemmende terapeutiese situasie;
- Variasies in ligamsgewig is ’n deurlopende en lewenslange stryd in anoreksia;
- Die prognose van anoreksia is soms ’n goeie, gunstige “grand finale”. Soms is die prognose uiters swak en eindig in die dood, ’n werklike, “finale” einde.

In die laaste gedeelte vind die liriese subjek weer ’n eie unieke ritme, maar met die volle besef dat die dood altyd daaragter sluimer (vgl. dit met die titel van die digter se outobiografie *Dans met die dood* (*vide supra*). Hierdie herstel het gedeeltelik plaasgevind as opstand teen die terapeutiese *tempo giusto* van die dokter. Dit is inderdaad ’n algemene belewenis van pasiënte dat hulle hul “lewensvertelling” moet terugeis van die psigiatriese korpus. Ali (2002: 234) skryf dat “[p]sychiatry can serve as an appropriate backdrop for exploring the possibility of emancipatory action given that its consumers are very often individuals who have been disempowered within society and within the healthcare system.” Sy gaan verder deur aan te toon dat

---

<sup>53</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/It\\_ain%27t\\_over\\_till\\_the\\_fat\\_lady\\_sings](https://en.wikipedia.org/wiki/It_ain%27t_over_till_the_fat_lady_sings), besoek 30 Junie 2016.

the mechanisms of power ... differentially favour the scientist or “expert” over the patient or “object of study”. From a feminist perspective, this unequal distribution of power/knowledge is particularly problematic for psychiatric patients who, through the process of internalizing their psychiatric labels and diagnoses, become complicit in the subjugation and distortion of their own self-knowledge. (2002: 235)

Daar kan op ’n meer uitgebreide intertekstuele wyse aangetoon word dat die liriese subjek in “Inrigting” haar eie ritme probeer vind as “anoreksialyer”, om uiteindelik oor te gaan na ’n “vrye danser”. Hierdie proses is intertekstueel ook ’n diskoers van die individu met die “meesterverhaal” van psigiatrie soos aangetoon deur Lyotard (1984). Psigiatrie as mediese dissipline en die psigiatriese korpus “diagnooseer” en etiketteer die persoonlike lyding van mense. Ali (2002: 237) stel dit soos volg:

... knowledge-construction goes beyond labels and language. Articulated forms of knowledge direct our processes of self-definition and self-understanding. In few areas is this more true than in psychiatry where the discipline itself is aimed at inventing mechanisms for analyzing and redefining individuals’ self-representations. Resistance here can be directed at uncovering and articulating some of the tendencies that are linked to the assumptions and practices of diagnosis and intervention.

Deel van die herstel impliseer ’n hertoe-eiening van hierdie epistemologie, terug na ’n persoonlik geïntegreerde vertelling: “Ek skeur dit op./Ek is ragtime./Ek is vol jazz./Ek is die fat lady wat regmaak/om die grand finale te sing.” Die “skeur dit op” wat oorgaan na die “grand finale te sing” verteenwoordig hierdie persoonlike vertelling. Ten spyte van die feit dat ’n uitgeteerde anoreksialyer teenoor ’n meestervertelling “gestroop” staan, sien sy uit daarna om paradoksaal “die fat lady wat regmaak” te word, ’n “lady” met eie “ragtime”- of “jazz”-ritme. Ali (2002: 238) poog om “Foucault’s localized resistance in knowledge construction and the feminist notion of collectivity in creating emancipatory change” te integreer:

to construct new forms of knowledge by bringing forward patients’ own interpretations of their lived experience. This form of knowledge-construction demonstrates Foucault’s basis for resistance through the appropriation of contested spaces (e.g., psychological spaces with which the patient is more familiar than is the scientist or clinician).

Hierdie “contested ... psychological spaces” waarmee die pasiënt meer bekend is as die dokter, is presies wat die digter/liriese subjek aantoon in “Inrigting”: sy “rig” haar eie vertelling “in” na haar eie ritme. Dit is tog uiteindelik presies wat die doel van enige terapie is.

Die finale baken van herstel van enige psigiatriese versteuring is wanneer die ongelyke magsverhouding tussen terapeut en pasiënt 'n gelyke een geword het, wanneer die "meesterverhaal" verplaas word deur 'n "mikrovertelling", en wanneer "contested ... psychological space" persoonlik toegeënde ruimte geword het.

Hierdie bespreking toon die waarde van poësie vir die psigiatriese korpus aan. Die gedig toon aan dat dit die strewe van enige terapie behoort te wees om die "lyer" sy/haar eie stem te laat vind. Hierdie oogpunt is veel meer as net die toevoeging van die pasiënt se subjektiewe belewenis van die psigiatriese korpus tot die gedigteks, maar verteenwoordig veel eerder die nuutskepping van 'n verrykte psigiatriese epistemologie. Ali (2002: 240) verwys na die werk van 'n terapeut wat self aan 'n eetversteuring ly:

Chernin <sup>54</sup> ... writes both as a woman who is in a constant state of recovery from anorexia and as a clinician/researcher who has lived with the condition she is studying and treating. The assumption here is that an individual who has experienced anorexia can have a deeper, more "privileged" understanding of what it means to live with the disorder than does a scientist who has never had an eating disorder. While there is no claim that this understanding is necessarily superior to that of the scientist, consistent with the epistemological stance outlined, these forms of knowledge are complementary, and dialogue between these different forms of understanding can *generate new domains of knowledge at the intersection of lived experience and traditional expertise.* (My kursivering.)

Daar is 'n baie sterk beweging in moderne psigiatrie, en ook in Suid-Afrika, waar die stem van die pasiënt geïntegreer word in die totale psigiatriese korpus (*vide infra*: sien Hoofstuk 6: *Slotbeskouing*).

### 5.5 Samevatting:

Hoofstuk 5 bevat uiteraard die belangrikste elemente van die navorsing voor hande. Die vier gedigtemas is intertekstueel geanaliseer. Die intertekstuele dialoog met die psigiatriese korpus is bespreek en is aangetoon om van uiterste belang te wees in die verbreding van die semiotiese en deiktiese ruimte van elke geanaliseerde gedig. In Hoofstuk 6 word hierdie intertekstuele analyses benut om die sentrale navorsingsvrae te beantwoord.

---

<sup>54</sup> Chernin, K. 1985. *The Hungry Self: Daughters and Mothers, Eating and Identity*. New York, Times Books.

## HOOFSTUK 6: Slotbeskouing

6.1 Finale verantwoording: bespreking van die navorsingsvrae

Die bydrae van hierdie studie is dat dit die komplekse interaksie tussen psigiatrie as mediese wetenskap en enkele Afrikaanse gedigte aantoon. Hierdie interaksie is ondersoek aan die hand van vier basiese vrae. Vervolgens sal die navorser poog om hierdie vrae te beantwoord aan die hand van die literatuurstudie en die analise van die vier gekose temas uit die Afrikaanse poësie.

6.1.1 Kan 'n intertekstuele benadering tot die uitbeelding van psigiatrisse versteurings in die Afrikaanse poësie die interpretasie van poësie verryk, met ander woorde kan diepte-insig in die psigiatrisse komponente van die digterlike uitbeelding bydra tot beter begrip vir die deiktiese ruimte van poësie? Indien wel, hoe vind dit plaas?

Die literatuuoroorsig oor intertekstualiteit toon aan dat die Afrikaanse poësie wat psigiatrisse versteurings uitbeeld, 'n besliste intertekstuele diskoers aanknoop met die psigiatrisse korpus.

*6.1.1.1 Die wesenskenmerk van intertekstualiteit soos aangetoon in die gediganalises.*

Die lees van die gedig is die naspeur van hierdie interrelasies van die teks met ander tekste, Kristeva se "produksie" van die teks, en dit is 'n aktiewe leesproses. Hierdie aktief-skeppende leesproses is duidelik in die analise van die vier temas, soos aangetoon. Die teks is dialogies, en taal spreek altyd in bepaalde sosiale situasies met 'n heteroglossiese veelvoud van stemme agter elke woord. Enige teks is gevolglik 'n mosaïek van aanhalings, 'n absorpsie en transformasie van 'n ander teks. Hierdie heteroglossiese aard is aangetoon in bostaande gediganalises: Daar vind gesprekke plaas tussen die oorspronklike skrywers van psigiatrisse hipotekste en die liriese subjek van 'n gedig-hiperteks wat bepaalde aspekte van die hipoteks aktiveer. Hierdie gebruik van tekste vind plaas in diskoersruimtes wat gedefinieer word deur hierdie intertekstuele prosesse, en waar die intertekstuele prosesse bydra tot die definisie van

die diskoersruimtes. Vergelyk die diskoersruimtes van die psigiatriese sisteem, byvoorbeeld die psigiatriese hospitaal in “OD1” en “OD2”, asook “Stikland” en “Inrigting”. Intertekstualiteit is gelokaliseer in menslike verhoudings, en veral dan in die verhouding van ’n kulturele verskynsel soos die psigiatriese korpus met die pasiënte wat aan psigiatriese versteurings ly. Die mees beduidende voorbeeld hiervan is die uitbeelding van die verhouding tussen pasiënt-liriese subjek en psigiater in “Inrigting”. Genette se konsep van “hipertekstualiteit” vestig die verhouding wat ’n hiperteks verenig met ’n vroeëre hipoteks. Hierdie benutting vind plaas op maniere wat die inherente betekenis van die hipoteks nie noodwendig impliseer nie. Die hiperteks lê nuwe semiotiese verbande deur middel van die oorspronklike hipoteks se betekenis, synde Kristeva se “new signifying relations”, ’n produksie in die hiperteks wat uitbrei en in gesprek tree met die hipoteks, wat per implikasie selfs die hipoteks in ’n nuwe lig kan stel.

Riffaterre se semiotiese benadering word die duidelikste geïllustreer deur “Man wat mal word”. In hierdie gedig word taal vervorm en verwys dit nie net bloot na “dinge” nie (die mimetiese aspek), maar dit is gevul met “ungrammaticalities”. Dit vereis amper onmiddellik ’n retro-aktiewe lesing om die onderliggende semiotiese eenhede en strukture op te diep wat aan die teks nonverwysingsbetekenis gee. Hierdie gedig se veelseggenheid, sou Riffaterre kon beweer, berus op die inversie, omskakeling, uitbreiding en jukstaposisie van die sosiolek na ’n “idiolek”, wat die teks se semiotiese eenheid ontbloot, en lei tot die “matriks”. Die veronderstelde leser moet oor die basiese vaardighede vir die suksesvolle ontsluiting beskik. In die geval van die psigiatriese korpus as hipoteks is dit baie moeilik aangesien die psigiatriese korpus se toeganklikheid ’n bepaalde opleiding in psigiatrie veronderstel. Hierdie navorsing het gepoog om hierdie kompleksiteit toeganklik te maak deur die ontsluiting van die psigiatriese hipoteks.

Die klem op jukstaposisie toon aan dat intertekstualiteit buite die literêre teorie uitgebrei het na velde en aspekte soos ander kulturele en artistieke skeppings en die tekste van die alledaagse lewe, insluitend deiksis, geheue, tyd en ruimte, magsverhoudinge, asook sosiale interaksies tussen gespreksgenote. Intertekstualiteit vorm ’n teks se deelname aan ’n diskursiewe ruimte, en die verhoudings van die teks



met die kodes wat die diskoersruimte vorm. Intertekstualiteit vorm die gemeenskaplik aspek tussen skryf en lees. Hierdie aspek dui ook die verhouding van 'n teks met die tale en diskoerspraktyke van 'n kultuur aan, asook met die vorige tekste uit daardie kultuur wat al die moontlikhede daarvan artikuleer.

#### 6.1.1.2 Die teks van waansin en die waansin van die teks.

Felman (2003) het bostaande konsepte omskryf.

Die konsep van die *teks van waansin* verwys na die wyse waarop die gedig die detailkomponente van die psigiatrisiese korpus intertekstueel aktiveer. Dit blyk uit die analise van die gekose gedigte dat dit waansin op 'n literêre wyse kan uitbeeld, en op intertekstuele wyse die inherent fenomenologiese aspekte, dit wil sê tekens en simptome, kliniese konsepte en behandeling kan aktiveer:

- “Man wat mal word” (Blum 1958) beeld die verskillende aspekte van psigose soos gedagteprosesversteurings, outochtige waanidees, ambivalensie en die kliniese verloop van die fases van skisofrenie teksmatig uit.
- “Bipolar Honey”, ““OD1” en “OD2” (Kamfer 2008, 2011) beeld die kliniese aspekte van bipolêre versteuring, die komplikasies van selfdoodideesie, en -pogings, asook die interaksie met kliniese personeel uit. Dit is veral in laasgenoemde waarin die temas van isolasie en vervreemding in die pasiënt op aangrypende wyse na vore kom.
- “By die dood van 'n swaksinnige” en ““Gesertifiseer”” (Stockenström 1970, 1976) vind aansluiting by die kliniese aspekte van intellektuele inperking, asook die psigiatrisies-wetlike ingreep van onwillekeurige opname. Die sosiolek van die psigiatrisiese korpus word uitgebrei na 'n idiolek in die gedigte. Hierin gebruik die liriese subjek tegniese terme soos “swaksinnige” om haar benadering tot waansin en “skuldige” houding daarteenoor te verwoord, of “gesertifiseer” om haar verwerping van die rasonale uit te beeld.
- “Stikland” en “Inrigting” (Botha 2012) beeld die kliniese aspekte van 'n eetversteuring, Anoreksia nervosa, uit. Dit verbeeld veral ook die interaksie met die kliniese personeel rondom die behandeling van anoreksia.

Dit is merkwaardig hoe die psigiatriese korpus as hipoteks die semiotiese betekenis van die gedig uitbrei en verryk.

Die *waansin van die teks* verwys vervolgens, in kontras met die fenomenologiese aspekte van die *teks van waansin*, na die prosesmatigheid van die bepaalde psigiatriese versteurings:

- “Man wat mal word” (Blum 1958) se analise het in detail aangetoon dat die teks die proses van waansinnig word op ’n meesterlike wyse verwoord.
- “Bipolar Honey”, “OD1” en “OD2” (Kamfer 2008, 2011) verwoord die prosesmatigheid van depressie en selfdoodpogings, asook die ambivalensie wat deel vorm van die belewenis van die Iyer aan bipoalêre versteuring.
- “Stikland” en “Inrigting” (Botha 2012) verwoord die diepsinnige ambivalensie van die anoreksialyer se houding jeens kos. Dit verwoord ook die proses van terapie en terapeutiese oordrag op die terapeut, asook die herstel van anoreksia. Dit verwoord verder, as deel van die waansin van die teks, die ewige teenwoordigheid van die dood in die verloop van anoreksia.

6.1.1.3 Temas in die gekose gedigte in ooreenstemming met dié in die literatuuroorsig.

Dit kan aangetoon word dat al die genoemde temas uit die literatuur in die gekose gedigte aangespreek en teruggevind is:

- Die ruimtes van waansin: wagkamers en psigiatriese hospitaalsale. Veral die werk van Ronelda Kamfer (2008, 2011) en Aniel Botha (2012) spreek die institusionele aard van die behandeling van psigiatriese versteurings aan. Dit onderstreep die punt dat intertekstualiteit dialogies en sosiaal gesetel is.
- Die psigiatriese bedryf word beskryf as “Administering madness”, naamlik die interaksie met die werkers in die bedryf. Die dialogiese aard lê in die “oopdig” van die belewenis van die pasiënt in die interaksie met die rituele en praktyke van psigiatrie: die gesprek van die pasiënt met die ruimtes en instellings van psigiatrie, maar ook in die psigiatriese korpus se beskrywings rakende die intertekstuele diskoers met die subjektiewe belewenis van die pasiënt. Dit dui aan dat “sertifisering” soms nodig is om ’n lewe van selfdood of wanvoeding te red.

- “Melancholia and despair” (Oyebode 2009: 61): die analise van die gekose gedigte toon aan dat dit die melankolie en wanhoop van psigiatriese versteurings verwoord.
- “Playfulness or prayer” (Oyebode 2009: 64): parodiëring van psigiatriese versteurings of ’n gesprek met ’n hoër spirituele wese oor die lyding, en dikwels dreigende selfdood. Die gedig “Inrigting” van Aniel Botha (2012) bevat een van die mees komiese parodieë van ’n psigiater in die Afrikaanse poësie. Dit is ook duidelik dat daar ’n speelse toon oorgedra word in die musikale metaforiek van die gedig.

Die gekose gedigte gee toegang tot die psigiatriese versteurings, en die psigiatriese versteurings word ’n leidende tema in die poësie; dit is digterlike uitbeeldings van “ways of producing a world ...” (Thiher 2004: 322):

- die “man wat mal word” hef sy psigotiese verwarring op met ’n epifanie, ’n meer psigotiese nuutskepping wat selfs verder vervreemd is van die gewone wêreld;
- die depressiewe liriese subjek in “Bipolar Honey”, “OD1” en “OD2” leef in ’n wêreld wat koud, vervreemdend en ontoeganklik is;
- die liriese subjek in “Gesertifiseer” verkies ’n onopgesmukte en egte-maar-bepaalde lewe waarin sy ten volle menslik en ontegnologies, kan lewe;
- die liriese subjek in “Stikland” en “Inrigting” leef in ’n wêreld gerig deur die weersin in en vermyding van kos, asook ’n totale verlies aan beheer in die terapeutiese milieu.

6.1.1.4 Die eienskappe van poësie “sit die hart terug in die brein”.

In die literatuuroorsig is aangetoon dat verskeie van die eienskappe van poësie die moontlikheid skep om elemente van psigiatriese versteurings uit te beeld wat verby die rasonale mediese model beweeg:

- Thiher (2004: 1) het aangetoon dat sowel waansin as literatuur (lees ook: die poësie) voorspruit uit die basiese vermoë van die mens om kreatief te wees, gevul met verbeelding;
- Thiher (1999: 3) toon verder aan dat sowel literatuur as waansin taalspele is waarmee die mens waansin verwoord binne ’n bepaalde sosiale konteks,

byvoorbeeld die psigiatriese korpus as sosiale produk en diskoers. Dit setel die verkenning van die psige in taalspele, en setel eweneens die verkenning van waansin daarin, en dek die tafel vir poësie om juis in hierdie unieke verkenning te kan inpas.

- Die eksplorاسie van waansin in die literatuur gee insigte in die werke van 'n bepaalde skrywer/digter, die sielkunde van die karakters daarin, die standaard van normaliteit in 'n bepaalde tydvak en kultuur, asook die kreatiewe proses.
- Die literatuur is gevolglik in staat om die kulturele gebruike, soos die psigiatriese korpus en tegnieke van behandeling, krities te beskou en te bespreek.
- Felman (2003), Feder (1980) en Stone (2004) toon aan dat literatuur en poësie in staat is om die onuitspreekbare aard van waansin vas te vang in woorde. Dit is moontlik om die chaos van waansin te verwoord deur te “skryf sonder mag” (Kofman 1995, 1998). Hierdeur word die rasionele struktuur van literatuur opgehef deur die irrasionele aard van waansin, en dit vang die ekstreme trauma van waansin by uitnemendheid vas.
- Picchione (1999) toon aan dat poësie se doelstelling nie net die koppeling van bewussynstoestande aan geskrewe woorde is nie, maar ook die tot stand bring van nuwe verhelderings van bewussyn deur die skryf van poësie as 'n alternatief tot die “nietekstuele” bewussyn waardeur ons daaglik toegang tot die wêreld verkry. Dit is 'n dinamiese proses waardeur subjektiwiteit konstant vernuwe word deur die proses van poësie skryf. Poësie word hier die groot tussenganger tussen taal en werklikheid – nie dat poësie bewussyn skep nie, maar eerder dat poësie bewussyn na aspekte van realiteit neem wat nie andersins onmiddellik toeganklik is nie. Poësie skep 'n rewolusie van persepsie deur taal wat wegbreek van norme. Hierdie versteuring van die norme skep nuwe moontlikhede van taal. Volgens Picchione (1999: 28) kanselleer poësie “the normality of dominant models of communication, this poetry enables the repressed and the marginalized to come to the surface – bodily and instinctual urges, otherness. *Poetry opens up a human space not colonized by the hegemony of given social*

*paradigms. The subject posits itself at an instinctual level, at a level of desire, that is at a level anterior to awareness and reflexive processes. Poetry allows desire to speak.” (My kursivering.)*

6.1.2 Kan ’n intertekstuele benadering tot die uitbeelding van psigiatriese verstourings in die Afrikaanse poësie die psigiatrie verryk, met ander woorde die mikrovertelling van die pasiënt terugbring in die hoofstroom- meesvertelling van psigiatrie? Indien wel, hoe vind dit plaas?

Picchione (1999) se werk toon aan dat die postmodernisme psigiatrie se wetenskaplike, rasionele empirisisme bevraagteken. Picchione stel egter die teendeel, naamlik dat die wetenskap van psigiatrie wél in staat is om waarhede aangaande menslike lyding in ’n konstant verskuivende, vernuwende korpus aan te toon. Hy bevraagteken verder ook postmodernisme se ondergrawing van die poësie se vermoë om ’n unieke belewenisveld te skep. Hy beklemtoon dat poësie wel in staat is om ’n kognitiewe kartering van die menslike wêreld te maak. Hy stel dit dat “[p]oetry is the embodiment of the language of myth: the fantasy and the feelings of the primitive mind projected in the form of images capable of capturing human “universals” (1999: 24). Voorts beskou Piccione (1999: 24) poësie as ’n werktuig waardeur die wêreld beter verken kan word deur fantasie, verbeelding en emosies. Poësie word volgens hierdie sienswyse verstaan as suiwer ’n medium vir die verteenwoordiging van ’n voorafbestaande realiteit, en as sodanig is dit ’n spieël van daardie realiteit. Dit is ’n kunssinnige poging om dit wat voor die skryfaksie beleef is in taal, emosies en idees, naamlik ’n eksterne realiteit, vas te vang en te vertaal in spesiale en meer intense taal. Dit verteenwoordig die essensie van mimese. In hierdie siening word poësie ’n versteurende krag wat nuwe kognitiewe dimensies skep deur die verkenning van die eindelose moontlikhede van taal en die grondliggende aard van die teken, en versteuring van linguistiese grense tot ’n punt waar geen ander menslike aktiwiteit dit kan vermag nie. Poësie word hier die groot tussenganger tussen taal en werklikheid wat die bewussyn voer na aspekte van realiteit wat nie andersins onmiddellik toeganklik is nie. Poësie tree op as grensoorskrydende krag, deurbreek die grense van gewone kommunikasie, en bring sodoende alternatiewe kennismodelle van die wêreld en interaksies daarmee tot stand. Poësie is, ten spyte van hierdie eksterne


bepaling, allereers die produk van interne teksdinamika. Poësie is volgens Piccione (1999: 26) 'n heteronome aktiwiteit omdat dit die gevolg is van 'n ontmoeting tussen ekstratekstuele realiteite.

Die poëtiese teks gee beelde weer van 'n eksterne realiteit, naamlik die psigiatriese korpus. Die poëtiese teks is ook in staat om deur interne teksdinamika nuwe insigte tot stand te bring wat in intertekstuele gesprek met die eksterne realiteit van die psigiatriese korpus nuwe, alternatiewe insigte daaroor skep. Hierdie aspek sluit ten nouste aan by Genette (1997) se "semiotiese dimensie". Piccione (1999: 27) voer aan:

Undoubtedly, poetry is an epochal form inasmuch as it interacts with an intricate web of discourses, but it is not an exercise which transforms into its own language pre-constituted and ready-made messages derived from the work conducted in other fields and disciplines. *Poetry engenders processes that build and create realities. It is the technè which, by stretching the verbal signs to their extreme limits, paves the way to expanding consciousness, cognition, and imagination. Indeed, it represents a particular cognitive process.* (My kursivering.)

Dit is die essensie van "poiesis", die daad van nuutskepping en die basiswoord waaruit die woord "poësie" ontleen is. Poësie is 'n dialogiese proses, die gevolg van 'n ontmoeting tussen die begeertes van die denkende subjek en die intrinsieke bestemmings wat deur taal aangebied word. Poësie se doelstelling is nie net die koppeling van bewussynstoestande aan geskrewe woorde nie. Dit poog eerder om nuwe insigte van bewussyn tot stand te bring deur poësie wat dien as 'n alternatief tot die "nietekstuele" bewussyn waardeur ons daagliks toegang tot die wêreld verkry. Dit is ook 'n dialektiese spel tussen bewussyn of subjektiwiteit in fluks en die vloeibaarheid van betekenis inherent aan taal. Hiervolgens skep die subjek identiteit deur poësie en word nuwe aspekte van identiteit konstant daardeur gevorm. Piccione stel dit in eie poëtiese taal dat "[t]he poet is a nomad, a subject-in-process, constantly searching for new states of awareness through language" (1999: 27).

Indien hierdie model grafies uitgebeeld word, sien dit soos volg daar uit:



Digters wat skryf in die *avant garde*-tradisie maak die poësie die lokus van die "ander/andersheid", en hierdeur word taal anargisties, en kan dit selfs klink na die taal van psigopatologie of waansin, 'n rewolusie van persepsie deur taal wat wegbreek van norme. Die versteuring van die konvensionele historiese vorme wys die huidige realiteit weg en skep 'n transfigurasie van die wêreld. Hierdie duiselingwekkende destabilisering van betekenis laat die proses van betekening herleef, en bevoordeel andersheid en die alternatiewe bo homogene subjektiwiteit. Poësie probeer in hierdie tradisie nuwe kognitiewe moontlikhede van sosiale en politieke ruimtes skep. Piccione (1999: 28) sê

opsommend dat “[f]ormal experimentation engenders new modes of being-in-the-world.”

Hierdie disoriëntasie van poëtiese betekening skep ’n gesonde afstand van die deursigtigheid van geykte taal. Piccione (1999: 28) is van mening dat “[t]his sets in motion a process of unconscious displacement and condensation of signifiers that discloses the return of the repressed and liberates the subject from social and ideological constructs.” Die berekende waansin van poëtiese taal kom in opstand teen die sosiale verbod op diskoerse.

By suspending the normality of dominant models of communication, this poetry *enables the repressed and the marginalized to come to the surface – bodily and instinctual urges, otherness. Poetry opens up a human space not colonized by the hegemony of given social paradigms.* The subject posits itself at an instinctual level, at a level of desire, that is at *a level anterior to awareness and reflexive processes. Poetry allows desire to speak* (1999: 28). (My kursivering.)

Thiher (1999: 4) (*vide supra*) sluit soos reeds aangedui hierby aan:

... the psyche – or self or person – is accessible through multiple language games in which the empirical self manifests itself, and this can be studied scientifically from a number of viewpoints. [...] But access to a human self and to its world is largely a matter of language. This is true of access to any human world – and explains why the study of language, literature, and medicine is a necessary project for the understanding of our human possibilities, including the possibility of going mad.

Dit blyk gevolglik uit die voorafgaande model van Picchione (1999) dat poësie intertekstueel die volgende aspekte na die psigiatriese korpus bring:

- Uitbeelding van eksterne realiteit: Dit beeld die realiteit van die psigiatriese versteuring in taal uit.
- Kognitiewe kartering: Dit verbreed die intellektuele begrip vir die psigiatriese versteuring.
- Uitbreiding van bewussyn en verbeelding: Dit verdiep die rasonale empiriese feitelikheid van die psigiatriese korpus deur die “hart in die brein terug te bring”.
- Verheldering van die nietekstuele wêreld: Dit maak die abstrakte psigiatriese korpus taalmatig toeganklik.
- Destabilisering van betekenis: Dit daag die “rasionele empirisme” uit as “enigste waarheid” en verteenwoordig alternatiewe beelde van bewussyn en narratiewe.



- Ontsnapping van die sosiale hegemonie: Dit konfronteer die hegemonie van die “meestervertelling” van psigiatrie, en bring die “mikrovertelling” van persoonlike, subjektiewe bewussyn terug.
- Terugkeer van die gerepresseerde en instinktiewe: Poësie is by uitstek as kulturele konstruksie in staat om die onderdrukte, instinktiewe aspekte van menslike bestaan ruimte te gee.

Eisner (1995: 3) stel dit eweneens duidelik dat die letterkundige kunswerk (o.a. poësie) ’n kleurlose abstraksie (soos die psigiatryse korpus) kan omskep na iets “beleefbaar”:

The works [literêre werke en kunswerke] ... help us to understand because their creators have understood and had the skills and imagination to transform their understanding into forms that help us notice what we have learned not to see. They provide an image fresh to behold, and in so doing provide a complement to the colorless abstraction of theory with renderings that are palpable. The consciousness and insight they provide make understanding possible.

Volgens Oiler (1983: 81) gee die unieke struktuur van poësie toegang tot die kompleksiteit van ervarings, maar terselfdertyd vermy die einste unieke struktuur baie van die geykte beskrywings. Sy voer aan dat

[a]rt forms allow us to reflect on experience with at least some of the habitual meanings held in abeyance. The art form itself gives the expression a structure, calling on experience on its own terms. Images and symbols in poetry speak to us about experience. *Since it is vision that gives us the best understanding of experience, the words used in poetry to express reality give us a clearer image than the precise language of science.* (My kursivering.)

Die gedig wat handel oor waansin en psigiatryse versteurings moet in staat wees om magteloosheid en lyding te kan omsluit in die helderheid en geluk van daglig. Kofman se diktum is praat, en praat sonder mag is “[an] attempt to give voice to a language beyond the authority of an author”; en is ook “a writing without being able to write [...] the impossible writing which is not of the order of intentionality and power” (Stone 2004: 52).

Die vraag is gevolglik of die geanaliseerde vier temas hierdie “poësis” vervul het. Dit is die standpunt van die navorser dat dit wel aangetoon is in die analyses van die vier poësiemas en wel soos volg:

- “Man wat mal word” is een van die mees gewaagde taaleksperimente in die Afrikaanse literatuur. Piccione (1999: 28) beskryf hierdie tipe taaleksperiment as “[f]ormal experimentation engender ... [-ing] new modes of being-in-the-world.” Hierdie gedig jukstaponeer “psigoties-word-in-die-wêreld” met die psigiatriese korpus aangaande psigose. Dit maak die bewussyn van waansin taalmatig beleefbaar. Die toegang tot die prosesmatigheid van psigose is ’n unieke voorreg vir enige leser en psigiater wat toegang tot hierdie vorm van *Dasein* wil verkry.
- “Bipolar honey”, “OD1” en “OD2” skryf die waansin van ekstreme depressie en selfdoodideeë en -pogings oop. Dit ontbloot die subjektiewe belewenis van die pasiënt wat onderwerp word aan die psigiatriese “masjien”. Gevolglik kan dit enige leser en psigiater sensitiseer vir die pyn van bipolêre versteuring.
- “Gesertifiseer” en “By die dood van ’n swaksinnige” benut psigiatriese versteurings om alternatiewe wyses van *Dasein* op ’n kognitiewe wyse te karteer. Dit konfronteer die psigiater-tegnoloog dat daar alternatiewe wyses van bestaan kan wees.
- “Stikland” en “Inrigting” bring eweneens die subjektiewe belewenis van die persoon wat in ’n psigiatriese hospitaal opgeneem is, na vore. ’n Soortgelyke sensitisering vir die subjektiewe vind hier plaas. Dit ontbloot ook die vermoë van elke pasiënt om uiteindelik weer ’n eie ritme terug te vind in teenstelling met die beheer van die inrigting.

6.1.3 Wat is die tekortkominge in die digterlike uitbeelding van psigiatriese versteurings? Hoe kan die psigiatriese korpus as hipoteks hierdie gapings aanvul in die poësie-hiperteks?

Die volgende gapings in die digterlike uitbeelding van psigiatriese versteurings is aangetoon:

- Die idealisering van waansin as transformerende krag: Die psigiatriese korpus toon intertekstueel aan dat waansin of psigose ’n destruktiewe mag is wat kreatiwiteit vernietig eerder as skep.
- Die oormatige fokus op waansin en die uitsluiting van die ander versteurings in die psigiatriese korpus: Intertekstualiteit met die psigiatriese korpus toon aan dat daar

veelvuldige ander psigiatriese versteurings is behalwe waansin wat in gedigte betrek word. Hierdie aspekte is in detail aangespreek.

6.1.4 Kan die psigiatriese korpus 'n meer kontemporêre benadering skep as teenvoeter vir die heersende tendens van "idealisering" van waansin as "transformerende krag"? Die psigiatriese korpus toon duidelik aan dat 'n psigiatriese versteuring 'n destruktiewe toestand in die lewe van enige pasiënt is. Dit korrigeer die idealisering van waansin in die literatuurteorie. Dit laat steeds ruimte vir die metaforiese benutting van die korpus as kulturele produk en interteks binne die deiktiese ruimtes van poësie. Hierdie aspek is geïllustreer in die intertekstuele gediganalises. As sodanig skep die psigiatriese korpus as interteks 'n meer kontemporêre, wetenskaplike diskoers met die Afrikaanse poësie. Dit skep gevolglik 'n veel meer komplekse Kristevaanse "produksie" van die teks, 'n aktiewe proses in die totstandkoming van 'n verbreding van menslike en poëtiese bewussyn.

Laat "The Bard"<sup>55</sup> die laaste woord hieroor spreek uit "A midsummer night's dream":

*Lovers and madmen have such seething brains,*

*Such shaping fantasies, that apprehend*

*More than cool reason ever comprehends.*

*The lunatic, the lover, and the poet*

*Are of imagination all compact.*

*One sees more devils than vast hell can hold –*

*That is the madman. The lover, all as frantic,*

*Sees Helen's beauty in a brow of Egypt.*

*The poet's eye, in fine frenzy rolling,*

---

<sup>55</sup> Shakespeare, W. & Foakes, R.A. 1984. *A midsummer night's dream*. Cambridge [Cambridgeshire], Cambridge University Press.

*Doth glance from heaven to Earth, from Earth to heaven.*

*And as imagination bodies forth*

*The forms of things unknown, the poet's pen*

*Turns them to shapes and gives to airy nothing*

*A local habitation and a name.*

*Such tricks hath strong imagination,*

*That if it would but apprehend some joy,*

*It comprehends some bringer of that joy.*

*Or in the night, imagining some fear,*

*How easy is a bush supposed a bear!*

## Bibliografie

- Adame, A.L. Knudson, R.M. 2007. Beyond the counter-narrative: Exploring alternative narratives of recovery from the psychiatric survivor movement. *Narrative Inquiry* 17(2): 157–178.
- Ali, A. 2002. The convergence of Foucault and feminist psychiatry: Exploring emancipatory knowledge-building. *Journal of Gender Studies* 11(3): 233–242.
- Allen, G. 2000. *Intertextuality*. London: Routledge.
- American Psychiatric Association. 1980. DSM III: *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. Washington D.C.: American Psychiatric Association.
- American Psychiatric Association. 2013. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders: DSM-5*. Washington D.C.: American Psychiatric Association.
- Andreasen, N.C. 2007. DSM and the death of phenomenology in America: An Example of Unintended Consequences. *Schizophrenia Bulletin* 33(1): 108–112.
- Anker, W. 2003. Wilma Stockenström: 'n stamelende Dionusos. *Stilet* XV(2): 126–148.
- Bakare, M.O. 2009. Morbid and insight poetry: A glimpse at sSchizophrenia through the window of poetry. *Journal of Creativity in Mental Health* 4(3): 217–224.
- Bernaerts, L. Herman, L. & Vervaeck, B. 2009. Narrative threads of madness. *Style* 43(3): 283–290.
- Beveridge, A. 2003. Should psychiatrists read fiction? *British Journal of Psychiatry* 182(5): 385–387.
- Bloome, D., Egan-Robertson, A. 1993. The social construction of intertextuality and classroom reading and writing. *Reading Research Quarterly* 28(4): 303–333.

- Bloome, D. Hong, H. 2013. Reading and intertextuality, in *The encyclopedia of applied linguistics*, geredigeer deur C. Chapelle. Chichester: Wiley-Blackwell: 1–7.
- Blum, P. 1958. *Enklaves van die lig*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Botha, A. 2010. *'n Dans met die dood: joernaal van 'n anoreksielyer*. Kaapstad: Zebra Press/Random House Struik.
- Botha, A. 2012. *Pirouette*. Kaapstad: Quellerie
- Boyardin, J. 1990. *Intertextuality and the reading of Midrash*. Bloomington: Indiana University Press.
- Brooks, P. 1992. *Reading for the Plot: Design and Intention in Narrative*. Cambridge & Londen,: Harvard University Press
- Chernin, K. 1985. *The Hungry Self: Daughters and Mothers, Eating and Identity*. New York: Times Books.
- Cloete T.T. 1981. 'n Gedig in duidelike taal. In: Van Heerden, Ernst; Coetzee, Abel. 1981. *Hulsels van kristal: Bundel aangebied aan Ernst van Heerden by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaardag op 20 Maart 1981*. Kaapstad: Tafelberg: 122–135.
- Cooper, D. 1967. *Psychiatry and Anti-Psychiatry*. Londen: Tavistock Publications.
- Crous, M. 2011. Wilhelm Knobel: 'n Psigotiese siektebeeld in digterlike taal. *Stilet* 23(2): 145–156.
- Culler, J. 1976. Presupposition and intertextuality. *Comparative literature* 91(6): 1380–1396.
- Culler, J. 1981. *The Pursuit of Signs: Semiotics, Literature, Deconstruction*. Londen: Routledge.

- Deb, S, Thomas, M. & Bright, C. 2001. Mental disorder in adults with intellectual disability. 1: Prevalence of functional psychiatric illness among a community-based population aged between 16 and 64 years. *Journal of Intellectual Disability Research* 45(6): 495–505
- Derrida, J. 1967. *L'Écriture et la différence*. Parys: Le Seuil.
- Eco, U. 1962. *Opera aperta*. Milan: Bompiani.
- Eisner, E.W. 1995. What artistically crafted research can help us to understand about schools. *Educational Theory* 45(1): 1–6.
- Feder, L. 1980. *Madness in Literature*. Princeton (N.J): Princeton University Press.
- Felman, S. 2003. *Writing and Madness*. Ithaca(N.Y.): Cornell University Press.
- Felman, S. & Laub, D. 1992. *Testimony: Crises of Witnessing in Literature, Psychoanalysis, and History*. New York: Routledge.
- Forgeard, M. 2008. Linguistic Styles of Eminent Writers Suffering From Unipolar and Bipolar Mood Disorder. *Creativity Research Journal* 20(1): 81–92.
- Franzsen, R.C.D. 2015. *Narokkong*. Pretoria: Protea.
- Gallardo, H.L. Furman, Kulkarni, S. 2009. Explorations of depression. Poetry and narrative in autoethnographic qualitative research. *Qualitative Social Work* 8(3): 287–304.
- Genette, G. 1997. *Palimpsests: Literature in the Second Degree*. Lincoln: University of Nebraska Press.
- Genette, G. 1983. *Narrative Discourse: An Essay in Method*. Vertaal deur J.E. Lewin. New York: Cornell University Press.

- Lourens, A. 2013. Die moontlikhede van Julia Kristeva se revolusionêre poëtiese taal: 'n ondersoek na 'n leesstrategie vir Gilbert Gibson se hermetiese poësie in [vii]. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging* 25(2): 1–28.
- Gray, S. 2014. Losing his head: The poetry of Wopko Jensma and his reputation. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa* 26(1): 29–40.
- Grové, A.P. 1967. Ontwikkeling en perspektief in die Afrikaanse poësie. *Koers-Bulletin for Christian Scholarship* 34(4): 22–38.
- Hankir, A. 2011. Review: bipolar disorder and poetic genius. *Psychiatria Danubina*, 23(Suppl. 1): 62–68.
- Hanks, W. 2000. *Intertexts*. New York: Rowman & Littlefield.
- Hitge, M. 1985. Komposisie in Wilma Stockenstrom se *Van vergetelheid en van glans*. Ongepubliseerde M. Litt.-tesis, Universiteit van Pretoria.
- Holmes, J.A. 2008. Mentalisation and metaphor in poetry and psychotherapy. *Advances in Psychiatric Treatment* 14(3): 167–171.
- Irwin, W. 2004. Against intertextuality. *Philosophy and Literature* 28(2): 227–242.
- Ivleva, Tamminga. 2009. Psychosis as a defining dimension in schizophrenia, in *Kaplan & Sadock's comprehensive textbook of psychiatry*, geredigeer deur B.J. Sadock, V.A. Sadock, P. Ruiz & H.I. Kaplan. Philadelphia: Lippincott Williams & Wilkins: 1594–1605.
- Jacobs, I. 2013. Die narratief van verlies: die Bloubaardnarratief as interteks in *Die burg van hertog Bloubaard* deur H.J. Pieterse. *LitNet Akademies* 10(2): 231–262.
- Jenny, L. 1982. *The strategy of forms in French literary theory today: a reader*. Cambridge: Cambridge University Press.



- Kamfer, R.S. 2008. *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwela.
- Kearny, P.M. 2001. Between joy and sorrow: being a parent of a child with developmental disability. *Journal of Advanced Nursing* 34(5): 582–592.
- Kleyn, L., Pieterse, H.J. 2009. Poësieterapie – ’n terreinverkenning en toepassingsmoontlikhede daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks. *The Social Work Practitioner-Researcher* 21(2): 1–22.
- Kofman, S. 1998. *Smothered Words*. Vertaal deur M. Dobie. Evanston: Northwestern University Press.
- Kofman, S. 1995. Writing without power. *Women’s Philosophy Review* 13: 5–8.
- Langer, S.K. 1967. *Mind; an essay on human feeling*. Baltimore: Johns Hopkins Press.
- Lashewicz, B. & Ajmal, S.I. 2013. Poetry as a framework for understanding embodied experiences of bipolar disorder. *Journal of Psychology and Psychotherapy* S1 <http://dx.doi.org/10.4172/2161-0487.S1-001>
- Lindemann, H. (ed.) 2001. *Damaged identities, narrative repair*. Ithaca (NY): Cornell University Press.
- Llorens, Manuel. 2014. Poetry talks back to psychiatry: Poetic retellings of psychiatric experience in Venezuela. *Review of Disability Studies: An International Journal* 6(2): 25–46.
- Lyotard, J. 1984. *The Postmodern Condition*. Translated by G. Bennington and B. Massumi. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Malouf, D. 1993. *The Great World*. New York: Vintage International.
- Matorin en Ruiz (2009: 1071) Clinical manifestations of psychiatric disorders, in *Kaplan & Sadock’s comprehensive textbook of psychiatry*, geredigeer deur B.J. Sadock, V.A. Sadock, P. Ruiz & H.I. Kaplan. Philadelphia: Lippincott Williams & Wilkins: 1071–1107.

- McArdle, S., Byrt, R. 2001. Fiction, poetry and mental health: expressive and therapeutic uses of literature. *Journal of Psychiatric and Mental Health Nursing* 8(6): 517–524.
- Mitchell, J.E. & Wonderlich, S.A. 2014. Feeding and eating disorders, in *The American Psychiatric Publishing Textbook of Psychiatry*. New York: American Psychiatric Publishing.
- Odendaal, B.J. 2015. Peter blum (1925–1990), in *Perspektief en pProfiel*, red. H.P. van Coller. Pretoria: Van Schaik: 370–383.
- Oiler, C. 1983. Nursing reality as reflected in nurses' poetry. *Perspectives in psychiatric care* 21(3): 81–89.
- Oyebode, F. 2009. *Mindreadings. Literature and psychiatry*. London: RCPsych Publications.
- Picchione, J. 1999. *TTR: traduction, terminologie, rédaction* 12(1): 19–30.
- Pies, R.W. 1985. Poetry and schizophrenia. *Literature and Medicine* 4(1): 13–23.
- Riffaterre, M. 1978. *Semiotics of poetry*. Bloomington: Indiana University Press.
- Sadock, B.J., Sadock, V.A., Ruiz, P. Kaplan, H.I. 2009. *Kaplan & Sadock's comprehensive textbook of psychiatry*. Philadelphia: Lippincott Williams & Wilkins.
- Scheurich, N. 2001. Robert Pinsky and the poetry of psychiatry. *Academic Psychiatry* 25(3): 173–180.
- Sewell, E. 1985. Poetry and madness, connected or not?– and the case of Hölderlin. *Literature and Medicine* 4(1): 41–69.
- Shafi, N. 2010. Poetry therapy and schizophrenia: Clinical and neurological perspectives. *Journal of Poetry Therapy* 23(2): 87–99.

- Sheik, A. 2002. Wopko Jensma: a monograph: the interface between poetry and schizophrenia. Ongepubliseerde D. Lit. tesis, University of Durban-Westville.
- Spies, L. 1979. *Ontmoetings*, Kaapstad: Tafelberg.
- Stein, H.F. 2004. A window to the interior of experience. *Families, Systems, & Health* 22(2): 178.
- Stockenström, W. 1976. *Van vergetelheid en van glans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stockenström, W. 1970. *Vir die bysiende leser*. Kaapstad: Reijger-Uitgewers.
- Stone, B. 2004. How can I speak of madness? Narrative and identity in memoirs of 'mental illness', in *Narrative, Memory & Identity: Theoretical and Methodological Issues*, Huddersfield: University of Huddersfield.
- Stone, B. 2004. Towards a writing without power: Notes on the narration of madness. *Auto/Biography* 12(1): 16–33.
- Thiher, A. 1999. *Revels in madness. Insanity in Medicine and Literature*. Michigan: The U of Michigan Press.
- Thuilleux, M. 1973. *Connaissance de la folie*. Paris: Presses Universitaires Francaises.
- Volosinov, V. 1929/1973. *Marxism and the philosophy of language*. Vertaal deur L. Matejka & I. Titunik. New York, NY: Seminar Press.
- Wedding D. 2000. Cognitive distortions in the poetry of Anne Sexton. *Suicide & Life-threatening Behavior* 30(2): 140–4.
- Wright, J.H., Thase, M.E., and Beck, A.T. 2014. Cognitive-behavior therapy, in *The American Psychiatric Publishing Textbook of Psychiatry*, Sixth Edition. March 2014.
- s.p. by

<http://psychiatryonline.org.uplib.idm.oclc.org/doi/full/10.1176/appi.books.9781585625031.rh32>, besoek 25 Augustus 2016.

Wojahn, D. 1995. The state you are entering: Depression and contemporary poetry. *New England Review* 17(1): 110–123.

### Artikels op Internetwebwerwe:

<http://versindaba.co.za/2014/10/28/gisela-ullyatt-wintermuil-die-gedig-as-gestig/>, besoek 25 Augustus 2016.

<http://versindaba.co.za/2014/11/24/gisela-ullyatt-endlessly-obedient-citizen-die-gedig-as-gestig-deel-2/>, besoek 25 Augustus 2016.

<http://encyclopedia.thefreedictionary.com/antipsychiatry>, besoek 24 Julie 2016.

<http://www.simandan.com/kristeva%e2%80%99s-concepts-of-intertextuality/>, besoek 20 Augustus 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Linguistic\\_relativity](https://en.wikipedia.org/wiki/Linguistic_relativity), besoek 5 November 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Psychiatric\\_survivors\\_movement](https://en.wikipedia.org/wiki/Psychiatric_survivors_movement), besoek 25 September 2016.

<https://en.wiktionary.org/wiki/poiesis>, besoek 27 Julie 2016.

<https://en.wikipedia.org/wiki/Daseinsanalysis>, besoek 2 September 2016

<http://johannelange.blogspot.co.za/2012/06/peter-blum-die-kranksinnige.html>, besoek 15 Mei 2016.

<http://dictionary.cambridge.org/us/dictionary/english/honey>, besoek 25 Julie 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Cognitive\\_therapy](https://en.wikipedia.org/wiki/Cognitive_therapy), besoek 25 Augustus 2016.

<http://psychiatryonline.org.uplib.idm.oclc.org/doi/full/10.1176/appi.books.9781585625031.rh32>, besoek 25 Augustus 2016.

[http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2002-017\\_mentalhealthcare.pdf](http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2002-017_mentalhealthcare.pdf) - p5, besoek 20 Mei 2016.

<http://kyknet.dstv.com/2012/01/03/n-lewe-met-3-januarie-2011>, besoek 26 Junie 2016.

<https://en.wikipedia.org/wiki/Metronome>, besoek 28 Junie 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Tempo\\_giusto](https://en.wikipedia.org/wiki/Tempo_giusto), besoek 28 Junie 2016.

<http://psychiatryonline.org.uplib.idm.oclc.org/doi/full/10.1176/appi.books.9781585625031.rh17> besoek 28 Junie 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Splitting\\_\(psychology\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Splitting_(psychology)), besoek 28 Junie 2016.

<https://en.wikipedia.org/wiki/Transference>, besoek 28 Junie 2016.

<https://longman-hat.co.za>, besoek 28 Junie 2016.

<https://en.wikipedia.org/wiki/Ragtime>, besoek 28 Junie 2016.

<https://en.wikipedia.org/wiki/Jazz>, besoek 28 Junie 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Jazz\\_dance](https://en.wikipedia.org/wiki/Jazz_dance), besoek 28 Junie 2016.

<http://www.merriam-webster.com/dictionary/grand%20finale>, besoek 30 Junie 2016.

[https://en.wikipedia.org/wiki/It\\_ain%27t\\_over\\_till\\_the\\_fat\\_lady\\_sings](https://en.wikipedia.org/wiki/It_ain%27t_over_till_the_fat_lady_sings), besoek 30 Junie 2016.

## Aanhangsel: Lys van gedigte wat verwys na psigiatriese versteurings

Bennet, N. 2011. *Kodeks*. Pretoria: Cordis Trust Publikasies.

- 12 Judasoog;
- 19 Alzheimer;

Botha, A. 2012. *pirouette*. Kaapstad: Queillierie.

- 15 Voorskrif;
- 20 Woordvraat;
- 22 Wond;
- 24 Weigh Less;
- 36 My brein is 'n malhuis;
- 57 Pas de chat;
- 60 Lewenslank;
- 62 Alice in Wonderland

Botha, F. 2011. *Donkerkamer*. Kaapstad: Queillierie.

- 39 Owen Wilson.

Botha, H.J. 2015. *Atropos*. Kaapstad: Queillierie.

- 43 Selfmoord;
- 67 kersgedig.

Cloete, TT. 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg.

- 29 In memoriam selfdoodenaar;
- 43 Seniele orde-Demensie;
- 55 Impotent.

De Lange, J. 1984. *Waterwoestyn*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Die oues

1990. *Wordende naak*. Pretoria: Haum-Literêr.

- 6 Selfmoord

2012. *Vaarwel, my effens bevlekte held*. Kaapstad: Human & Rosseau

- 106 Selfmoord van 'n priester – pedofilie

2013. *Die Algebra van nood*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- 29 II. Bedrieglike paradyse – siklus oor dwelmiddels

- 53 Nadors

- 113 Klaaglied vir Ralph – selfmoord

2014. *Stil punt van die aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Die ander kant – selfmoord

Franzsen, R.C.D. 2015. *Narokkong*. Pretoria: Protea.

- Outisme

Gibson, Gilbert

- hy het die gewone aspirasies

Jeanne Goosen. 1988. *'n Uil vlieg weg*. Kaapstad: Tafelberg.

- die dag vou oop soos 'n waaier 1/2/3/4

- gedigte vir die mond I/II / III

2007. *Elders aan diens*. Parklands: Genugtig!

- 24–25 sarah

- 55–56 Stillewe

Joan Hambidge

- The savage god

Kamfer, Ronelda. 2008. *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwela

- 44 Pasop vir depressie

2011. *grond/Santekraam*. Kaapstad: Kwela

- 49 dit vat 'n kat om 'n muis te vang

- 35 Jeppe

Keet, R. 1974. *Hystera*. Johannesburg: Perskor.

- Fobie

Klopper, M. 2010. *Nadoodse ondersoek: gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- hele bundel oor onder andere kindermolestering

Knobel, W. 1976. *Nagelate gedigte*. Johannesburg: Perskor.

- 4 Verhoog
- Tweegesprek

1966. *Bloedsteen*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Ongebundelde verse

- Kliniek – oor die psigiatriese hospitaal

Krog, W. 2014. *Assignaat*. Pretoria: Hond.

- Depressie

Opperman, D.J.

- Psigiater

Pretorius, S.J.

- Die kranksinnige

Van Wyk, J. *Bome gaan dood om jou*